Almanak & Bybelse Dagboek

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Jaargang 99



NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK, PRETORIA

2005

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK, PRETORIA

Bybelse Dagboek 2005

Hiermee hou u die nuutste uitgawe van ons kerk se *Bybelse Dagboek* in die hand. Dit is die redaksie se wens dat die publikasie vir u 'n sinvolle begeleiding sal wees waar u tydens u huisgodsdiens of andersins met die Bybel besig sal wees.

In hierdie dae waarin die tradisionele kerklike leer op allerlei wyses en van verskillende kante verdag gemaak word, is dit uiters noodsaaklik dat ons opnuut weer sal besef hoe nodig dit is om elke dag se troos vir ons lewe en sterwe vanuit die onvervalste woord van God te vind.

Vanjaar het die redaksie dit aan die medewerkers self oorgelaat om die verskillende Skrifgedeeltes vir verklaring te kies. Daar is weer 'n dringende beroep op die medewerkers gedoen om in hulle Skrifverklaring en -toepassing kort, saaklik en maklik verstaanbaar te wees. Dit is moontlik dat nie almal in alle opsigte daarin geslaag het nie. Die redaksie het in die kontrolering van die dagstukkies probeer om die eie styl van elke skrywer behoue te laat bly.

Die redaksie wil weer eens 'n beroep op kerkrade doen om die *Bybelse Dagboek* gratis beskikbaar te stel vir veral ons pensioenarisse en bejaardes wat dit dikwels nie ruim het aan fondse nie en tog 'n sterk behoefte het aan godsdiensbegeleiding.

Alhoewel daar dikwels versoeke ontvang word vir gepaardgaande gebede by elke dagstukkie, bly die redaksie van mening dat elke lidmaat of gesinshoof wat die godsdiensoefening lei, sy eie geformuleerde gebed behoort te bid soos wat die Bybel ons leer om te bid.

Die liedere wat aangegee word om gesing te word, sal nie noodwendig deur elke leser gesing word nie vanweë elkeen se eie omstandighede. Tog sal dit goed wees om dan minstens elke lied net deur te lees aangesien die bedoeling is dat die tema van die bepaalde dagstukkie deur die inhoud van die lied ondersteun en verder gedra word.

Hiermee word dank betuig aan elke medewerker wie se pennevrug in die bundel opgeneem is. Dank ook aan die volgende redaksielede: dr Hendrik Breytenbach en ds Louis Steyn wat veral behulpsaam was met die beplanning. Dr Christo Pretorius en ds Nicolaas Steenekamp wat veral verantwoordelik was vir die insameling van en inhoudelike kontrolering van die dagstukkies. Mev Sandra Barnard en die ander personeel van Sentik vir die formele afhandeling en persklaarmaking. Dankie ook vir u geduld en volharde vriendelikheid ten opsigte van die tradisionele laatgekome stukkies!

Ds PJ van der Merwe
Redakteur

1 Januarie ***Jesus se doop*** **Markus 1: 9-13**

Markus skryf die oudste Evangelie met twee hoogtepunte. Markus 8: 29: *U is die Christus*, en Markus 15: 39: *Waarlik, Hy was die Seun van God.* Dit is wat reeds in die heel eerste versie staan. Dit is wat ons die hele nuwe jaar moet weet en bedink.

Johannes doop Jesus in die Jordaan. Die Jordaan is deel van die woestyn. Johannes is die vervulling van die Ou-Testamentiese profesie dat in die woestyn 'n pad gemaak moet word vir die komende Messias. Nadat Jesus in ons plek gereinig is, soos Israel by Sinaiberg (Eks 19: 10,11), is Hy die woestyn in waar Hy 40 dae – dit simboliseer Jesus se hele lewe – versoek is. Om in die woestyn te kom, soos Israel van Egipte, deur die Rooisee, deur die woestyn, na die berg van God toe, is om te gehoorsaam aan Johannes se prediking van bekering. Bekering is: terug na die begin, na die woestyn waar God sy volk beskerm, gevoed en gelei het.

Die woestyn as vervloekte paradys word deur Markus aan die vervolgde Christene in Rome voorgehou as die plek wat Jesus weer omstel as die nuwe paradys. Jesus is die tweede Adam, tussen wilde diere, waar die slang Hom versoek, wat Hy weerstaan. Wat Adam verloor het met die bittere gevolge van ons daaglikse lewe van ellende, herwin die tweede Adam vir ons.

Jesus bring ons uit die Egipte van sondeslawerny, deur die Rooisee (die Jordaan waar Hy gedoop is), in die woestyn – tot by die berg van God. Amen.

Psalm 146: 1 (Totius) ***Prof HG van der Westhuizen*** ***Emeritus***

2 Januarie ***Ewige bruilof*** **Matteus 25: 1-13**

Dit is waarvoor daar ampsdraers moet wees – om ons te help om gereed te kom vir die bruilof. Om in te gaan na die ewige bruilof hang nie af of ons bereid is of gaan waag om by die deur op die regte oomblik te wees as ons sterf of as die wederkoms plaasvind nie! Om gereed te wees, is om voorbereid te wees. Voorbereiding sluit ons hele lewe in.

'n Bruilof het daardie tyd 10 dae lank geduur – daarom gebruik Jesus dit as 'n gelykenis vir die bruilof wat ewig sal duur. Die bruidegom het veral op die eerste aand laat gekom. Hoe later hy kom, hoe langer was sy bedinging met die bruid se vader om haar bruidsprys. Dit is iets om voor dankbaar te wees as die bruidegom talm, want dit sê iets van die prys van die bruid se waarde. Daarom lyk die wederkoms van Christus, van die Bruidegom van

ons, die bruid, die Kerk van die Here, na 'n getalm. Maar dit sê iets van die prys wat die Here betaal – sy lyde en kruisdood – vir sy bruid.

Die onverstandige meisies kon geweet het die bruidegom kan talm, geweet het hulle sal nie olie kan leen of koop nie en dat hulle olie dalk te min sal wees. Maar hulle waag! In plaas van waak!

Ja, al tien het geslaap, al tien het dieselfde oogmerk op die bruilof gehad, hulle drag en gedrag was eenders, al tien het lampe gehad (die Woord), al tien het olie (Heilige Gees) in hulle lampe gehad, al tien is wakker gemaak en al tien het hulle lampe opgesteek. Geen verskil? Tog: die onverstandiges se regterhande was leeg, sonder ekstra olie. Vir die Koninkryk van God is genoeg nie genoeg nie – ekstra is eers genoeg. Om ons lewe te fokus op die Bruidegom, met die vervulling van die Heilige Gees van al ons lewenskamers (Ef 5: 18; Rom 8: 14; Gal 5: 16) – die innige aanhoudende gebed vir hierdie vervulling (vergelyk die Heidelbergse Kategismus v/a 116) is die ekstra. Amen.

Psalm 84: 6 (Totius) ***Prof HG van der Westhuizen*** ***Emeritus***

3 Januarie ***Sondag*** **Deuteronomium 5: 12-15**

Heidelbergse Kategismus Sondag 38: *Wat gebied God in die vierde gebod?* God wil eerstens dat die Woordbediening en die godsdiensonderrig in stand gehou moet word. Ek moet veral ook op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdesgawes te gee. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige Sabbat reeds in hierdie lewe.

Die vierde gebod is om ses redes uniek – ses maal uniek. Eerstens, ons Kategismus sê hiervan dat dié gebod se inhoud, die sabbat- of rusdag, tot in ewigheid sal duur; dat 'n stukkie ewigheid dus reeds nou al aanbreek. Tweedens is dit die enigste gebod wat self sê waarin dit gefundeer is: in die skepping (Eks 20) en, 'n tweede fundering, in die verlossing (Deut 5)!

Derdens is dit die enigste gebod wat sê dat ons oor die inhoud van die gebod, oor ons skepping en lewe en verlossing, moet dink (*Gedenk die sabbatdag*, Eks 20; *dink daaraan dat julle slawe was*, Deut 5). Daarom kom ons Sondae kerk toe om dinkmateriaal te kry. Daarom word Sondae kategese gegee om ons kinders te leer dink oor die skepping en verlossing. Sondae lees ons nie koerante nie, maar die Bybel en boeke of literatuur wat ons meer denkstof oor kerk en koninkryk verskaf. 'n Ander vorm van denk is dank. Sondae is dankdae.

Vierdens sê die gebod ons moet die dag heilig. Dit is afsonder van ander dae en toewy aan God deur dit 'n denk- en 'n dankdag te maak (vergelyk Jes 58: 13,14).

Vyfdens is Sondag 'n Goddelike dag. Dit is die enigste gebod wat sê ons moet soos God maak! Ons moet ses dae werk (nie vyf dae of vyf halfdae nie!) en een dag moet ons ophou werk, dit wil sê rus van werk, sodat ons geleentheid het om die dag te heilig.

Sesdens is dit die enigste gebod wat sê dat God die dag seën. Dit wil sê, as ons doen wat God wil hê en waarvoor Hy ons die geleentheid gee: om te dink aan die Woord van God, om die Woord ons toe te eien, sal dít geseën word. Ons het seënlose lewens, vlakheid van geloof, gebrek aan geestelike diepte, omdat ons nie meer die Sondag ken nie. Amen.

Psalm 48: 5 (Totius) ***Prof HG van der Westhuizen*** ***Emeritus***

4 Januarie ***Tyd om nie te vas nie*** **Markus 2: 18-22**

Dit sou vir die vervolgde Christene in Rome 'n groot troos wees om in die Evangelie wat aan hulle geskryf is, te verneem dat hulle nie onder die vervolging nog nodig het om ook te vas nie.

Om te vas, was om te treur, te rou, te verootmoedig. Die een groot vasdag in ou Israel was die Groot Versoendag (Lev 23: 27). Later het nog vier vasdae bygekom (Sag 7: 5, 8: 19). In Jesus se tyd het die Fariseërs elke week twee keer gevas: Maandae en Donderdae. Johannes die Doper se dissipels het ook gevas, gerou oor sy dood. Maar hulle het nie meer gevas toe hulle Jesus se volgelinge geword het nie. Want toe is hulle in 'n nuwe bedeling. Om te vas, is om op te hou eet. Dit is iets wat ondenkbaar op 'n bruilof is. Jesus sê die bruilof het begin. Hy is as Bruidegom by die bruilofsgaste. Hoe kan hulle vas?

In Jesus se teenwoordigheid het 'n nuwe bedeling aangebreek wat nie soos 'n nuwe lappie wat nog ongewas is op 'n ou kleed kan kom nie. Dit skeur die ou kleed met die eerste was as dit krimp en ons staan naak! So bars 'n ou bokvelwynsak oop as gistende nuwe wyn daarin gegooi word. Dan is sak en wyn tot niet. Ons kan nie baster-Christene wees nie – die nuwe gemeng met die oue nie. Met Christus breek die nuwe bedeling reeds in die geloof aan, die nuwe van die ewige heerlikheid. Daarom rou die gemartelde Christene in Rome en ons in die verknegting van 'n geweldsland nie soos hulle wat geen troos het nie. Amen.

Psalm 130: 4 (Totius) ***Prof HG van der Westhuizen*** ***Emeritus***

5 Januarie ***Net 'n kierie alleen*** **Markus 6: 7-13**

Om die wêreld in te gaan en dit vir die Koninkryk van God te verower met geen ander uitrusting nie as net 'n kierie alleen, klink na 'n hopelose saak. Tog wil die Heer sy Kerk toegerus hê met die Woord waarvan die kierie simbool is, en nie uitgerus met beleggings, geld, geboue, voertuie, vigsprogramme, voedingsinrigtings, en so meer nie. Die minimum toerusting is skoene aan julle voete, die kleed wat julle aan het (ja, 'n gemeente moet darem minstens skoene en klere hê om as gemeente te funksioneer), is genoeg – en 'n kierie, die staf van Moses, as simbool van God se magswoord.

So het Jesus sy dissipels toegerus vir die uitsending na die dorpies rondom Nasaret. Hulle moet vissers van mense wees (Mark 1: 16-20); daarvoor is hulle uitgekies (Mark 2: 14); en bestem (Mark 3: 13-19); en insig gegee in die geheim van die Koninkryk (Mark 4: 11-34); en getuies gewees van Jesus se gesag oor die storm, die demone, die siekte en dood (Mark 5). Nou is hulle ook getuies in Nasaret dat ongeloof by mense, 'n hindernis in die dissipels se taak, nie 'n verhindering in hulle taak is nie. So ís mense by wie hulle kom en hulle nie ontvang nie ook hindernisse, maar nie 'n verhindering om hulle roeping te vervul nie.

Die kierie van die uittog uit Egipte (Eks 12: 11), van Moses waarmee hy die Nyl verbloed, die Rooisee verdroog en die rots verwater (Eks 7: 20; 14: 16; 17: 6), is simbool van die gesag van God se Woord. Die Here self is ons Herder en met sy staf of kierie lei Hy ons. Die kruis waaraan Hy gesterf het, is die hout van ons verlossing. Amen.

Psalm 33: 5 (Totius) ***Prof HG van der Westhuizen*** ***Emeritus***

6 Januarie ***Bemoediging*** **Matteus 3: 13-17**

Hoekom moes Jesus gedoop word as Hy nie 'n sondaar soos ons is nie? Doop en sonde het tog mos verband met mekaar! Dit lyk of Johannes die Doper dieselfde voel as hy sê dat hy eintlik deur Jesus gedoop moet word.

Jesus se doop is egter om aan die wil van God te voldoen.

Hiermee word ons verseker dat Jesus volledig een met die mens is. Meer as dit: Jesus is ook volledig een met die Vader. Sy doop bevestig sy verbondenheid met die Vader en daarom bemoedig dit Hom vir wat Hy moet doen.

Deur Jesus se doop kom God se liefde vir mense op twee wyses na vore. Jesus deel, by wyse van spreke, ons vuil doopwater met ons en God beves-

tig sy liefde vir Jesus sodat Hy ons kan liefhê. Net die een wat liefde ontvang, kan liefde gee. Daarom die stem wat sê: *Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.* Hiermee word die lyn van Jesus wat moet ly en Jesus die Messias wat oorwin aan mekaar verbind. Die mens is nie maar net iemand wat af en toe sonde doen nie, ons is in ons hele menswees sondig. Daarom moet iets radikaals gebeur. Ons kan nie maar net soos Johannes se volgelinge ons bekeer en laat doop en daarmee is alles afgehandel nie. Ten diepste het die mens God se onvoorwaardelike liefde nodig. Dit is waarvan ons verseker word met Jesus se doop. Hy het ons tot die uiterste toe lief.

Ons eie doop verbind ons ook net so aan Jesus. Dit bemoedig ons om onder alle omstandighede vas te hou aan die belofte dat Jesus altyd by ons is en dat daar vir ons 'n toekoms saam met Hom is.

Gesang 290: 1, 2 ***Ds APJ Beukes*** ***Swartkop***

7 Januarie ***Versoeking*** **Matteus 4: 1-11**

Eers doop, dan versoeking. Jesus se doop en so ook ons doop gee ons die moed om in alle omstandighede, selfs ook in versoeking, aan God getrou te bly.

Die woestyn is die plek waar Israel versoeking ervaar het, en waar hulle God versoek het. Dit is ook die plek waar Jesus met versoeking wroeg. Woestyn is ook die plek van stilte, die plek waar jy as 't ware net jou eie stem hoor. Dit is die plek waar jy ontneem is van alle ondersteuningsisteme wat jy mag hê. Dit is die plek en geleentheid waar jy moet uitmaak of jy net aan God vashou en Hom vertrou. Waag ek dit met Hom?

Ongelukkig het ons dit reggekry om alle stilte uit ons lewe te verdryf. Selfs wanneer ons letterlik in die woestyn is, verdryf ons die stilte met ons CD-spelers en radio's, ook as ons studeer of alleen in ons motor of kamer is.

Wat is versoeking ten diepste? Dit is die keuse om God se beloftes te laat vaar en net vir jou eie stem te luister. Vir Israel en Jesus was dit om die beloofde land te vind sonder om deur die woestyn te reis. Die eerste versoeking hou verband met die lewenshouding van: waarom sal ek vir my brood werk as ek dit kan ontvang? Waarom sal ek wag om te ontvang as ek alles kan gryp? Die tweede versoeking wil ons leer dat ons God nie moet versoek nie. Ons kan God nie opkommandeer om goed vir ons te doen soos en wanneer dit ons pas nie. Ons kan alleen maar in die geloof op God wag. Uit die derde versoeking leer ons dat mag 'n selfsugtige ding is wat ons van God vervreem. Dit maak van ons grypsugtige mense. Dit misken God se mag oor ons.

Al hoe 'n mens 'n versoeking weerstaan, is om, soos Jesus ons leer, aan God se Woord vas te hou. Ons doop herinner ons in tye van versoeking en beproewing om aan God se beloftes vas te hou. Sy Woord moet vir ons 'n lewende woord wees wat elke handeling bepaal.

Gesang 266 ***Ds APJ Beukes*** ***Swartkop***

8 Januarie ***Roeping*** **Matteus 4: 18-22**

Ons is almal geroepenes van die Here, maar hoe? Ons kan tog nie ons roeping en dié van Jesus se dissipels op dieselfde lyn plaas nie. Jesus se dissipels pas tog in die groter geheel van die evangelie in, terwyl ons roeping en die uitleef daarvan nie die skryf van evangelies en briewe tot gevolg het nie. Inderdaad, maar tog is hier uit die roeping van die dissipels ook vir ons iets te leer oor ons eie roeping.

Om geroepene te wees, is om 'n keuse te maak. Dit is 'n radikale keuse vir Jesus. In ons geval beteken dit nie noodwendig om jou beroep te laat staan nie, maar dit kan wel 'n totale verandering in lewenshouding beteken. Ons kan geroep wees uit die duisternis na God se wonderbare lig (1 Pet 2: 9). Ons is geroep om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid (1 Pet 5: 10), ons is geroep tot die ewige lewe (1 Tim 6: 12), tot vryheid (Gal 5: 13), tot vrede (Kol 3: 15).

Hierdie roeping bring opoffering mee. Dit is die prysgawe van die self en 'n mens se eie selfgesentreerde belange. Dit is natuurlik nie altyd maklik en lekker nie. Alhoewel roeping vreugde bring, bring dit ook opoffering en lyding. Vreugde en lyding is pole in dieselfde verhaal. Dit is 'n vreugde in Christus en dit is lyding in en ter wille van Christus.

Ons is geroep om ander te roep, ons is gered om ander te red. Die beeld van die vissers van mense wil nie die negatiewe van gevang wees beklemtoon nie, maar die positiewe van redding uitlig. Die ironie is dat visse wat gevang word sterf, terwyl mense wat gevang word die ware lewe ontvang. Jesus roep die dissipels deur hulle uit te nooi om saam met Hom te kom. Ons geroepe wees is om saam met Jesus op pad te wees. Saam met Hom trek ons ook ander mense na Hom toe.

Gesang 522: 1, 3 ***Ds APJ Beukes*** ***Swartkop***

9 Januarie ***Wat vind jy in die Bybel?*** **Johannes 5: 30-47**

Mense soek sekerheid. Daarom lees ons die Bybel om hierdie sekerheid te vind. Dit is egter geen waarborg dat ons manier van lees ons by hierdie sekerheid gaan uitbring nie.

Vir baie mense moet die Bybel net hulle eie vooroordele bevestig. Of hulle lees die Bybel so objektief dat hulle die lewende woord mis. Dit is die woord wat ons in 'n verhouding met God bring.

Jesus sê van die Joodse leiers waarvan in die gedeelte ter sprake is, dat hulle die Skrif ondersoek omdat hulle dink dat hulle die ewige lewe daarin sal kry, maar hulle sien nie raak dat die Skrif juis oor Jesus getuig nie (vers 39). Daarom wil hulle nie na Jesus toe kom om by Hom die ware lewe te kry nie. Hoe ironies is dit net nie? Ons kan praat van die ingeligte ongelowiges. Dit is hulle wat die Skrif ken, maar nie die Christus van die Skrif nie. So gaan die lewe eintlik by hulle verby.

Daar is niemand so blind as hy of sy wat nie wil sien nie. Jesus sê in die gedeelte dat daar op vier wyses oor Hom getuig word, naamlik Johannes die Doper (32), die werke wat Hy doen (36), God die Vader (37) en die Skrifte (39). Tog sien hulle dit nie raak nie. Die Woord waarop 'n mens jou beroep, is juis ook die Woord wat jou dikwels aankla.

'n Swerm bye beskerm met alles waaroor hulle beskik hulle korf. So doen mense ook wanneer hulle dink hulle is reg oor 'n bepaalde saak. Hoe onaanvaarbaar en afstootlik dit vir Christus mag wees, pla hulle oënskynlik nie. Die Bybel wat ons met soveel aandag lees om sekerheid te kry, nooi ons uit om die gees van die Woord en nie die letter daarvan nie te laat seëvier. Die Bybel wil ons deur die werking van die Heilige Gees in 'n lewende verhouding met God bring. Dit vind plaas deur Jesus Christus, die Een waaroor die Bybel getuig.

Gesang 329 ***Ds APJ Beukes*** ***Swartkop***

10 Januarie ***Net nie dit nie, Here!*** **Lukas 6: 27-36**

Wat maak Christengelowiges anders as ander mense? Baie ander gelowe en nie-godsdienstige organisasies vereis tog ook van hulle volgelinge om goed te doen. Ons hoor telkens dat iemand van 'n ander persoon wat nie 'n Christen is nie, sê dat sy of haar optrede meer Christelik is as dié van baie mense wat wel Christene is. Ons is egter nie in kompetisie met ander mense om beter as hulle te wees nie. Christene doen goeie dinge omdat God vir ons goed is en ons nie anders kan nie.

Die verrassende is dan dat ons goed behoort te doen teen alle verwagtinge in. Selfs teenoor die mense wat jy eintlik eerder sou wou haat en verag. Eintlik is die Christen se gedrag abnormaal. Hoe kan jy vir mense wat jou sleg behandel, goed wees en hulle liefhê? Dink maar net in hoeveel gesinne is familielede vir mekaar kwaad oor wat die een aan die ander gedoen het. Dit is asof ons ons op mekaar wreek deur ook negatief te reageer. So lewe mense vir dae en selfs jare in 'n onaangename atmosfeer.

Tog sê Jesus dat ons aan mekaar goed moet doen sonder om enige iets terug te verwag. God doen goed aan ondankbares en slegtes. Is dit nie ook sulke mense vir wie Jesus sy lewe gegee het nie? Om daardie rede moet ons barmhartig wees soos wat ons Vader barmhartig is. Dit is natuurlik nie maklik nie, maar ons doen dit mos nie vir onsself nie. Wanneer ons dit egter doen, is ons beelddraers van God. So vervul ons ons roeping as gelowiges.

Ons kan dit ook eers doen as ons die eie ek kruisig en leer om nederig en klein in eie oë te word. Begin dan, en doen vandag nog goed aan die een aan wie jy dit die minste sou wou doen.

Gesang 334: 1-4 ***Ds APJ Beukes*** ***Swartkop***

11 Januarie ***Geseënd is jy*** **Matteus 5: 1-12**

Godsdiens het verreikende gevolge. Die wonderlikste daarvan is dat ons deel het aan die koninkryk van God. As ons deel het aan die koninkryk van God, sal ons geseën word, sal ons getroos word, sal ons die nuwe aarde ontvang, sal ons versorg word, sal aan ons barmhartigheid bewys word, sal ons God sien en sy kinders genoem word. Hierdie seëninge word aan die gelowiges geskenk omdat hulle in afhanklikheid en eenvoudige geloof voor God leef en op Hom vertrou; omdat hulle liefde vir God, nieteenstaande die vervolging en spot van die wêreld, lewend bly. Hulle betoon barmhartigheid aan ander ondanks die verdrukking deur die wêreld. Hulle is die draers van vrede waar hulle ook al gaan. Hulle doen reg in 'n wêreld van onreg en onvrede.

Die geseëndes is mense wat weet dat ware godsdiens 'n nuwe gesindheid van lewe vra. Hulle is mans en vrouens wat nederig is, die liefde najaag, glo en vertrou in God en moedig in die geloof staan. Hulle is nie sondeloos nie maar bekeerd. Hulle belange en begeertes is gerig in die rigting van die koninkryk van God.

Tel u en ek onder dié geseëndes?

Dr JMG Storm ***Meyerspark***

12 Januarie *Diensbaar vir God* **Matteus 5: 13-16**

Godsdiens hou belangrike verantwoordelikhede in vir ons mense wat glo. Dit maak van ons werktuie van God. Ons lewensin lê daarin dat ons ander mense met ons geloof en met ons gawes so sal lei en beïnvloed dat hulle God sal verheerlik.

Jesus vergelyk die gelowiges met belangrike gebruiksartikels van destyds, naamlik sout en 'n lamp. 'n Sak sout is destyds gereken as net so waardevol as 'n mens se lewe. Soos sout smaak gee aan voedsel, so gee die gelowige sin aan die gemeenskap. Die geloofsnorme gevorm deur die woorde en voorbeelde van Jesus, maak dat mense sinvol, vreugdevol, gelukkig en in vrede kan lewe. Soos sout voorkom dat voedsel, veral vleis, verrot, so kan die gelowige die verrotting van die samelewing voorkom. Die geloofsreëls en voorskrifte van die Here bewaar 'n gemeenskap van korrupsie en dekadensie. As Christengelowiges dag vir dag die lewe om hulle insout, kan ons van groot waarde wees as instrumente in die Here se hand.

Net so moet ons ook lamp wees. In die donkerte van die nag was 'n lamp 'n kosbare artikel. 'n Lamp gee lig in die aand. Die lig verdryf duisternis. Lig laat 'n mens sien. Waar lig is, is lewe. Lig kan 'n mens ná donker laat werk. Ja, 'n lamp was onmisbaar in mense se lewens.

Só moet die gelowige wees: onmisbaar in dit wat ons doen en sê. Ons woorde en werke moet gebaseer wees op die woorde van die Here. Dit moet woorde en werke wees wat mense se lewens beïnvloed. Ons moet hulle so beïnvloed dat die mense om ons God sal verheerlik en dien.

Dr JMG Storm ***Meyerspark***

13 Januarie *Maskerdraers* **Matteus 5: 17-20**

Is jou godsdiens jou erns? Dan sal die wet van die Here vir jou 'n ernstige saak wees. Nie net die letter van die wet nie, maar ook die gees van die wet. In Jesus se tyd het die Skrifgeleerdes en die Fariseërs baie erns met die wet gemaak. Hulle het die *Tora* (Wet van God) uitgebrei met die *Misjna* ('n boek waarin die wet sorgvuldig uitgelê is met verdere reëls en wette). Die Skrifgeleerdes het met groot moeite al hierdie reëls en bepalings probeer nakom. Veral gebedstye, gebedshoudinge, die gee van tiendes, vaste en ander sigbare reinigingswette is stiptelik onderhou. As mens na hulle lewens kyk, sal jy dink dat hulle baie godsdienstige mense was. As Jesus egter hulle godsdiens en

lewens beoordeel, sê Hy hulle is skynheilig. Hulle kom die wette na, nie tot eer van God nie, maar oor ander redes. Hulle wou deur die mense gesien word, geëer word. Hulle wou eer verdien, hulle wou hulle posisies as geestelike leiers verhoog. Vir God is hulle optrede van geen sin en waarde nie. Om die letter van die wet na te kom sonder om die saak waaroor dit gaan te doen, is sinloos.

Indien hulle, en ons, nie na gees en gesindheid nuut word voor God nie, sal ons die koninkryk van God nie ingaan nie. Die wet moet met 'n gesindheid van dank en vreugde geleef word. Indien nie, is dit soos 'n juk wat ons dra. Dan doen ons dit nie uit ons liefde vir God nie, maar om ander redes.

Die nagmaalformulier waarsku dan ook die hipokriete. *Hipokriet* is 'n afgeleide woord wat 'n Griekse toneelspeler aandui wat met 'n masker iemand anders voorstel. Dalk wil Jesus ons moderne gelowiges waarsku om nie maskerdraers te wees op godsdienstige gebied nie. Moenie voorgee dat ons op godsdienstige gebied die Here ken, maar dan leef soos 'n heiden nie. Nee, laat ons gees en gesindheid nuut word.

Dr JMG Storm ***Meyerspark***

14 Januarie ***Wees genadig met mekaar*** **Matteus 5: 21-31**

Is ons ernstig met ons godsdiens? Dan gaan ons die wet van die Here met 'n nuwe gees en gesindheid aanpak. As die wet van God weer ons lewensnorm word, sal die wêreld ten goede verander. Die gees en gesindheid waarmee ons die wet moet uitvoer, word bepaal deur die liefde. Liefde vir God (so het ons gister gesien), maar ook liefde vir ons medemense. En die liefde sê: *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle aan hulle ook doen. Verder is die liefde geduldig, vriendelik, nie afgunstig nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, hou nie boek van die kwaad nie, verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid.*

Met dié gesindheid sal ons mekaar nie meer uitskel nie, nie mekaar wil vermoor nie, nie mekaar wil vervolg of uitbuit nie, nie mekaar misbruik in verhoudinge nie, nie rondloop met sondige begeertes in ons koppe nie.

Met dié gesindheid sal ek die persoon wat die naaste aan my is, my naaste, dit is my eggenoot, eer, respekteer en liefhê. So sal ons huwelike gesond word en ons huislike lewens geluk en vrede ervaar terwyl ons gesinslewe 'n nuwe toekoms kry.

Dr JMG Storm ***Meyerspark***

15 Januarie ***Vroom in praat en doen*** **Matteus 5: 33-48**

Ons het gister gesien dat die Here se wet as ons lewensnorm ons lewens ten goede sal verander. Enkele sake moet nog aangeraak word. Die eerste is ons eerlikheid. Ons baie praatjies word ook deur die Here gehoor. En so baie kere is ons woorde nie ons eer nie, doen ons beloftes en ons gepraat ons oneer aan.

Daar was 'n tyd toe groot kontrakte gesluit is op grond van die mondelinge woorde van die partye. My *ja* was my *ja* en my woord my eer. Ek het my beloftes gedoen en my naaste se belange gerespekteer. Vir die verkeerde was my *nee* duidelik vir almal om te hoor.

Hoe sal ons lewe nie verander as eerlikheid weer geleef word nie. Weg is alle korrupsie, leuens, skelmstreke en kontrakbreuk, en dink net hoe positief dit in die kerk en samelewing sal gaan as al die *ja*-antwoorde voor die preekstoel uitgevoer word. Ywerige en verantwoordelike ampswerk, lewende lidmate en gesonde huwelike sal ons wêreld versier. Dit is wonderlik wat 'n *ja*-woord beteken as dit werklik bedoel word.

Tweedens praat Jesus oor ons vergeldingsdrang. Ongeregtigheid is 'n bose ding. Om kwaadwillig behandel te word, roep by alle mense verset uit – en vergelding. Ons oortreders moet boet en ons vyande moet vervolg word. Soms kan ons dit nie regkry nie en dan haat ons ons teëparty. Haat is egter soos 'n sweer wat die liggaam vergiftig. Haat vergiftig ons denke en naderhand ons lewe. Daarom beveel die Here vergifnis aan. Vergifnis is een van die hoogste vorme van die liefde. Vergifnis bring bevryding. Vergifnis bring genesing van haat. Natuurlik is dit baie moeilik. Daarom moet ons bid en altyd onthou dat die Here ons vergewe het toe ons nog sondaars was.

Dr JMG Storm ***Meyerspark***

16 Januarie ***Jesus ons Koning*** **Matteus 1: 1-17**

In Matteus word Jesus aan ons bekendgestel as die Koning. Jesus is die Koning, die Heerser, die Een wat die troon van Koning Dawid bestyg, die Een wat deur die profete aangekondig is.

Matteus begin sy Evangelie met 'n geslagsregister – iets wat ons selde lees. In die ou tyd was geslagsregisters baie belangrik. In Jesus se geslagsregister is 'n paar dinge opvallend:

- Geslagsregisters was wetlike dokumente wat onder andere gebruik is om mense se wettige erfgename te bepaal. In die geval van 'n koning sou dit be-

paal wie die wettige troonopvolger is. Matteus wil met sy geslagsregister aan ons verkondig dat Jesus, as afstammeling van Dawid, die wettige Koning is, die Messias wat sou kom.

- Geslagsregisters het ook jou posisie in die samelewing bepaal. Die Joodse leiers het Jesus verwerp en verag. Dit was deel van Jesus se lyding. Matteus neem die stryd teen hulle op om aan te toon dat Jesus, met Abraham en Dawid as voorouers, nie die veragtelike mens is wat hulle dink nie.
- Jesus se geslagsregister word eweredig in 14 geslagte verdeel. In Hebreeus word met die letters van die alfabet getel. In Hebreeus is die letter D gelyk aan 4, en die letter W gelyk aan 6. Dus: DaWiD (DWD) is 4+6+4 = 14. Dit beklemtoon nogmaals Jesus se afkoms van Dawid en sy Koningskap.
- Dit is ook opvallend dat vyf vroue in Jesus se geslagsregister getoon word, iets wat vreemd was in die ou tyd. Die vroue was almal onrein (sommige was straatvroue, ander was van heidense afkoms). Daarmee word beklemtoon dat vroue ook 'n plek het binne die koninkryk van God, selfs onrein mense. Die koninkryk van God moet ook na die heidense nasies versprei.

Ons moet besef dat Jesus ons Koning is. Hy heers oor ons deur sy Woord en Gees. Daarom leef ons in gehoorsaamheid aan Hom. Ons doen ons uiterste bes om die uitbreiding van sy kerk en koninkryk te bevorder.

Gesang 182: 1-3 ***Dr Wim Dreyer*** ***Horison***

17 Januarie ***Christus – Christen*** **Matteus 3: 13-17**

Ons as Christene bely dat Jesus van Nasaret, wat 2 000 jaar gelede in Betlehem gebore is, die Christus is. *Christus* is die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord *Messias*, en dit beteken *Gesalfde*.

Jesus is die Gesalfde, die Christus. In die Bybel vind ons dikwels verwysings na mense wat gesalf is. Salwing was 'n gebruik om tydens groot feeste en by besondere geleenthede (soos 'n huwelik) lekkerruikolie op mense se koppe te laat drup. Dit was byna soos die parfuum wat mense deesdae gebruik. In die alledaagse lewe is dit gedoen om mense te vereer. Dit is ook gedoen in die godsdienstige lewe van die ou Jode. In die Ou Testament vind ons dit as 'n simboliese handeling wat aantoon dat iemand deur die Here geroep en afgesonder en toegerus is vir 'n besondere taak soos profeet, priester of koning.

Ons lees in die Evangelies dat Jesus gedoop is. Deur die eeue heen het die kerk Jesus se doop verstaan as die geleentheid waar Hy deur die Heilige Gees gesalf is tot die Messiaanse Priester, Profeet en Koning.

- As Profeet is Hy die Een wat God se wil volkome aan ons kom bekendmaak het.
- As Priester is Hy die Een wat vir ons die finale en volkome offer aan die kruis gebring het, om ons van ons sonde te verlos.
- As Koning is Hy die Een wat tot in ewigheid, deur sy Woord en Gees, oor sy koninkryk en kerk regeer.

Ons word genoem: Christene – Geśalfdes. As gelowiges is ons volgelinge van Christus, by ons doop deur die Heilige Gees gesalf tot priesters, profete en konings. Ons is gesalf tot diens, om te getuig van Christus. Ons is gewy aan die Here. Elke predikant, ouderling, diaken en lidmaat is gewy en afgesonder om diensbaar te wees aan God en sy koninkryk.

So is ons Christene.

Gesang 477: 1, 2 ***Dr Wim Dreyer*** ***Horison***

18 Januarie ***Vissers van mense*** **Matteus 4: 12-25**

Matteus vertel ons dat Jesus sy openbare optrede in die dorpie Kapernaum begin het. Kapernaum is 'n vissersdorp wat aan die see van Galilea lê. Baie van die inwoners was vissers wat met hulle bote en nette 'n bestaan gemaak het. Daar loop Jesus vir Petrus, Andreas, Johannes en Jakobus raak. Hulle was ook vissers van beroep. Jesus roep hulle nader en sê: *Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak...* Hulle het dadelik hulle nette gelos en Jesus gevolg.

Deur al die eeue roep Jesus steeds mense na Hom toe. *Kom, almal wat dors het. Kom na My...* Deur al die eeue het mense Jesus gevolg en gedien. Deur al die eeue gee Jesus aan mense die opdrag om vissers van mense te wees.

Wat ons in hierdie gedeelte moet raaksien, is dat roeping 'n opdrag impliseer. Roeping is leeg en niksseggend as dit nie ook sigbaar word in ons diensbaarheid aan Christus nie. Jesus roep nie net mense na Hom nie, Hy stuur hulle onmiddellik weer uit.

Elkeen van ons wat Jesus se roepstem gehoor het, wat geluister het na die verkondiging en tot geloof gekom het, is ook gestuurdes. Dit beteken dat ons op elke plek waar ons kom, moet getuig van die geloof wat in ons leef.

Dit is ook ons roeping as kerk – om waarlik vissers van mense te wees.

Gesang 528: 1-3 ***Dr Wim Dreyer*** ***Horison***

19 Januarie ***Gee ons vandag ons daaglikse brood*** **Matteus 6: 5-15**

Ons lees in Matteus 6 dat die dissipels Jesus gevra het om hulle te leer bid. Dit is iets waarmee ons almal worstel: Hoe moet ek bid? Wat moet ek bid?

Dit is nie vreemd dat die dissipels Jesus gevra het om hulle te leer bid nie. Die ou Jode het talle voorgeskrewe gebede gehad wat hulle op vaste tye moes bid. Dit is steeds hulle gebruik, soos ook die Moslems wat op vaste tye voorgeskrewe gebede bid. Hierdie gebede word in die openbaar, in die sinagoge of die moskee, gebid. Daar word selfs op straat, of op bepaalde heilige plekke, voor ander mense gebid. Jesus wys hierdie rituele gebruik van gebed af, en beklemtoon dat gebed 'n intieme saak tussen die gelowige en God is. Gaan na jou binnekamer... Bid... Jou Vader wat in die hemel is, sal jou verhoor...

Jesus gee dan vir sy dissipels, en vir die kerk van alle eeue, die Onse Vader as gebed. Die bedoeling is duidelik nie dat dit nou 'n rituele gebed moet wees wat ons altyd bid nie. Dit dien as voorbeeld van 'n gebed wat tref met sy eenvoud en tegelykertyd met 'n ongelooflike diepte en rykdom van inhoud.

Onder andere leer Jesus ons om in afhanklikheid van God te vra vir ons daaglikse brood.

- *Gee:* Ons bely ons afhanklikheid van God. Ons kan net smekend en met nederigheid vra. Ons kan niks van God eis nie.
- *Ons:* Ons bid nie net vir onsself nie, maar ook vir die mense rondom ons. Jesus leer ons om vir ander te bid.
- *Vandag:* Jesus leer ons om elke dag in afhanklikheid van God te leef. Al het ons pensioene, groot inkomstes, goeie werk, pragtige toekomsplanne en langtermyn beplanning – ons moet vandag vir vandag bid. Ons moet ons daagliks weer op die Here verlaat dat Hy vir ons sal sorg.
- *Brood:* Jesus leer ons om te bid vir wat ons nodig het vir ons daaglikse bestaan. Ons bid nie om die Lotto te wen nie. Ons bid nie om skatryk te wees nie. Ons bid vir dit wat ons nodig het – in die vaste vertroue dat die Here daarin sal voorsien.

Hoeveel van daardie vertroue en afhanklikheid is nog in ons lewens? Of het ons meesters van ons eie lot geword?

Gesang 266 ***Dr Wim Dreyer*** ***Horison***

20 Januarie ***Al twyfelend uitgestuur*** **Matteus 28: 16-20**

Jesus het na sy opstanding by verskeie geleenthede aan die dissipels verskyn.

Een van die geleenthede was op die berg in Galilea – waar Hy ook sy openbare optrede begin het. Daar gee Hy sy laaste opdragte aan die dissipels, voordat Hy van hulle weg is.

Hierdie verskyning word in Matteus 28 beskryf. In vyf verse beskryf Matteus vir ons Jesus se groot sendingopdrag aan sy dissipels en aan sy kerk. Die gedeelte vorm die klimaks van die Evangelie, omdat een van die sentrale temas in Matteus se Evangelie die sending aan die heidene is.

Hoe belangrik die sending aan die heidene is, word juis beklemtoon deur die feit dat Jesus sy optrede in Galilea begin en eindig – in die gebiede aan die noordekant van die see van Galilea wat die grens tussen Joodse en heidense gebied is. Dit is hier waar Hy sy dissipels geroep het. Dit is hier waar Hy hulle finaal uitstuur om na al die volke te gaan en hulle sy dissipels te maak.

Opvallend genoeg vertel Matteus dat sommige van die dissipels nog getwyfel het. Jesus stuur die twyfelendes, swak en sondige mense, na die wêreld met die blye evangelie van verlossing. Maar Hy gee aan die twyfelende sondaars die versekering dat alle mag aan Hom behoort, en dat Hy met ons is tot aan die einde van die wêreld.

Met daardie vertroue gaan ook ons die wêreld in met die roeping en die opdrag om die evangelie aan alle mense uit te dra.

Gesang 486:1, 4 ***Dr Wim Dreyer*** ***Horison***

21 Januarie ***God het vir ons "ja" gesê*** **2 Korintiërs 1:12-24**

Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê.

As Paulus sê dat Christus die *ja* van God is, bedoel hy daarmee dat God met die gawe van sy Seun aan ons en vir ons daarmee *ja* gesê het. As God vir ons *ja* sê, beteken dit dat Hy Hom daarmee bereid verklaar het om met ons voort te gaan; om vir ons met die vervulling van sy beloftes deur te gaan. God se *nee* sou daarenteen beteken dat Hy ons aan ons verdiende lot van ewige dood en hel oorlaat.

Vir baie jare stry mense oor hoe God met die wêreld kontak maak. Die charismatici sê dat God ook met die wêreld kontak maak deur middel van voorgevoelens, drome en visioene. Die kerk bely egter dat God Homself aan ons bekendmaak, net deur sy Woord soos ons dit in die Bybel het. In die Bybel het ons alles wat nodig is vir ons verlossing. Deur die eeue het die mens God se Woord afgeslaan. Tog het God nie opgehou om sy Woord te

stuur nie. Die dag toe Hy sy Seun stuur, toe laat Hy sy Woord in die liggaam van 'n mens na hierdie aarde toe kom. Waar God se Woord en menslike vlees mekaar in Christus ontmoet, dáár het God vir ons *ja* gesê.

Hierdie *ja* van God laat ons nie onaangeroerd nie. Dit het die uitwerking op ons lewe om deur ons ganse lewe verder vir God daarop *amen* te sê. Amen beteken 'n bevestiging, dat dit so is. Hóé ons in God glo en hóé ons leef, dit is die manier waarop ons vir God *amen* sê.

Gesang 238:1-5 ***Ds Piet van der Merwe*** ***Zoutpansberg***

22 Januarie ***Redding is 'n geskenk!*** **Efesiërs 2: 1-10**

Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.

Niemand kan uit homself besluit dat hy in God gaan glo nie. Deur sy uitverkiesende genade skenk God aan ons die saligmakende geloof. Geloof in God is ook nie 'n vanselfsprekendheid nie; ongeloof is wel. Dit is hoekom dit nie nodig is om 'n kind te leer vloek en lieg nie, hy word met daardie *kennis* gebore. Maar dit is nodig om hom te leer om dit nie te doen nie. Hy word nie met daardie kennis gebore nie, hy moet dit aanleer.

Om mense tot die geloof te laat kom, stuur God vanuit sy goedheid Woordverkondigers met die blye boodskap van verlossing. Met die hoor van hierdie Woord, werk die Heilige Gees die onwrikbare geloof dat nie alleen aan my nie, maar ook aan ander, vergewing van sondes geskenk word deur die bloed van Christus.

Hieruit kom veral twee sake na vore: Eerstens, wat 'n geweldige troos is dit nie om te mag weet dat my verlossing nie van myself afhang nie! As my verlossing enigsins van myself sou afhang, sou ek dit vanweë my onbetroubaarheid en onbekwaamheid misgeloop het. In die tweede plek, al wat nou vir my oorbly, is om met die totaal van my lewe daarna te smag om vir God dankie te sê.

Gesang 493 ***Ds Piet van der Merwe*** ***Zoutpansberg***

23 Januarie ***Hoekom ék?*** **Romeine 3**

Ons het gister gesien dat God ons uit genade red. God skenk buite ons om, die saligmakende geloof. Ons kan moontlik vra: Hoekom ek? Hoekom aan my? Wat sien God aan my dat Hy aan mý die geloof skenk? Is daar iets aan my of in my

lewe waarvan God hou sodat Hy my met die redding wil beloon? Nee! Daar is niks in enige mens dat God in hom rede sou vind om aan hom die saligmakende geloof te skenk nie! Trouens, ons lewens vertoon genoegsame rede dat God ons na verdienste met die ewige dood sal straf. Daarom is redding uit genade! Genade is om iets te ontvang wat jy nie verdien of op staat kan maak nie. Die enigste rede hoekom God ons wil red, is gegrond in sy onverklaarbare liefde vir ons.

'n Duidelike voorbeeld dat ons redding nie in onsself geleë is nie, maar in God, is die geval van Rebekka en haar tweelingseuns, Jakob en Esau. In Romeine 9: 11-13 sê Paulus: *Toe haar* (Rebekka se) *kinders nog nie gebore was nie en ook nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, toe is al vir haar gesê: "Die oudste sal die jongste dien." Daar staan ook geskrywe: "Vir Jakob het Ek liefgehad maar vir Esau het Ek gehaat."*

Ek kan maar net my hande saamslaan en God van harte dank dat Hy bereid is om iemand soos ek lief te hê.

Psalm 130: 1, 2 (Ou beryming bladsy 845 in Liedboek)

Ds Piet van der Merwe ***Zoutpansberg***

24 Januarie ***Hóé kies God ons uit?*** **Efesiërs 1: 1-14**

... *ons* (is) *in Christus uitverkies* ... (1: 4).

As God ons uitkies om aan ons die ewige lewe te gee, dan doen Hy dit in Christus. Omdat Jesus Christus die Hoof van al die uitverkorenes is, daarom is ons sy liggaam.

Ten opsigte van ons uitverkiesing is daar in die Goddelike Drie-eenheid 'n onderlinge samewerking:

- God die Vader doen die kieswerk.
- God die Seun doen die versoeningswerk.
- God die Heilige Gees werk nóú en híér die geloof in ons harte en maak ons Christus en sy soenverdienste deelagtig.

Die Vader is dus die oorsaak van ons uitverkiesing, Jesus Christus is die manier waarop ons uitverkies is, die Heilige Gees maak dit alles ons s'n.

Hoe weet ek dat ek uitverkies is? Dit is baie maklik om hierdie vraag te antwoord: Glo ek in Christus, dan is ek uitverkies!

Gesang 493 ***Ds Piet van der Merwe*** ***Zoutpansberg***

25 Januarie ***Wát is wedergeboorte?*** **Johannes 3: 1-11**

Die woord wat met *wedergeboorte* vertaal is, beteken oorspronklik *om opnuut verwek te word.* Die geboorte kom dan daarna. Jesus sê om opnuut verwek en weer-gebore te wees, is nodig vir die beërwing van die koninkryk van God.

Veral binne sektariese kringe is daar 'n groot misverstand rondom die begrip wedergeboorte. Die misverstand is dat dit 'n oombliklike gebeurtenis is waaroor jy self beheer het. Daarenteen verstaan die kerk hierdie begrip as 'n gebeure, totaal buite jou beheer en wat oor jou hele lewenspan strek. Net so min as wat 'n mens inspraak gehad het met sy fisiese verwekking voor sy geboorte, net so min het hy inspraak met hierdie geestelike herverwekking. Dit is ook nie 'n proses wat jou soos 'n weerligstraal tref en dan is alles daarmee afgehandel nie. Dit is 'n innerlike geestesverandering deur God in ons gewerk wat stelselmatig voltrek word. Hierdie stelselmatigheid oorspan ons hele lewe tot by die graf.

Presies hóé hierdie wedergeboorte gebeur, weet ons nie. Dit is, soos Jesus sê, soos die wind wat waai; jy hoor sy geluid maar jy weet nie waarvandaan dit kom nie. Met die skepping is dit ook so: Ons weet nie hoe dit gebeur het nie, maar ons sien dit.

Ons weet wel van hierdie wedergeboorte dat dit 'n kragtige, lewenslange werking van God is en ons kan dit sien aan ons lewens. Elke keer wanneer ons in staat gestel word om vir die sonde *nee* en vir God *ja* te sê, het ons iets van daardie kragtige werking gesien en ervaar.

Gesang 432 ***Ds Piet van der Merwe*** ***Zoutpansberg***

26 Januarie ***Wat is bekering?*** **1 Timoteus 1**

Nadat God deur sy Woord en Gees die proses van wederverwekking in ons aan die gang gesit het, hou die mens nie skielik op om mens te wees nie. Die sonde het ook nie eensklaps verdwyn nie.

Terwyl die wedergeboorte 'n proses is waarin ons geen aktiewe aandeel gehad het nie, is die bekering 'n proses waarby Gods Woord en Gees die totaal van ons lewe aktief betrek. 'n Mens kan sê dat bekering die opvolg van die wedergeboorte is, of ons kan sê dat bekering die lewenslange groei en voltooiing van die geboorteproses is waarby ons aktief betrokke is. Bekering is die proses waarin God se Gees met sy Woord in ons harte vernuwend indring om ons al meer aan Hom gehoorsaam te laat wees. Alhoewel God ons wil verander, vernietig Hy nie ons wil nie. Ons het nog 'n wil, maar 'n veranderde wil. God stuur

ons wil in die regte rigting, maar dwing dit nie met geweld op ons af nie. Waar ons geneigdheid tot die sonde vroeër die oorhand gehad het, dáár begin 'n gewillige gehoorsaamheid aan God al meer in ons lewe die oorhand kry.

Die wedergeboorte is die proses waardeur God ons vrygemaak het van die knellende greep van die sonde, 'n vryheid om nou te kan kies vir gehoorsaamheid aan Hom; dít is bekering, en dit duur lewenslank.

Gesang 489 ***Ds Piet van der Merwe*** ***Zoutpansberg***

27 Januarie ***Die eer kom God toe*** **Psalm 115: 1**

Psalm 115 is een van die gewaardeerde psalms in die geskiedenis van die kerk en die prediking. Vir eeue is die aanhef van die psalm – *Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe* – in die kerk gebruik as votum en as hoofgedagte in die prediking. Dit is ook by ander geleenthede gebruik. So byvoorbeeld het 'n Engelse koning na die slag van Agincourt sy hele leër opdrag gegee om in die modder van die slagveld te kniel en dié woorde hardop uit te roep. Só is God na die oorwinning oor die Franse bely as skepper en onderhouer, maar ook as die God wat die geskiedenis van mense en volke beïnvloed.

Dit is nogal 'n soberende gedagte indien ons sy optrede meet aan ons tyd en lewenswêreld waarin dit baie ontoepaslik geword het om te verwys na die drie-enige God as die skepper en onderhouer van alles in die werklikheid. Gevolglik word dit vir mense moeiliker om in te sien en te glo dat God ook nog in die bestuur en die beheer van sake en lewens betrokke is. Miskien het hierdie belydenis ook onder ons gelowiges verstil op ons lippe.

Dit sal 'n kwade dag wees as die kerk só meegesleur word deur die ellende wat in die wêreld heers, dat ons verleer om te soek na die bewyse en die tekens van God se liefdevolle versorging. Die eer vir alle goeie dinge kom God toe en nie die mens nie. Daar gebeur daagliks in ons lewens en in die wêreld om ons 'n horde dinge waaroor ons net kan bely dat God dit self bewerk het. Sien dit raak en bely dat die eer daarvoor God alleen toekom.

Psalm 146: 1, 6 ***Ds NJS Steenekamp*** ***Middelburg***

28 Januarie ***Waar is julle God nou?*** **Psalm 115: 2**

Waar is julle God nou? Hierdie vraag is oor eeue deur die heidene aan die

gelowiges gevra. In ons samelewing word dit steeds op verskeie wyses deur ongelowiges gevra.

Dikwels is die vraag die resultaat van onverbloemde arrogansie. Daar word geen erns gemaak met die kerklike verkondiging nie en op astrante en moedswillige wyse word God beskuldig van 'n klomp dinge wat op aarde verkeerdloop. Sinies word dan na sy bestaan en betrokkenheid gevra. Dit is paslik dat ons steeds met groot geduld en ywer teenoor hierdie soort vraestellers getuienis lewer van die hoop waarin ons leef. Geduld en nederigheid in ons reaksie strek God tot eer en dien as teenpool vir menslike selfgesentreerdheid.

Soms is die vraag die gevolg van 'n eerlike soeke na God deur mense wat nog nooit werklik onder die verkondiging van die kerk gekom het nie. In daardie geval is die vraag eintlik 'n vraag wat die skuld van 'n gemaklike en oorgewig, 'n lui en kommerlose kerk oopvlek, omdat ons lewe en verkondiging lankal reeds die vraag nie beantwoord het nie. Ons reaksie moet liefdevol en barmhartig wees, want só versprei ons die aangename geur van die evangelie.

Ons antwoord moet toegespits wees op die verkondiging van God se teenwoordigheid in die wêreld. Ja, Hy is in die hemel, maar Hy is deur sy Gees ook in ons midde. Gelowiges moet Hom dien en eer. Die vraag op die lippe van die wêreld sal dan mettertyd verstil.

Psalm 33: 1 ***Ds NJS Steenekamp*** ***Middelburg***

29 Januarie ***Oë het hulle, maar sien kan hulle nie*** **Psalm 115: 4-8**

In die tyd van Psalm 115 was dit merendeels heidene wat spottend gevra het: *Waar is julle God nou?* Die psalm antwoord nie die vraag vanuit die moontlikheid dat mense dit eerlik gevra het nie. So, asof die digter eintlik hulle vraag met minagting bejeën, word 'n lang relaas gegee oor die leweloosheid en die doodsheid van die afgode. Dit is 'n stukkie teks wat ook herinner aan gedeeltes uit Jesaja waarin daar eenvoudig spot gedryf word met die afgode. Die spot is ook te verstane. Geen maaksel van mensehande kan immers voorgee om reddingskrag te hê nie.

Die prediking en die boodskap van hierdie verse oor die afgode wat nie kan sien, hoor, ruik, proe, vat, loop of praat nie, is duidelik. In die werk van die mens is daar geen verlossingsmoontlikheid nie; sy grootste skepsels – sy afgode – beskik nie oor die moontlikheid om met hom in verhouding te tree nie.

God is anders. Hy is die lewende God wat in staat is om oneindig meer te doen as wat ons ooit kan droom of dink. Sy mag lê nie net daarin dat Hy kan

sien en hoor nie, maar ook daarin dat Hy oordeel oor die mens se sonde en ongeregtigheid. Sy trou en heerlikheid is te vinde in die barmhartigheid en vrede waarin Hy met sy skepping omgaan. Ons dien inderdaad die lewende God, die Een wat in die genade van Christus lewend met ons is!

Gesang 184: 1-4 ***Ds NJS Steenekamp*** ***Middelburg***

30 Januarie ***Wie op afgode vertrou, sal net soos hulle word*** **Psalm 115: 8**

Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word. Miskien moet ons net met hierdie gedagte geweldige erns maak. Wat hier oor die afgode gesê word, geld ook vir alle verstandelike konstrukte van die mens. Geen filosofiese stelsel, geen ekonomiese beleid, geen politieke program, geen samelewingstruktuur het die innerlike krag om lewe te bring nie. Dit kan hoogstens 'n uitdrukking wees van 'n bepaalde idee oor wat in 'n bepaalde tydperk waarbinne ons leef, volgens ons opinie belangrik is en wat nie. Dit kan hoogstens die lewe vir ons 'n bietjie makliker maak, indien ons tuis voel binne 'n stelsel wat wel op die oog af voordele inhou. Op die ou end is dit egter bloot dit: 'n stelsel, 'n bietjie kopwerk, indien dan nie handewerk as sodanig nie. Die mens wat op sy skeppings vertrou – ook op sy geesteskeppings – is in der waarheid 'n afgodsdienaar, 'n heiden. Waar daar gesteun word op eie insig, op eie opinie, op eie lewenswaardes, daar vind jy net jouself, alleen en blootgestel. Dit geld vir indiwidue, vir gemeenskappe en vir 'n totale staat.

Die gelowige se perspektief op sake lyk anders. Vir hom is daar geen ander belydenis moontlik nie as dat God in die hemel is. Vir die gelowige is die wêreld, sy inhoud, sy eienskappe en kenmerke, alles bloot skepsel, bloot die teenoorstaande van God. Vir die gelowige is die hoogste werklikheid God en die grootste voorreg die feit dat ons in verhouding met dié God mag leef – dat ons mag bid, dat ons mag sing, dat ons mag bestaan. Ware lewe is om in verhouding te wees met God en in sy genade deel te wees van 'n skepping wat afstuur op die genadige openbaring van wie sy erfgename sal wees.

Gesang 265: 1, 2 ***Ds NJS Steenekamp*** ***Middelburg***

31 Januarie ***Alles wat Hy wil, doen Hy*** **Psalm 115: 3b**

In twee kort sinnetjies bied Psalm 115 geweldige troos. Reg aan die begin van

die psalm, so weggesteek tussen die opmerkings oor die heidene en hulle afgode, vind ons die eerste een: *Alles wat Hy wil, doen Hy.* Tog is dit so 'n geweldige geloofsbelydenis wat in hierdie enkele sin uitgespreek word. Hierin word die almag van God verwoord. Hy doen wat Hy wil. Selfs Martin Luther het op 'n keer die vers verkeerd gelees en gesê dat God kan doen wat Hy wil doen. Nee, daar staan: *Hy doen wat Hy wil.* Sy optrede getuig van wie Hy is, van sy Almag as die liefdevolle skepper en verbondsgenoot van die mens.

Indien ons met die betekenis daarvan erns maak, kan ons inderdaad troos vind in God se almag. Dan vind ons nie net troos in die menslike siening van wat almag is nie, maar juis in die Goddelike perspektief daarop. Dan troos ons ons nie aan die feit dat Hy alles kan doen wat Hy wil nie, maar ook daaraan dat Hy doen wat ons nie verwag nie. Sy genade lê nie net in die glorie van sy almag nie, maar ook in die menswording van sy Seun, in sy vernedering en goddelike ontlediging tot redding van die mens. Sy almag spruit nie net uit die skepping nie, maar ook uit die feit dat sy Seun aan die dood en die vernietiging wat aards is, onderworpe was. Sy almag is juis sigbaar in wat ons nie gesien gebeur het nie: die opstanding van Christus tot ons redding.

Gesang 292: 1, 2 ***Ds NJS Steenekamp*** ***Middelburg***

1 Februarie ***Die bedeling van God se koninkryk*** **Matteus 4: 12-21**

Die koms van Jesus Christus na ons wêreld, met sy geboorte in Betlehem, word deur die Evangeliste beskryf as 'n besondere tyd van heil. Die engelekoor (Luk 2: 13) sê dit is die tyd van God se vrede vir mense in wie Hy 'n welbehae het. Dit is hierdie tyd wat nou 'n duideliker inhoud kry wanneer Jesus (=Verlosser) Christus (=Gesalfde) begin met sy openbare optrede van woord en daad. Die woordoptrede bestaan uit die hoorbare aankondiging en verkondiging van die koninkryk van God, wat in Hom naby gekom het. Sy daadoptrede bestaan uit die sigbare wonders van genesing. Hierin neem Hy mense (sy dissipels wat Hy roep en later as apostels uitstuur) met Hom saam.

Die eis wat gestel word, is dié van bekering. Bekering is 'n verandering: 'n ander manier van dink, praat en doen. Dit gebeur as daar geluister word na die wil van God en dit gehoorsaam word. Dan gebeur die wonder dat hulle gesond word na hart en gemoed, verstand en krag, liggaam en lewe. Dan word hulle burgers van die ryk waaroor die Here regeer en beskik tot hul heil. Hulle is die mense vir wie Jesus Christus Verlosser is en wat vrede met God beleef. Die bedeling van heil duur voort in die kerk. Die verkondiging van Jesus

Christus bring ons tot bekering. Die toerusting vir 'n nuwe lewe vind sy beslag in die ampsbediening. Dan leef ons in woord en daad met vreugde as burgers van God se koninkryk.

Gesang 253: 1, 2 ***Ds LJ Steyn*** ***Kruin***

2 Februarie ***Geseëndes*** **Matteus 5: 1-12**

Die lewe in die koninkryk van God is 'n geseënde lewe. Ons begrip van seën is gewoonlik beperk tot materiële voorspoed. Die bedoeling is egter 'n allesomvattende geluk. Daardie tyd in die heidenwêreld is aanvaar dat so 'n vreugde nie vir die gewone mense bedoel was nie maar net die gode beskore was. Jesus gebruik egter die woord en herhaal dit, tot agt keer, aan sy luisteraars.

Die eerste vier uitsprake van geluk het te doen met wat ons is. Dit gaan om 'n gesindheid van die hart wat afhanklikheid van God uitspel, op verskillende maniere. Die tweede groep van vier gaan om wat ons doen. Ons optrede is van so 'n aard dat dit ruimte maak vir die ander mens, selfs in vervolging deur ander.

Hiermee sê Jesus dat egte lewe, as kinders van God in sy koninkryk, begin in 'n egte gesindheid van hart wat in egtheid van dade tot uiting kom. Dit bring egte vreugde as ons met ons nood in absolute afhanklikheid van Hom wat ons Here is, leef en so doen dat daar ook ruimte is vir die nood van ander, al word ons ook ter wille van die geloof in Jesus Christus vervolg.

Die geluk is God se seën in Jesus Christus. Dit is sy gawe wat ons lewe goedmaak om so te wees en so te doen.

Gesang 458:1, 2, 3 ***Ds LJ Steyn*** ***Kruin***

3 Februarie ***Diensbaarheid*** **Levitikus 2: 11-13**
Matteus 2: 13-16

Sout en lig het op die oog af niks met mekaar gemeen nie. Die een het te doen met kos en die ander met donkerte. Die ooreenkoms is egter daarin geleë dat altwee 'n krag het wat na buite toe werksaam is.

Sout is vroeër hoofsaaklik gebruik as preserveermiddel in kos om dit langer te laat hou. Dit reinig en bewaar. So is dit in Levitikus voorgeskryf as deel van die offerhandeling en verbond met God.

Lig, as 'n nuwe begin, word verskeie kere in die Bybel gebruik in kontras

met duisternis. Met die skepping was dit so en ook met die herskepping in Jesus Christus (Joh 1: 4).

Baie sterk stel Jesus dan *julle is* (nie kan, mag of moet nie, maar is) *die sout en die lig vir die wêreld.* Nie *van die wêreld* in selfgenoegsame grootheid nie, maar *vir die wêreld* in nederige diensbaarheid.

In aansluiting by die vorige dagstukkie kan ons sê dat dit wat ons is en doen, wat ons as gawe en seën ontvang het, dít is ons vreugde om te geniet en uit te leef in die wêreld rondom ons. Jesus Christus is die sout en die lig wat as Verlosser en Behouer my lewe blywend nuut gemaak het. Hom ken ek as ek saam met ander in verbondenheid met Hom leef. Saam getuig ons van Hom as Redder vir die wêreld.

Om geseëndes te wees, bring onlosmaaklik mee om tot seën te wees deur die verkondiging van Jesus as Here in woord en daad.

Gesang 207: 1, 4 ***Ds LJ Steyn*** ***Kruin***

4 Februarie ***Versoening*** **Matteus 5: 21-26**

Die lewe van 'n mens is 'n samelewing met God en ander mense. Daarin is sy vreugdes en smart geleë. Sonde bring verskeurdheid tussen mense en maak die mens ongeskik om God verder te dien. Daarom het die mens nodig om van God te hoor en te leer wat sonde is in sy Woord en Wet.

In die bergrede het Jesus die begin van sonde as begeerte in die hart, soos in die tiende gebod reeds gesê, benadruk. Moord is nie eers sonde wanneer dit gedoen word nie, maar reeds wanneer dit bedink word.

Twee dinge in dié gedeelte is opvallend. Ten eerste dat dit wat oënskynlik nie so erg is nie, naamlik om kwaad te word vir iemand, hom te verwens en te vloek, reeds skeiding gebring het. Ten tweede, dat nie die skuldvraag (wie se skuld dit is) die belangrike is nie, maar die blote wete en kennis daarvan. Dit hou jou verantwoordelik vir versoening.

Die kwaad moet opgeruim word in vergifnis. Onderlinge liefde en liefde tot God kan nie van mekaar losgemaak word nie. So word die liefde nie as 'n abstrakte en kerksaak verskraal nie maar as lewenswyse benadruk. Die negatiewe begeertes van wraak, jaloesie, veroordeling, wellus, selfsug, ensovoorts, moet onder die loep kom. Ek moet heel en gesond word. Ek moet ook geleentheid bied aan ander om gesond te word sover dit in my vermoë is.

Baie keer hoor ons van 'n mens wat sê: ek kan nie kerk toe kom of nagmaal gebruik nie want ek is 'n te groot sondaar. Dit is waar van ons almal as son-

daars. Maar dit is nie die enigste waarheid nie. Dit is ook waar dat Jesus Christus ons sondes op Hom geneem en die straf daarvoor gedra het. Daarom is daar vergifnis. Daarom is daar geen verhindering meer nie om die begeerte te hê om die Here te dien, reg met mekaar te leef en nagmaal te gebruik.

Gesang 235: 1, 2 ***Ds LJ Steyn*** ***Kruin***

5 Februarie ***Gebed*** **Matteus 6: 5-14**

Nadenke oor die gedeelte in Matteus (5-7) wat ons as die bergrede ken, het al tot uiterstes gelei. Daar is die beskouing uitgespreek dat ons hier te doen het met 'n Bybel binne die Bybel. Omdat dit dan die eintlike Bybel is, kan ons maar van die res vergeet. Ander het weer gesê dat die eise wat hierin gestel word, te hoog is. Dit is net vir 'n paar uitverkorenes bedoel, en die gewone mens kan net kennis neem, sonder om dit letterlik op te neem.

Albei die sieninge is 'n skeeftrekking. Dit is gewoon deel van die Bybel soos al die ander gedeeltes. Dit is verkondiging deur Jesus Christus van die koninkryk en die vreugdevolle lewe daarin vir alle mense. Die skerpheid en absoluutheid van uitsprake vra om bekering. Die werklikheid van 'n veranderde lewe is geleë in die gebed.

In die samestelling van die gedeelte en na die betekenisinhoud daarvan, staan die *Onse Vader* in die middel. Dit is nie alleen letterlik die middelpunt nie maar ook geestelik die bedoeling dat ons God as ons Vader sal vra dat sy koninkryk gestalte sal kry in die wêreld en in ons lewe wanneer sy Naam geheilig word en sy wil geskied. Die bedoeling van ons lewe kry ook sy plek in die koninkryk as ons uit sy hand leef vir kos, vergifnis en krag teen versoekinge.

Hierdie gebed wat Jesus Christus ons self geleer het om te bid, is die kragtigste gebed wat ons kan bid. Dit is ook die volmaakte gebed wat sonder omhaal van woorde alles wat saak maak, na vore bring.

Opvallend is die verskynsel dat ons al minder hierdie gebed hoor en bid! Laat ons gereeld die gebed bid tot eer van die God aan wie die koninkryk, krag en heerlikheid behoort. Laat ons dit vir ons kinders leer.

Gesang 266: 1 ***Ds LJ Steyn*** ***Kruin***

6 Februarie ***God se beelddraer*** **Genesis 1: 24-31**

Hoe ons oor onsself dink, is belangrik. Ons moenie van onsself minder dink

as wat ons moet nie, maar ook nie meer as wat ons moet nie. Dink ons te min van onsself, ontneem ons die gemeente en samelewing van die volle bydrae wat ons moet maak. Maar dink ons te veel van onsself, word ons hoogmoedig. So leer die Bybel ons, in byvoorbeeld 1 Korintiërs 12: 14-26.

In ons tyd word daar soveel klem gelê op die waardigheid van die mens dat die mens selfs vergoddelik word. Die een teks waarna telkens weer teruggegryp word om die hoë waarde van 'n mens te begrond, is Genesis 1: 26-27: *... laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ...* (1953-vertaling) of, soos in die 1983-vertaling, *... as ons verteenwoordiger.* Die teks word verstaan asof daar in die mens self iets goddeliks is; asof hy 'n wesensooreenkoms met God het. Daarom dra hy die soort onaantasbare waardigheid waarop daar deesdae so swaar klem gelê word.

Maar die woord vir *beeld* of *verteenwoordiger* word, volgens prof Van Selms, afgelei van 'n woord wat *skaduwee* beteken. Dit is 'n sinvolle gedagte: 'n mens is 'n skaduwee van God – niks meer nie, en niks minder nie. Daar is ooreenkoms in die mens se taak om te heers, maar daar is geen wesensgelykheid nie. 'n Mens is verganklik soos 'n skaduwee; hoogstens kan daar in die mens se goeie heerskappy iets gesien word van God, soos in 'n skaduwee. Maar meer is 'n mens nie: sonder God, verdwyn selfs die skaduwee wat ons is en word ons heeltemal niks.

Psalm 8:1, 3 (TT Cloete) ***Dr JH Breytenbach*** ***Wonderboom-Suid***

7 Februarie ***God se voorman*** **Genesis 2: 4-15**

Ons is nie meer as God se skaduwee nie, so het ons gister betoog. In onsself is daar dus niks goddeliks nie. Genesis 2 bevestig dat ons nie 'n wesensooreenkoms met God het nie. Trouens, as God die aarde skep, skep Hy die mens as sy tuinier; as die een wat sy handewerk moet oppas en bewerk. So besien, is ons niks meer nie as die slawe van God. Lees ons die gedeelte nou saam met die opdrag in Genesis 1 om oor die skepping te heers, kan ons met reg sê dat 'n mens geskep is as God se voorman in sy heelal.

Dit het belangrike gevolge as ons só dink oor onsself as mense. Dit beteken dat ons, as God se skaduwees, eers regtig voluit kan mens wees as God by ons is. Ons skadu Hom af; ons is sy verteenwoordigers; ons dra sy beeld. As Hy uit ons lewe of bestaan verdwyn, hou ons eintlik op om mens te wees. Want dan kan ons nie langer sy skadu vertoon, sy beeld wys, Hom verteenwoordig nie.

Dit is ons lewensroeping om God se voorman te wees in sy skepping.

Wanneer ons dit uit die oog verloor, word ons eintlik nutteloos. Dit beteken dat as 'n mens ophou om vir God te leef in al sy doen en late, selfs sy beste prestasies waardeloos word – selfs in 'n sekere sin onmenslik word.

Om voluit en sinvol te kan leef, is net moontlik as 'n mens in die geloof leef, by God leef, in verantwoordelikheid aan God leef. Al sou ons ook hoe groot oor onsself dink: ons is nie gode nie, en sonder God is ons lewe vergeefs.

Psalm 8: 4, 5 (TT Cloete) ***Dr J H Breytenbach*** ***Wonderboom-Suid***

8 Februarie ***Ontroue sondaar*** **Genesis 3: 1-8**

Sonder God is ons lewe vergeefs, want sonder God word ons minder as mense. Is dit nie die groot ellende van ons tyd nie? Want daar word so groot oor die mens gedink, dat God nie langer in die oog is nie. In die wetenskap, die filosofie, die politiek, die kuns, die opvoeding – oral word gemeen dat ons met ons eie insigte en sonder God kan leef. En, al word daar hoe hoog opgegee oor menseregte en menswaardigheid, leef ons in 'n samelewing waar 'n mens se waardigheid nie gerespekteer word nie. Ons het in baie opsigte erger as verdierlik. Watter respek vir ons eie of ander se waardigheid as mens spreek uit die kleredrag, die taalgebruik, die oneerbiedige gedrag, die korrupsie en leuens en misdaad wat wêreldwyd ons tyd kenmerk?

In die deel wat ons gelees het, word die oorsaak daarvan blootgelê. Reeds Adam en Eva is nie tevrede om net maar God se skaduwee en voorman te wees nie – hulle wil God self word. Die sonde wat hulle doen, bring God se oordeel oor hulle en die wêreld waarin hulle woon. Dit is 'n onverstaanbare saak dat hulle so doen. En sonde bly altyd 'n onbegryplike, verwoestende daad. Daarmee word God se oordeel oor elke sondaar afgetrek – en wie van ons kan onskuldig pleit aan sonde? Ons dra dit met ons saam – dit het die beeld geword wat ons in die wêreld vertoon. Al ontken ons dit hoe sterk in ons tyd, bly die sonde ons diepste ellende, want dít maak ons lewe vergeefs.

Gesang 231: 2 ***Dr JH Breytenbach*** ***Wonderboom-Suid***

9 Februarie ***Getroue God*** **Genesis 3: 9-24**

Die sonde is 'n onverstaanbare saak. Maar die genade van God vir sondaars is nog meer onbegryplik. Ons kan die oordeel van God oor sondaars verstaan. So doen ons ook, omdat dit vir ons reg en behoorlik is. As iemand jou

goed steel (soos Adam en Eva God se goed gesteel het), moet hy gestraf word. As iemand wat vir jou werk nie sy werk behoorlik en reg doen nie, word hy afgedank. So 'n persoon het geen reg op genade nie, en kan nie verwag dat jy nog vir hom moet sorg of vir hom moet werk gee nie. Meer nog: as 'n mens 'n koek bak of 'n tafel maak en dit misluk, gooi jy dit weg. Jy pas dit nie op en versorg dit nie.

Maar God doen anders met die mense wat Hy gemaak het. Al het hulle Hom besteel, hulle roeping versaak en so misluk, gooi Hy hulle nie weg nie. Inteendeel: Hy straf hulle, maar tegelykertyd toon Hy aan hulle onmeetbaar groot genade. Want in die oordeel hoor ons van sy sorg: die slang en die man en die vrou word nie aan hulself oorgelaat nie. Daar is vir die slang, soos vir die mense, steeds lewensmoontlikheid. Hulle word ook nie afgedank nie – hulle word opnuut in hulle roeping bevestig. Selfs hulle onbeholpenheid laat God nie maar net toe om blywend hulle lewe te versuur nie. In die plek van die krappende, jeukende vyeblare maak Hy vir hulle klere van vel.

Dié genade is onbegryplik – en uit die genade leef alle mense. Oral om ons sien ons die tekens van die genade – baie meer en groter as die tekens van sy oordeel. Oor goeies en slegtes reën die seëninge van God elke dag. Selfs die feit dat God nie toelaat dat daar van die boom van die lewe geëet word nie, is teken van sy genade. Want so voorkom God dat ons ewig onder die verskriklike gevolge van die sonde moet leef.

Gesang 571: 1-3 ***Dr JH Breytenbach*** ***Wonderboom-Suid***

10 Februarie ***Genadige Verlosser*** **Johannes 1: 1-18**

Die onbegryplike genade van God gaan baie verder as net dat Hy sondaars versorg, in sy diens hou en voorkom dat hulle in ewigheid onder die sonde bly leef. Die Woord, wat aan die begin daar was en deur wie alle dinge geskape is, word mens. God self kom woon deur sy Seun onder mense. Hy kom leef saam met ons in die wêreld onder God se oordeel. Hy kom doen selfs meer as net om hier te kom woon – Hy neem die oordeel op Hom.

So herstel Jesus met sy koms elkeen wat in Hom glo na die beeld van God. Nou leef ons wat in Hom glo opnuut as verteenwoordigers van God in God se wêreld. Nou vervul elke gelowige na God se bedoeling sy roeping om God se voorman in die wêreld te wees. Maar die genade is selfs nog groter: ons leef nie langer net maar as God se skaduwees, net maar as sy slawe nie. Ons leef as God se kinders onder die hand van ons Vader.

Dít is die gawe van God se genade aan ons: dat ons sy kinders kan wees. Maar dit is tegelyk ook sy opdrag aan ons: dat ons as sy kinders in die wêreld moet leef. Kinders wat sy huis verteenwoordig en kinders wat aan Hom gehoorsaam leef. Vra 'n mens: wat beteken Jesus se koms na die wêreld toe? Antwoord die gelowiges: dit beteken ook dat ek uit die onberekenbare groot genade van God opnuut God se mens word, en daarom waarlik mens.

Gesang 167: 1, 2 ***Dr JH Breytenbach*** ***Wonderboom-Suid***

11 Februarie ***Genadegang*** **Spreuke 3: 6**

Ons lewe is allermins 'n gelyke gang; inteendeel, ons ervaar daagliks dat ons lewe uitgelewer is aan die invloed van mense en magte wat ons lewenspad beïnvloed. Invloede wat ons lewens in 'n ander rigting stuur, wat aan ons lewenspad 'n ander koers gee.

In die *Spreuke*-boek word die leerling onderrig oor die koers van die lewe. Om sy lewenspad in te rig, is dit nodig dat Hy God as sy Leidsman sal navolg. Dit geld nie net vir 'n deel van die lewe nie; nee, alle paaie, alle elemente van die lewenspad moet onder die Here se hand gestel word.

Die Here onder wie se leiding ons leef, stort genade uit oor sy volgeling, genade wat die paaie reguit maak, genade wat ons terugbuig van die kronkelpaaie van sonde en dood en ons deel laat kry aan die lewenspad, Jesus Christus.

Laat ons deur die geloof in die Here ons lewenspad aan die genade oorlaat. Die Here verseker ons in sy Woord: Hy sal ons verby en deur alle ongeluk, alle teleurstelling en selfs sonde en die dood neem – agter Christus aan.

Gesang 511 ***Dr C Pretorius*** ***Hendrina/Breyten***

12 Februarie ***Christus handelend*** **2 Korintiërs 5: 14-21**

Die kwaliteit van ons lewe word deur verskillende kragte bepaal. Nie net mense en magte om ons nie, maar ook die gedagtes, drome, ideale en selfs vrese wat ons in die hart en gedagtes koester, stuur ons. Dit alles vloei uit een bron: sonde – om onsself bo alles te stel, om onsself oor alles en teen alles te handhaaf.

Paulus het dit ook in sy lewe beleef. Voor hy die Here Jesus ontmoet het, was hy ywerig in sy vervolging van die Christene, fanaties met die uitwissing van die evangelie. Hy was 'n vyand van die Christelike kerk omdat hy homself gesoek het.

Maar dan ontdek hy: Jy behoort nie aan die sonde nie, jy behoort nie aan jou drifte en selfsug nie, jy behoort aan 'n Ander. Ons behoort aan Christus; Hy het die losprys betaal sodat ons nie meer die slaaf is van ons vrese en selfsug nie. Ons behoort aan Hom.

Wie dit ontdek, se lewensdoel verander. Ons lewenskwaliteit word nou bepaal deur die liefde van Christus. Sy handelinge, sy woorde en dade, vorm die inhoud van ons woorde, dade en gedagtes.

Gesang 503 *Dr C Pretorius* *Hendrina/Breyten*

13 Februarie ***Godsvrug*** **1 Timoteus 5: 4**

Die tyd waarin ons leef, kom in sekere opsigte ooreen met die tyd waarin Timoteus die woorde van Paulus aanhoor. Dit is 'n tyd van afvalligheid, onsekerheid en konflik. Vir die apostel was die oorsaak hiervan dat in stede van God se Woord te verkondig, die eie gedagtes en woorde gevolg word. Dit lei daartoe dat die Here God eenkant gestoot word, asof Hy niks vir die wêreld te sê het nie, of dat die gelowiges uit die wêreld onttrek – soos die ou monnike.

In vers 7 word hierteen standpunt ingeneem. God het ons in Christus vasgegryp. Godsvrug is om ons voortdurend toe te wy aan God se greep in Christus, om 'n lewe te leef wat op Christus gerig is. Allermins beteken dit om te onttrek uit die wêreld, om in 'n hoekie te sit.

Nee, kom ons beoefen Godsvrug, deur Christusgerig te lewe in ons gemeente, in die barmhartigheidsdiens en tot voorbeeld vir ander.

Gesang 523 *Dr C Pretorius* *Hendrina/Breyten*

14 Februarie ***Dienende genade*** **Handelinge 20: 17-32**

Die Here God het deur Jesus Christus sy heilswil bekendgemaak en sy heilswerk uitgevoer. Paulus staan in diens hiervan. Al het hy baie lyding beleef en ervaar, weeg alles wat hy beleef het nie vir Paulus op teen die bediening van die evangelie, die heilswerk van die Here nie. Trouens, sy lewe en arbeid kry betekenis in die lig van Christus se lewe en werk.

Maar hoe is die heilswerk volbring? Christus het in al sy grootheid as Kneg gedien. Nie met die mag van die heerser nie, maar met liefde en opoffering het die Here Christus die mens verlos en deur die liefde en opoffering 'n band tussen Hom en ons gesmee: die band van genade.

Genade bewerk gemeenskap met God en gemeenskap met mekaar. Vir die apostel is dit meer werd as alle gemak en alle stryd. Hy is ingeskakel by die genadewerk van God. Dit is meer as alle moeilikhede, alle kommer, alle teenstand.

Gesang 528 *Dr C Pretorius* *Hendrina/Breyten*

15 Februarie ***Geloofsplig*** **Rut 3: 1-18**

Om deur God gebruik te word, beteken nie dat ons klippe en stokke moet wees nie. Om instrument van God se genade te wees, vra dat ons ander se oë moet laat oopgaan. Hiervan is die lewe van Rut 'n toonbeeld. Sy het Boas nie ter wille van haar toekoms opgesoek nie, ook nie ter wille van haarself nie, want dan kon sy enige ander man genader het. Dit het vir Rut gegaan om haar oorlede man se nageslag. Vir haar was dit 'n plig om die lossersgebruik te voltrek en deur haar daad het Rut Boas laat besef dat hy in die raadsplan van God 'n plek het. Deur sy plig teenoor die familie na te kom, het Boas sy plek opgeneem.

Om in gehoorsaamheid aan die Here te leef, beteken nie dat dit ons van ons plig onthef nie. Ons het nog steeds 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar en die mensdom.

Wie vanuit God se genade leef, antwoord op daardie genade. Ons antwoord vind ook gestalte wanneer ons aan ander die liefde van God wys en as instrumente van God hulle plek in God se raadsplan aanwys.

Gesang 532 *Dr C Pretorius* *Hendrina/Breyten*

16 Februarie ***God se liefde - ons sekerheid!*** **Romeine 8: 28-39**

Waarvan kan 'n mens seker wees in hierdie lewe? Waarvan kan jy absoluut seker wees op hierdie oomblik? Dalk kan jou sekerheid in jou gesondheid geleë wees. Maar ons weet tog: vandag blakend gesond, môre dodelik siek. Sou jou sekerheid in jou welvaart, jou eiendomme of jou ekonomiese vooruitsigte gevind kan word? 'n Mens hoef egter net die koerant te lees om te sien hoe wisselend die markte is. Sou 'n mens dalk jou sekerheid in menseverhoudinge kon soek? Miskien wel, maar ervaring het ons ook al geleer dat die innigste liefde gou kan omslaan in hartseer en bitterheid. Lê ons sekerheid dalk in die lewe self? Nee! So ontstellend soos dit mag klink: enigeen van ons kan môre die slagoffer wees van 'n kaping of van 'n moord. Dit wil dus voorkom asof

ons nie juis van iets in hierdie lewe seker kan wees nie. Dit laat 'n mens nogal morbied en leeg voel. Dit laat jou die vraag vra: Het die lewe dan enige sin?

Paulus se uitroep in Romeine 8 dat niks of niemand teen ons kan wees nie, klink eintlik 'n bietjie flou in die lig van ons huidige omstandighede waar geweld en moord so deel van ons dag is. En tog, as jy mooi luister, hoor jy hoe dit ver bokant alles uitstyg, as hy verklaar: *Hiervan is ek oortuig ...* (vers 38). Paulus het klaarblyklik sekerheid in sy lewe. Daar is dus volgens hom iets waarvan 'n mens wel seker kan wees, naamlik die liefde van God! En wat meer is: Niks kan ons van die liefde van God skei nie (verse 35 en 38)! Die troos van die evangelie kan nie mooier as in hierdie sin saamgevat word nie. Dit is die grootste troos wat ons in hierdie lewe kan hê! Niks maar niks kan ons van die liefde en daarom van God self skei nie. Geen lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar of swaard of enige iets anders kan ons van God wegneem nie. Selfs nie eers die dood kan God se liefde vir ons uitwis nie!

God se liefde is dus ons sekerheid! Die liefde wat Hy in en deur Jesus Christus aan ons kom bewys het. Dit is ons anker in die lewe. Daarop moet ons ons lewens bou. Hierdie liefde van God moet ons daarom in elke nuwe situasie en elke nuwe krisis weer raaksien en ontdek. In elke nuwe situasie moet ons opnuut leer dat God se liefde ook daar triomfeer. God se liefde sal ons ewig omvou!

Gesang 492: 1, 2 ***Ds AW Kleynhans*** ***Melville***

17 Februarie ***Welwillendheid ... 'n kenmerk van kerkwees*** **Rut 2**

Die verhaal van Naomi en Rut is aan almal van ons goed bekend. Ons weet hoedat Naomi se hele lewe feitlik in duie gestort het, toe haar man en seuns in die vreemde Moab gesterf het. Naomi het toe besluit om na Betlehem terug te keer. Sy was tot die grond toe plat geslaan. Haar hele gesin was uitgewis en die ergste was dat sy geen toekoms gehad het nie. Sy was te oud om weer te trou en kinders te kry. Sy het 'n eensame en haglike oudag in die oë gestaar. Rut, een van Naomi se skoondogters, het egter besluit om saam terug te keer na Betlehem. In Rut 2 lees ons dat Naomi en Rut in 'n redelike verknorsing was. Afgesien van die feit dat hulle toekoms donker en onseker was, was hulle onmiddellike probleem hoe om voedsel in die hande te kry.

Rut gaan na 'n land om are op te tel wat vir die armes laat lê is. So kry sy en Naomi darem iets om te eet. Dit blyk later dat dit Boas, 'n familielid van Naomi, se grond was. Boonop was hy ook een van Naomi se lossers – dit wil sê iemand wat hulle kon versorg. So gebeur dit dan ook dat Boas baie

goedgesind is teenoor Rut. Hy tree in groot welwillendheid teenoor haar op en hy is bereid om vir Rut baie meer te doen as waarop 'n arm vreemdeling aanspraak sou hê. Sy goedheid strek oor nasionale grense heen (Rut was 'n Moabitiese meisie) en hy doen baie meer as wat die wet vereis. So kry Naomi en Rut 'n heenkome en 'n nuwe toekoms.

Boas se welwillendheid stem baie ooreen met die goedheid van God teenoor die mens. Hierdie welwillendheid van God het sy hoogte punt in Jesus Christus aan die kruis bereik. God was bereid om sy enigste Seun te gee. So het Hy sy welwillendheid teenoor ons op 'n baie praktiese wyse openbaar. Sy gewilligheid om ons by te staan en elke dag weer in Jesus terug te neem, moet vir ons die krag en motivering wees om ook welwillendheid teenoor mekaar en ander mense te openbaar. Welwillendheid, bereidheid om vir mekaar en ander verantwoordelikheid te aanvaar en daadwerklike optrede daarvolgens is immers 'n kenmerk van God-se-kind-wees en daarom is dit 'n kenmerk van kerkwees! Toon ons lewens hierdie kenmerk?

Gesang 523: 1, 3 ***Ds AW Kleynhans*** ***Melville***

18 Februarie ***Wat belangrik is in die lewe ...*** **1 Korintiërs 13**

Wat is belangrik in die lewe? As ons 'n lysie moes maak van wat die belangrikste dinge in die lewe is, wat sou ons daarop skryf? Paulus maak ook 'n lysie in 1 Korintiërs 13 van wat hy dink die belangrikste dinge in die lewe is. Hy maak sy lysie egter vanuit sy status as kind van God. Volgens sy lysie is die belangrikste dinge dan: geloof, hoop en liefde. Alles in die lewe draai vir Paulus om hierdie drie dinge. Dit is ook die drie dinge wat die lewe van 'n kind van God moet kenmerk en bepaal.

Paulus sonder egter die liefde uit as die heel belangrikste van alles. Die liefde is die spilpunt waarom die hele lewe draai. In die vorige hoofstukke het Paulus gepraat oor die geestelike gawes wat God aan mense skenk. In 1 Korintiërs 13 kom wys hy dat al daardie gawes eintlik nutteloos sal wees as dit nie met die liefde gepaard gaan nie. Sonder liefde is ons niks en is al ons dade tevergeefs. Die liefde is ook die enigste gawe wat ewig en onverganklik is. Al die ander gawes sal ophou of uitgedien raak (selfs geloof en hoop), maar die liefde is, soos God, vir ewig. Die liefde is dus die enigste gawe wat in hierdie lewe en die toekomstige lewe daar sal wees. Die liefde gee ook sin en betekenis aan ons huidige bestaan en lewe hier.

Die liefde loop egter hand aan hand met geloof en hoop: Die kruis van Jesus

is die vertrekpunt en basis van ons geloof. Daarsonder sou ons geen hoop kon hê nie. En sonder hoop sou ons nie genoeg van onsself bevry kon wees om ander mense lief te hê nie. Daarom volg hulle mekaar in 'n sekere sin so op: geloof-hoop-liefde. Maar belangrik om te onthou is dat wanneer die wêreld na ons kyk, dan moet die volgorde omgekeerd wees: In die eerste plek moet hulle ons liefde ervaar. Dan sal hulle nuuskierig wees om die rede vir dié liefde te ontdek, naamlik die hoop. En dan sal hulle agterkom dat ons hoop ontspring uit ons geloof in die Een aan die kruis (dus: liefde-hoop-geloof).

Hierdie drie dinge behoort die belangrikste in ons lewe te wees en dit behoort ons lewe te kenmerk én te bepaal. Is dit so?

Gesang 530: 1-3 ***Ds AW Kleynhans*** ***Melville***

19 Februarie ***God maak nuut!*** **Jeremia 18: 1-12**

Daar is baie gebroke mense in ons wêreld. Ons vind hulle in hospitale en inrigtings. Hulle is die slagoffers van ongelukke of soms slawe van gewoontes wat liggaam en gees vernietig. Daar is talle mense wat die pyn van stukkende verhoudings verduur of wat geliefdes verloor het. Party mense was by 'n egskeiding betrokke en het alleenmense geword. Sommige is net alleen omdat daar niemand meer is of dalk nooit iemand was wat oor hulle besorg is nie. En so sal ons baie mense met seer aantref – mense wat stukkend is. Almal van ons het ook maar ons eie seer. Stukkendheid is 'n kenmerk van ons wêreld. Die vraag is: Wat maak jy met hierdie gebrokenheid van die wêreld en in jou lewe? Dit is belangrik dat ons hierdie vrae sal beantwoord, want as jou lewe stukkend bly en jy sonder hoop deur die lewe gaan, mis jy al die vreugde en geluk van 'n heel lewe.

Gelukkig is God nie net 'n Skeppergod nie, maar ook Herskepper. So het Hy Hom van die begin af geopenbaar. Telkens wanneer die mens afdwaal en verbrou, kom God met 'n nuwe plan en maak Hy weer alles heel. So openbaar God Hom ook aan Jeremia as die Meesterpottebakker wat elke gebroke voorwerp kan heelmaak en herskep. Hierdie gedagte word uitgedruk in die beeld van die pottebakker en sy klei in Jeremia 18. Jeremia kry opdrag om na die pottebakker se huis te gaan. Die pottebakker was juis besig om 'n voorwerp te vorm. Om een of ander rede wou dit nie geluk nie. Die pottebakker kon kies: hy kon die voorwerp so skeef los; óf hy kon die klei weggooi en met nuwe klei begin werk; óf hy kon doen wat hy uiteindelik gedoen het, naamlik om dieselfde klei te neem en dit oor te brei; oor te vorm, nuut te skep tot 'n nuwe kunswerk.

So is God ook met ons besig. Ek as mens is 'n skepping van God met onmeetlike geestelike potensiaal. Hierdie potensiaal kan egter net tot sy reg kom as daardie lewe in die hande van die Meesterkunstenaar geplaas word. Baie lewens begin met groot belofte maar eindig dikwels in mislukking. Maar in ons mislukking en pyn en stukkendheid bring die evangelie vir ons hoop. Plaas net die skerwe van jou stukkende lewe in sy hande. *En kyk, Ek maak alles nuut!* sê God. Vir Hom is alles moontlik. Hy kan en sal die stukke van ons lewe optel om ons lewe dieper en ryker en mooier as voorheen te maak, want die stukke van ons lewe is in Jesus se bloed gedoop...!

Gesang 528: 1- 3 ***Ds AW Kleynhans*** ***Melville***

20 Februarie ***God se briewe ...*** **2 Korintiërs 3: 1-6**

Paulus praat in 2 Korintiërs 3 van 'n brief van Christus. Hierdie brief van Christus het egter 'n voorloper gehad. Die Skrywer, God, het eers op 'n ander manier geskryf, naamlik op kliptafels toe Hy die Wet aan Moses gegee het. God het met Israel 'n Verbond gesluit. Die Verbond het sekere voordele vir die volk ingehou. God sou hulle lei, beskerm en versorg. Hulle was sy kinders en Hy hulle Vader. Die Verbond het egter ook 'n verantwoordelikheid vir die volk meegebring. Hulle moes leef as kinders van die lewende God. Daarom word die Wet gegee as rigsnoer vir hierdie lewe voor God. Hierdie kliptafels was aan die een kant goed, maar tegelyk ook 'n doodsvonnis. Dit was 'n *doodsbrief* aangesien niemand werklik kon doen wat die Wet vereis het nie. Die tragedie van die kliptafelbrief was dat dit eintlik gelei het na die dood. So word daar dan 'n skuldbewys teen die mens geskryf. Dit was nie net 'n volgeskrewe bladsy nie, maar 'n dikke boek. Al die mens se ongeregtigheid en oortredings is daarin vervat.

Gelukkig is die kliptafels nie die enigste brief wat God geskryf het nie. Hy het 'n tweede brief geskryf! Voordat Hy dit egter kon skryf, moes Hy die skuldbewys teen die mens tot niet maak. God het dit gedoen deur sy Seun, Jesus Christus, aan die kruis te laat sterf. Toe kon God sy tweede brief skryf. Hierdie keer het God nie weer op klip geskryf nie, maar in die harte van mense. Hy het ook nie weer met ink geskryf nie, maar met die bloed van Christus. Die Gees van God het dit as 't ware in ons harte gegraveer. Hy het aan ons mense nuwe harte gegee deur ons klipharte uit te haal – die liefdelose en koue harte wat ons van nature het. Hy het aan ons 'n hart van vlees gegee – 'n hart wat kan liefhê; 'n hart wat barmhartig kan wees; 'n hart wat oop is vir ander!

So het God ons 'n brief van Christus gemaak. Die doel is dat die wêreld ons moet lees en so iets van God kan raaksien. Wat nou in ons lewe sigbaar word, is nie meer die ellelange lys van skuldbewyse teen ons nie, maar die boodskap van die lengte en die breedte, die hoogte en die diepte van die liefde van Christus. Die wêreld moet in staat wees om in ons lewe te lees en te verstaan hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek! Mag ons getuies van God se liefde in hierdie wêreld wees!

Gesang 219: 1, 2 ***Ds AW Kleynhans*** ***Melville***

21 Februarie ***Jesus word gesalf*** **Matteus 26: 6-13**

In die gelese gedeelte reageer die dissipels baie snaaks. Hulle voel ongelukkig oor 'n vrou wat Jesus se hoof salf met olie. Die dissipels is van mening dat die olie verkoop en die geld vir die armes gegee kon word.

Wat hier baie vreemd is, is dat die dissipels eintlik kla. Dit verraai iets van hulle verhouding met Jesus. Hulle was ook die mense wat vroeër onder mekaar redeneer het wie van hulle die belangrikste sou wees wanneer Jesus uiteindelik sy koninkryk oprig (Matt 20: 20 vv). As dit vir die dissipels lyk asof hulle vir hulleself 'n beter toekoms kan beding, dan is hulle bly. As iemand aan Jesus hulde bewys, soos hierdie vrou, dan beskou hulle dit as geldmors.

Jesus beskryf die handeling van hierdie vrou as 'n handeling waardeur sy Hom vooraf voorberei vir sy dood. Na sy dood het niemand die geleentheid gekry om die laaste eer aan die ontslape Jesus te bewys soos dit die gebruik was in daardie tyd nie. Gewoonlik is die liggaam van die oorledene gesalf met olie. Ook die dissipels wat die naaste aan Jesus was, slaan op die vlug sonder om die laaste eer aan Hom te bewys.

Maar hierdie vrou, wat na alle waarskynlikheid 'n prostituut was, bring aan Hom hulde deur duur olie op sy hoof uit te keer. Wat sy van Jesus beleef het, laat haar niks ontsien om aan Jesus hulde te bring nie.

Moontlik het sy ook die gees wat daar onder die leiers van die volk geheers het, reg gelees en besef dat sy dalk nie weer die geleentheid sou kry om aan Jesus hulde te bewys nie. Dit was vir haar op daardie oomblik meer belangrik as die versorging van die armes.

Soos hierdie vrou, moet ons geloof begin by die dankbaarheid teenoor Jesus vir die verlossing wat Hy vir ons gebring het. Sonder dankbaarheid is ons beste werke betekenisloos, selfs al doen ons werke wat God van ons verwag, soos om die armes te versorg.

Gesang 215 ***Ds TH Janse van Nieuwenhuizen*** ***Witfield***

22 Februarie ***Judas verraai Jesus*** **Matteus 26: 20-25**

Deur die eeue word Judas onthou vir die mees afskuwelike daad denkbaar – Hy is die verraaier van die Here Jesus Christus. Die tergende vraag bly: waarom het Judas dit gedoen?

Matteus gee nie vir ons 'n rede waarom Judas dit gedoen het nie. Ons sien net dat hy besluit het om na die leiers van die volk te gaan en aan te bied om Jesus aan hulle oor te lewer.

Wat ook al die finale dryfveer was, een ding is duidelik: Judas het nie besef wie Jesus was nie, hoewel hy elke dag in Jesus se geselskap was. Judas kon nie in die optrede van Jesus sien dat dit alleen God was wat hierdie werke kan verrig wat Jesus doen nie. Moontlik was hy so behep met sy eie verwagtings van die Messias dat dit hom juis blind gemaak het vir God se weg.

Die tragiese is dat Judas uiteindelik berou het, maar dan in wanhoop selfmoord pleeg. As hy net kon glo wat Jesus hulle geleer het, dat Hy sal opstaan, kon Judas sy berou voor Jesus uitgespreek het en vergifnis ontvang het vir sy sonde.

So moet ons ook waak dat ons nie God se liefde miskyk omdat ons altyd wag op die oomblik wanneer God ons wense sal vervul nie. Ons moet God se liefde nie meet aan hoe God ons begeertes vervul nie, maar sy liefde sien soos Hy dit juis aan die kruis van Golgota vir ons getoon het.

Gesang 387 ***Ds TH Janse van Nieuwenhuizen*** ***Witfield***

23 Februarie ***Jesus stel die nagmaal in*** **Matteus 26: 26-30**

Waar dood normaalweg gesien word as die einde van lewe, kom Jesus en gee hier nuwe betekenis aan die dood van Homself en van ons. Jesus sê hier aan sy dissipels: *Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.*

Hiermee wou Jesus alreeds aan sy dissipels toon dat die kruis nie die einde van Jesus is nie, maar die noodsaaklike gebeure vir Hom om die dood te oorwin. Dat Jesus deur hierdie oorwinning die dood nie net vir Homself oorwin nie, maar ook vir elkeen wat glo. Daarom sê Jesus *ek sal saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader drink.*

Hiermee gee Jesus sin en betekenis aan sy lyding en sterwe. Die lewe gaan nie net om 'n aardse lewe nie. Dit gaan nie net om geboorte en sterwe nie. Deur Jesus se dood kom daar die sekerheid van lewe na die dood. Dit word elke keer vir ons nuut verseker as ons aan die nagmaalstafel gaan sit.

Om ons hiervan te verseker, gebruik Jesus twee elemente wat baie nou aan die feesgeleenthede van die Jode gekoppel is, naamlik brood en wyn. Sodat ons telkens kan weet: soos kos ons aardse lewe instandhou en ons die krag gee om te kan lewe, so vind ons die krag van ons geestelike en ewige lewe nie in onsself of ons goeie werke nie, maar juis in die feit dat Christus vir ons gekruisig is.

Gesang 377 ***Ds TH Janse van Nieuwenhuizen*** ***Witfield***

24 Februarie ***Petrus verloën Jesus*** **Matteus 26: 31-35**

Hoe dikwels in die lewe pak ons nie 'n saak aan met die beste bedoelings nie, maar dikwels loop ons bedoelings skeef.

Daar is geen rede om te glo dat Petrus nie ernstig was toe hy sy trou aan Jesus verseker het nie. Maar in die hitte van die stryd word Petrus deur sy vrees oorval en kon hy nie anders nie as om sy Heer te verloën.

Net so lei omstandighede dikwels daartoe dat ons moed ons begewe om op 'n gegewe oomblik ons goed bedoelde voornemens na te kom.

Die waarde van hierdie gedeelte vir ons lewe lê egter daarin dat ons in die eerste plek kan sien dat Jesus Petrus se verloëning nie teen hom bly hou nie. Jesus vergewe Petrus. Juis hierin leer Petrus werklik die genade van God ken en verstaan. Die genade wat juis deur die lyding van Jesus volle betekenis kry.

So is dit ook met ons. God se genade maak vir ons dikwels meer sin wanneer ons geval het en kan hoor God vergewe volkome, as wanneer ons net ons eie volmaaktheid raaksien.

Na die uitstorting van die Heilige Gees kon hierdie selfde Petrus met groot vrymoedigheid sy geloof in Jesus bely en selfs sterf vir sy geloof. So lê die oorwinning oor ons swakheid en sonde ook nie in onsself nie, maar daarin dat ons biddend opsien na God om ons nie net te vergewe nie, maar vry te maak van die bande van sonde wat ons dikwels vashou en laat sonde doen.

Maar Christus roep ons ook daartoe op om mekaar te vergewe soos Hy ons en Petrus vergewe het.

Gesang 388 ***Ds TH Janse van Nieuwenhuizen*** ***Witfield***

25 Februarie ***Jesus in Getsemane*** **Matteus 26: 36-46**

Ons almal ken vrees. Daar is sekerlik geen mens op aarde wat nie al die een of ander tyd benoud of tot die uiterste beangs was nie. Die grootste angs wat baie keer in die lewe van mense voorkom, is die angs oor die dood.

In die lig van die lyding en sterwe van Jesus kan ons vandag baie maklik vir mekaar sê en dit glo dat die dood nie meer vir ons vrees hoef in te hou nie. Jesus het gesterf en alles weggeneem wat die dood vir ons moes inhou as straf op ons sonde. Ons kan nou sterwe met die wete dat die straf vir al ons sonde reeds deur Jesus gedra is.

Nou kan 'n mens redeneer dat Jesus ook geweet het dat Hy die dood sal oorwin. Immers het Hy dit ook 'n paar keer vooraf aan sy dissipels voorspel. Maar tog lees ons hier dat Jesus baie benoud was. In vers 37 sê Jesus dat hy doodsbeangs voel. Hierin sien ons deel van Jesus se menslike natuur. Elke mens vrees lyding. Die gedagte aan doodwees is dikwels nie so vreesaanjaend nie as die vrees vir die wyse waarop ek sal sterwe.

Maar dan kom die troos dat Jesus deur sy worsteling met die Vader die krag ontvang om ook sy angs van die oomblik te bowe te kom. In Lukas 22: 43 stel Lukas dit nog duideliker. Daar sê Lukas dat God 'n engel gestuur het om Jesus te versterk.

Op grond van God se liefde wat Hy in Jesus aan ons bewys, kan ons ook leef in die hoop dat God tot die einde toe nie 'n lyding oor ons sal bring wat Hy ons nie ook die krag sal gee om te kan dra nie.

Gesang 377 ***Ds TH Janse van Nieuwenhuizen*** ***Witfield***

26 Februarie ***Die doel heilig nie die middele nie*** **2 Kronieke 20: 31-21: 1**

In ons tyd tref 'n mens nogal dikwels die standpunt aan dat 'n bedenklike middel verskoonbaar is mits die resultaat regverdigbaar of op die oog af *goed* is. So dikwels is selfs gelowiges in terme van die tydgees geneig om te verklaar: Die doel heilig die middele! In die filosofie word na hierdie bedenklike soort etiek as *instrumentele* etiek verwys, omdat die goeie en die kwade in instrumentele verhouding tot mekaar gebring word. As die verkeerde wel op die lang duur 'n instrument van die goeie is of kan wees, kan die verkeerde volgens die instrumentele etiek voorlopig verskoon word.

Die Bybel leer ons egter dat God nooit die sonde beloon nie. Selfs nie waar 'n mens gemeen het dat jy goed doen en dit blyk uiteindelik dat die goeie met die verkeerde middele bewerk was, beloon God ooit die sonde nie. Nooit kan 'n goeie doel die verkeerde middel regverdig nie.

'n Gebrek aan insig in hierdie Bybelse waarheid was juis koning Josafat se ondergang. Josafat was 'n goeie koning, na alle getuienis. Hy het as jong man koning geword en vir 25 jaar geregeer. Ons lees dat hy gedoen het wat

reg is in die oë van die Here. Tog het ook hy eenmaal hierdie ernstige oordeelsfout begaan. In daardie stadium in die Bybelse geskiedenis was die volk in twee verdeel, die Noordryk en Suidryk: Israel (Noord) en Juda (Suid). Josafat, koning van Juda, gaan teen God se verbod met die goddelose Ahasia van die Noorde 'n vennootskap aan om skepe te bou wat na Tarsis toe kon vaar, om produktiewe handelsbetrekkinge waarby almal sou baat, daar aan te knoop. Op die oog af was hierdie 'n goeie strategiese besluit, omdat beide Noord en Suid inderdaad geweldig sou baat by die handelsbetrekkinge. Veral die tempeldiens in Jerusalem sou hierby kon baat en dit was waarskynlik juis wat Josafat in gedagte gehad het. Dit is dus 'n baie goeie doel waarvoor Josafat hom beywer, maar hy gebruik die verkeerde middel of strategie om die goeie te bewerk. Die middel of strategie was verkeerd, omdat die Here uitdruklik opdrag gegee het om nie met goddelose konings verdrae te sluit en ooreenkomste aan te gaan nie, watter positiewe ontwikkelinge ook al andersins uit so 'n ooreenkoms sou kon voortkom. Die Here laat daarom die ooreenkoms misluk: nie een enkele skip bereik Tarsis nie! Dit was 'n ontsettende ekonomiese ramp, waarmee die Here bevestig het: die doel heilig nooit die middele nie.

Hierdie instrumenteel-etiese opvatting, dat die regte doel verkeerde middele heilig, is in ons tyd op haas elke lewensterrein te bespeur. Hiervan is verskynsels soos proefhuwelike, aborsie (as geboortebeperking), 'n Robin Hood ekonomiese mentaliteit (steel van die rykes en gee vir die armes), bepaalde tegnologiese ontwikkelinge, byvoorbeeld kloning (waar slegs gevra word na wat ons kan doen en selde gevra word na wat ons behoort te doen of liewer nie behoort te doen nie), simptomaties van 'n instrumentele etiek.

Dit is 'n bitter dun moraal wat die instrumentele etiek onderlê. Daarteenoor skep die Woord en Wet van die Here 'n nie-instrumentele, veel meer objektiewe ruimte vir etiese en lewensbeskoulike besinning oor 'n deugdelike lewensvoering: 'n lewensvoering wat vir God aanneemlik in sowel die middelstelling as die doelstelling daarvan is. 'n Mens moet nie net die goeie doen nie. 'n Mens moet die goeie ook goed doen.

Gesang 571: 3, 4 ***Dr CJ Beukes*** ***Weltevreden***

27 Februarie ***God hou nie ons menslikheid langer teen ons nie*** **Johannes 21: 15-9**

Ons almal faal God. Ons faal God nie net by geleentheid nie, maar deur ons hele lewe, telkens en konsekwent. Ons faal God waar ons stilbly wanneer ons

veronderstel is om te praat en waar ons praat wanneer ons liefs moet stilbly. Ons oordeel laat ons dikwels in die steek wanneer dit by uitinge oor en 'n lewe voor die waarheid van God kom. Predikante, ouderlinge en diakens faal God wanneer hulle telkens aan samelewingsdruk en allerlei kleinmenslike verwagtinge konformeer, wat hierdie waarheid in wie se diens hulle as ampsdraers staan, ontkragtig. Hulle faal God juis wanneer dit krities belangrik is om Hom nie te faal nie, by die grensoomblikke van die bestaan. Lidmate faal God wanneer hulle stil word voor en konformeer aan groepsdruk en die wêreldse verwagtinge van kollegas en vriende, daar waar dit belangriker word om nie aanstoot te gee nie as om getrou en sonder kompromie die waarheid van God voor God en medemens uit te leef.

Om God te faal, is egter menslik-universeel. Om God die rug toe te keer, is die metafisika van menswees! Ons menslikheid word bevestig juis wanneer ons God telkens faal. Selfs die een van wie niemand dit sou kon verwag nie, Petrus, die rots onder die dissipels, het stilgebly toe hy moes praat. Hy het drie maal in die verhoorhof voor Pilatus stilgebly. Dit wat hy wel gesê het (*Ek ken die man nie*), moes hy nooit gesê het nie. Wanneer die Here Jesus dan vir Petrus drie maal vra, *Het jy my lief?* word daarmee na daardie drieledige swye verwys: drie maal, vir drie maal. Opvallend noem Jesus hom nie hier op sy bynaam, Petrus of Sefas, wat letterlik *rots* beteken nie, maar Jesus noem hom op sy geboortenaam: Simon. Jesus gaan nou by die gewaande rotsvastheid van Petrus of Sefas verby. Voor Hom sien Hy nog net 'n mens met die naam Simon, wat stilgebly het toe hy moes praat en dit wat hy wel gesê het, nooit moes gesê het nie. Jesus priem deur tot die gestroopte, feilbare mens Simon, nou ontdaan van enige iets wat rotsagtig is. Simon, in sy onvermoë, is in ons teks die tydlose heenwysing na wat dit beteken om 'n mens te wees, vasgeknoop in eiebelang, wegvlugtend voor die waarheid van God.

Daar is egter in die Here Jesus se woorde geen veroordeling nie. Trouens, die Here Jesus gee hom drie maal weer die opdrag: gaan aan met jou roeping en taak. Sien om na my kudde, ten spyte van jou menslikheid. Die feit dat Simon die Here gefaal het, word nie langer teen hom gehou nie. 'n Mens sou kon sê dat sy opdrag juis opnuut geformuleer word, juis in die lig van sy onvermoë. Hy moet aangaan met die werk, gegewe sy menslikheid.

Ook elkeen van ons moet aangaan met die werk van God, gegewe juis ons menslikheid en onvermoë. Daar waar ons God in ons allermenslikheid faal, hou Hy dit nie langer teen ons nie. Hy gee ons juis midde ons onvermoë opnuut ons opdrag om te doen wat die kerk moet doen, naamlik om Christus geleefd en deurleefd te verkondig. Ons hoef nie op eie krag staat te maak

om ons menslikheid in hierdie verband as't ware te oorkom nie. Trouens, hierdie soort transendering van die Self is geen mens beskore nie. Daardie oorstygende krag kom net van die Transendente alleen! Christus gee vir ons 'n Trooster, 'n Onderskrager, sy Gees, wat in en deur ons werk. 'n Mens hoef daarom nie langer geïntimideerd te staan voor jou eie menslikheid wanneer jy besig is met die werk van God nie. Veel eerder moet 'n mens biddend, nederig en Geesvervuld jou werk gaan doen, welwetende dat jy mens is, maar dat jy veral 'n mens is wie se menslikheid nie deur God teen jou gehou sal word nie. In 'n tyd waar soveel ampsdraers met hulle roeping en taak worstel en soveel lidmate verward is oor hulle eie opdrag en getuienis in die wêreld, is die Here Jesus se opdrag aan Petrus eintlik ook ons elkeen se nuwe opdrag. Ons moet gaan doen dít wat ons geroep is om te doen.

Gesang 245: 1, 2 ***Dr CJ Beukes*** ***Weltevreden***

28 Februarie ***Materialisme en rykdom: 'n kwessie van prioriteite*** **Lukas 18: 18-30**

Ons leef in 'n tyd van verbysterend oppervlakkige sekuriteite. Hiervan bly materialisme, wat eens deur die Franse psigoanalis Jacques Lacan die *psigologie van die sienlike* genoem is, die duidelikste merkteken. Materialisme gaan uit van die vertrekpunt dat eiendom, besittings en geldelike vermoë enersyds voorwaarde is vir enige sin van sekuriteit, insluitend 'n sin vir vrede, en andersyds die hoogste beloning is vir insette gelewer. Kortom: maak geld en word beloon met geld! Rykdom is in hierdie sin werklik problematies: dit bring 'n drastiese reduksie in prioriteitstelling mee. Alles moet kwantifiseerbaar in geld omgeskakel kan word, insluitende die hoër fakulteite van die menslike gees, soos 'n sin vir vrede, 'n sin vir genoegsaamheid en 'n sin vir geluk.

Materiële dinge waarborg vooraf altyd baie, maar gee uiteindelik min terug. Dit wil 'n hoë prioriteit in die lewe inneem, maar as dit eers daar is, bly die veronderstelde geluk en vrede uitstaande. Gaan vra dit maar vir enige werklik ryk mens: die geld koop dalk goeie dinge, maar die geld kan nie die goeie self koop nie. Van die ongelukkigste mense wat jy op jou lewenspad sal ontmoet, is mense wat vir geld getrou het, of vir geld op 'n bepaalde beroep besluit het, of vir geld in enige konteks hulle hart gegee of siel verkoop het. Dit is presies wat die gesprek tussen die Here Jesus en die ryk jongman ons wil leer. Dit wil ons nie leer dat rykdom as sodanig verkeerd is nie, maar dat rykdom op bedrieglike wyse prioriteite afdwing wat 'n mens se lewe juis verarm,

in die sin dat die hoëre en die goeie selfs te midde van ontsaglike rykdom steeds uitstaande sal bly.

Wie was hierdie jongman van wie ons in Lukas 18 lees? Al drie die sinoptiese Evangelies stel dat die man bepaald ryk was, terwyl Matteus beklemtoon dat hy jonk was. Trouens, hy was waarskynlik 'n uiters dinamiese persoon om op sy jong ouderdom reeds die pos te beklee van *iudex*, die hoogste posvlak onder die regsprekende amptenary. Hierdie vername jong *iudex* vind egter nie volle geluk en verwesenliking in sy geld en beroepsukses nie. Hy soek iets meer en iets groter. Hy is seker iets skort met sy lewe. Wanneer hy die Here Jesus vra wat hy kan doen om tot 'n groter sin van vervulling te kom – vir hierdie lewe en die lewe hierna – stel die Here prontuit aan Hom dat hy sy prioriteite sal moet verander. Hy kan dit sommer begin doen deur dadelik sy rykdom aan die armes uit te deel. Die *iudex* sien nie kans daarvoor nie en slaan op vlug.

Jesus was arm, selfs brandarm. Hy kon alles wat Hy gehad het maklik met Hom saamdra. Materiële dinge was eenvoudig onbelangrik in die lig van sy hoër opdrag en singewing aan die wêreld. Anders as wat sommige Romeinse amptenare gereken het, het Jesus en sy dissipels nie met hierdie prioriteitstelling laksheid probeer bevorder nie. Trouens, harde werk waarvoor die arbeider regmatig loon ontvang en wat 'n selfonderhoudende lewenskwaliteit waarborg, is volledig deel van Jesus en die latere apostels se lewensbeskouing. Maar nóg die beroepsukses nóg die materiële sukses waarborg insig in en 'n nadering tot 'n begrip van sin, geluk en vrede met God, die naaste en met jouself. Vrede met God, jou medemens en jouself lê op 'n geheel ander vlak as die sigbare en beloonbare. Vrede met God vra om afstand te doen van die skynvrede wat materie bring en die vrede wat buite-om materie lê te omarm, veral om dit in jou eie lewe tot uitdrukking te bring. Tot hierdie soort vrede kan geld en besittings geen bydrae lewer nie.

Gesang 257: 1, 2 ***Dr CJ Beukes*** ***Weltevreden***

1 Maart ***Christus is nie 'n pion van menslike versugtinge nie*** **Lukas 23: 1-12**

In die tyd van Christus se optrede was Rome die wêreldmoondheid. Die Romeinse Ryk het sy vaandels wyd gesprei oor die lengte en breedte van die bekende wêreld heen. Ook die konteks van Christus se arrestasie, sy verhoor en kruisiging moet teen die Romeinse politieke en regsagtergrond verstaan word. Koning Herodes, of Antepas, was koning van niks meer nie as 'n

vasalstaat. Hy is bloot deur Rome verduur ter wille van 'n mate van huishoudelike orde in die land. Die persoon wat eintlik die regsprekende en uitvoerende septer geswaai het, was Pontius Pilatus.

Tussen hierdie twee maghebbers, Pilatus en Herodes, was daar 'n stryd oor die wesenlike en werklike uitvoerende mag. As opponente om politieke mag, was hulle verhouding daarom voortdurend gekenmerk deur spanning. Maar dan gaan hierdie twee karakters volgens ons Skrifgedeelte 'n ooreenkoms aan. Hulle besluit naamlik om Christus en die omstandighede rondom sy arrestasie te gebruik om albei van hulle se posisies te bestendig. Vir Herodes was daar die voordeel dat hierdie ander Koning, wat skynbaar werklik gesag onder gewone mense kon afdwing, verwyder word. Boonop kry hy die hoëpriester Kajafas aan sy kant en skep die indruk dat hy self die gesag afgedwing het. Vir Pilatus weer was daar die voordeel dat hierdie Jesus van Nasaret, hierdie *oproermaker*, vir goed stilgemaak word. Hierdie twee kwaaivriende gaan 'n bondgenootskap aan. Hulle besluit om Christus as't ware soos 'n pion op 'n skaakbord te gebruik, om Hom as 'n middel tot 'n doel in te span. Pilatus se optrede hang daarmee saam dat hy wesenlike bepalings van die Romeinse strafreg en strafprosesreg regstreeks verontagsaam. Herodes, 'n berugte moordenaar, gaan met hierdie bondgenootskap bloot op sy moordweg voort. Christus word in hulle bondgenootskap 'n pion wat rondgeskuif word ter wille van 'n reglose en moorddadige politieke agenda.

Herodes en Pilatus se bondgenootskap is sprekend van 'n tydlose vergryp, naamlik om Christus te degradeer as 'n middel tot 'n doel. Dink maar aan die baie godsdiensoorloë in die geskiedenis, waar Christus se naam gebruik is om politieke aspirasies te laat slaag, die kolonialisering van die *onbekende wêreld* in die naam van *Christ, King and Country*, of die huidige oorlog in Irak, waar die naam van Christus so gemaklik en simplisties gebruik word om die lyn tussen die Goeie en die Bose te trek. Hiermee hoef nie eens verwys te word na die brutale winsbejag in die naam van *Sweet Jesus* in die ontelbare sektes in die wêreld nie (*Call this Toll Free Number, Credit Cards Accepted*)!

Dit alles spreek van die feit dat die persoon van Christus as agent vir menslike belange – hetsy ekonomiese, politieke of kulturele belange – ingespan word. As Christus só 'n middel tot 'n doel word, is daar altyd 'n versweë bondgenootskap om van Hom 'n pion te maak. Ook in ons geloofslewens degradeer ons Christus tot 'n pion deur Hom net te ken wanneer Hy ons belange kan dien en ons Hom nodig het. Dit mag nooit gebeur nie – tensy jy in die tradisie van Herodes en Pilatus se vreemde bondgenootskap wil staan.

Gesang 515: 1-3 ***Dr CJ Beukes*** ***Weltevreden***

Ons bevind ons in 'n uiters gesofistikeerde kultuur, wat in terme van veral wetenskap en tegnologie spreek van besondere prestasies van die mensheid oor die afgelope vier eeue heen. Die geweldige tegnologiese suksesse wat behaal is in die 20ste eeu alleen (dink maar, net om enkeles te noem, aan die binnebrandenjin, lugvaart, atoomkrag, DNA-tegnologie, kommunikasie-ontwikkelinge met verwysing na radio, televisie, sellulêre tegnologie, die persoonlike rekenaar en die Internet, asook die verbysterende vordering in die mediese wetenskappe), laat 'n mens stom oor die vermoëns van die skynbaar volwasse mensdom van die 21ste eeu. Ons gaan tegnologies en wetenskaplik dramaties vooruit. Dit lyk in ons tydgees nie of so 'n selfstandige, innoverende mensdom langer 'n God nodig het nie. So onbevange stel die mensheid van ons tyd dit dan ook: ons het God nie meer nodig nie. Ons kan vandag alles doen en ons kan dit self doen. Ons kan God gerus maar verdaag. Hierdie moderne tydgees kan ons tuisbring onder die wyer noemer *sekularisasie*, wat beteken: geloof nie meer in God nie, maar in mensgemaakte voorspoed en vooruitgang.

Tog is daar ook juis dramatiese agteruitgang in ons leefwêreld. Sake lyk vandag in velerlei opsigte baie slegter as ooit voorheen in die geskiedenis. Die VSA se kern- en wapenprogram net in die periode 1980 tot 1985 het 1 000 (een duisend) biljoen dollar beloop. Reeds in 1978 was die wêreld se daaglikse uitgawe op kerntegnologie alleen 'n verstommende biljoen dollar. Kerntegnologie is, afgesien van die steeds reële moontlikheid van 'n volskaalse kernoorlog, 'n direkte bedreiging vir menslike welsyn. Enige een of meer van die diensbare 360+ kernreaktors wêreldwyd kan soos by Tsjernobil eenvoudig ingee. Vyftien miljoen mense sterf intussen jaarliks van honger en vyfhonderd miljoen mense is krities ondervoed. Veertig persent van die wêreldbevolking het geen toegang tot basiese mediese dienste nie. Vyf en dertig persent van die wêreldbevolking het geen toegang tot drinkwater nie. Elke dag sterf 'n dier- en plantspesie uit. Tegnologie en inligtingsbeheer vervang mensearbeid: meer as die helfte van die volwasse wêreldbevolking is werkloos. Sedert die vroeë tagtigerjare is daar elke week meer mense in hegtenis geneem sonder die vooruitsig van 'n spoedige verhoor, gemartel, tereggestel, op etniese gronde vervolg, voëlvry verklaar, vaderlandlose vlugtelinge gemaak en deur regimes en diktatorskappe van individuele waardigheid ontneem, as ooit tevore in die geskiedenis. Elke maand voeg die wêreld se ekonomiese stelsels 7,5 biljoen

dollar tot die reeds ondraaglike skuldlas van 1 500 biljoen dollar waaraan die Derde Wêreld dra. Globale verhitting, 'n direkte gevolg van die moderne tegnologie se vernietiging van die osoonlaag, bring 'n jaarlikse temperatuurstyging van tussen 1,5 en 4,5 grade Celsius mee: seevlakke styg, met rampspoedige gevolge vir die meer as die helfte van die wêreldbevolking wat aan die kus woon. En dit is maar net 'n vinnige voëlvlug oor dit wat ons *voorspoed* noem: nie so rooskleurig wanneer ons dit met die eerste paragraaf hierbo vergelyk nie, nie waar nie?

Juis hierdie agteruitgang te midde van die skyn van vooruitgang behoort ons terug te voer na 'n eenvoudige, waardige en veel meer beskeie lewe voor God. Wanneer ons Psalm 84 lees, kom ons diep onder die indruk van die psalmskrywer se waardige, eenvoudige lewe voor die aangesig van God, wat so pragtig deur Totius in die ou beryming van Psalm 84 verwoord is: *Een dag is in u huis my meer, as duisend waar ek U ontbeer; veel liewer is ek in u woning 'n drumpelwagter, as gewend aan yd'le vreugde in sondaarstent...*

Lees Psalm 84 weer noukeurig. Merk u die eenvoud, die waardigheid van die skrywer? Is dit nie tyd dat ons ook (minstens na die innerlike mens) terugkeer na 'n veel versigtiger, waardiger, eenvoudiger lewe voor God nie? Hierdie wêreld bring geen voorspoed nie, vandag nog minder as ooit tevore. Dit is duidelik vir enige iemand wat die moeite wil doen om die verskynsel van die moderne te ondersoek. Die enigste oomblikke van voorspoed is gelowiges se rustige, eenvoudige en waardige oomblikke in gebed en stilte voor God. Miskien sal ons voorspoedige wêreld, by verbranding in die eie vlam, ook eendag weer wil terugkeer na hierdie eenvoud en waardigheid.

Psalm 84: 2, 4 ***Dr CJ Beukes*** ***Weltevreden***

3 Maart ***Vergifnis is lewe*** **Lukas 23: 32-38**

Die aangrypende drama *Les Misérables* van Victor Hugo vertel die verhaal van 'n man met die naam Jean Valjean. Hy is as jong seun vir 19 jaar tronk toe gestuur omdat hy weens verhongering brood gesteel het. Gedurende sy tronkstraf het hy in 'n geharde misdadiger ontaard. Maar na sy vrylating word sy hele lewe nuut gemaak deur 'n barmhartige priester wie se silwerware hy steel, maar wat hom vergewe en van 'n lewenslange tronkstraf red.

Honderd keer meer aangrypend is Jesus Christus se kruisiging. Wanneer Hy aan die kruis hang, sien Hy mense met oë vol haat, gebalde vuiste, skreeuend, vloekend... Hy koester egter geen wraak nie. Hy vloek nie terug nie.

Hy bid: *Vader, vergeef hulle...* Met hierdie gebed bid en pleit Jesus vir alle mense: vir die Romeinse soldate wat hulle opdrag uitvoer; en die Joodse leiers wat glo hulle doen God 'n guns; én alle mense van alle tye.

Hoekom bid Hy *...want hulle weet nie wat hulle doen nie*? Hulle oë is blind. Hulle ore is toe. Hulle harte is hard.

Daarom sê Jesus se gebed: *Vader, moenie vaskyk teen wat hulle doen nie; sien dié mense met hulle seerkry, verwarring en onsekerheid raak; moenie die oordeel wat My tref, oor hulle bring nie.*

Jesus herstel die stukkende verhouding tussen God en ons. Hy neem ons oortredings op Hom. Hy neem die oordeel wat ons toekom op Hom. Daarom, wanneer God na mense kyk, sien Hy Jesus aan die kruis.

'n Mens wat hierdie vergifnis hoor en ontvang, kan nie dieselfde bly nie. In die verhaal aan die begin het ons gehoor van 'n man wie se lewe deur die vergifnis van 'n mens verander is. Hoeveel te meer ons lewe, wanneer ons hoor dat Jesus (God) vir ons sê: *Jou sondes is vergewe.* Die ding wat ons in ons lewe die nodigste het, is om te weet ons is vergewe. *Ek sal jou nooit vergewe nie en nooit vergeet wat jy gedoen het nie,* is woorde wat seermaak. Dis woorde wat tot diep binne-in ons vreet.

Vergifnis maak ons vry om weer te kan lewe. Vergifnis is léwe!

Gesang 219: 1 ***Ds SP Nolte*** ***Oostelike Pietersburg***

4 Maart ***Genade is vir almal*** **Lukas 23: 32-33, 39-43**

In een van die boeke op my boekrak vertel die skrywer die volgende: In die *Akademie vir Skone Kunste* in die stad Venesië hang 'n skildery wat die skilder daarvan in groot moeilikheid laat beland het by die leiers van die Roomse Kerk in die 16de eeu. Die skildery beeld Jesus uit tydens 'n ete saam met sy dissipels. In die een hoek speel 'n klomp Romeinse soldate. 'n Paar wegloophonde vind ook hulle plekkie op die skildery. Dan is daar nog 'n paar dronk ouens wat rondlê, 'n paar dwergies, 'n klompie swart mense en 'n paar misdadigers.

Toe die kerk die skilder beskuldig dat hy met dié skildery nie genoeg eerbied aan God betoon nie, het hy in die Evangelies aangedui dat dit na sy mening juis die soort mense was met wie Jesus gemeng het. Omdat die kerk erg aanstoot geneem het aan die skildery, het hulle die skilder gedwing om die titel daarvan te verander – sodat dit nie meer 'n Bybelse tema kon uitbeeld nie, maar net 'n gewone ete waar 'n klompie mense bymekaar is.

Deur dit te doen, het die kerk dieselfde gedoen as die godsdienstige leiers in Jesus se tyd. Hulle was ook afgestoot deur die tollenaars, mense wat buite die

huwelik gebore is, vreemdelinge en straatvrouens wat gedurig in Jesus se geselskap was. Hulle het ook 'n probleem gehad daarmee dat God hierdie mense kan liefhê. Elke keer as die mense aan Jesus se lippe gehang het wanneer Hy gelykenisse van God se genade vertel het, het die Fariseërs aan die rand van die skare gestaan en uit woede op hulle tande gekners en Jesus verwens.

In een van sy laaste *optredes* voor sy dood, vergewe Jesus 'n misdadiger wat aan 'n kruis gehang het. Daardie misdadiger sou nooit die Bybel bestudeer nie, hy sou nooit sinagoge of kerk toe gaan nie, en hy sou nooit die mense wie se goed hy gesteel het, of mense wie se familielid hy verkrag of doodgemaak het, se vergifnis gaan vra nie. Hy het net gesê: *Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.* En Jesus antwoord: *...vandag sal jy saam met My in die paradys wees...*

Jesus se woorde is 'n skokkende herinnering dat genade nie afhang van wat ons vir God gedoen het nie, maar wat God vir ons gedoen het. Dit kan klink asof ons op dié manier God se genade *goedkoop* maak. Nee, ons wil juis nie. Genade is mos juis nie te koop nie. Genade is 'n geskenk wat ons van God ontvang. Dit sê nié dat ek as gelowige onverskillig mag lewe nie. Maar dit sê wel dat ek as gelowige net soveel van God se genade lewe, as enige ander mens.

Gesang 390: 1-4 ***Ds SP Nolte*** ***Oostelike Pietersburg***

5 Maart ***Familie van God en mekaar*** **Johannes 19: 17-27**

Egpare neem soms kinders in pleegsorg – kinders wat erg getraumatiseer is. Hulle neem al die emosionele probleme saam met die kindjie aan. Wat maak dat 'n mens aanhou, wanneer probleme wat nie jou verantwoordelikheid was nie, jou huishouding omver gooi?

Miskien is dit die liefde van Christus. Dat jy besef, my Here sê vir my ek moet liefhê. Ek moet omgee. Al is hierdie kind nie bloedfamilie nie, is sy nou deel van ons gesin. Dit maak nie saak dat ons nie deur die natuurlike bande van bloed aan mekaar gebind is nie. Ons is deur iets baie sterkers aan mekaar gebind – die liefde van Jesus Christus.

Terwyl Jesus aan die kruis hang, speel 'n drama in die kleine hom af aan die voet van die kruis. Hierdie drama illustreer prakties wat Jesus kom doen het. Sy ma, Maria, sien hoe haar seun besig is om te sterf. Ons kan aflei dat haar man, Josef, op daardie tydstip alreeds dood was. Maria se posisie as weduwee in daardie tyd was maar redelik sleg. As sy nie 'n manlike lid van haar familie gehad het wat vir haar kon sorg nie, was haar toekoms donker. Nou sterf Maria se oudste seun en sy ander broers dink Hy is van sy kop af. Miskien het sy tog gewonder: *Wat gaan nou van my word? Waar gaan ek 'n heenkome hê?*

Tog moes Jesus geweet het dat sy eie broers eintlik vir hulle ma sou sorg en dat sy dus geen probleem sou gehad het om te oorleef nie. Maar Hy *gee* Maria vir Johannes en Hy *gee* Johannes vir haar. Met hierdie derde kruiswoord skep Jesus 'n nuwe verhouding tussen Maria en Johannes. Daar, aan die voet van Jesus se kruis, ontstaan 'n nuwe familieband: dié van ma en seun, al is hulle nie letterlik mekaar se ma en seun nie. Jesus skep 'n nuwe familie – die familie waar *God se kinders* mekaar se *broers en susters* is. 'n Familie wat deur 'n baie sterker band as natuurlike bloed aan mekaar gebind is, naamlik die liefde van God soos wat Jesus Christus dit uitgeleef het.

Jesus breek deur die natuurlike bande en grense van familie en gee mense wat eintlik nie veel met mekaar te doen het nie, as *broers en susters* vir mekaar. Ons as Christene is dus familie van mekaar. Ons is mekaar se broers en susters. Die Bybel gebruik meer as een keer die beeld van die *huisgesin* om oor die kerk van Christus te praat. As ons ernstig is oor die Bybel, as ons ernstig is oor ons verhouding met God, en as ons ernstig is oor ons verhoudings met mekaar, dan sal ons as Christene soos 'n familie saam leef en optree.

Hierdie familieband tussen ons vra dat ons mekaar werklik sal raaksien en as broers en susters sal aanvaar. Ons moet mekaar aanvaar soos wat Christus ons aanvaar het (Rom 15: 7).

Gesang 334: 1-4 ***Ds SP Nolte*** ***Oostelike Pietersburg***

6 Maart ***Jesus Christus les ons dors*** **Johannes 19: 28-37**

Om dors te wees, is 'n baie onaangename ervaring. Ek kan nou nog onthou hoe dors ons geword het in my weermagdae tydens ons basiese opleiding. Die woorde *Gee vir my 'n bietjie water* hoor mens dikwels wanneer iemand baie ernstig siek is, of by 'n sterfbed. By geleentheid het ek saam met 'n familie langs 'n oom se bed gestaan terwyl hy besig was om te sterf. En een van die maniere waarop sy laaste uur 'n bietjie verlig kon word, was om sy lippe kort-kort met 'n waslap nat te maak.

Toe Jesus aan die kruis gehang het, het Hy gesê: *Ek is dors* (vers 28). Die enigste woorde waarmee Jesus iets van sy eie liggaamlike swaarkry aan die kruis te kenne gee.

Hierdie vierde kruiswoord van Jesus laat 'n mens nie net aan jou eie fisiese dors dink en hoe heerlik dit is om water te drink wanneer jy dors is nie. Dit laat 'n mens ook dink aan 'n ander soort dors. Koos du Plessis beskryf dit aangrypend in een van sy liedjies, *Koue-Vuur*, waarin hy verwys na 'n *groter dors*.

Wat is hierdie *groter dors*? Is dit nie dalk mense se soeke na sin – na God – in hulle lewe nie (vergelyk Gesang 163 en Psalm 42: 2)? Miskien het Jesus daar-

die dors in mense se lewens raakgesien toe Hy die woorde gesê het wat vir ons in Johannes 7: 37-38 opgeteken is: *As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.* En ook die woorde van Johannes 6: 35: *Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.* En in Johannes 4, wanneer 'n Samaritaanse vrou vir Hom water vra, sê Hy vir haar: *...wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.*

Jesus Christus het swaargekry aan die kruis, dors gehad aan die kruis, sodat ons mag weet: ons ewige dors is reeds gestil. In en deur Jesus Christus kan ons nou 'n sinvolle lewe tot eer van God lei. En deur Jesus Christus kan ons nou reeds die fontein wat in ons opborrel en die ewige lewe gee, ervaar. Ons *groter dors* is gestil. Die fontein van lewende water het reeds in ons begin opborrel. En sy Naam is Jesus.

Gesang 163 ***Ds SP Nolte*** ***Oostelike Pietersburg***

7 Maart ***Eensaam en verlate*** **Markus 15: 33-41**

Een van die ergste dinge wat 'n mens kan tref, is eensaamheid – om niemand te hê wat vir jou omgee nie. Baie mense leef in die vreeslikste eensaamheid en sterf uiteindelik eensaam: oumense, vigslyers, straatkinders, prostitute, dwelmverslaafdes, mense wat selfmoord pleeg. Dink aan die eensaamheid wat mense beleef – mense wat gemolesteer is en niemand wil hulle glo nie; vroue wat emosioneel en/of fisies deur hulle mans mishandel word en dit nie regkry om uit die omstandighede uit te kom nie; kinders wat dieselfde soort behandeling van hulle ouers kry; ouers wat voel hulle is 'n mislukking; mense wat met depressie worstel; kinders wie se ouers deur 'n egskeiding gaan; en nog baie meer.

Die akuutste voorbeeld van eensaamheid en vereensaming tref ons in die beskrywings van Jesus se kruisdood aan. Ons sal seker nooit kan begryp watter pyn en eensaamheid in dié woorde opgesluit lê nie: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* Jesus het letterlik tussen hemel en aarde gehang. Die mense het Hom verlaat en in die steek gelaat. Sy dissipels het weggehardloop toe Hy gevang is en hulle was nie by sy kruis nie: een het Hom selfs verraai en nog een het drie keer ontken dat hy vir Jesus ken; die godsdienstige leiers het Hom laat kruisig nadat hulle hul eie reëls en voorskrifte oortree het; die massa skare het geskree: *Kruisig hom!*

God het Hom verlaat. Die duisternis was simbolies daarvan dat God Hom

verlaat het. Die donkerste uur (drie ure) in Jesus se lewe het aangebreek. Dit is die ergste: om deur mense én deur God verwerp te word.

Jesus was van God en mens verlaat – sodat ons op ons beurt nooit weer van God en mens verlaat hoef te wees nie. God het sy Gees op elkeen van ons uitgestort en is deur sy Gees by ons. Maar die Gees van God bind ons as gelowiges ook in 'n nuwe gemeenskap saam – 'n gemeenskap/familie/huisgesin van gelowiges. En omdat God ons nooit meer eensaam laat nie, mag ons mekaar ook nie laat vereensaam nie: Niemand mag eensaam in 'n kerkgebou sit nie. Niemand mag eensaam sterf nie. Niemand mag uitgeskuif word en vereensaam nie.

Gesang 389: 1-3 ***Ds SP Nolte*** ***Oostelike Pietersburg***

8 Maart ***God het nie "kleinkinders" nie*** **Hosea 11**

My ma het altyd gesê: kinders is harde werk en inspanning; kleinkinders is bederf en ontspanning.

En lyk my sy was heel reg, want kinders het nou eenmaal tot 'n mindere of meerdere mate tog die geneigdheid om ouers teleur te stel, seer te maak, of nog erger, hul harte te breek. Tog bly ouers, gewoonweg gesproke, oneindig lief vir hulle kinders. Hoekom? Omdat jou kinders jý is – jou vlees en bloed; jou erfenis en trots; jou toekoms en hoop; jou alles! Kinders is beslis nie bederf en ontspanning nie; meer harde werk en inspanning!

Dis presies wat ons Skrifgedeelte sê: God is genadiglik 'n Hemelvader, nie 'n *oupa* nie. Hy het ons as sy kinders hier op aarde oneindig lief! So oneindig, dat dit Hom sy Seun se dood aan die kruis gekos het – en indien dit nie *harde werk en inspanning*, ter wille van ons sondaarmense, *par excellence* was nie, dan weet ek darem nie! Hosea praat van die Skepper-, Verlosser- en Vertroostergod, wie se liefdeshart vir sy volk breek.

God se lyding en kruisdood was beslis geen *oefening* in *bederf en ontspanning* nie. Hy sit nou maar eenmaal met ons *opgeskeep*. Hy kan en wil en sal nie, met ons as sy kinders hier op aarde, maak soos oumas en oupas met hul kleinkinders maak nie: wanneer hulle vir jou te veel raak, dan kan jy hulle *gelukkig* aan hul ouers teruggee. Ons is en bly in Christus, deur sy Gees, nie die Hemelvader se *stief- of kleinkinders of verlangse familie* nie. Ons is sy eie eiendom; die maaksels van sy hand; sy kerk; onderweg na sy koninkryk! Al stel ons Hom dikwels teleur, breek ons meermale sy hart en maak ons Hom seer!

Lydenstyd laat ons opnuut besef watter *harde werk en inspanning* God tot ons ewige redding en heil ingesit het. En dat ek dan as sy verloste kind so sal leef dat ek eintlik verder vir my Hemelvader net 'n *bederf en ontspanning* sal wees!

Lees ook 1 Korintiërs 15: 1-11.

Gesange 290, 292 ***Ds CM van den Berg*** ***Zuurfontein***

9 Maart ***God se "geregistreerde" kinders*** **Korintiërs 13**

Hoe behoort kinders van die Here regtig te leef, indien ons gister se boodskap weer in die gedagtes herroep?

1 Korintiërs 13 sê, met 'n *agape*-liefde. Dit wil sê, met 'n *vurige*, oneindige, altyd-in-belang-van-die-ander-een liefde vir God en ons naaste, aldus ons kerk se nagmaalformulier. 'n Liefde so anders en radikaal dat dit ampertjies onmenslik en onmoontlik blyk te wees. Maar, en dis juis die besondere daarvan vir die kerk, om in hierdie Lydenstyd nagmaal te vier, laat jou weer besef dat jy nooit as te nimmer jou Goddelike kindskap as te vanselfsprekend of ligtelik kan of behoort op te neem nie!

Miskien kan die beeld van ons as landsburgers wat voor 'n algemene verkiesing moet registreer, iets hiervan opnuut by ons laat vassteek. Sodra jy geregistreer is, is jy stemgeregtig.Ten opsigte van die nagmaal: ek en jy kom na die tafel, nie om as Godskinders te kom *registreer* nie, maar om die onverdiende feit te vier dat ons reeds as Godskinders *geregistreer* is. Lankal terug alreeds, deur die kruisdood en opstanding van sy Seun, het God ons self vir sy koninkryk *geregistreer*. Staatsburgers kan sekerlik uit hul eie uit, of nie, vir 'n land se algemene verkiesing gaan staan en registreer – en moet eintlik ook, as hulle enigsins wil stem. Maar by ons as gelowiges werk dit heel anders: ons is te sondig om uit ons eie uit vir God se koninkryk as sy kinders te *registreer*. Daarom moes God dit self, deur sy Seun se kruisdood en opstanding, namens ons doen. En dis presies waarom ons nagmaal vier: om weer 'n slag, *asof* vir die eerste keer, God te hoor sê tot ons as sy koninkrykskinders, dat ons nou nie *stemgeregtig* nie maar *diensgeregtig* is. Nou kan en behoort en moet ons eintlik as sy kinders op aarde in diens van sy koninkryk staan, deur veral sy *agape*-liefde elke dag aan te gryp, en uit te dra, en te beleef, en uit te leef!

Sê derhalwe nou net ons kerk roep skielik 'n *geloofsverkiesing* uit: hoeveel *stemme* sou u en ek as gereelde nagmaalgangers, as *geregistreerde diensgeregtige* koninkryksburgers en Godskinders, vir *agape*-liefde vir God en *agape*-liefde vir ander mense *werf* – indien ons ons Skrifgedeelte vir vandag as riglyn en *manifes* vir en teen ons lewens hou?!

Lees ook Esegiël 16: 1-22.

Gesange 220, 334 ***Ds CM van den Berg*** ***Zuurfontein***

10 Maart | ***God se kinders glo Hy weet wat Hy doen*** | **Mattheus 18: 1-5; Markus 10: 13-16**

Indien daar in Lydenstyd een geloofsopmerking oor kinders van die Here se lippe behoort te kom, een stukkie vertrouensoorgawe by hulle aanwesig te wees – gegewe die afgelope twee dae se oordenkings – dan is dit die volgende: God weet presies wat Hy in en met en deur my lewe doen, en waarheen Hy met my op pad is!

Tog sal elkeen van ons saamstem dat dit nie so maklik is om dit te glo of te sê of te aanvaar nie!

Gaan lees gerus maar weer die Abraham-, Josef- en Moses-verhale, om iets hiervan in die Ou Testament te herontdek. Aldrie het onwrikbaar, of dalk meermale teëstribbelend, geglo en vertrou dat God in beheer van hulle lewens en sake was en gebly het. Al het dit meermale gelyk – en dikwels was hulself daarvoor verantwoordelik – asof alles buite en sonder beheer was. Daarom kon Abraham so gehoorsaam aan God bly. Daarom kon Josef so op God bly vertrou. Daarom kon Moses so afhanklik van God bly. Gehoorsaamheid, vertroue, afhanklikheid – drie van die mees basiese bestanddele van en vir 'n ware Bybelse geloof. Want 'n ware Bybelse geloof sê altyd: God weet presies wat Hy in en met en deur my lewe doen, en waarheen Hy met my op pad is!

Is dit nie juis wat Jesus in die Nuwe Testament bedoel het toe Hy gesê het dat ons in die geloof weer voor ons Hemelvader soos *kindertjies* moet en behoort te word nie? Dat ons elke dag van vooraf moet en behoort te leer om God te gehoorsaam, te vertrou, en van Hom afhanklik te bly? Dat ons regtig-egtig glo en vertrou dat Hy in beheer van ons lewens en sake bly, desnieteenstaande alles? Dat hy regtig-egtig weet wat Hy doen?!

Jesus se *gelykenis* alhier oor en met kinders moet teen die agtergrond van kindwees in daardie tyd verstaan word: 'n kind het geen waarde gehad nie; was een met wie daar van bo gehandel is; iemand totaal afhanklik van een groter as hy of sy; een onder die beheer van iemand groters. En daarmee sê Jesus dat ons as koninkrykskinders van die Hemelvader keer op keer ons wesenlike afhanklikheid van God moet herontdek, dat ons stywenek opkykend na Bo en bakhand bedelend voor ons Heer en Meester sal bly, dat ons ons sondaarsgeneigdheid om buite beheer te raak met ons lewens of self ten alle koste in beheer daarvan te wil wees, moet laat staan, en dat ons eerder weer en weer onder beheer van die Here self moet kom. Om onder God se beheer as Hemelvader te bly, beteken dat ek en jy onwrikbaar, hoe moeilik ook al soms, moet bly glo en vertrou dat die Here self presies weet wat Hy

in en met en deur my lewe doen, en waarheen Hy met my op pad is! Lees ook Genesis 22: 1-14; 45: 1-8; en Eksodus 33: 12-16.

Gesange 266, 543 ***Ds CM van den Berg*** ***Zuurfontein***

11 Maart ***Godskinders is "Deo Volente"-mense, nie "Ego Volente"-mense nie*** **Psalm 2**

Indien mens die afgelope paar dae se dagstukkies weer in oënskou neem, dan blyk vandag se opskrif vanselfsprekend te wees, want die bogenoemde Latynse terme beteken mos, *Soos God ("Deo") wil ("Volente")*-mense, of *Soos ek ("Ego") wil*-mense. Dadelik sou ons as Godskinders sê: maar ons is mos van die eersgenoemde mense! Of is ons? Baie van ons sal nog onthou dat ons oumas en oupas altyd so gepraat het: *As die Here wil, my kind...* Dis iets wat deesdae selde oor mense, selfs gelowige kerkmense, se lippe kom.

In Psalm 2 lees ons inderdaad van die *Ego Volente*-mens as 'n mens wat God gedurig aflag en uitlag, eerder as om na Hom te luister en Hom te gehoorsaam. Die nuwe gesalfde Israelitiese koning in Psalm 2 sê dis juis nie hoe hy wil wees nie! Eerder 'n *Deo Volente*-mens, met die ingesteldheid om altyd onder God te wees, nie bo Hom nie. Om dus onderworpe aan, afhanklik van en onderdanig aan God te wees, en nie onafhanklik van Hom nie!

Die *ontstellende* van Psalm 2 is nogal dat hier pertinent gestel word dat God die *Ego Volente*-mens ook sal aflag en uitlag. Die Hebreeuse woord hiervoor in vers 4 – *shahaak* – beteken min of meer om net jou kop oor iemand anders te skud. Lees bietjie weer in Genesis 18: 12-15 hoe Sara en God mekaar *shahaak*. Interessant genoeg word hierdie einste woordjie op ander plekke in die Bybel gebruik, maar dan met die voegwoord *met* by, met ander woorde, *el shahaak*. Dan beteken dit dat God *met 'n gelag, met 'n tevrede glimlag*, op mense afkyk. En die mense sou wees? U is reg – *Deo Volente*-mense! *Deo Volente*-mense wil en begeer dus om God *tevrede te stel*; oftewel, hul afhanklikheid van Hom te erken en te aanvaar deur hulle *Ego Volente*-ingesteldheid van onafhanklikheid van God algaande almeer te kruisig! Selfs van *ou* Sara, vermeld Genesis 21: 6, dat sy eindelik ook oor die Here moet *el shahaak*.

'n Moderne mensdom sal beslis in die Lydenstyd opnuut hul *Ego Volente*-onafhanklikheidsverklaring en -strewe ten opsigte van hulself, ten koste van ander, en ten diepste teen God self, moet kruisig – daardie houdings en optredes van: *ek* is meer belangrik as *jy*; *ek* moet ten alle koste *tel*; *ek* laat my nie deur jou of reëls *aan bande lê* nie; wat *ek wil* het nie noodwendig altyd met God te make, of traak Hom of benodig sy toestemming nie; *ek* is my eie mens; *ek* alleen weet en besluit wat die beste is vir my, nie ander of God nie; *ek* vra en vat wat *ek wil*, by ander en by God, en beide *moet* daarby inval of

uitval. So het ons Here Jesus Christus nooit gepraat toe Hy in afhanklikheid van en onderdanigheid aan sy Hemelse Vader die kruisweg geloop het!

Miskien sit daar tog op die ou einde iets van beide *Deo Volente* en *Ego Volente* in elkeen van ons vas; en beteken geloof juis om eersgenoemde algaande almeer oor laasgenoemde te laat triomfeer. Soos Johannes 3: 30 dit so klassiek stel: *Hy moet meer word en ek minder.*

Lees ook Jakobus 3: 13-4: 17.

Gesange 207, 521 ***Ds CM van den Berg*** ***Zuurfontein***

12 Maart **God laat nie op Hom wag as dit by sy kinders kom nie** **Psalm 24**

U ken almal die swaaideure by sekere geboue, wat jou tegelyk laat ingaan en uitgaan.

Dit help nogal met 'n verstaan van vandag se psalm, want verse 1-6 daarvan plaas die sondaar buite die tempel, en God daarbinne (vers 3 veral); maar in die tweede deel van die psalm *swaai* die tempeldeure as 't ware 180 grade, en is God nou buite die tempel, en sondaars daarbinne? Van binne *sê* die sondaars vir die tempeldeure: wie is die Koning wat nou wil inkom? Dit laat mens nogal aan Openbaring 3: 20 dink: *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.* Maar eintlik is hierdie skoon 'n *vreemde* situasie vir die Ou Testament, wat deurgaans die tempel as die woonplek van God beskou het waartoe sondaars, met die allergrootste ootmoed, toegetree het.

Psalm 24 praat dus van die alomteenwoordige Skepper (verse 1, 2) wat Homself inperk om sy eiendom op te soek; die genadige God (vers 5) wat sondaars die tempel innooi, nog voordat hulle daarvoor gevra het; die magtige Koning (verse 8, 10) wat Homself verneder om aan sondaarmense gelyk te word; die liefdevolle God wat na ons toe kom eer ons nog daaraan gedink het om na Hom te gaan (vergelyk Johannes 3: 16); die goeie Here wat mense nie sommerso gaan uitwis oor hul onrein hande, onsuiwere hart, bedrog of valsheid of eiewilligheid of ondiensbaarheid nie, maar wat Immanuel is, die Een altyd by ons, om ons op 'n nuwe weg te laat gaan (vergelyk 1 Johannes 5: 12)!

Die Here van Psalm 24 is dus 'n Here wat naderkom en intree, toetree en inkom – die Een wat nie op Hom laat wag wanneer dit by sondaarmense se redding en verlossing en tydelike en ewige heil kom nie!

En dit by uitstek in en deur sy Seun Jesus Christus gedoen het, en steeds daagliks deur sy Heilige Gees in en met ons lewens as sy kinders doen. Ons, sy kinders, nie sy kleinkinders nie. Ons, sy koninkryks-*geregistreerde* kinders. Ons

wat so daaraan glo en vashou dat Hy weet wat Hy met ons doen. Ons wat so hard probeer om *Deo Volente* te bly (vergelyk weer gister se dagstukkie)!

Inteendeel. Die Nuwe Testament leer ons pertinent dat hierdie God so sy intrek by ons geneem het, en so die wêreld tot sy woonadres gemaak het, dat ons genoem word tempels van die Gees. Die Lydende Christus is die Een wat met Advent, eenmaal, die eerste keer na sy wêreld gekom het; wat voortdurend as die Opgestane Heer in ons lewens wil bly inkom om te bly; wat eenmaal weer finaal, aan die einde van die dae, na sy wêreld sal terugkom!

Miskien kan Lydenstyd weer opnuut in lyn met Psalm 24 se *swaaideure*-beeld, ons laat besef: ons meen meermale dis ons wat op God moet wag, maar is dit nie dalk meermale God wat wag dat ons die *tempeldeure* van ons lewens wawyd oop vir Hom sal gooi nie?!

Lees ook Hebreërs 4: 14-5: 10 en Openbaring 1: 7-8.

Gesange 590, 597 ***Ds CM van den Berg*** ***Zuurfontein***

13 Maart ***Ontstelde Jesus*** **Psalm 41: 1-14; Johannes 13: 18-21**

In die klaaglied staan die mens voor God. Hy roep, hy pleit, hy vra genade. Rondom hom is dit donker. Daar is vyande. Hy voel homself naby die dood. Daarom kry ons in die verskillende klaagliedere telkens weer 'n mens vol emosie. Hy roep vanuit sy krisis, en sy roep ken net een pad, die pad boontoe. Die mens in die klaaglied weet dat hy aan die Here behoort. Daarom is sy krisis 'n paradoks. Dit behoort nie te wees nie, maar dit is. As hy aan die Here behoort, hoekom brand sy lewensvlam so klein? Hoekom moet sy gebed 'n angskreet wees? Party klaagliedere eindig met die vraag en die klag, party eindig met die sekerheid dat God sal ingryp, party eindig met lof en dank omdat God iewers langs die pad die situasie verander het.

Jesus is mens voor God. Hy is dit namens al die mense. In Hom smelt die stemme saam van almal wat deur die eeue geroep het uit die dieptes van menslike nood. Dit moet so wees, want God het Hom gestuur om dié mens voor God te word. Daarom word Jesus telkens geteken met woorde uit die Psalms, en veral uit die psalms wat klaagliedere is. Jesus is mens. Dit is Hy ten spyte daarvan dat Hy meer as mens is. Hy word ontsteld. Sy emosie kry die oorhand vir 'n oomblik. Die verraad in die klein kring rondom Hom tref Hom, Hy gebruik 'n psalmwoord om te sê wat met Hom gebeur: Selfs my boesemvriend ... *het My in die rug gesteek.*

As jy Jesus bely as Heer en as Redder, moenie vergeet nie. Hy het namens

jou mens voor God geword, ontstelde mens. Beleef jou lewensnood met Hom saam, tot verby sy graf. Dan word die klaaglied 'n loflied.

Gesang 393: 3 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

14 Maart ***Gehate Jesus*** **Psalm 69: 2-5; Johannes 15: 18-26**

Die mens in die klaaglied staan voor God met sy nood. Hy bring sy nood na God toe. Hy ken net hierdie pad, want daar is nie 'n ander moontlikheid nie. Hy wag vir God, want hy glo dat God sal hoor en sal antwoord. Daar is nie iemand anders wat dit sal kan doen of sal wil doen nie. Rondom die mens van die klaaglied is daar ander mense. Maar van hulle ervaar hy haat. En dit is haat sonder rede. Hulle beskuldig hom vals, hulle beledig en verkleineer hom. By al sy ander ellendes kom die spot van sy vyande, spot wat deur hom sny en die lewe byna ondraaglik maak. Daarom is die gebed van die mens wat in die klaaglied voor God kom staan, 'n gebed om bevryding van die vyande, 'n bevryding wat sal beteken dat sy lewe gered word. Daarom gaan dit, om die lewe voor God.

Jesus het die mens voor God geword, die een mens wat voor God mens kon wees soos God dit in die begin met die mens bedoel het. Dit was die rede vir die haat wat Hom getref het. Hierdie haat het hoofsaaklik gekom van mense wat self geglo het dat hulle God se mense is. Dit was 'n saak van God se mense teen die Mens van God: *Hulle het My sonder rede gehaat.* En daarby kom dan dat die mense wat aan Jesus behoort, sal deel in die haat wat teen Hom gerig is. Dissipelwees beteken om daardie pad te loop, die pad by die kruis en die graf verby. Daardie pad was die keuse van God vir die mens. Jesus was God se keuse vir ons.

Glo jy dit en loop jy die pad?

Gesang 387: 1 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

15 Maart ***Begaande Jesus*** **Psalm 69: 6-14; Johannes 2: 13-22**

Die mens in die klaaglied weet dat hy aan God behoort. Dit is hoekom hy by God kla. Hy ervaar die vyandskap teen hom as vyandskap wat terselfdertyd teen God gerig is. En hy is hartstogtelik begaan oor die plek waar God teenwoordig wil wees, die huis van God, die tempel. Vir hom is die tempel die plek waar God en mens mekaar ontmoet. Hy weet God is teenwoordig in die tempel, nie sigbaar

nie, maar werklik. Sy gebed tot God is dus 'n gebed nie net vir homself nie, hy waag dit om ook oor God se saak te pleit. Hy ly omdat hy die huis van God liefhet.

Jesus reinig die tempel met die gesag wat Hy het. Pas tevore by Kana, het Hy *sy heerlikheid laat blyk*. Dit beteken dat Hy gewys het dat Hy Koning is in die koninkryk van God. God die Koning het die mens Jesus Koning gemaak. En hier by die tempel tree Hy op met die gesag wat Hy as Koning het. Hy is begaan oor die huis van God, *die liefde vir u huis verteer my*, en Hy herstel die tempel tot die doel waarvoor dit daar is. Maar terselfdertyd gee Hy aan die woord *tempel* nuwe betekenis. Hy praat van sy liggaam wat die ware plek van ontmoeting tusen God en mens sal word. Klipmure sal afgebreek word, die tempel sal finaal verwoes word, Hyself sal doodgemaak word. Maar na drie dae sal daar 'n nuwe tempel wees, die opgestane Heer. En wie in Hom glo, sal elke oomblik in ontmoeting met God verkeer, sal weet dat sy eie liggaam ook tempel geword het waar God teenwoordig wil wees.

Onthou dit, onthou dit vandag, elke oomblik.

Gesang 435: 1 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

16 Maart ***Dors Jesus*** **Psalm 69: 15-22; Johannes 19: 28-30**

Die mens in die klaaglied voel hoe hy verswelg word. Hy teken dit met beelde wat spreek van angs en ontsetting. Hy is besig om weg te sak in die modder, om deur 'n vloed meegesleur te word, om te verdwyn in bodemlose waters. In sy gedagtewêreld is hy al in die bek van die groot put, die doderyk. Die groot donker is baie naby en hy voel baie alleen. En steeds is die vyande daar. Hy ontvang geen meegevoel nie, niemand probeer hom troos nie. Inteendeel, hulle gee gif vir sy honger, asyn vir sy dors. Hy is 'n hulpelose mens, vol pyn.

Jesus was dors. Dors was deel van die sterwe aan 'n kruis. Maar hierdie dors van Jesus omvat alle dors van alle tye. Dit is die dors van die mens voor God. Agter lê 'n geskiedenis van dors, die dors van die volk van God in die woestyn, die dors van soveel mense in soveel omstandighede, die dors van Jesus by die fontein van Jakob.

Maar daar is ook 'n ander dors, die dors na God waaroor Psalm 42 praat. Hierdie dors is die dors van die mens voor God, die mens wat kla en roep. Jesus ontvang die suur wyn wat vir Hom aangebied word en Hy sê: *Dit is volbring*. Wat is volbring? Sekerlik nie sy dors nie. Dié was daar nog, en miskien was dit erger. Nee, wat volbring is, is die hele pad wat Hy moes loop om dié mens voor God te wees. Die struktuur van die klaaglied is vervul in Jesus aan

die kruis. Die groot vraag bly staan: Wat van die lewe? Verdwyn die lewe in sy geheel hier waar God en mens onverbiddelik teenoor mekaar staan, hier waar die magte die oorhand kry?

Jy weet dat die magte nie die laaste woord gehad het nie, jy weet dat God van die *nee* van die wêreld sy groot *ja* gemaak het. Daarom lewe jy en sal jy lewe.

Gesang 387: 2 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

17 Maart ***Verlate Jesus*** **Psalm 22: 1-11; Markus 15: 33-39**

Psalm 22 is een van die merkwaardigste liedere in die Psalmboek. Dit begin as 'n klaaglied en dit eindig as 'n loflied. Midde-in vers 22 slaan dit oor. Daar word nie gesê wat die posisie verander het nie, net dat die Here sy gebed verhoor het. Die deel wat klaaglied is, is egte klaaglied, met beelde wat 'n mens in die hart gryp. Hier is 'n bedreigde mens aan die woord, 'n mens wat hom nie net teenoor vyande bevind nie maar wat ook voel dat hy sonder God is. God het hom verlaat, hy kry nie antwoord op sy hulpgeroep nie. God is ver van hom af. En dan kom die oorgang, die totale verandering van klag na lof. Nou word met dieselfde emosie die lof van God besing. Die verlossingsdaad moet van geslag tot geslag betuig word: die Here het dit gedoen.

Jesus gebruik die beginwoorde van Psalm 22 aan die kruis. Hy voel Hom totaal verlate. Hy het gekom by die dieptepunt van sy lyding. Hy loop die pad enduit wanneer Hy die laaste asem uitblaas. Dit dóén Hy, dit is sý daad om die laaste asem uit te blaas. Daarmee sluit Hy die klaaglied van sy lewe af. Die struktuur van die klaaglied is vervul. Jesus is mens voor God in sy roep tot God.

Maar daar het dit nie geëindig nie. Die vroue wat sy liggaam wou gaan balsem om dit vir die dood te bewaar, het 'n leë graf gevind. Die klaaglied het 'n loflied geword. Daar het vervulling gekom vir die mens voor God.

Jy mag mens wees soos God dit bedoel het. Jy vind jou vervulling as mens wanneer jy God loof en dank.

Gesang 389: 2, 3 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

18 Maart ***As tyd jou nie bang maak nie...*** **Prediker 3: 1-8**

As tyd jou nie bang maak nie, verstaan jy nie wat tyd is nie. So sê die gevierde teoretiese fisikus, Erwin Schrödinger. Tyd is inderdaad iets waarvan 'n mens moeilik rekenskap gee, soos water deur die vingers. Die tyd gaan so

gou verby! Die tyd is so meedoënloos. 'n Mens word oud en jy sterf. Dit is die proef op die som van menswees in die tyd.

Ons horlosies (wat tyd tot op 'n bepaalde punt kan struktureer en orden) is eintlik abstrakte instrumentjies. In ons verleentheid voor die vervlietendheid van die tyd bring die horlosie valse gerusstelling oor 'n beheer van tyd. Vals, omdat tyd in terme van gevoel so glibberig is (vergelyk byvoorbeeld wanneer jy baie moeg is en jy slaap vir agt ure, maar dit voel soos vyf minute) en juis as abstraksie gekoppel is aan ons bewussyn (die ses ure in die teater voel soos slegs twee sekondes, vanweë die pasiënt se bewussynsverlies).

Dit is juis die probleem met die mondige mens se tydsopvatting. Ons dink ons het tyd in beheer. Ons gebruik tyd as instrument. Alle stelsels funksioneer volgens hierdie abstraksie wat ons tyd noem. En dít gee 'n enorme gejaagdheid af. Ons is almal slawe van ons horlosies, ek en jy. Alles werk met tyd: van die kook van 'n eier tot die groot ekonomiese stelsels van die wêreld werk met tyd. Ons is so besig om met tyd te werk, in tyd klaar te probeer werk, betyds te probeer wees, oortyd te werk, tydige bydraes te lewer, dat ons vergeet om oor die tyd self na te dink. In ons gejaagdheid om in tyd te wees, gaan die tyd by ons verby sonder dat ons dit besef.

Ja, tyd is vir ons ondenkbaar sonder ons horlosies. Die Prediker, as 'n denker van sy eie tyd, het egter 'n ander perspektief op tyd gehad. Hy het geen horlosie gedra nie. Hy het nie kennis gedra van tyd as 'n abstraksie waarvolgens die wêreld georden kon word nie. Vir die Prediker is tyd 'n binnewêreldse saak: hy ken slegs lig en donker, hitte en koue; hy weet van dag en nag en winter en somer. Sy tydsopvatting is streng waarnemingsgebonde. Dit is die Prediker se begrip van tyd. Wanneer hy praat oor tyd, praat hy vanuit die waarneming van die bepaalde tyd. Tyd is iets wat kom en gaan. Binne die bepaalde tyd neem hy waar dat niks vir ewig hou nie. Tog het die Prediker ook 'n begrip van die onbepaalde tyd. Hy weet dat daar 'n tyd buite sy waarneming van tyd is. Hy hou rekening met daardie soort tyd, die onbepaalde tyd. Juis binne sy verrekening van die onbepaalde tyd vertoon die bepaalde tyd as so 'n futiele gejaag na wind.

Dink ons nog aan die onbepaalde tyd? Of is ons horlosiegebaseerde abstraksie van tyd besig om ons heeltemal van die gedagte van die onbepaalde tyd te vervreem? Kom ons sê dit anders: dit help nie jy is altyd op tyd en betyds, maar het geen begrip van die ewigheid nie. Is dit nie dalk 'n groot ellende van ons tyd dat ons nie meer weet wat tyd is nie? Dat ons instrumentele begrip van tyd die werklik-ewige aard van tyd as't ware kamoefleer? Ons abstrakte begrip van tyd is nie minder bepaald as die Prediker se waarne-

mingsgebonde begrip van tyd nie. Die verskil tussen ons en die Prediker is egter dat hy ook oor die onbepaalde tyd nadink terwyl hy in terme van sy eie waarneming oor die bepaalde tyd nadink. Ons het skynbaar vandag slegs eerbied vir tyd as 'n instrument vir stiptelikheid en orde. Die Prediker, daarteenoor, het eerbied vir tyd as werktuig van die ewigheid.

Dalk, in hierdie gejaagde, tydrowende lewe, moet ons weer ruimte laat vir nadenke in die bepaalde tyd met die oog op die onbepaalde tyd. Per slot van sake is 'n mens maar net vir 'n kort rukkie kind van jou tyd.

Gesang 570: 1, 2 ***Dr CJ Beukes*** ***Weltevreden***

19 Maart ***Objektiewe onreg*** **Miga 7**

Die profeet Miga was 'n tydgenoot van die profeet Jesaja. Soos Amos, was hy 'n landelike soort karakter wat sy profesie aards, reguit en eenvoudig gebring het. Juis as 'n plattelandse soort mens het hy die uitbuiting en onderdrukking van die armes intens raakgesien, iets waarvoor die stedelinge van sy tyd (volgens Jesaja) al in 'n groot mate gedesensiteer was.

Miga was bitter en meedoënloos in sy veroordeling van die sosiale onreg wat daar in sy tyd te bespeur was. Hy sluit in hierdie verband aan by Amos, Hosea en Jesaja self. Kyk ons in verse 1-6 hoe omvangryk die onreg en verval was, van korrupsie en uitbuiting tot by moord, verstaan ons ook Amos se opvatting dat die onreg *oral* is. Binne 'n konteks van geil onreg is daar eintlik nie meer regverdiges oor nie. Almal is skuldig. Selfs diegene wat die onreg stilswyend verdra, is skuldig aan die onreg. God veroordeel volgens Miga altyd die onreg. Onreg kan geen aanspraak hê voor God nie. Onreg kan op geen wyse voor God gerasionaliseer word nie. Onreg is volgens Amos iets wat juis objektief (dus deur enige iemand, op enige plek, in enige stadium van die geskiedenis) onmiddellik herkenbaar behoort te wees. Dit is in terme van Amos se verwysingsraamwerk oor onreg onmoontlik om byvoorbeeld die uitspraak te maak dat die arm man se ellende die ryk man se wins is, of dat die een se terroris die ander se vryheidsvegter is. Onreg is onreg en as sodanig herkenbaar. Moord is moord. Uitbuiting is uitbuiting. Om vanuit 'n subjektiewe perspektief verskoning daarvoor te probeer maak, is net so erg as die moord of die uitbuiting self.

Ons leef in die bloeityd van die sogenaamde etiese relativisme, wat beteken dat onreg 'n saak is wat telkens subjektief of relatief of kontekstueel ondersoek en beoordeel moet word. Volgens die etiese relativisme is dit dus nie moontlik om

langer oor onreg as verskyning iets te sê nie. Onreg is altyd relatief. 'n Mens kan onreg net in 'n bepaalde, relatiewe konteks as onreg herken en daarom moet onreg vanuit verskillende hoeke en kante bekyk word. Ons leef egter in 'n tyd van akute sosiale terreur waar gebeure soos die aanvalle op New York en Washington op 11 September 2001, deur sommiges as verskoonbaar geag word, gegewe byvoorbeeld die Verenigde State se inmengerige soort buitelandse beleid. Volgens 'n relatiewe opvatting van onreg was die aanvallers nie werklik skuldig aan onreg nie, maar het hulle bloot gereageer op 'n soort buitelandse beleid wat hulle vanuit hulle eie subjektiewe en relatiewe ervaring as vyandig of problematies ervaar het. Die feit dat duisende mense daardie dag wreed vermoor is, is nie so 'n groot onreg as 'n mens in ag neem hoeveel onreg die VSA self al teen byvoorbeeld Midde-Oosterlinge gepleeg het nie. Hierdie soort standpunt het dramatiese en verreikende gevolge om enigsins nog iets betekenisvol oor God se afwysing van onreg te probeer sê. Gelukkig is die etiese relativisme besig om in diep vaarwaters te beland in die filosofiese gesprekke van ons tyd. Meer en meer filosowe gee toe dat minstens sommige verskynings van onreg onbemiddeld, onverdund en onmiddellik – dus objektief – as onreg herken en uitgewys behoort te word.

Onreg is iets wat objektief en seker, *verum certum*, soos die Middeleeuse filosowe gesê het, as onreg herken behoort te word. 'n Profeet soos Miga herinner ons juis aan die objektiewe geldigheid van onreg. Hy roep ons op om die onreg te herken en ons teen die onreg te wend, sodat ons nie deur ons verdraagsaamheid teenoor die onreg self skuldig word aan onreg nie. Moet dus nie verskoning maak vir onreg nie. Waar jy dit teëkom, sal jy dit herken en moet jy dit aanspreek. Moenie deur jou gelatenheid oor of verskoning van onreg self skuldig wees aan onreg nie. Moenie stil bly oor onreg nie. Moet jou veral nie deur die tydgees van die etiese relativisme laat verlei om te dink dat daar nie iets is soos objektiewe onreg nie. Dit was die boodskap van Miga aan die hoorders van sy tyd, wat ook in ons tragiese tyd, die era van die terroris, weer en weer gehoor moet word.

Psalm 25: 3 ***Dr CJ Beukes*** ***Weltevreden***

20 Maart ***Die saad wat vanself groei*** **Markus 4: 26-29**

Annes Nel sê in sy boek *Op soek na God... buite die kerk?* dat in Europa sowat 35 000 mense per Sondag die Christelike kerk verlaat. In Suid-Afrika weet ons verlaat baie mense die kerk en neem lidmaatgetalle heelwat af.

Boonop leef ons in 'n land waarin moord en doodslag en korrupsie alledaags geword het. Dit laat 'n mens wonder hoeveel invloed die kerk werklik op en in die samelewing het. Ons sien en beleef eintlik baie min van die koninkryk van God vandag.

Ons sou dit tog so graag anders wou hê. Ons sou graag die kerk wou laat groei sodat meer en meer mense Christus leer ken en volgens God se wil leef. Dit laat 'n mens wonder wat ons kan doen om die gety om te draai. Hoe kan ons nou die koninkryk weer laat groei en herlewing laat plaasvind? Hoe kan ons die evangelie meer slaankrag gee?

Maar in hierdie kort gelykenis van die selfgroeiende saad hoor ons iets anders. In die gelykenis vertel Jesus ons dat die koninkryk van God, die heerskappy van God se groei, heeltemal in die hande van God is. Iemand ('n boer) gaan saai saad op die land. Weerloos en uitgelewer, soos saad op die dorre aarde, so is die koninkryk van God, as't ware uitgelewer aan die elemente. Maar wat doen die boer? Hy gaan slaap en staan op, dag na dag. Hy gaan bloot voort met sy daaglikse roetine. Die saad ontkiem en groei, en op 'n bepaalde tyd bring dit 'n oes voort. Dát dit gebeur, weet hy. Hóé dit gebeur, weet hy nie. Al wat hy weet, is dat dit gebeur. *Vanself* bring die aarde die vrug voort. En dan begin hy oes.

Só sê die Here is die koninkryk van God. Dis baie keer nie vir die blote oog sigbaar nie en dit lyk soms of dit aan die verloorkant is. Maar tog is dit onweerstaanbaar, want dit is God se saad en God se groeiproses. En Hy laat die saad van die koninkryk groei op sy tyd en sy manier.

'n Mens kan nou baie maklik dink dat ons dan niks hoef te doen nie, en moet wag dat God alles doen. Tog is dit nie wat in die gelykenis staan nie. Die boer saai en samel die oes in. Hy doen sy deel en hy laat God toe om sy werk te doen. Die boer saai soos hy moet, en dan gaan slaap hy! Wanneer die oestyd daar is, dan steek hy die hande uit die mou en samel die oes in.

Die kort gelykenis wil ons eerstens troos dat die groei van God se koninkryk in veilige hande is. Dat God op sy manier en op sy tyd laat groei soos Hy wil. Hoe dit gebeur, weet ons ook nie, en ons hoef ook nie te weet nie.

Die kort gelykenis wil ons egter ook waarsku om nie agteroor te sit en niks te doen nie. Ons moet die saad van die evangelie saai en wanneer die land sy oes lewer, moet ons dit insamel. Maar ons moet ook geduldig wag. Ons moet leer dat die groei van die koninkryk uiteindelik in die hande van God self is. Soos die apostel Paulus dit stel: *Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het* (1 Kor 3: 6).

Ges 478: 3 ***Ds Kobus Celliers*** ***Brits***

Soms ervaar 'n mens dat God jou vergeet het, of dat God net nie meer omgee nie. Soms beleef 'n mens soveel ellende, dat dit baie moeilik is om nog vas te bly hou aan God. Dan voel 'n mens ook nog skuldig omdat jy twyfel en half ongelowig voorkom.

Die boek Klaagliedere bestaan uit vyf liedere. Elkeen van hierdie liedere, behalwe lied 5, word ingerig volgens die Hebreeuse alfabet. In die 1933-vertaling kan 'n mens dit nog baie duidelik lees. Die gedagte daarmee is bloot dat dit die onthou van die gedigte makliker maak en dat dit verseker dat niks bygevoeg kan word nie.

Israel het alles gehad. Hulle was 'n voorspoedige en in 'n sekere mate ook 'n vroom volk. Hulle het gereeld gehoor dat God aan hulle kant is en dat Hy hulle nooit in die steek sal laat nie. Hulle land, hulle stad Jerusalem, hulle koning en hulle tempel was tekens, simbole daarvan dat God aan hulle kant is. En hulle het werklik geglo dat God hierdie dinge aan hulle gegee het, en dat dit nooit van hulle weggeneem sou word nie.

En toe gebeur dit. In 586 vC neem koning Nebukadnesar se leërs die onoorwinlike Jerusalem in, neem die koning gevange en vee die tempel met die aarde gelyk. Hoe kon God toelaat dat hulle stad, hulle koning en hulle tempel vernietig word?

Klaagliedere is 'n bundel liedere wat iets van hierdie swaarkry en ellende en vertwyfeling van die volk wil weergee. Israel het nie meer fisiese tekens oorgehad dat God vir hulle goed is nie. Daar was niks meer vir hulle om te kon wys dat God nog omgee nie.

Dis veral lied 1, 2, 4 en 5 wat hierdie ellende van die volk beskryf, terwyl lied 3, die derde hoofstuk, die kern van die boek Klaagliedere vorm. Die lied spreek van hoop binne hierdie ellendige situasie.

Die lied besing iets van die digter se ontnugtering met God. Hy beweer God het verander. God het teen sy volk gedraai, en daarom voel hy erg verlate en eensaam.

Maar in plaas daarvan om daar op te hou, doen hierdie digter eintlik iets baie anders. Hy vlug na God toe. Hy sê dat ten spyte van sy vertwyfeling en ontnugtering hy tog maar op God bly hoop en dat God goed en barmhartig is. Hy wag geduldig op God. Hy vertrou God vir uitkoms.

Sowat 500 jaar later sou daar ook iemand wees wat uit pure eensaamheid en verlatenheid op 'n heuwel buite Jerusalem sou uitroep: *My God, My God, waarom het U my verlaat?* Dáár was ook iemand wat onskuldig só sou ly.

Ons kry nie antwoorde oor hoekom dié dinge met ons gebeur nie.

Alhoewel dit die skrywer van Klaagliedere se oortuiging was dat die lyding as gevolg van hulle sonde is, is dit ook waar dat hy dit beleef dat hulle sonde darem nie dié soort lyding regverdig nie.

Ons kry nie al die antwoorde op ons vrae oor en van God nie. God het egter sy hart aan ons geopenbaar. God het ons gewys dat sy trou en sy liefde nooit verander of verdwyn of kwyn nie. Hy het ons gewys dat Hy selfs sy Seun stuur om die straf vir ons oortredinge te dra en om die dood vir ons te oorwin. Daarmee wil God ons verseker van sy liefde en genade.

Daarom kan ons in ons lyding steeds op God bly hoop en wag op die uitkoms van die Here. En ons wag met geduld op die Here se uitkoms. Soos die digter se belydenis in vers 24: *Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.*

Want dis ook die Here wat self beloof het dat Hy met ons is, al die dae tot die voleinding van die wêreld. Dis ook die Here in wie se naam ons gedoop is. Wat ons groet met die belofte dat Hy ons sal seën en beskerm, dat Hy tot ons redding sal verskyn en dat Hy ons gebede sal verhoor.

Gesang 200: 2 ***Ds Kobus Celliers*** ***Brits***

22 Maart ***Eina, ek kry seer ...*** **Johannes 15: 1-8**

Niemand hou daarvan om seer te kry nie. Soms is dit onvermydelik dat ons seergemaak word. Een aand dié week doen ek huisbesoek by 'n pragtige tannie in haar sewentigs. Sy vertel my hoedat die dokters toetse op haar moes doen toe sy hospitaal toe is. Veral een toets was baie seer, toe hulle van haar rugmurg en ook beentjies van haar werwels moes neem as monsters vir die toetse.Toe die dokter klaar was met die toetse, het sy die tannie om verskoning gevra: *Jammer, tannie, ek weet dit was baie seer. Ek sou nie graag self eers hiérdie toets wou deurgaan nie ...*

Tog is dit soms nodig dat ons seerkry. In die eerste helfte van hierdie jaar is daar 'n duiselingwekkende aantal van ons lidmate, vir wie ons almal lief is, in hospitale opgeneem. Sommige vir toetse, ander vir operasies. In baie gevalle het die toetse en operasies juis hulle lewens gered. Om te kon lewe, moes hulle seergemaak word. Bloed moes getrek word. Snitte moes gemaak word. In een geval moes penne in die bene en krammetjies in die hande gesit word. As ons kon kies, sou ons nie een van hierdie prosedures wou deurgaan nie. Maar as dit ons lewe kan verleng of ons lewensgehalte kan verbeter, weet ons dit moet eenvoudig gebeur.

Telkens as ek iemand in die hospitaal besoek, net voor 'n groot operasie,

kan ek sommer die angs en bekommernis sien. Soms vertel mense vir my hoedat hulle die week vóór die operasie skoon onrustig is en sleg slaap en van bekommernis sommer nors en beduiweld raak – baie keer met huismense. Dít alles omdat ons bang is.

Teen dié agtergrond moet ons weer kyk na wat Jesus in Johannes 15: 1-17 sê. Die Vader is die boer wat die wingerd snoei. Elkeen van ons is in Jesus se liefde, soos lote aan die wingerdstok. As die lote nie gesny word nie, sal hulle waardeloos wees en uiteindelik sterf en selfs in die vuur val. Daarom is dit nodig dat ons soms in geloof ook seerkry. Ons word gesnoei om selfs beter vrugte te dra. Ons lewe bly behoue solank ons vir die Vader vrugte dra. Jesus gee ons die krag om vrugte te dra. Hy *deurstroom, besiel, en seën* (Liedboek 273: 1) ons en gee aan ons die *lewensvolheid* (273: 3) waarna ons smag.

Julie is snoeityd in jou tuin. Jy moet teen die einde van Julie jou roosbome snoei as jy wil hê dat hulle mooi blomme moet dra en sterk plante moet bly. As jy jou vrugtebome snoei, sal die vrugte voller en soeter wees. Jou bome sal jou meer vreugde gee en langer lewe.

En as die Here my en jou vandeesmaand kom snoei? Dalk sny God iets van jou af waarop jy altyd staatgemaak het: 'n besitting, 'n troeteldier, 'n ledemaat, 'n vriendskap, jou werk, gesondheid, of die heel skrikwekkendste moontlikheid, 'n lewensmaat of selfs 'n ander geliefde. Dit sal seermaak. Maar selfs wanneer ons seerkry, weet ons dat God se bedoeling met ons liefdevol is. Daarom sal ons, nes die bome waaraan ons ook knip, altyd die Boer wat aan ons snoei verheerlik deur ons blymoedigheid ín hartseer. Ten spyte van ons omstandighede leer ons dus bid, soos Jesus in Johannes 12: 27 en 28 sê: *Vader, verheerlik u Naam!*

Gesang 273: 1 ***Ds Bertus van Niekerk*** ***Carletonville***

23 Maart ***Die bonatuurlike?*** **Markus 5: 1-12**

Bloed, perverse praktyke, grillerige goed soos kopbene en strooipoppe. Deel van die een of ander grilfliek? Vir baie van ons is dit geen werklikheid nie. Ons hou ons nie op met sulke dinge nie. Tog is daar duisende mense wat grilboeke lees en na sulke flieks kyk. Musiek met hierdie strekking is natuurlik legio. Dink maar aan titels wat vrygestel is en u sal besef daar moet 'n mark vir dié soort goed wees. Vervaardigers sal tog nie aanhou om sulke flieks te maak, boeke uit te gee en musiek vry te stel as daar nie duisende mense is wat 'n dors daarna het nie.

Hoekom het mense tog so 'n behoefte aan die afskuwelike? Openlike sataniese temas. Dink maar aan *Nightmare on Elm Street*, *Demonic Toys* en *Bewitched*. Duidelik hoor u dat dié soort stof waarvan ek praat, beslis nie Harry Potter is nie. Net die titels laat jou al regop sit. Hierdie soort goed gaan oor demone, bose magte en hekse wat allerhande magte en kragte het wat ons gewone sterflinge nie besit nie. Ek dink mense hou hulle, miskien aanvanklik, uit blote nuuskierigheid oor die bonatuurlike met sulke onderwerpe besig.

Wat weet ons van die bonatuurlike in die jaar 2005? Ek wil dit waag om te sê: nog maar presies dieselfde as in Markus se tyd. Eintlik maar niks. Ja, ons weet so min van God af, hoe wil ons nou nog Satan en al die magte en kragte wat daar dalk mag wees, ken?

In Markus se tyd is geglo dat siektes, gebreke en geestestoestande deur 'n bose gees veroorsaak word wat van jou besit neem. Daarom sal ons telkens lees dat 'n siektetoestand wat ons vandag kan diagnoseer byvoorbeeld as epilepsie of skisofrenie, die gevolg was van 'n bose gees. In Markus 5 word gepraat van 'n man met 'n onrein gees, bedoelende 'n man besmet met 'n bose gees. Duidelik 'n geestesversteurde wat deur die gemeenskap 'n uitgeworpene gemaak is. Jesus laat die demone in die trop varke invaar wat die krans afstort en versuip. Jesus het een mens so lief dat Hy ten koste van die varke (ook sy skepping) en die eienaars (2 000 varke is 'n aardige bedrag) die bose geeste uit die mens laat gaan. So moet ons ook niks ontsien nie om hierdie goed uit ons lewens uit te kry. En daar is maar net een manier: om by God te wees.

Markus het vir ons hierdie verhaal opgeteken juis om te sê dat Jesus alle mag het. Ook oor die bose geeste. Sy verskyning, sy naam laat die boosheid bewe. Wat wil jy dan van hierdie goed uitvind? Die boosheid is afskuwelik, en verwoes menselewens.

Vir Markus is Jesus die evangelie, HY is verteenwoordiger van die goeie nuus oor die koninkryk van God deur sy lewe. Deur die evangelie is die Here in sy gemeente teenwoordig. Jesus is sowel die een wat die evangelie bring as die evangelie self. Daarom dat Jesus vir hierdie man sê: *Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het.* Jesus red hierdie mens uit sy ellendige bestaan van sonder enige mens wees en stuur hom na mense toe, sy huis. Hy bevry hom van die bose geeste wat hom in afsondering gehou het om saam met sy mense te mag wees in die naam van Jesus.

Is dit nie die goeie nuus om te hoor in hierdie lydenstyd nie? Net soos wat Jesus ter wille van een mens niks en niemand ontsien het om hom te red nie, net so het Hy die lydensweg tot in die hel geloop om jou te red. Hy het die

sonde, Satan, boosheid, demone, die dood en die hel oorwin. Jy hoef niks verder daaroor uit te vind of jou daarmee besig te hou nie. Jesus Christus is die Seun van God die Allerhoogste. Dit is waarmee ons moet besig wees. Die genade, barmhartigheid en die liefde van God!

Gesang 525 *Ds A van Zyl* *Vrede*

24 Maart ***Die Here twis nie met ons oor sonde nie*** **Psalm 103**

Hoe dikwels sê ons: dit is die genade van die Here. Wanneer ons dit sê, bedoel ons daarmee dat God vir ons gegee het of gesorg het sonder dat ek en jy dit verdien het. Psalm 103, 'n lof- en dankpsalm, verduidelik vir ons presies wat die weldade van God is. Die digter wil ons vertel dat God se handelinge met sy volk deur 'n besondere gesindheid gekenmerk word. Die Here is barmhartig en genadig, lankmoedig en vol liefde.

Die digter ken mense maar te goed, daarom spel hy wat liefde en ontferming van God behels konkreet uit vir die lewe van Israel: die Here twis nie meer met ons oor ons sonde nie. Hoekom twis die Here nie meer met ons oor ons sonde nie? Hy het hierdie sonde weggeneem, verwyder, uitgevee (vers 12). Hierdie gedig gaan dus oor die gesindheid van die Here: liefde en ontferming, met ander woorde genade! Dit is dieselfde gesindheid wat God sy Seun op die lydensweg laat stuur het. Hierdie gesindheid is die krag agter die koms van Jesus Christus om te ly en te sterwe. Die wese van die Vader is liefde en ontferming. Psalm 103 sê genade beteken die verwydering, wegvee, uitvee van sonde. Jesus Christus se kruisdood is die wegvat, verwydering en die uitvee van ons sonde. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Sy liefde en ontferming is vir dié wat Hom dien. Vir ons wat op pad is na sy kruis, is die wese van God liefde en ontferming. Net soos wat ons aan die nagmaaltafel sy dood gedenk, doen ons dit op die lydensweg.

Natuurlik hoor ons ook die digter: ek, sondaarmens, is soos 'n blom waaroor die woestynwind waai. Nietig, verganklik, sondig. Sy liefde, daarenteen, is onverganklik.

Niemand kan die kruis ongedaan maak nie. God se genade het tot by ons gekom.

Gesang 103 *Ds A van Zyl* *Vrede*

25 Maart *'n Storie* **Johannes 9: 1-12**

U het in die koerante gelees van kinders, onder andere 'n baba van nege maande, wat deur hulle ouers mishandel is. Daar gebeur baie dinge in hierdie lewe wat 'n mens nie verstaan nie. Wat is tog die sin van dit alles?

God is veronderstel om almagtig, alwetend te wees. Waarom lyk dit dan of Hy soos 'n toeskouer op die kantlyn staan? Jy hoor Hom nie. Jy sien Hom nie. Jy weet nie van Hom nie.

As 'n mens na hierdie wêreld kyk, sien jy seerkry, swaarkry. Mense lieg vir mekaar. Mense verneuk mekaar. Slegtigheid, verkeerdheid, lelikheid, mensheid – dit bestaan. Die Bybel noem dit sonde. Sonde is dat jy God haat en ook jou medemens haat (Heidelbergse Kategismus). Sonde is werklik, dit bestaan. Dit is geen storie nie.

Die aanklag teen God dat Hy nie op 'n bepaalde wyse kan of wil ingryp nie, beteken nie dat Hy maar net alles toelaat nie. God is en bly die aanwesige God. Sy vermoedelike afwesigheid is slegs een wyse van sy aanwesigheid. Die sprekendste voorbeeld is Christus aan die kruis. Ten spyte daarvan dat Jesus uitroep dat God Hom verlaat het, was Hy teenwoordig, handelend om ons sondes weg te neem. Natuurlik was God daar, Hy het dan in Christus die sonde veroordeel.

Sonde, mensheid, selfsug, lelikheid bly die werklikheid van hierdie lewe. Almal van ons, klein en groot, jonk en oud, lelik en mooi, ryk en arm, siek en gesond, is sondig. Dit maak nie saak wie jy is, wat jy doen of waar jy woon nie. Ellende en rampe tref ieder, juis omdat die God wat hemel en aarde gemaak het, regverdig is. Nie een van ons kan die eerste klip optel nie. Al hierdie dinge wat om ons gebeur, is die gevolg van jou en my dade. Dit is nie God se skuld omdat Hy afwesig of onregverdig is of my straf vir my sonde nie. Nee, dit is my skuld, my sonde. 'n Baie wyse woord het gekom van die teoloog Dietrich Bonhoeffer: die voorwaarde vir die gemeenskap van die heiliges, is die gemeenskap van die sondaars. Dit is juis in die heilige gemeenskap waar mense met serebraalverlamde kinders, mense wat alles deur rampe verloor het, mense met seer, saam met die gemeenskap van sondaars vertroos kan word deur die kruis – daar leer ons van die liefde van die verborge God. God is. God is regverdig. God is liefde. God is in beheer.

Gesang 387 ***Ds A van Zyl*** ***Vrede***

26 Maart *'n Naam* **Filippense 3: 1-4: 1**

Die werklikheid van hierdie lewe gaan oor 'n naam. Dit maak nie saak wat

jy doen nie, jou naam verkoop wat jy ook al bemark. Of jy nou 'n diens lewer of 'n koek bak. Dink maar aan die groot en bekende handelsname van produkte wat ek en jy gebruik. Onbekende name sukkel om te verkoop, al is die inhoud identies aan die bekende, dikwels duurder naam. Dit is goed om dit wat jy doen na die beste van jou vermoë te doen. Jammer tog dat ons strewe na 'n naam dikwels 'n baie duur prys vra.

Die verhaal wat Paulus oor homself vertel, skryf hy uit die tronk aan die gemeente in Filippi: Paulus was nie net 'n vrome Jood en toegewyd aan die Joodse wette nie, maar ook 'n hooggeleerde en goed opgeleide teoloog met 'n skitterende loopbaan voor hom. Bes moontlik was hy op pad om self 'n geëerde leermeester en dalk nog 'n lid van die Joodse Raad te word. In elk geval was hy 'n gerespekteerde volksfiguur en 'n leier van sy mense. Hy het vir homself naam gemaak. Volgens menslike standaarde was hy duidelik iemand. In die gedeelte van die brief waaruit ons gelees het, vertel Paulus dat daar in sy lewe 'n omkering van alle waardes plaasgevind het. Hy het sy prioriteite verander. Wat belangrik was, dra nou geen gewig nie. Wat getel het, ag hy nie meer nie. Wat tevore sy roem was, beskou hy nou as skadelik.

Christus het nuwe sin, 'n nuwe waardestelsel, 'n nuwe koers in sy lewe gebring. Paulus bedoel hier letterlik sy lewe: dit waarvoor hy hom beywer het. In die Griekse teks stel Paulus dit baie duidelik as hy sê dat sy naam drek, uitskeiding was. Voortaan is een ding vir hom belangrik: kennis van Jesus Christus.

Dit gaan hier om ons prioriteite, ons waardesisteem. Juis in die lydenstyd is dit goed om stil te staan by ons lysies van alles wat vir ons van belang mag wees. Sewe weke lank is die kerk besig om op pad te wees na Golgota. En dan 'n totale teleurstelling: Goeie Vrydag en Paassondag is die kerk byna leeg. Dit is lang naweek, af naweek. Paulus vra ons in hierdie sesde lydensweek om 'n bietjie te kyk na ons lysies van belang. Wat beteken dit vir ons as ons bely Jesus Christus is die Verlosser? Die kerk moet daarteen waak dat dit nie 'n naam word waarmee sy besig is om vir haarself te bou nie. Kerkwees, gelowig wees gaan oor een saak: Jesus Christus.

Gesang 393 ***Ds A van Zyl*** ***Vrede***

27 Maart ***Die haan kraai...*** **Markus 14: 66-72**

Jy is mos ook een van daardie groep mense wat agter die man van Nasaret aangeloop het! Petrus, die Rots, getroue dissipel van Jesus Christus, lieg. Nee, ek is nie. Ek ken daardie man glad nie. Vir 'n tweede en 'n derde maal

ontken Petrus dat hy Jesus ken. Ek sweer ek ken nie hierdie man van wie julle praat nie. Om te sweer, beteken om God as getuie te roep. Drie maal het Petrus gejok en gemaak asof hy Jesus nie ken nie. Hy het God as getuie geroep dat hy die waarheid praat.

Petrus verloën Jesus omdat hy bang is vir sy eie lewe. Selfsugtig, onvergeeflik, sondaar. Sal God se genade vir hom genoeg wees? Ja! Petrus het die haan hoor kraai en bitterlik gehuil. Hy het besef wat sondaarwees beteken. Hy het berou gehad oor sy sonde. God vergewe hom en Petrus het nooit weer gemaak of hy Jesus nie ken nie. Hy het vir almal gaan vertel wie Jesus is en wat Hy gedoen het: net Jesus kan ons sonde wegvat.

Miskien herken ons ons eie sondaarwees in Petrus se gedrag. Laat ons dan in hierdie sesde lydensweek die haan hoor kraai. Daardie iets wat jou gewete wakker skud. Wat jy met jou gewete doen, is belangrik. Petrus het gehuil toe hy besef wat hy gedoen het. God kyk na ons harte of ons rêrig jammer is en of ons bly sê dit is nie ons nie!

Om die haan te hoor kraai en jou sondaarwees te besef, is om op pad te wees na Golgota. Ons kan maar by die kruis gaan staan met die sekerheid dat God ons volkome vergewe.

Gesang 409 ***Ds A van Zyl*** ***Vrede***

28 Maart ***Jesus word gedoop*** **Matteus 3: 1-17**

Dit was 'n belangrike oomblik in die plaasvervangende lewe van ons Here Jesus Christus, wat van begin tot einde 'n lydensweg was, toe Hy deur Johannes die Doper gedoop is. Johannes was in sy prediking nie 'n planter of 'n oester nie, maar 'n ploeër, wat die grond oopgeruk het vir die saad van die Koninkryk van die Hemel wat naby gekom het. Hy het ongenadig en diep dwarsdeur sy hoorders se lewens gesny en hy het sonder aansien van die persoon die sonde en die oordeel van God daaroor aangekondig. Na hom het die mense gekom, en vasgegryp deur sy prediking het hulle hul skuld bely en is hulle deur hom gedoop. So het hulle erken dat God se gerig oor hulle volkome geregverdig was. Hulle het dit verdien.

Johannes se optrede sou egter leeg en sonder betekenis gewees het as Jesus Christus nie as vervulling daarvan gekom het nie. Merkwaardig egter: Jesus kom na Johannes toe en vra om deur hom gedoop te word. Nie as die meerdere nie maar as die mindere. Nie as die een wat die volste reg het om die byl waarvan Johannes praat te gebruik nie, maar om self die hoof te buig om die swaarste

slag te ontvang. Aanvanklik weier Johannes om op sy versoek te doop. Hy het nodig om deur Jesus gedoop te word en nie andersom nie. Jesus dring aan: *Want,* sê Hy, *op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen.* Dit is die kern van die saak. God se wil moet geskied: God se heilswil om sondaars te verlos deur sy Seun. God se heilswil wat insluit dat sy Seun sou ly.

Deur Hom te laat doop deur Johannes, het Jesus Homself so een met ons, die sondaars, verklaar dat Hy vrywillig op Hom geneem het waaraan ons ten regte onderworpe was. In ons mensevlees het Hy na die prediker van God se geregtigheid gekom om Hom so onder die oordeel wat ons verdien, in te skuif. Hy, wat die doop van Johannes nie nodig gehad het nie, Hy verklaar deur sy ondergaan van die doop dat Hy ons, sondaars, se saak kom verdedig. So openbaar Hy die rede vir sy koms na die wêreld: om verlore sondaars op te soek en te red. Sy doop in die Jordaan was 'n profesie van die kruis wat vir Hom voorgelê het.

Deur die doop van Johannes het Hy die pad gekies wat uiteindelik op die eensame worsteling van Godverlatenheid aan die kruis sou uitloop, sodat ons wat daardie Godverlatenheid verdien het, nooit deur God verlaat sal word nie. Deur die voorwerp van die doop van Johannes te wees, het Hy die onderwerp van ons doop geword. So word ons in sy dood, maar ook in sy opstanding, ingeplant.

Gesang 391: 1 ***Prof Schalk Botha*** ***Emeritus***

29 Maart ***Jesus word versoek (1)*** **Matteus 4: 1-4**

Die gevolg van Jesus se volkome vereenselwiging met ons in ons menswees, soos openbaar word in sy keuse om deur Johannes gedoop te word, kom direk na sy doop aan die lig as Hy deur die Gees die woestyn ingelei word om deur die duiwel versoek te word. Die lydensweg wat Hy gekies het, het die versoeking ingesluit. Let daarop, die Gees van God wat by sy doop op Hom gekom het en Hom vir sy taak toegerus het, lei Hom die woestyn in. God self is hier aan die werk om sy heilsplan vir ons uit te voer. Dit gaan hier om 'n plaasvervangende versoeking, in ons plek.

Getrou aan homself, maak die versoeker soos altyd gebruik van die omstandighede en die daaruit voortvloeiende moontlike swak plekke om sy aanslag te loods. Op Jesus se hongernood spits hy sy eerste versoeking toe. Soos altyd gebruik hy die waarheid as uitgangspunt om sy strik te span: *as U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.* Natuurlik was dit waar, Hy was die

Seun van God en dus het Hy oor die mag beskik om die klippe brode te maak. Vir ons gevoel is dit net billik en feitlik vanselfsprekend dat ons ons nood sal lenig as ons oor die mag beskik om dit te kan doen. Hoekom sou dit nou verkeerd wees, sonde wees, as Jesus toegegee het aan die duiwel se versoeking? Jesus se antwoord uit Deuteronomium 8: 3 (sien ook Johannes 4: 34) sê vir ons hoekom: brood alleen, los van die Woord van God, losgemaak van God, die Skepper van brood, kan nie werklike lewe wat alleen in gemeenskap met God moontlik is, gee en onderhou nie. Natuurlik is brood belangrik om ons aardse lewe in stand te hou en wie oor brood beskik, kan die wêreld regeer; wat help dit egter jy oorwin die wêreld, maar jy ly skade aan jou siel?

As Jesus toegegee het aan die versoeking, sou Hy in die wêreld 'n broodkoning kon wees en mense, ook ons, sou brood in oorvloed kon hê. Dan sou ons egter nie van die diere verskil het nie, want voedsel, brood, is vir 'n dier lewe. Ons sou verdierlik het. Woorde wat uit God se mond uitgaan, bring 'n verhouding met die lewende God tot stand, skep orde, gee doel en sin aan ons bestaan, skep lewe. Brood alleen is niks werd nie. Dit kan ons dalk laat asemhaal en laat beweeg, maar dit voer tot niks anders as stadig doodgaan nie.

Dit is alleen woorde uit die mond van God wat werklik lewe, lewe sonder einde, ewige lewe, skep. Dit doen Jesus Christus die vleesgeworde Woord van God, wat die brood van die lewe vir ons is. Naas Hom en sonder Hom het brood, selfs in oorvloed, geen betekenis nie. Die brood wat Hy vir ons gee, sy eie liggaam en bloed, voed en laaf tot die ewige lewe en wie daaraan deel kan hê, kry nooit weer honger en dors nie.

Gesang 391: 2 ***Prof Schalk Botha*** ***Emeritus***

30 Maart ***Jesus word versoek (2)*** **Matteus 4: 5-7**

As ons Messias, as ons Middelaar, het Jesus plaasvervangend in ons plek ware en tegelyk regverdige mens kom wees. Dat dit sy vrywillige en gewillige keuse was, het by sy doop aan die lig gekom. Hy het kom wees wat ons was en kon wees, maar na die sondeval nie meer is nie en ook nooit weer uit onsself kan wees nie. Om Hom van hierdie Messiaswees en Middelaarwees te laat afsien, was die doelwit van die duiwel met elkeen van sy versoekings. Dit was deel van sy lyding.

In die tweede versoeking wil die duiwel deur 'n subtiele verdraaide ge(mis)bruik van 'n Skrifwoord (Ps 91: 11 en 12), waaruit hy 'n belangrike gedeelte weglaat, Jesus daartoe bring om van die moeilike en moeisame weg van gehoorsaamheid aan die wil van God afskeid te neem, deur die Vader te

forseer, te dwing, om in te gryp op die tyd en die wyse wat Hy as Seun wil. Die versoeker wou Jesus tot die onverantwoordelike daad bring om God te beproef en dus uit te tart. Wat die versoeker beoog het, was om die Seun te dwing om die Vader voor die keuse te stel om óf die Seun Homself te pletter te laat val, óf om die belofte van Psalm 91 waar te maak. Dit sou egter onverantwoordelike en ongehoorsame uittarting en versoeking van God die Vader wees. In Jesus se geval sou dit beteken het dat Hy ongehoorsaam en onverantwoordelik, op 'n eiewillig gekose oomblik, sónder die opdrag van God, van die tempeldak sou afspring en God verantwoordelik maak dat die saak tog nog 'n goeie afloop sou hê. Daarmee sou Hy dan eiewillig die mag en die hulp van God vir diensbaarheid aan sy wil opeis. Dan sou Hy nie meer in ons plek ware en regverdige mens kon wees nie.

Soos by die eerste versoeking, is Jesus se antwoord aan die versoeker ook 'n Skrifwoord (Deuteronomium 6: 6): *Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.* Getrou aan sy Messiaanse roeping, hou Hy Hom aan die volledige en korrekte gebruik van die Woord van God. Jesus het in alle opsigte volledig mens voor God gebly, maar dan ook regverdige mens wat aan God gehoorsaam gebly het en so in die versoeking staande gebly het. Later, in Getsemane, het sy sweet soos bloed geword in sy worsteling om te bly sê: *...nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied.* Juis egter omdat Hy so plaasvervangend in die versoeking gehoorsaam aan God gebly het, dit wil sê sonder sonde gebly het, kan Hy ons Middelaar wees en durf ons dit nou ook waag om te vra: *Laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.*

Gesang 391: 3 ***Prof Schalk Botha*** ***Emeritus***

31 Maart ***Jesus word versoek (3)*** **Matteus 4: 8-11**

In die derde versoeking kom die duiwel nie weer met Bybels-gekamoefleerde woorde om Jesus te versoek nie. Hy skep wel 'n illusie dat hy oor die wêreldse koninkryke met al hulle prag beskik, om dit te kan weggee aan wie hy wil. In feite mag dit waar wees dat hy as dief oor die gesteelde eiendom beheer het, maar volgens reg het alleen die eienaar beskikkingsreg. Die werklikheid is egter dat wat hy gesteel het nie sonder stryd van hom teruggewen sal word nie.

Wat hy egter nou doen, is om aan Jesus te suggereer: Ek sal weggaan uit die wêreld, ek sal alles prysgee, U kan dit alles kry! Net een voorwaarde geld: ... *val neer en aanbid my!* Dit kom daarop neer: erken so dat ek dit aan

U gegee het omdat ek die beskikkingsreg en -mag daaroor het om dit te kan gee. Die versoeker probeer hier as teen-God die indruk skep dat hy iets kan gee, terwyl dit in sy wese is om net te kan neem. Lewe kan hy neem, maar lewe kan hy nooit gee nie.

Jesus se antwoord is weereens 'n Skrifwoord (Deut 6: 13): *Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.* Om te meen dat jy mag oor die koninkryke van die wêreld kan bekom uit die hand van die versoeker, is 'n illusie, is vals. Waarop Jesus se antwoord neerkom, is dat 'n mens nie God kan dien met die hulp van die duiwel nie. Anders gestel: die doel heilig nie die middele nie, dit is afgodery.

Gehoorsaamheid aan God hou egter in om jouself in die hand te stel van Hom wat oor alle mag in die hemel en op die aarde beskik. Dit het Jesus hier gedoen, maar ook dit het Hy in ons plek gedoen om ons Middelaar te kan wees. Daarom is Hy die Een wat, as Hy die volle Messiaspad, wat 'n lydenspad was, geloop het, oorwinnend kan sê: *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde* (Matt 28: 18). Hy is dan ook die Een wat opdragte en beloftes kan gee soos: *En onthou: Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.*

Met Hom by ons, is ons veilig en geborge, want Hy beskik en Hy kan gee alles wat ons nodig het: genade, vergewing, verlossing, die lewe.

Gesang 391: 4 ***Prof Schalk Botha*** ***Emeritus***

1 April ***Satan in die gestalte van 'n dissipel*** **Matteus 16: 13-23**

Die versoeker het nie na sy nederlaag in die drie versoekinge verdwyn en sy pogings laat vaar om Jesus se Messiaanse werk in die weg te staan nie. Die teendeel is waar en hy het selfs die leiersfiguur onder die dissipels, Petrus, gebruik om sy doel te bereik.

Petrus, die dissipel wat as woordvoerder namens die ander dissipels pas die rotsbelydenis (vers 16) wat God self aan hom openbaar het, afgelê het, kan deur Satan gebruik word om Jesus op sy Messiaanse missie in die weg te staan. As die vorige versoekings vir Jesus na sy mensheid lyding ingehou het, dan moes hierdie versoeking, waarby hulle wat so naby aan Hom was betrokke was, vir Hom oneindig meer pynlik gewees het. Die Messiaanse gehoorsaamheid, waartoe Hy geroepe was, het egter ook dít van Hom gevra.

Nadat die dissipelkring by monde van Petrus bely het dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, dan gee Jesus tog nie aan hulle die bevel om dit aan die wêreld te gaan vertel nie. Hy gee aan hulle die opdrag om vir

niemand te vertel nie (vers 20). Dit vind ons miskien vreemd. In die opvolgende verse blyk die rede waarom Hy die opdrag tot swye gegee het. Dit blyk naamlik dat hulle inderdaad nog nie ten volle verstaan het wat dit vir Hom en hulle sou inhou nie. As Hy aan hulle verduidelik wat met Hom as die Messias noodsaaklikerwys moes gebeur (vers 21), dan is Petrus as die altyd eerste woordvoerder, dadelik gereed om die Heer selfs te berispe: *Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie.* Dit ontlok aan Jesus die verskriklike harde woord teenoor Petrus maar deur hom ook tot sy hele dissipelkring: *Moenie in my pad staan nie, Satan!* Petrus en die dissipelkring was besig met die vraag wat hulle as mense van die Messias wil hê, en nie om te bedink wat God van Hom verwag het nie. Daarom word Petrus nou 'n struikelblok vir Jesus. Petrus, wat pas tevore die rotsbelydenis afgelê het waarop die Heer sy kerk sou bou, is nou as instrument van Satan die rots van struikeling. Pas tevore kon hy hoor dat hy die ontvanger van 'n goddelike openbaring was; nou hoor hy dat hy gedryf word deur die gedagtes van mense en nie deur gehoorsaamheid aan die wil van God nie.

Ook hier slaan Jesus as die ware Messias die versoeking af om anders Messias te wees as wat God dit bedoel het. Getrou het Hy die Messiaanse pad waarvoor Hy gestuur is en wat Hy vrywillig op Hom geneem het, tot die einde toe bly loop tot aan die kruis en tot in die graf, ondanks die bittere lyding wat Hy te verduur gehad het van die familiehoofde, die priesterhoofde, die Skrifgeleerdes, die Jode, die heidene, en ook nog die verloëning en die verraad van sy eie dissipels. Kan ons daaraan twyfel dat Hy wat so trou gebly het, nooit sy beloftes teenoor ons sal versaak nie? Hy en Hy alleen het Satansmag weerstaan en beslissend verslaan. As oorwinnaar is Hy ons Messias wat ons saam met Hom oorwinnaars maak.

Gesang 391: 5, 6 ***Prof Schalk Botha*** ***Emeritus***

2 April ***Hoe moet ek liefhê?*** **Matteus 22: 34-40**

Matteus 22: 37: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.*

Op die wetgeleerde se vraag oor watter gebod die grootste is, antwoord Jesus dat dit oor niks anders as oor liefde gaan nie. Die Fariseërs het die onderhouding van die wet vir hulleself eintlik baie moeilik gemaak. Vanuit die Skrif het hulle vir hulleself 'n lys van wette gemaak en uiteindelik geëindig met 613 wette wat hulle moes onderhou. Geen wonder nie dat hulle met so 'n vraag na Jesus toe gekom het. Behalwe dat hulle vir Jesus 'n strik wou stel, kon hulle ook sommer uitsluitsel oor hierdie probleem kry.

Jesus se antwoord stel die saak baie duidelik en eenvoudig. In die eerste deel van sy antwoord stel Hy die mens se verhouding met God voorop. Wat Jesus hier vra, is niks anders nie as wat God reeds in die Tien Gebooie van die mens gevra het. Reeds in Deuteronomium 5: 9 lees ons dat God onverdeelde trou aan Hom vereis. God eis dit van die mens dat hy in alles toegewyd aan Hom sal leef. Let op die *hele...hele...hele* in ons teksvers.

God het reg om dit van ons te vra, want Hy het sy beste vir ons gegee. Sy liefde was en is steeds vir die hele wêreld (Joh 3: 16). Hy het sy enigste Seun, sy kosbaarste besitting, gegee as losprys vir sondaars.

Hoewel ons in Matteus 22: 37 lees dat God ons beveel om Hom lief te hê, gaan dit om veel meer as 'n opdrag. Dit gaan in die eerste plek om die reaksie van 'n sondaar wat dankbaar reageer op die genade van God om met ons in 'n verhouding te wil leef.

In die tweede plek gaan dit ook om die mens se redding uit sy sondeskuld, want alleen in verhouding met God kan daar redding en seën wees.

Ds BF Greyling ***Betlehem***

3 April ***Hoe moet ek liefhê?*** **Matteus 22: 34-40**

Matteus 22: 39: *Jy moet jou naaste liefhê...*

Die tweede deel van Jesus se antwoord is net so belangrik as die eerste deel. Hier lê die toets van die mens se opregte liefde teenoor God. In Matteus 25: 40 lees ons: *Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.* Die mense wat om ons is en met wie ons elke dag te doen kry, is die mense teenoor wie ons op 'n praktiese manier ons liefde teenoor God kan uitleef.

God het ons eerste in Christus geleer wat ware liefde beteken en vandag nog is dit hoe God teenoor ons optree. As dit nie daarvoor was nie, sou ons nooit in 'n verhouding met God kon leef nie. Op dieselfde basis moet ons verhouding met ons naaste wees. My gawes moet ek gebruik om die lewe vir iemand anders makliker te maak in die hoop dat dit hulle verhouding met God sal versterk.

Dit vra soms om tyd te maak in jou eie besige program; soms 'n stukkie brood; soms om saam met iemand te bid; soms 'n kledingstuk of 'n paar rand; soms vra dit om jouself te kort te doen ter wille daarvan dat iemand anders kan oorleef.

Die bekende gedeelte in 1 Korintiërs 13: 4-7 gee 'n verdere beskrywing van

hoe ons verhouding met ons naaste behoort te wees. Hier is dit baie duidelik dat dit nie om selfsugtige eiebelang gaan nie, maar liefde wat iets sê van hoe God ons geleer het om lief te hê. Hierdie liefde het Hy in die lewe van sy Seun, Jesus Christus, aan ons gewys.

Ds BF Greyling *Betlehem*

4 April *Hoe moet ek liefhê?* **Matteus 22: 34-40**

Matteus 22: 39: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

Wanneer ons dit die eerste keer lees en vinnig dink wat hier staan, mag dit dalk snaaks klink dat ekself as 'n soort barometer gestel word om uiteindelik te bepaal hoe my verhouding met my medemens moet wees. Ek is dan sondaar en my oordeel kan dus nie vertrou word nie. Ons sou eerder verwag dat Jesus self as die model gestel word.

Wat Jesus hier in die oog het, omskryf Hy op 'n ander plek. *Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.* Op hierdie manier word voorkom dat 'n mens net aan homself dink en dat sy lewe net om sy eie belange gaan.

Enige mens hou van homself en doen baie om sy eie belange te bevorder en sy eie geluk te verseker. Jesus sê nie dat ons daarmee moet ophou nie. Wat Hy wel sê, is dat dit nooit ten koste van enige iemand anders moet wees nie. Verder is die bedoeling dat ons net so hard daaraan behoort te werk om ons gawes te gebruik om ander mense te help om die lewe vir hulle ook aangenaam te maak as wat ons werk aan ons eie geluk en om ons eie behoeftes te bevredig.

Ds BF Greyling *Betlehem*

5 April *Wie is my naaste?* **Lukas 10: 25-37**

Is die dronkaard, misdadiger en hy wat van my kwaadpraat my naaste? As dit so is, mag ek in die lig van die Bybel geen onderskeid maak teenoor wie ek goed wil doen en wie nie.

Dit is presies hoe Jesus ons geleer het om te doen, naamlik om geen onderskeid te maak nie. Hy het immers vir die hele mensdom, gelowiges en ongelowiges, gekom. Hy het geen onderskeid gemaak nie. Tydens sy lewe op aarde het Hy tyd gemaak vir elkeen wat op sy pad gekom het. Hy het gehelp waar Hy kon. Hy was 'n vriend vir elkeen wat Hom as 'n vriend wou ken.

Jesus het die saak vir ons baie makliker gemaak toe Hy hierdie gelykenis

vertel het. Met hierdie gelykenis leer Hy ons om te vra: *Vir wie kan ek 'n naaste word?* eerder as om volgens my menslike oordeel te besluit wie my naaste is en teenoor wie ek goed kan doen.

Dit is sekerlik so dat ek met die mense wat onder dieselfde dak as ek woon 'n nouer verbintenis het as die vreemdeling wat dalk net een maal in sy lewe aan my deur kom klop op soek na iets om te eet. Dit maak egter geen verskil nie. As ek in die posisie is om te kan help, maak dit nie saak of ek die vreemdeling een maal in sy lewe help of my huismense tien maal elke dag nie.

Ds BF Greyling ***Betlehem***

6 April ***Voor God met leë hande*** **Matteus 5: 3**

Ons sou ook kon sê: Geseënd is elkeen wat soos 'n bedelaar voor God staan. Daar is mense wat met die gedagte leef dat hulle gereeld aan God moet verslag doen oor alles wat hulle vir Hom gedoen het. Elke keer wanneer ek met God praat, moet ek my lysie van goeie dade ook saamvat.

Dit is nie wat God vra nie. Hy sê, nee, Hy wil vir ons iets gee. Hy wil hê dat ons hande leeg moet wees sodat ons kan ontvang wat Hy gee. Ons hande moet vol wees van wat Hy gee en nie van wat ons self daarin gesit het nie. Hy wil ons iets gee wat ons nêrens op aarde kan kry nie.

By Hom ontvang ons alles in oorvloed om sinvol op aarde te leef en ons roeping en taak goed te kan doen. God maak ons skatryk, want dit wat God in ons hande plaas, kan al die geld in die wêreld nie koop nie. Dit wat ons met God se geskenk kan doen, het nie net waarde vir hierdie lewe nie, maar is 'n belegging vir die ewige lewe.

Ds BF Greyling ***Betlehem***

7 April ***Dood en oordeel*** **Hebreërs 9: 27, 28**

In Kolossense 3: 14 sê Paulus dat Jesus Christus die skuldbewys met sy eise teen die mensdom tot niet gemaak het. En dit is waaroor Jesus se lydensweg handel – oor hoe Hy ons straf kom dra en ons skuld kom betaal het.

Eintlik was Jesus se ganse lewe op aarde 'n lydensweg. Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word (vergelyk Fil 2: 7). Reeds met sy geboorte word daarop gesinspeel dat hierdie wêreld nie vir Hom plek het nie. Alleen maar die eer van veragte skaap-

wagters en heidense Oosterlinge het Hom te beurt geval. Hy is vir 40 dae en nagte in die woestyn versoek. Ten spyte van die Ou-Testamentiese profete het sy eie mense Hom as beloofde Messias misken. Die godsdienstige elite van die Joodse Raad het mense omgekoop om valse getuienis teen Hom in te bring. Self het hulle Hom uitgekryt as 'n vraat en wynsuiper, wat saam met sondaars en tollenaars eet. Deur een van sy volgelinge, Judas, is Hy vir 30 silwermunte verraai. Petrus, die Rots waarop Hy sy kerk sou bou, verloën Hom voor 'n eenvoudige ou diensmeisietjie. Deur die Jode word Hy uitgelewer aan 'n heidense owerheid. Op die via dolorosa moet Hy sy eie kruis dra. En uiteindelik word Hy buite die poorte van die Godstad, Jerusalem, soos 'n misdadiger tussen ander misdadigers aan 'n vloekhout vasgespyker. Hierdie lydensweg is niks anders nie as die wêreld se oordeel oor Jesus Christus. Eers word oor Hom geoordeel; dan word Hy uitgelewer en daarna sterf Hy as veragte aan die kruis. By ons as mense is dit egter net andersom: Ons sterf eers, en dan word met die wederkoms oor ons geoordeel.

Tog het God in Jesus Christus reeds die oordeel oor ons voltrek. Jesus Christus het reeds die volle losprys vir ons sonde betaal. Hy het reeds aan God se geregtigheidseis kom voldoen. As Lam van God is Hy die soenoffer, wat ons weer met God versoen het. Sy Godverlatenheid aan die kruis bring mee dat ons nou nooit meer van God verlate sal wees nie. Niemand kan ons nou meer voor God aankla of uit sy hand ruk nie. Die doopformulier sê ook dat ons eendag voor God sal verskyn asof ons nog nooit sonde gehad of gedoen het nie. Die dood hou ook nou nie meer vir ons verskrikking in nie. Die dood is vir ons nou die poort na die ewige inwoning by God. Die dood loop nou nie meer vir ons uit op oordeel nie, maar op vryspraak. Jesus Christus is nou nie meer vir ons 'n Regter nie, maar Verlosser. Daarom kon Paulus met geloofsoorgawe verklaar dat hy na die dood verlang, omdat die sterwe vir hom wins is – verreweg die beste.

Gesang 393: 1, 2 ***Ds P Buitendag*** ***Volksrust***

8 April ***Tweede kans*** **Matteus 26: 31-35; Markus 16: 7**

Tydens die instelling van die nagmaal, waartydens Jesus vir Judas as verraaier uitgewys het, het Jesus ook nog gesê dat die res van die dissipels Hom dieselfde nag nog in die steek sou laat. Daarop het Petrus vol selfvertroue geantwoord: *Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie* (Matt 26: 33). Toe Jesus hom antwoord dat hy sy Heer nog dieselfde

nag sou verloën, het Petrus vinnig geantwoord met: *Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!* (Matt 26: 35).

Enkele ure hierna bevind 'n angsbevange Petrus hom in die agterplaas van die hoëpriester Kajafas se paleis. Wanneer hy deur 'n eenvoudige diensmeisie oor sy identiteit gekonfronteer word, dink hy nie twee keer voordat hy sy Here verloën nie. Te verstane hoor ons verder niks van 'n Petrus nie, tot na Jesus se opstanding uit die dood. Waarskynlik het hy met selfverwyt homself swygsaam bevind in 'n toegesluite bovertrek in Jerusalem. Daarom dat die engel van die Here vir die vroue by die graf sê: *Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus* (Mark 16: 7). God het Petrus ondanks sy verloëning nie afgeskryf nie. Hy het reeds vantevore gesê: Petrus is die rots waarop Hy sy kerk sou bou. God gaan immers nie terug op sy Woord nie. Nog belangriker is dat die Here vir Petrus 'n tweede kans gee. Die wonder van hierdie tweede kans is dat God steeds nie van Petrus verwag om uit eie vermoë te handel nie. God rus ook hom op Pinksterdag toe met die gawe van die Heilige Gees.

Daarom lees ons in Handelinge van dieselfde Petrus se toespraak op Pinksterdag. Ons lees van sy toespraak in die Pilaargang van Salomo. Ons hoor hoe Petrus hom saam met Johannes by die Samaritane bevind. Ons verneem van 'n nuwe selfversekerde Petrus wat vir die Joodse Raad sê dat 'n mens aan God meer gehoorsaam moet wees as aan mense. Hy gaan selfs so ver as om die Joodse Raad daarvan te beskuldig dat hulle Jesus Christus vermoor het. Nog later tref ons Petrus aan in die huis van Kornelius, waar hy as gestuurde van God die evangelie van die opgestane Here verkondig. Hieroor het hy homself ook in Jerusalem verantwoord.

So wil God van feilbare mense in sy diens gebruik maak. Selfs al verloën ons soms die Here, rus Hy ons telkens weer toe om nog 'n keer in sy wingerd te gaan werk. God neem ons as lede van sy kerk saam op pad na die toekoms. Daarom kan ons op weg na nuwe tye, uitdagende omstandighede en vreemde terreine met vrymoedigheid getuig van God se verlossende barmhartigheid in Jesus Christus.

Gesang 510: 1-4 ***Ds P Buitendag*** ***Volksrust***

9 April ***Jesus ons ewige Koning*** **1 Samuel 8: 5; Johannes 19: 15**

Rondom die lyding en kruis van ons Here Jesus Christus kry die Koninkryk van God sy volle betekenis. Op ironiese wyse word Jesus Christus se koning-

skap juis dáár bevestig. Daarom dat die apostel Johannes in sy Openbaringbrief kon verklaar: Jesus Christus is *Koning van die konings en die Here van die heersers.* En ook: *Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid* (Op 19: 16, 11: 15).

Israel wou reeds nie meer onder God se heerskappy staan nie. Moses, Josua, die Rigters en Samuel was nie vir hulle genoeg nie. Hulle wou ook regeer word deur 'n aardse koning soos dit by die heidennasies voorgekom het. Wanneer God aan hulle eis toegee, begin Israel se pad na ballingskap. Israel se koningstydperk staan daarom juis in die teken dat hulle en hul konings gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here.

Maar God, ryk aan barmhartigheid, laat die blye boodskap oor die wêreld weerklink wanneer die engele op die eerste Kersnag laat hoor van die goeie tyding van groot blydskap, dat vir hulle gebore is: Jesus Christus die Here. Dit is die vervulling van die profeet Jesaja se woorde, toe hy aan Israel gesê het: *Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg* (Jes 9: 6).

Sy koningskap is egter beveg deur Herodus (kindermoord), Judas (verraad) en die Joodse Raad se vals verklaring en huigelary voor Pontius Pilatus: *Ons het nie 'n koning nie; ons het net die keiser* (Joh 19: 15). Hoewel Jesus Christus voor Pontius Pilatus bely dat Hy die Koning van die Jode is, word Hy juis deur sy eie mense verwerp wanneer hulle vra dat Barabbas losgelaat moet word. Met 'n pers mantel en doringkroon spot die Romeinse soldate en maak hulle van Jesus Christus 'n karikatuur. Hierin sien ons die mensdom met sy eie gekose leiers – regeerders wat 'n mensdom inkerker en verslaaf aan die komende Babilon.

Tog staan daar bokant Jesus se kruis geskrywe: *Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode.* Juis hier aan die kruis oorwin Hy die Satan en vestig Hy sy Koningsheerskappy. Met sy hemelvaart sou Hy beklee word met alle mag in hemel en op aarde. Nou reeds regeer Hy aan die regterhand van sy hemelse Vader oor alles en almal. Eendag sal Hy op Babilon se onreg- en bloedbevlekte strate as Ruiter op die wit perd verskyn om sy oorwinning te proklameer en sy onderdane te kom haal om deel van sy burgery in 'n hemelse koninkryk te wees.

Gesang 197: 1 ***Ds P Buitendag*** ***Volksrust***

Die lydensweg en kruisiging van die Here Jesus Christus word omring deur verskeie mense wat vrees ervaar.

Die dissipels hardloop uit vrees vir hul lewe weg toe Jesus buite die tuin van Getsemane deur die wagte van die tempelpersoneel gevange geneem word. Petrus verloën sy Here uit vrees vir sy lewe toe hy in die skemering van die hoëpriester se agterplaas deur 'n eenvoudige diensmeisie gekonfronteer word. Die Joodse Raad laat hulle bedien deur onreg en vals beskuldigings uit vrees dat die Koning van die Jode hul huigelary gaan ontmasker. Die een misdadiger aan die kruis sê aan die ander spottende gekruisigde: *Is jy nie bang vir God nie?* (Luk 23: 40). Wanneer duisternis oor die aarde daal, die voorhangsel van die tempel middeldeur skeur en dooies uit die grafte opstaan, skarrel mense terug na die stad Jerusalem. Dit lei daartoe dat 'n geharde Romeinse soldaat selfs moet erken: *Hierdie man was werklik die Seun van God* (Mark 15: 39). Die vroue en Johannes verskuil hulle in die agterste rye van die omstanders by die kruis uit vrees vir intimidasie. Wanneer 'n aardbewing op die Sondagmôre die swaar klip voor die ingang van die graf laat wegrol, het die wagte van skrik soos dooies geword. Toe die Joodse Raad daarvan hoor, vrees hulle dat die volk hulle verraad gaan ontdek, en koop hulle mense om om die leuen te versprei dat die dissipels sy lyk gedurende die nag gesteel het. Die vroue versteen van angs voor 'n leë graf toe die engel van die Here met hulle praat. Elf dissipels sit angsbevange toegesluit in die bovertrek in die stad – elkeen besig met sy eie gedagtes.

So vrees die mensdom mekaar sedert die dae van Kain en Abel. So vrees die mensdom die Satan en die dood sedert die sondeval in die paradys. Hierdie vrees is dus die gevolg van die mensdom se rebellie teen God.

Hierdie vrees word egter opgehef deur die Here Jesus Christus self wanneer Hy na sy opstanding aan die vroue en dissipels verklaar: *Moenie bang wees nie* (Matt 28: 10). Dit kon Hy ook verklaar omdat Hy die graf, dood, hel en Satan oorwin het. As Triomfeerder verseker Hy ons deur sy Gees dat ons saam met Hom oorwin het, sodat ons nou reeds in hierdie lewe kan leef met die sekerheid waarvan Paulus in Romeine 8: 38 en 39 getuig: *Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.* Vir die kind in die donker, die sieke in die hospitaal en die

treurende by die graf kan ons sê: *Moenie bang wees nie. Jesus Christus lewe.* Hy sorg vir ons, waak oor ons en beskik in ons lewens.

Gesang 491: 1, 2, 4 ***Ds P Buitendag*** ***Volksrust***

11 April ***Lewende hoop*** **1 Petrus 1: 3-9**

Ons noem Paulus die apostel van die geloof. Johannes noem ons die apostel van die liefde, terwyl ons Petrus die apostel van hoop noem.

As ons normaalweg van hoop praat (*ons hoop maar...*), is dit meestal 'n uitdrukking van vae verwagtings. Sulke hoop verklank juis iets van die mens se twyfel en eie onvermoë. Dit reken nog te veel met die wêreldse, kyk nog te veel vas teen die horison van die hiernoumaals en is begrens deur die lewe aan die duskant van die graf. Miskien is dit juis daarom dat hierdie soort hoop ons so dikwels ontnugter, omdat dit gebou word op en bepaal word deur hierdie verganklike wêreld.

Die hoop waarvan Petrus praat, noem hy egter 'n lewende hoop. Dit is hoop wat nie kan sterf, wat nie ontnugter word of deur wêreldse omstandighede beïnvloed kan word nie. Dit is immers as gawe aan ons geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Op Pase het Jesus Christus ons wederbaar tot 'n nuwe lewe (vergelyk Rom 6: 1-12). As nuwe mense verwag en hunker ons na niks meer wat mense of magte ons in hierdie wêreld kan bied nie. Ons reken nou alleen maar op die verkiesende genade en verlossende almag van God in Jesus Christus. Hierdie ondermaanse lewe kan ons hoop nie meer bepaal of beïnvloed nie, want Jesus Christus se opstanding waarborg ons hoop. Hierdie hoop laat sien ons verder as die aardse horisonne. Hierdie hoop beteken dat God sorg, bewaar en beskik ondanks en te midde van watter aardse omstandighede ook al. Dit is 'n hoop op die onverganklike, onverwelklike en onbesmette erfenis (Koninkryk van God) wat in die hemel vir ons bewaar word. Daarmee saam word ons as draers van hierdie hoop óók bewaar teen alle gevare, ellende en verleiding. Die Heilige Gees staan as God se lyfwag ons juis hierin by. Beproewing hier en nou verminder of versteur geensins hierdie hoop nie. Want ons weet: hierdie beproewinge is nie sonder sin en einde nie. Dit versterk ons juis in die geloof. Dit wil juis ons hoop bo alle twyfel sementeer.

Danksy die opstanding van Jesus Christus uit die dood kan daar niks meer kom tussen ons en God nie. Niks kan meer die Koninkryk van God van ons roof nie. Niks van die voorlaaste dinge kan ons geestelik bevredig nie. Na

niks van die ondermaanse hunker ons ook meer nie. Want in dit wat God ons op Pase in Jesus Christus geskenk het, het ons genoeg. Die hede is met alles daarin vir ons slegs van relatiewe en verbygaande waarde. Ons jaag nou daarna om die hemelse prys te behaal wat Jesus Christus vir ons verdien het. Hierdie lewende hoop bied sin, perspektief, momentum en troos op ons pelgrimspad totdat die Here weer kom.

Gesang 588: 1-3 ***Ds P Buitendag*** ***Volksrust***

12 April ***Die koninkryk: Nie met mag en krag nie, maar deur die Gees*** **Markus 4: 26-41**

Die profeet van die Here sê vir die volk in Sagaria 4: 6: *Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige.* In vers 10 sê hy verder: *Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie.* Hiermee bemoedig Sagaria die volk deur hulle te verseker van die herstel van Jerusalem, die herbou van die tempel, die loutering van die volk en die koms van die Messiaanse ryk.

In ons gelese gedeelte vertel Jesus aan sy dissipels dat die koninkryk van God nie 'n skouspelagtige en dramatiese gebeurtenis is nie, maar dat die koms van die koninkryk so onopsigtelik is soos die groei van saad en dan selfs soos die klein saadjies van die mosterdplant. In plaas van groot gebeure wat uit die hemel op die aarde neerdaal, is al wat op die aarde gegooi word die saad. En wanneer die saad op die aarde gegooi is, gaan die daaglikse roetine normaal voort.

Tog is daar – byna onsigbaar – goddelike kragte aan die werk, want die saad groei en verander deur God se toedoen in halms en are en 'n oes. Deur sy Heilige Gees gee God die geloof, die groei en die vrug van goeie werke. Só groei die koninkryk en as die oes gereed is, word die sekeldraers ingestuur om die oes in te samel.

Dit is opvallend dat, direk nadat Jesus hierdie woorde aan die dissipels oorgedra het, daar vertel word van die storm op die see en die kleingelowigheid van die dissipels. Kommer roer onwillekeurig in ons harte as ons lees hoe klein die geloof van selfs die dissipels was tydens die storm. Sal daar by ons geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gevind word wanneer die Here kom?

Gesang 231: 3; Gesang 473: 1-4 ***Ds M Meyer*** ***Standerton***

13 April ***Ons loop soveel ompaaie*** **Deuteronomium 1: 1-46**

Dit vat elf dae om met die Seïrbergpad van Horeb af by Kades-Barnea te kom (vers 2). Waarom het die Israeliete dan veertig jaar gevat voordat hulle in die beloofde land kon ingaan? Die rede was dat die volk geweier het om weg te trek vanaf die Horebberg en eerder in die tente gesit en kla het oor hoe swaar hulle kry en hoeveel sterker die ander volke is. Die aanklag teen die volk was dat hulle nie op die Here vertrou het nie en dat hulle bang was om weg te trek vanuit hulle bekende en veilige beskutting.

Ook ons is baiekeer skuldig daaraan dat ons God se roeping vir ons lewe vermy en met ompaaie probeer wegkom van ons verantwoordelikhede af. Soos Jona van ouds stry ons met God dat ons nie kans sien vir dit wat Hy van ons vra nie. Ons wil baiekeer eerder die teenoorgestelde rigting inslaan en ons eie kop en ons eie wil volg. Tog bly God met ons geduldig en bring Hy ons elke keer weer terug by die doel wat Hy met ons wil bereik.

God werk jou pad uit, maar jy kan deur jou eie toedoen 'n ompad, 'n woestynpad oor jou bring: Ek kan aanhou met my drinkery en my gesondheid knak. Ek kan my huwelik verwaarloos en toelaat dat dinge skeef loop. Dis nie God se skuld nie, maar my eie skuld. God se raadsplan word nie uitgesluit nie, maar ook nie jou persoonlike verantwoordelikheid nie. Jy moet steeds die pad van gehoorsaamheid loop – soos Jesus wat net na die wil van God gevra het.

Gesang 579: 2, 3 ***Ds M Meyer*** ***Standerton***

14 April ***Die teleurstelling van selfbedrog*** **Markus 10: 17-31**

Die ryk jongman in hierdie verhaal beïndruk ons wanneer ons hoor wat sy vraag aan Jesus Christus is. Die eerste indruk wat ons van hom kry, is dat hy 'n soekende mens is wat op die regte plek, naamlik by Christus, antwoorde gaan soek. Ook die vraag wat hy vra, is 'n vraag wat ons onmiddellik laat regop sit en wonder wat die antwoord daarop gaan wees. Die verhaal sluit op 'n hartseer en somber noot af, wanneer ons hoor dat hierdie jongman teleurgesteld omgedraai het om terug te gaan huis toe.

Ten diepste was sy probleem nie geleë in sy rykdom nie, maar in sy verkeerde vertroue daarop. Die eis wat Jesus aan Hom stel, klink vir hom net te erg en onmoontlik. Só word toegang tot die koninkryk vir hom en vir elkeen wat nie bereid is tot selfverloënende vertroue op Jesus alleen nie, 'n teleurstellende wegdraai van God af. Net God maak dit moontlik, vir rykes

en vir armes, om hulle vertroue op Jesus te vestig en Hom op die lydenspad te volg. Die ryk jongman het homself om die bos gelei deur te dink dat sy uiterlike lewe en sy goeie dade genoeg was om die ewige lewe te beërwe. Christus leer sy dissipels dat die koninkryk van God nie 'n saak van besittings en rykdom is nie, maar dat dit God is wat alles moontlik maak.

As nietige mense is ons ook baiekeer geneig om ons sekerheid op aardse besittings en ons eie vermoëns te wil plaas. Baie gou word ons egter teleurgestel. Selfbedrog, wanneer ons onsself in die middelpunt wil plaas en ons redding soek in aardse dinge, stel ons elke keer teleur. God wil die middelpunt en die fokus van ons hele lewe wees. Ons moet bereid wees om enigiets wat vir ons belangriker as God self word, uit ons lewe te verwyder. Ons hoop moet op God geplaas word en nie op leë betekenislose skatte hier op aarde nie.

Psalm 33: 6, 7 ***Ds M Meyer*** ***Standerton***

15 April ***Die lied wat teen ons getuig*** **Deuteronomium 32:1-47**

Dit is heerlik om uit volle bors 'n lied tot eer van God te sing. Een van die kragtigste wyses om die Woord oor te dra en te verkondig, is deur 'n lied. Daarom sien ons telkens in die Bybel hoe God deur middel van 'n lied met sy volk praat en hulle oproep tot 'n belydenis. So 'n lied moes Moses vir Israel skryf en leer en laat sing. Hierdie lied het die volk egter tot die besef gebring hoe ver hulle van God af weggedraai het. Daarom is dit 'n klaaglied waarin die volk herinner word aan hulle hardkoppigheid en ongehoorsaamheid. Die lied moes hulle herinner aan hoe God hulle uit Egipte gelei het, maar hoe hulle Hom verloën het, sy liefde vergeet het en sy wonderwerke uitgewis het uit hulle gedagtes.

In Openbaring 3 lees ons ook van die lied van Moses wat gesing word en dan word daar gesê dat dit ook die lied van die Lam is. Hierin word die grootheid en die regverdigheid van God besing en word ons herinner dat Hy ons enigste toevlug is.

Wat is die lied wat God vandag oor ons sal wil sing? Sal dit ook 'n lied wees wat teen ons getuig en vertel dat ons God nie meer in ag neem nie? Daagliks in ons lewe hier op aarde ontvang ons die geleenthede om te getuig van God se grootheid en sy almag. Ongelukkig gebruik ons hierdie geleenthede soms glad nie en gaan dit maar net by ons verby. Vir God is dit van die allergrootste belang dat ons mekaar gedurig moet herinner daaraan dat ons Hom as ewige en almagtige God moet erken. In verse 46 en 47 sê Moses vir die volk en ook vir ons: *Neem al die woorde waarmee ek julle vandag vermaan het, ter harte. Julle moet julle kinders beveel om dit te gehoorsaam en te lewe*

volgens hierdie hele wet. Dit is nie 'n geringe saak vir julle nie, dit is die lewe vir julle, en deur hierdie gebod te onderhou, sal julle julle verblyf verleng in die land wat julle in besit sal neem wanneer julle die Jordaan deurtrek.

Psalm 62: 3-5 ***Ds M Meyer*** ***Standerton***

16 April ***Om in jou eie strik gevang te word*** **Markus 12: 1-34**

Jesus Christus vertel in verse 1-12 die gelykenis van die boere en die wingerd om daardeur aan te dui dat daar altyd 'n aanslag is teen die Eienaar van die wingerd se Seun (Jesus). Die gelykenis het die Fariseërs, die Saduseërs en die Skrifgeleerdes ongemaklik gemaak omdat hulle geweet het dat Christus direk op hulle sinspeel. Daarom probeer hulle om vir Hom 'n strik te stel deur middel van dubbelsinnige vrae. Met 'n valse vroomheid probeer hulle Christus in 'n hoek dryf om Hom daarmee te dwing om uitsprake te maak wat hulle teen Hom kan hou. Telkens antwoord Hy hulle egter op so 'n wyse dat hulle eie skynheiligheid en valsheid ontbloot word. In vers 24 sê Hy vir hulle: *Is die rede waarom julle dwaal, nie juis dat julle nie die Skrif ken nie en ook nie die krag van God nie?*

Die laaste vraag wat hulle Hom vra, is dan vanuit die Woord self en handel oor die grootste gebod. Jesus antwoord deur te sê dat die liefde vir God en die liefde vir die naaste al die ander gebooie saamvat. Daarmee bring Hy almal tot swye en waag niemand dit om verder aan Hom 'n vraag te stel nie.

Ons moet elke dag daarteen waak om nie met ons eie strikvrae God te probeer manipuleer nie. God kan nie ingeperk word binne dit wat ons wil hê Hy moet wees nie. *Die Heer is God, en niemand meer; sy almag ken geen perke* (Gesang 499: 1). Wanneer ons God probeer bind of poog om aan Hom voor te skryf, sal ons in ons eie strik val. God se oproep is om met liefde en deernis onsself aan Hom te wy en Hom te erken as die enigste Weg en Waarheid van ons lewe.

Gesang 207: 3, 4 ***Ds M Meyer*** ***Standerton***

17 April ***Geloof in God – 'n diepe misterie*** **Romeine 8: 1-17; Johannes 6: 63**

Die leer oor die Drie-eenheid is en bly seker een van die moeilikste in die kerk. Tog leer ons God op verskillende maniere in die Bybel ken. Ons ken Hom anders in sy skeppingswerk waarin Hy spesifiek as die Vader geopen-

baar word, as in sy verlossingswerk waarin Hy Homself as die Seun aan ons bekend gemaak het. Ons leer Hom ook ken onder die naam van die Heilige Gees in sy funksie as Bewerker van die geloof.

Hoe die Drie-eenheid presies in mekaar steek, weet ons nie. Ons kan die wese van God nooit ten volle verklaar en verstaan nie, want as ons dit sou kon doen, sou Hy nie meer God gewees het nie. Dan sou die mens oor Hom beheer kon uitoefen. Maar: God bly God en daarom aanvaar ons Hom soos wat Hy Hom in die Bybel aan ons bekend maak. Ons hoef nie eers die Drie-eenheid te verstaan voordat ons dit glo nie. God stel Hom so self bekend en dit is vir ons genoeg.

Nou weet ons egter in die kerk dat daar iets belangrikers is om te begryp, naamlik om te glo, want wie glo, sal gered word. Daarom bely ons ook ons geloof in die Heilige Gees. In 'n sekere sin sou ons kon sê: God die Vader is God *bokant* ons wat die heelal bestuur in al sy wysheid; God die Seun is God *met* ons wat Hom met die nood van die mens in sy sondeskuld identifiseer en daarop antwoord; God die Heilige Gees is God *in* ons wat die verlossingswerk van Christus en die Koningskap van die Vader vir ons waar en betekenisvol maak. Dit is die Heilige Gees wat ons aan God vasmaak, ons van Hom bewus maak en ons lei om die waarheid van God se aanspraak op ons lewe te erken. Geloof is die erkenning van daardie waarhede, die knie buig voor daardie God en die oorgawe van jou totale lewe aan hierdie God.

Dit is die Heilige Gees wat die gewete van die mens aanspreek om hom van sy sondeskuld bewus te maak sodat hy al meer die mens word wat God bedoel het dat hy moet wees. Hy maak die mens begerig om vir die saak van God te ywer en besig te bly met God se dinge.

So skakel die een Persoon by die ander in. Die Een lei na die Ander. Nooit kan ons die drie Persone van die Drie-eenheid van mekaar los maak nie. Ons kan hulle onderskei in die verskillende werkinge van elkeen, maar skei kan ons hulle nie. Dit bly maar 'n diepe misterie, maar ook 'n misterie vol troos: deur die geloof weet ek dat hierdie God met my bemoeienis maak. Waar kan daar 'n groter rede vir dankbaarheid wees?

Ds JJ Steenkamp ***Poort***

18 April ***Geloof is om begenadigde te wees*** **Hebreërs 10: 11-18; 1 Johannes 1: 5-10**

Ons praat dikwels op grond van die Bybel van God se genade. Weet ons wat dit beteken?

Wanneer die Bybel van genade praat, is dit om die gesindheid van God teenoor die mens te beskryf. Anders gestel: Dit omskryf die houding wat God teenoor die sondaar inneem. As ons dan bely dat ons glo aan die vergewing van sondes, is dit dieselfde as om te sê: *Ek glo aan die genade van God.* Die kruis van Golgota het duidelik aan die mens betoon wat God se gesindheid is. God bedoel dit ernstig met die verlossing van die mens; God bedoel dit goed met die mens. Maar God bedoel dit ook ernstig met die sonde; Hy straf dit met die straf wat dit waardig is, maar nogtans op so 'n wyse dat Hy terselfdertyd 'n tweede kans bied aan diegene wat dit aanvaar met dieselfde gesindheid van erns. As God in Christus vergewe, is dit volkome vergiffenis. Hy begin nuut; Hy hou nie meer dit wat Hy vergewe het teen die mens nie.

Geloof kan daarom nie anders as om 'n ernstige geloof te wees nie. Ernstig in dié opsig dat daar werklike en opregte berou oor die sondeskuld is. Dit beteken 'n opregte vertroue in God dat Hy ook met my vergiffenis bedoel wat Hy belowe; só ernstig vertrou ek Hom daarmee dat as ek van my knieë af opstaan nadat ek om vergiffenis gebid het, ek nie meer langer daaraan dink as 'n vertwyfelde, onsekere wete nie. Nee, só ernstig glo ek dát God my vergewe het, dat ek doelbewus wil voortgaan om my lewe in dankbaarheid te gaan probeer inrig volgens God se wil deur hard te gaan werk aan die nuwe lewe wat God my skenk. Geloof maak erns met God se genade deur die nuwe lewe – 'n lewe sonder smet en skuld – ernstig deur te voer na die roetine van elke dag.

Geloof gaan egter nog verder: dit gaan maak ook erns met die vergiffenis aan jou medemens. Immers, kan twee gelowiges wat albei aanspraak maak op God se vergiffenis, as vyande saam in die hemelse Koninkryk gaan leef? Geloof wat die vergiffenis van God aanvaar, neem wedersydse vergiffenis onder mekaar as 'n Bybelse opdrag: *As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie* (Matt 6: 14-15).

Geloof vertrou op die krag van God om ook verandering in jou medemens te bring deur te vergewe soos God ons vergewe. Wie weier om sy medegelowige te vergewe, betwyfel ook God se vergiffenis en krag om verandering te bring. Nog meer: 'n mens kan ook jou eie vergiffenis daardeur uitkanselleer (vergelyk Matteus 6: 12)! Natuurlik is dit nie so maklik om mekaar te vergewe nie, daarom mag ons ook om die krag bid om dit wel te kan doen. Laat ons dan die vergewing van ons sondes ernstig opneem en God ook dáárin vertrou.

Ds JJ Steenkamp ***Poort***

Die briewe van Johannes wil veral een saak beklemtoon, en dit is geloofsekerheid. Dit is vir hom so belangrik dat ons daardie sekerheid sal hê, dat hy nie minder nie as 36 keer die woordjie *weet* in sy eerste brief gebruik. Ja, hy wil hê dat die gelowige sal weet dat hy die saligheid deelagtig kan word.

Maar nou weet ons mos: Dit is glad nie so maklik om seker te wees daarvan nie, want ons lees in hoofstuk 3 vers 9 dat die kind van God nie meer sonde kan doen nie! Dan sê dit mos dat wie nog sondig, nie meer 'n kind van God kan wees nie! Presies daar lê die knoop: Ons weet dat ons elke dag die moontlikheid in ons omdra om op die een of ander manier te struikel. Al probeer ons ons bes, iewers maak iemand jou kwaad en voor jy jou kan kry, het jy reeds iets kwetsends gesê of gedoen. Iets waaroor 'n mens dan dikwels agterna baie spyt is. Dan sê 1 Johannes 1: 8 ook nog: *As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie.* Hoe moet ons dit dan nou verstaan? Weerspreek hy nie homself as hy dan verderaan sê dat die gelowige net nie meer kan sondig nie?

Die sleutel lê daarin dat hy in die Griekse taal geskryf het. In hierdie ryk taal kan die werkwoord in die teenwoordige tyd op verskillende maniere uitgedruk word, met verskillende betekenisse. So kan hulle byvoorbeeld op een manier sê *ek werk*, en almal sal weet dat bedoel word *ek werk aanhoudend, sonder ophou.* Op 'n ander manier gesê, sal dit weer beteken *ek werk sporadies, net so af en toe.* Op dieselfde manier praat Johannes oor sonde. Elkeen wat in God bly en uit Hom gebore is, kan nie meer aanhoudend bly sondig nie. Ja, daar sal sporadies geleenthede kom dat 'n mens struikel – dit ontken hy nie. Maar die verskil kom daarby in dat die gelowige wat erns het met God, 'n doelbewuste wilsbesluit teen die sonde geneem het, en daarom voortdurend bereid sal wees om te werk daaraan om nie meer te sondig nie. Daarom kan die gelowige sondaar hom nie meer met 'n skoon gewete verlustig in 'n sondige lewenstyl nie. Daar is die voortdurende en brandende begeerte om altyd weer uit die struikeling op te staan en nuut te begin, om te werk daaraan om doelbewus met 'n sondige lewenstyl te breek. En struikel hy, dan is daar berou en verootmoediging.

Een van die toetse waaraan ons ons geloofsekerheid kan meet, is dít: God het die Heilige Gees as ons Trooster gestuur. Dit is Hy wat ons voortdurend herinner aan ons sonde en ons tot berou en inkeer lei; ons altyd weer uit die stof wil optel en weer op die pad van God se vergiffenis wil plaas. En daarom gaan dit saam met 'n tweede toets: Die kind van God streef daarna om uit

God se liefde te leef. Hy streef daarna om sy lewe voortdurend, aanhoudend deur God se Woord te laat vorm.

Solank 'n mens 'n worstelstryd met jou sondige lewenstyl voer, kan 'n mens sekerheid oor jou geloof hê. Dit staan in die teken van die Heilige Gees se betrokkenheid by en heilsame werking met jou. Dit sê iets van die nuwe verhouding waarin ons tot God staan: 'n lewendige en dinamiese verhouding waarin God sy genade wil bewys. En dit is wat ons teksgedeelte onderstreep: enersyds die geweldige waarheid dat ons die sonde moet beveg; andersyds ook die heerlike wete dat geen sonde wat nog teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat ons kinders van God kan wees nie. Dit is 'n heerlike sekerheid.

Ds JJ Steenkamp ***Poort***

20 April ***Geloof dien tot 'n seën*** **Genesis 18: 16-33**

Toe God Abram uit Ur geroep het, is van hom gesê: *Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak...* Maar toe gaan daar ook 'n opdrag daarmee gepaard: *... en jy moet tot 'n seën wees* (Gen 12: 2). Anders gestel, beteken dit dat Abram die seën van die Here nie eksklusief vir homself mag toe-eien nie, maar dit ook moet deel.

Dit is dikwels 'n vraag by gelowiges of 'n mens ook vir die goddeloses moet bid. Inteendeel; ons neem dikwels 'n uiters negatiewe en veroordelende houding in teen onbekeerdes. God moet hulle straf! So voel ons dikwels, want die onbeheerde diefstal, bedrog, moord en algemene gesindheid om min waarde en respek aan lewe te heg, maak 'n mens verbitterd en vol wrewel. Dit is menslik om so te voel.

Abram se nefie, Lot, is deur die Sodomiete op 'n dwaalweg gelei, weg van die tradisionele en die aanvaarbare. Die algeheel sedelose en losbandige lewenstyl in Sodom en Gomorra was alles behalwe 'n lewenstyl wat Abram as 'n gelowige aangestaan het. Nogtans tree hy vir hulle in by God, pleit hy om begenadiging. Hy doen dit te midde van eie persoonlike verwarring en probleme, want die beloofde kind is na sovele beloftes nog nie gebore nie en sy ouderdom stap aan. 'n Vertwyfelde Abram wat self nog sukkel om sy eie geloof in God te verstaan, bid om genade vir goddeloses wat dit nie verdien nie. Hoe kry hy dit reg? Abram het iets van die hart van God begin verstaan ...

'n Vader bly lief vir sy kind, al sit hy in die tronk. Hoeveel te meer moet die Hemelse Vader, die Skepper, nie voel oor sy skepsele in hulle sondeblindheid nie! Soos die vader met sy kind in die tronk steeds bly bemoeienis maak en

hom tot inkeer sal probeer lei, maak God deur die kerk steeds met die wêreld – ja, die goddeloses ook – bemoeienis ... *omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie* (2 Pet 3: 9).

Geloof weet wat die uiteinde van 'n paadjie sonder God is: 'n toekoms onder die oordeel en straf van God. Dit is verskriklik om onder die oordeel van die lewende God te val, sê die Bybel. Geloof weet ook hoe groot die genade en voorreg is om van daardie oordeel bevry te word. Daarom bevry geloof 'n mens tot deernis selfs met die goddeloses. Om tot seën te wees, beteken om eerlik met daardie gevoelens van wrewel teenoor die goddelose om te gaan, dit in God se hand oor te gee deur die gebed en Hom te vra om dit om te buig tot 'n aktiewe en positiewe werktuig: om 'n voorbeeld van onberispelike gedrag te bly, al voel jý hóé! Geloof verloor nie vertroue dat iemand tot bekering kan kom nie, al sê jou waarneming en logika vir jou iets anders.

Geloof doen ook voorbidding vir die wêreld, al kom jou gevoel daarteen in opstand. Geloof pleit deur gebed om genade, ook vir die goddelose, want geloof weet: as sondaar is ek sonder die voorbidding van my Heiland, Christus, self ook verlore!

Ds JJ Steenkamp ***Poort***

21 April ***Geloof is om God te verteenwoordig*** **1 Petrus 2: 1-10; 1 Korintiërs 12: 12-31**

Om gelowige te wees, is om aan Christus verbind te wees. Wie aan Christus deur die geloof verbind is, kan egter nie anders nie as om ook aan die kerk van Jesus Christus verbonde te wees. Die woordjie *kerk* beteken immers ook *van die Here* of dan, *wat aan die Here behoort.*

Die kerk is nie 'n vereniging of 'n organisasie nie, maar 'n versameling of vergadering van mense wat op grond van 'n gemeenskaplike geloof in die Persoon Jesus Christus saamgebind word. Daarom gebruik die Bybel dikwels ook die beeld *Liggaam van Christus* om die kerk te beskryf. Dit impliseer 'n innige verbondenheid waarin die totale lewe om Hom sentreer en vanuit Hom gerig word. Soos wat die brein die liggaam beheer, so is Christus die Hoof van sy kerk wat dit bestuur deur sy Woord en Gees. Die kerk bestaan alleen omdat Christus dit byeengeroep het op grond van sy versoeningsdood; daardeur het Hy die sondaar herskep tot 'n nuwe mens met 'n nuwe bestemmingsfunksie: die Koninkryk van God.

Daarom word die kerk ook *heilig* genoem. Heilig beteken om afgesonder te wees vir 'n spesifieke doel. Die ware gelowiges is dus afgesonder van die

wêreld en toegewy aan God; toegewy vir besondere diens aan God en in sy Koninkryk. Nou moet 'n mens versigtig wees om *afgesonder* nie te verstaan as geïsoleerd uit die wêreld nie. As ware gelowiges is die afgesonderde kerk reeds nuwe mense, anders as ander mense, omdat hulle glo in Christus. Maar hierdie kerk is ook die instrument waardeur God die res van die wêreld bereik en daarom stuur God sy kerk terug in die wêreld met 'n opdrag: om getuienisdraers te wees van die evangelie van verlossing. Daarom noem Petrus die kerk ook 'n koninklike priesterdom. Soos wat die priester van die Ou Testament die middelaarfiguur was wat die wil van God aan die volk bekend gemaak het en die saak van die volk by God deur die offerandes op die hart gedra het, so is die kerk voor God verantwoordelik vir die wêreld. Daarom behoort die Woord van God altyd 'n besondere besorgdheid by die gelowige te ontlok en behoort die kerk na elke moontlike geleentheid te soek om dit te verkondig.

Met die beeld *Liggaam van Christus* word derhalwe reeds ook iets gesê van die verantwoordelikheid van elke gelowige in die kerk. Soos wat 'n menseliggaam verskillende ledemate het, elk met 'n besondere funksie, bestaan die kerk eweneens uit verskillende mense, elk met sy eie gawes in diens van God. Saam dra almal in die kerk die een gemeenskaplike doelwit van die uitbreiding van God se Koninkryk. Die ware gelowige is dus nie 'n passiewe toeskouer nie, maar 'n aktiewe werker, 'n soldaat vir Christus; nie net luisteraars nie, maar getuies wat Christus oral en altyd as Verlosser en Saligmaker aan die wêreld moet voorhou.

Ds JJ Steenkamp ***Poort***

22 April ***Verlossing lê nie by magtiges*** **Rigters 15: 1-20**

Psalm 146: 3 sê: *Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie; hy kan jou nie red nie.*

Dors, na al die uitputting om sy vyande te verslaan by Kakebeenshoogte, weet Simson waar sy krag vandaan kom. Hy vra weer die Here om hulp, hierdie keer vir water. God voorsien weer. Simson het telkens gevra, God het telkens voorsien. Simson het nooit dankie gesê nie.

Ons moet ook by God pleit en bid om uitkoms in klein en groot dinge, maar ons moet nie vergeet om dankie te sê nie.

'n Man wat op eie houtjie duisende verslaan het, het gedink hy het dit uit eie krag gedoen, maar die basiese behoeftes van dors wees – daarin kon hy nie voorsien nie. Groot dade van magtige mense kom en gaan.

God het in meer as ons basiese behoeftes voorsien toe Christus die verlossingswerk aan die kruis gedoen het. Die mens se grootste nood, die sonde, het vergiffenis gekry. Daarvoor hoef ons nie op mense te vertrou nie, maar moet ons God altyd dank.

Psalm 146:1, 2, 6 ***Ds WPF van Wyk*** ***Sonlandpark***

23 April ***God gebruik mense*** **Rigters 16: 23-31**

In die verhaal van Simson is baie wraak en weerwraak. Simson het die Israeliete se vyand, die Filistyne, se landerye verwoes met fakkels aan jakkalse se sterte. Met 'n donkiekakebeen slaan hy duisend van die vyand dood. Die sterk man wat 'n leeu kaalhand doodgemaak het, swig egter voor Delila se verleiding.

'n Mens wil jou hierdie verhaal so anders voorstel. Kon die lewensverhaal van die man wat God se volk as Rigter gelei en die Filistyne se mag gebreek het, nie anders geëindig het nie?

In Simson lê ook ons eie waaghalsigheid, soms wraak, ook drange en ongeduld. Dat al ons krag van die Here af kom, wys die laaste oomblikke van sy lewe ons – as hy blind tussen die pilare bid om krag.

So het Simson met sy dood meer mense doodgemaak as in sy lewe. Hulle wat Simson bespot het, het die spotters geword. Hulle wat Christus aan die kruis bespot het, het ook die spotters geword.

Simson het die Filistyne oorwin. Goddank, Christus Jesus het die dood vir ons oorwin.

Gesang 308: 1-5 ***Ds WPF van Wyk*** ***Sonlandpark***

24 April ***Dankdag vir die oes*** **Ester 7: 1-10**

Plaasmoorde en grondhervorming is woorde op baie mense se lippe. Dit bring spanning en gaan gepaard met groot bekommernis en verantwoordelikheid. Droogte, vloedwater en koue is deel van weerstelsels wat altyd aan die ontwikkel is. Oor globale verhitting word heelwat gesê. Wetenskappe maak dit moontlik om saad geneties te manipuleer vir beter oeste. Diere word gekloon, selle word verbeter. Alles om by te dra tot 'n beter lewenskwaliteit vir die mens.

God het moeilike tye en omstandighede oor sy volk gebring, lees ons in die boek Ester. In God se genade werk die uitkoms soms anders. Die belangrike Haman het self aan die galg gehang wat hy vir Mordegai gebou het. Die

spreekwoord sê wat jy saai sal jy maai. Spreuke 26: 27 sê: *Wie 'n gat vir 'n ander grawe, val self daarin.*

God het 'n jong vrou, Ester, gebruik. Haar skoonheid, liefde vir God en haar volk, ook God se volk, wend sy saam met haar talente aan en die Jode word nie uitgemoor nie.

God het ons verstand, gawes en talente gegee om telkens weer nuwe uitdagings die hoof te kan bied. Hy het aan ons, sy kerk, wat sy volk deur Jesus Christus geword het, geloof gegee om te kan volhard ten spyte van die uitdagings wat die lewe bied.

Ons bid God vir 'n oes en dank Hom daarvoor.

Gesang 516 ***Ds WPF van Wyk*** ***Sonlandpark***

25 April ***God maak ons lewend vir Hom*** **Romeine 6: 1-14**

Hoe kan die mens dood wees vir die sonde? Ons sê mos jy is daarin ontvang en gebore. Hoe ontvlug 'n mens hierdie juk wat hy het? Ek ervaar dit ook nog elke dag, die sonde wil my nie los nie.

Paulus weet die mens is 'n swakkeling en sondaar van nature. Juis daarom kan ons nie nou maar in die sonde bly lê en God se genade beproef nie.

Deur na die doop te verwys, maak Paulus dit nie 'n voorwaarde vir die mens se saligheid nie. Dit wys op die voorreg wat die gelowige Christen het dat sy doop 'n teken en seël is van die verlossing van sondes deur die dood van Jesus Christus. Die gelowiges het saam met Christus aan die kruis gesterwe.

Alles eindig egter nie daar nie, want God maak ons lewend vir Hom. Dieselfde krag van God wat Christus uit die dood opgewek het, maak van ons mense wat 'n nuwe lewe vir God kan lei. *Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God* (Rom 6: 10).

Ons lewe nie net nou vir God saam met Christus nie, maar gaan ook die ewige lewe met Hom deel. Die loon vir die sonde, die dood, gaan nie meer oor Hom heers nie.

Gesang 245: 1-3 ***Ds WPF van Wyk*** ***Sonlandpark***

26 April ***Die Here is my herder*** **Psalm 23**

Geen mens kan ooit sê *Ek kom niks kort nie.* Maar die mens wat God lief het deur Jesus Christus, mag en moet dit sê. God het meer gegee as wat ons

ooit kon verdien. Almal het die groen weivelde se rus baie nodig en om nuwe krag te kry by waters waar daar vrede is, weet God ons het dit nie. Daarom gee Hy my nuwe krag – dis genade.

Waarom wil God sy kinders toerus met al die mooi gawes van hierdie psalm? God ken ons lewenspaaie en die gevaartes daarop wat mens bangmaak. God wil beskutting en veiligheid gee. Hy het sy Seun Jesus Christus gegee sodat ons nie verlore hoef te gaan nie, maar tuis by God kan wees tot in ewigheid. Sy goedheid en liefde is ons lewe lank met ons. Hou dit vas en maak dit jou eie.

Psalm 23: 1-3 (TT Cloete) ***Ds WPF van Wyk*** ***Sonlandpark***

27 April ***Die kerk is nie 'n wegkruipplek nie*** **Jeremia 7: 1-11**

Dit is baie maklik vir ons om vanuit die kerk vingerwysend en veroordelend oor die boosheid van hierdie wêreld te praat. Natuurlik is ons dit met mekaar eens en beaam ons gesprekke van elke dag telkens dat ons in 'n gebroke wêreld lewe waar Godloosheid en kerkloosheid hoogty vier; 'n wêreld waar moord, geweld, verkragtings en sinnelose misdaad alledaags geword het; 'n wêreld waarin morele standaarde en sedelike verval die mens tot die dierlike verlaag.

In Jeremia 7 gaan dit egter nie om die boosheid en die sondige verval van die wêreld of die heidendom nie. Die trant van hierdie hoofstuk word in die eerste twee verse reeds duidelik as ons lees: *Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het: Gaan staan in die poort van die huis van die Here en roep daar hierdie woorde uit.* Dan volg die dringende oproep van die Here aan die Godsvolk. Dit is 'n preek vir die tempelgangers! In die taal van ons tyd: dit is 'n preek vir die kerkgangers!

Hard en duidelik spreek die Here tot sy volk in die tempel. Sy ondubbelsinnige boodskap aan hulle is dat hulle nie afgode kan dien en aan hulle offers kan bring, onreg kan doen aan weduwees en weeskinders, kan steel, moor en egbreuk pleeg, presies soos die heidene, en dan na die tempel van die Here kan kom en met valse selfvertroue kan sê *Ons is veilig* nie! Die Here en sy tempel is nou eenmaal nie 'n wegkruipplek, 'n rowerspelonk (vers 11) nie. Rowers pleeg hul misdade in die wêreld en as sake vir hulle te warm word omdat die gereg op hulle spoor is en hulle gevange geneem kan word, kruip hulle weg in 'n spelonk tot die bedreiging vir hulle daarbuite bedaar het – en dan gaan hulle weer met hulle dade voort. Nee, sê die Here: *Julle*

moet My gehoorsaam (vers 23) en *Maak liewers julle lewe en julle dade reg* (vers 5). Die boodskap aan ons is dat ons nie net moet skuil by die kerk van die Here nie, maar skuil by die Here van die kerk! Ons mag nie met valse tevredenheid redeneer nie dat ons mos lidmate van die kerk is; ons kinders is gedoop; ons gee tog offergawe; ons gaan soms kerk toe; ons is in die kerk getroud; ons lees soms die Bybel en bid selfs, veral in nood. Nee, ons moet ons veiligheid – ook ons ewige veiligheid – soek in die verlossende en vrymakende genade wat ons, soos die Woord ons leer, onder die leiding van die Heilige Gees in Jesus Christus vind. Die Bybel noem dit: GELOOF!

Gesang 476: 1 ***Ds JPJ Wagenaar*** ***Johannesburg-Wes***

28 April ***Geen kerk in die Godstad!*** **Openbaring 21: 22-27**

Die geskiedenis van God en die mense begin in 'n tuin maar eindig in 'n stad. In die eerste boek van die Bybel, Genesis, lees ons dat God die mens geskep het en hom laat woon het in die Tuin van Eden. In die laaste boek van die Bybel, Openbaring, hoor ons hoe die mens met die wederkoms van Jesus Christus deur die poorte die Godstad, die nuwe Jerusalem, ingaan. In Genesis lees ons van die mens in die vernedering van sy sonde teen God en sy naaste. In Openbaring lees ons van die mens wat triomfantelik deel in die oorwinning van sy Here, Jesus Christus. In Genesis hoor ons van die mens wat in die skaamte van sy sonde wegkruip vir die Here. In Openbaring hoor ons dat hulle wat deel in die oorwinning, beleef dat die woonplek van God nou by die mense is.

Tussen Genesis en Openbaring staan die kruis van Jesus Christus by die stad Jerusalem en ook 'n leë graf in die tuin van Josef van Arimatea! Dit getuig van die grootste boodskap van alle tye: Hy het die sonde oorwin; Hy het die wêreld oorwin; Hy het die dood oorwin. Daarom kan die sondaarmens nou die laaste woorde van Openbaring sy hoopvolle versugting maak: *Amen! Kom, Here Jesus* (Op 22: 20)!

Nou lees ons in Openbaring 21 hoe Johannes hierdie ewige bestemming van die mens beskryf. Hy beskryf die grootsheid, die skoonheid, die heerlikheid en die glans van die Godstad. In gloeiende terme en met die gebruikmaking van die pragtigste en skitterendste edelstene as voorbeeld, poog hy om die volmaaktheid daarvan te verwoord. Dan lees ons dié treffende en onverwagte woorde in vers 22: *'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie...* Ons sou waarskynlik kon verwag dat die tempel, as ontmoetingsplek van

God en die mens, in die Godstad sou uittroon in skoonheid en grootte. Maar: daar is nie 'n kerk in die stad nie want die stad is kerk! Die taak van die kerk is dan afgehandel.

Nou leef ons nog in hierdie wêreldstad van sonde op hierdie aarde as mense wat volhardend sondig teen God en medemens. Van hierdie wêreld kan ons gewis nie sê die stad is kerk nie! Maar Goddank: die kerk is in die stad! Daarom het die kerk steeds die taak om deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus, sondaarmense te lei tot ontmoeting met God op hulle tog deur die wêreld van tuin tot stad!

Gesang 602: 1, 2 ***Ds JPJ Wagenaar*** ***Johannesburg-Wes***

29 April ***Is die wêreld jaloers op die kerk?*** **Sagaria 8: 20-23**

Iemand het op 'n keer die volgende gevleuelde woorde gesê: Twee mense kyk deur dieselfde tralies. Een sien die modder en die ander een sien die sterre. Wanneer 'n mens beproewing en swaarkry beleef en alles in jou hede vir jou hopeloos lyk, is dit moeilik om met hoopvolle verwagting na die toekoms te kyk. Deur die tralies van jou ellende sien jy net die uitsigloosheid van die modder voor jou raak, en is dit moeilik om die sterre van verwagting en hoop met die belofte van 'n nuwe dag raak te sien.

Dit is in so 'n tydperk van vertroebeling van die hede en gepaardgaande uitsigloosheid oor die toekoms dat Sagaria as profeet van die Here in Israel optree. Die volk van die Here is terug uit die ballingskap, maar die stad lê nog verwoes en die vernietigde Tempel moet nog herbou word. Dit is in hierdie tyd dat Sagaria hulle van die Here se nabyheid en versorging verseker en aan hulle 'n seënryke toekoms verkondig. So stel hy dit in hoofstuk 9: *Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom.* Waar alles op daardie oomblik vir hulle hopeloos lyk, verkondig die profeet aan hulle hierdie boodskap in Sagaria 8: 23: *So sê die Here die Almagtige: Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: "Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle."* Duidelik stel die profeet dit aan hulle: as hulle in opregtheid en volhardend in die waarheid van 'n egte geloofsverhouding met die Here leef, sal daar 'n heilige jaloesie teenoor hulle ontstaan by die heidense volke rondom hulle.

Ons praat maklik oor hoe die wêreld vir die kerk lyk. Maar wat sê die wêreld van die kerk? Soos 'n Israel van ouds, leef die kerk ook vandag te midde van probleme en bedreiginge. Finansiële druk, buitekerklikheid, morele verval en afvalligheid van die Woord van God is tiperend van hierdie wêreld waarin die

kerk bestaan. Daarby ervaar ook die gelowiges die pyn, die vrese en bedreiginge van die moderne tyd. En tog hoor ons van die moontlikheid dat die wêreld jaloers kan wees op die kerk. As die kerk by die waarheid bly en volhardend Jesus Christus as Verlosser en ewige Hoop verkondig en ons as sy volgelinge die vreugde, die liefde, die vertroue uitstraal wat die ware geloof meebring, sal die wêreld en die mense om ons sê: *Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor (en ons kan sien) God is by julle.*

Die groot voorwaarde is egter dat ons van agter die tralies van menswees in hierdie gebroke wêreld moet kyk en nie net die hopeloosheid van die modder moet raaksien nie, maar veral Hom – Jesus Christus – wat sê: *Ek is die helder Môrester* (Op 22: 16).

Gesang 372: 1 ***Ds JPJ Wagenaar*** ***Johannesburg-Wes***

30 April ***Kan iemand jou met hierdie woorde groet?*** **3 Johannes: 1-15**

Bykans elke mens groet elke dag van sy of haar lewe iemand anders en word deur iemand anders gegroet. Dit is deel van ons menswees in ordentlikheid en bedagsaamheid teenoor andere in ons leefwêreld. Die meeste van ons groetwoorde is egter bloot uit gewoonte en sonder betekenis en bedoeling en word dan ook aldus beantwoord.

Die vraag in die opskrif dwing – vanuit die inhoud van die Skriflesing – elkeen van ons tot ernstige nadenke. Johannes skryf hierdie kort briefie aan Gaius, sy vriend en medewerker in die vroeg-Christelike kerk. Soos dit die gebruik was en steeds is, word ook in hierdie persoonlike brief groetwoorde en goeie wense ingesluit. Hier hoor ons dan dié besondere groetwoord van Johannes: *Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan. Ek was baie bly toe hier medegelowiges kom en van jou trou aan die waarheid vertel, hoe jy in die waarheid lewe.* Die geweldige inhoud van hierdie groetwoord moet gesien word teen die agtergrond van die betekenis daarvan om in die waarheid te lewe. In hierdie kort briefie word nie minder nie as ses keer verwys na die lewe in die waarheid. In hierdie en veral in die vorige brief (2 Johannes), word dit duidelik dat dit beteken om te lewe vanuit die geloof dat Jesus die Christus is. Omdat Johannes weet dat Gaius 'n ware gelowige van Jesus Christus is, kan hy hom met vrymoedigheid toewens dat dit met sy gesondheid en in alle opsigte met hom sal gaan soos met sy geloofslewe. Dan gaan dit baie goed met hom!

Die vraag aan elkeen van ons is die volgende: kan iemand jou met hierdie woorde groet? Kom ons draai hierdie vraag 'n oomblik om, in die persoonlike trant wat die briefie ook bevat. Hoe sal dit met jou gesondheid gaan as dit gaan soos met jou geloofslewe? Hoe sal dit met jou huwelik gaan as dit gaan soos met jou geloofslewe? Hoe sal dit gaan in jou beroep as dit gaan soos met jou geloofslewe? Hoe sal dit gaan met jou studies en sport as dit gaan soos met jou geloofslewe? Hierdie lys kan nog veel langer gemaak word en dwing elkeen van ons om met die indringende Woord van God na ons geloofslewe te kyk.

Baie groter as ons elkeen se lys van lewensbehoeftes waarmee ons daagliks pleitend tot die grote God nader, moet ons diepste versugting wees: Vader, lei my deur u Woord en die werking van die Heilige Gees om te leef vanuit die waarheid dat Jesus Christus die Here is en laat hierdie waarheid my optrede en lewenshouding bepaal!

Gesang 255: 1 ***Ds JPJ Wagenaar*** ***Johannesburg-Wes***

1 Mei ***Wie aan die Here behoort, moet/sal/wil Hom dien!*** **Psalm 34: 2-11**

Om 'n ewige en seker troos te hê, is die diepste versugting van elke mens. Dit maak nie saak of almal dit wil toegee of nie, maar die diepste nood en verlange van 'n mens in hierdie gebroke en deur-die-sonde-verskeurde wêreld, is om hoop en sekerheid te hê. Hierdie lewe is bloot 'n sinnelose bestaan as die mens nie in sy broosheid teen die aanslae van die sonde, in sy nietigheid te midde van die pyn, hartseer, vrees, lyding en dood, kan getuig van 'n anker van sekerheid en troos nie.

Die gelowige weet – en dit moet die basis van ons verkondiging wees aan hulle wat nie glo nie – dat die sekerheid waarna elke mens hunkerend soek, nie in hierdie wêreld te vinde is nie. Hier is mens uitgelewer aan die sinneloosheid van die noodlot, die niksseggendheid van die toeval en die wispelturigheid en onvoorspelbaarheid van mense se optrede en besluite. Daar is egter 'n triomflied wat 'n mens kan waag om prewelend voor die onwankelbare God oor jou lippe te laat kom. Ons vind dit in Romeine 14: 8 en 9 uit die pen van Paulus: *Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooies en die lewendes.*

Troos gaan altyd gepaard met verantwoordelikheid. Psalm 34: 10 stel dit as

volg: *Julle wat aan die Here behoort, dien Hom!* Dit is 'n onafwendbare werklikheid. Dit is soos twee kante van dieselfde muntstuk. Ons durf nie bloot teen die donker van die sondewêreld by die Here te skuil nie. Ons moet ook die lig van sy bevrydende Woord in die donker van die sondewêreld laat skyn. Ons moet bid vir die bewaring van sy kerk in die wêreld, maar ons moet ook ons tyd en krag en geld offer tot die heil en vooruitgang van die kerk. Ons weet van die Here se barmhartigheid en genadige ontferming oor mense wat uitgelewer is aan die seer en honger en pyn van hierdie harde en ongenaakbare wêreld, maar ons moet ook met harte wat verstaan en hande wat gee en werk, ons oor andere in hulle nood ontferm.

Die geweldige geloofswaarheid dat ons die eiendom van die Here is, in lewe en dood veilig in sy hande, mag nie vir ons wees soos ons persoonlike versekeringspolis wat ons eie waarborg is vir tye van nood nie. Dit mag nie wees soos 'n noodhulpkissie wat ons bêre vir 'n ongeval nie. Dit mag nie vir ons wees soos die spaarwiel van 'n motor waaraan ons net dink as ons dit nodig het nie.

Wie deur die groot genade van die almagtige God se verlossingswerk in Jesus Christus die eiendom van die Here geword het, moet die Here dien; sal die Here dien; wil die Here dien!

Gesang 164 : 1 ***Ds JPJ Wagenaar*** ***Johannesburg-Wes***

2 Mei ***Jesus spreek mense salig*** **Matteus 5: 3-11**

Wie is die werklik gelukkige mense? Jesus rig hierdie uitspraak tot 'n skare van mense wat Hom gevolg het orals waarheen Hy gegaan het. Hy het teen *die berg* opgegaan. Dit is in ons begrip slegs 'n heuwel. Daar het Hy en sy dissipels gaan sit. Hy, die Leraar by uitnemendheid, is besig om hulle te leer; hulle is immers ook apostels wat na sy kruisiging moet uitgaan om die blye boodskap te verkondig, 'n boodskap wat gerig moet word, nie alleen tot almal in daardie land nie, maar ook tot die hele wêreld (Matt 28: 19).

Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Dit kan ook vertaal word met *geseënd is dié wat nederig voor God is.* Die grondteks lees *dié wat arm aan homself is.* Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* sê die woord kan ook beteken *gering, beskeie, onaansienlik.* Dit staan teenoor elke vorm van hoogmoed.

Hy wat hier praat, Jesus Christus, die Seun van God, die Redder van die

wêreld, het Homself verneder toe Hy wat ware God is, ware mens geword het. Hoe goed ken ons Hom?

Gesang 464: 3 ***Prof PJT Koekemoer*** ***Emeritus***

3 Mei ***Treur en vertroosting*** **Johannes 14: 16-31**

Dat Jesus moes weggaan en daarby nog die verraad van Judas en die verloëning deur Petrus, ontstel die dissipels. Dis 'n hartseer saak. Om hierdie rede troos Hy hulle. Ek gaan ... maar ek gaan met 'n doel! Hulle plek in die hemel is nie *bespreek* nie. Hy het reeds in sy Bergpreek vir hulle gesê *salig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word* (Matt 5: 4). Hy sal weer kom om hulle na Hom toe te neem.

Tomas, ja, die spreekwoordelike ongelowige Tomas, sê vir Hom dat hulle nie die pad, die weg daarheen ken nie. Dan volg Jesus se gevleuelde woorde: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie* (Joh 14: 6). Filippus wil eers sien voor hy dit alles glo. Sien is glo! *Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg!* Jesus sê dat Hy die Vader sal vra om vir hulle 'n ander Trooster te stuur; die Gees van waarheid wat by hulle sal bly.

Ons wat elke Sondag dit alles bely, ons moet vir onsself die vraag beantwoord of dit ook vir ons tot 'n ware vertroosting dien. Hy, God die Heilige Gees, kan waarlik troos.

Psalm 116: 4 ***Prof PJT Koekemoer*** ***Emeritus***

4 Mei ***Geseënd is die sagmoediges...*** **Matteus 5: 5**

Jesus spreek die seën uit oor die sagmoediges. Hierdie seën hou 'n belofte in: hulle sal die nuwe aarde ontvang. Die tweede Petrusbrief spreek van 'n verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers (2 Pet 3: 14). Die profeet Jesaja getuig ook van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Aan dié wat tans daar is, sal nie meer gedink word nie en hulle sal ook nie onthou word nie. Die volk word opgeroep om hieroor bly te wees en te jubel (Jes 65: 17, 18). Dit sal die *erfporsie* wees van die sagmoediges. Hulle word salig geprys. Pragtig stel die Bybel met Verklarende Aantekeninge dit.

So 'n mens is ingetoë en beoefen selfbeheersing wat elke vorm van uiterlike aansien versmaai om vir God te kan lewe. Hy doen nie goeie werke om deur die mense gesien te word nie. Die apostel Paulus skryf 'n sterk vermanende brief aan

die probleemgemeente Korinte: *Wat verkies julle? Moet ek met 'n slaanding na julle toe kom, of in liefde en in 'n gees van vriendelikheid?* (1 Kor 4: 21).

Hierdie brief is ook gerig aan u en my!

Gesang 602: 1, 4 ***Prof PJT Koekemoer*** ***Emeritus***

5 Mei ***Honger en dors na die geregtigheid*** **Matteus 5: 6**

Geseënd is dié wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word (Matt 5: 6 – 1953-vertaling). Die profeet Jeremia troos sy volk met hierdie woorde: *Ek maak die moedelose weer vol moed* (Jer 31: 25).

In Psalm 107: 9 vind ons ook hierdie beeld van ons teksvers. Die geregtigheid verwys na die voorskrifte van die Wet van God. Hulle wat *honger en dors* is, is daardie mense wat hunker en verlang met hulle hele wese om die Wet van God te vervul, na te kom, uit te leef in woord, daad en gedagtes. God, die Heilige Gees, sal self hierdie vermoë skenk, Hy wat ons harte deurgrond. Die lelike dinge wat dikwels begin met gedagtes, sal geneutraliseer word in die harte van diegene wat *hunker van verlange om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan met jubelende lofgesange.*

Psalm 42: 1 ***Prof PJT Koekemoer*** ***Emeritus***

6 Mei ***Geseënd is die vredemakers*** **Matteus 5: 9-12**

Ons verklarende Bybel sê vredemakers is daardie mense wat hulle beywer om die liefdesverhoudinge tussen mense te herstel en hulle so tot voldoening aan die Wet van God te bring. Wie ywer dat die wil van die Vader geskied, dat sy Wet gehoorsaam word, heet kinders van God. Ons dink hier dadelik aan die gebed wat ons van kindsbeen af ken: die *Onse Vader. Laat u koninkryk kom, laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.* Ek siteer strofe 1 van Gesang 266: *Ons Vader wat woon in die hemel, geheilig sy u Naam. Laat u ryk kom, u wil geskied soos in die hemel so ook op die aarde. Gee ons vandag ons dag se brood en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe dié wat teen ons sondig. Laat kom ons nie in die versoeking, maar verlos ons van die Bose. Van U is die ryk en die sterkte en die ere, vir ewig en ewig, amen. Vir ewig en ewig, amen.*

Gesang 266 ***Prof PJT Koekemoer*** ***Emeritus***

7 Mei ***Lewensvreugde*** **Psalm 4**

U het my reeds groter vreugde laat belewe as wat daar is by mense wat koring en wyn in oorvloed het – so het die psalmdigter gebid. 'n Gebed wat vreemd in die mensdom se ore moet klink, want die hedendaagse mens is materialisties ingestel. Vreugde in die hart bestaan vir die mens uit goed in die hand; wat jy het, bring geluk.

Vir die gelowige mens begin lewensvreugde vanuit 'n ander bron vloei – vir die digter begin dit wanneer God sy aangesig oor hom laat skyn. Wanneer God sy aangesig laat skyn oor die mens, ontdek ons dat Hy ons vir Hom afsonder en bewaar. Die aanslae van die lewe staan magteloos, want die Here openbaar dat Hy die een is wat teen ons opponente stelling inneem.

In Jesus Christus het God sy aangesig oor ons laat skyn. Daardeur het Hy ons afgesonder van ons geweldigste vyande, die sonde en die dood, en ons tot sy eiendom gemaak.

Dit is dus nie wat ek besit of het wat lewensvreugde wek nie, maar Wie my besit, voor Wie ek my bevind, wat lewensvreugde wek. In Jesus Christus bevind ons ons voor die aangesig van ons Here, wat ons afsonder van sonde en dood.

Gesang 492 ***Dr C Pretorius*** ***Hendrina/Breyten***

8 Mei ***Hartstog vir God*** **Jakobus 4: 1-10**

Die menslike hartstog laat geweldige kragte losbreek. In die mens se hart en wese heers voortdurend magte wat in stryd is met wat die Here wil. Jakobus het dit ook so beskryf. Vriendskap met die wêreld, vriendskap met die menslike, lei tot vyandskap met God.

Hiervan wil die mensdom nie weet nie. Daar is voortdurend pogings om die Here en die wêreld te versoen. Vir die mens om sy ideale te verwesenlik en tot volle menswees te ontwikkel, word die Here as voorbeeld voorgehou of as dryfkrag ingespan.

Dit wil die Here nie. Hy is in die eerste plek nie net 'n rat in die wêreldmasjien wat alles glad moet laat verloop nie. Hy is bo alles die Here wat die sondaar wil verlos.

Wanneer die Here met ons omgaan, wil Hy nie die hartstog en die behoeftes van die mens bevredig nie, maar juis die mens daarvan verlos.

Hy kan nie ingespan word om as podium vir menslike roem en prestasie te dien nie. Hy bly eenmaal die Here wat deur smaad en hoon ons van die graf wil red.

Ons sal voortdurend moet onderskei tussen diens aan God of in diens van menslike hartstog.

Laat ons ons weereens vergewis: aan wie bied ons ons diens en aanbidding? Vir wie leef ons hartstogtelik?

Gesang 521 ***Dr C Pretorius*** ***Hendrina/Breyten***

9 Mei ***Kyk vanuit die hart van God*** **1 Samuel 16: 1-13**

Die mens leef al dwalende en tastende. Dit sien ons veral wanneer Samuel Saul se opvolger moet aanwys. Aan Eli se tafel was dit Eliab wat Samuel se oog gevang het. Sterk en indrukwekkend van gestalte; dalk het Samuel iets van Saul in hom gesien.

Dit was egter Dawid vir wie die Here God tot die koningstroon roep. Vir ons is dit moeilik om God se raad en daad met mense te begryp. Dit is vir ons moeilik, want ons beperk ons tot wat ons kan sien en begryp. Daarin vind ons ons sekerheid, en daarin plant ons ook ons oordeel. Wat ons sien, dit vorm die norm.

Maar waar God handel, waar God kies, gaan dit nie oor menslike voortreflikhede of kwaliteite nie, maar oor die Here se raad en daad.

Dawid beskik nie oor buitengewone kwaliteite nie – hy is die minste en die kleinste, die herder van die familie. Die keuse tot die opvolger berus dus nie in die hart van die mens nie, maar in die hart van God.

Soveel te meer word dit in die lewe en lyding van ons Verlosser, Jesus Christus, geopenbaar. Aan die kruis hang God se keuse oor vloekende, spottende sondaars. Daar sien ons dat die mens dwalend en tastend God verwerp, maar dat God se keuse oor ons volbring word.

Hoe kyk ons na die mense om ons? Mag ons vanuit God se hart na die mense om ons kyk.

Gesang 510 ***Dr C Pretorius*** ***Hendrina/Breyten***

10 Mei ***Tydelik teleurgestel – ewig getroos*** **2 Konings 4: 8-37**

Wat 'n geweldige teleurstelling vir hierdie kinderlose moeder. Dit waarna sy so verlang het, waarvan sy gedroom het, het waar geword. 'n Kindjie is in haar arms gelê, net om weer deur die dood gevat te word.

Waarom? In haar nood raadpleeg sy die profeet van die Here. Hy stuur sy

kneg met die profetestaf, maar die optrede wek verdere teleurstelling. Eers wanneer die profeet kom en sy gebed tot die Here rig, gebeur iets.

Alleen God kan die dood oorwin; alleen sy mag wek die seun uit die graf. Dit het sekerlik aan daardie moeder weer blydskap en vreugde gebring, maar dit was tydelik – die dood sou weer die seun opeis.

Daarteenoor bied die opstanding van Christus uit sy graf 'n blywende en ewige troos aan ons, want Christus se opstanding is nie 'n terugkeer uit die dood nie, maar 'n deurgaan na die lewe. Diegene wat in Hom glo, het die versekering dat ons en ons kinders 'n deurgang het tot die lewe. Dit doen God vir ons. Dit doen Hy vir ons kinders. Dit bied ewige troos en maak ons teleurstelling tydelik.

Psalm 100 (Ou beryming) ***Dr C Pretorius*** ***Hendrina/Breyten***

11 Mei ***Vooruit, agter Christus aan*** **Genesis 19**

Hoe het Lot en sy gesin nie getalm toe die waarskuwing van die Here hulle oproep om te vlug nie. Vir Lot en sy gesin was dit nie maklik om huis en haard agter te laat en na die veilige hawe wat God hulle wys te vlug nie.

Trouens, vir Lot se vrou was dit te veel en daarom ook die geweldige oordeel – sy wat terugkyk, verander in 'n soutpilaar.

Ons beleef dit ook: wie voortdurend oor sy skouer terugkyk na sy sonde, word vasgewoel in skuld en dood. Wie sy verlede voortdurend opdiep, sy foute voortdurend in die plek van Christus kruisig, stagneer tot die dood toe. Die Here se genadige redding van Lot het egter ook die belofte van vooruit kyk – vooruit kyk na 'n veilige hawe.

Vir ons is dit die lewe en verlossingswerk van ons Here Jesus Christus. Deur sy kruis op Golgota en deur sy hemelvaart dui Hy vir ons die rigting aan, want so het Hy ons verlede, ons sonde op Hom geneem.

Laat ons dus vooruit leef na die kruis, opstanding en hemelvaart van ons Verlosser en nie oor die skouer terugloer na ons verlede nie.

Gesang 203 ***Dr C Pretorius*** ***Hendrina/Breyten***

12 Mei ***Die wonder van die skepping*** **Psalm 8**

Die skepping is nie maar 'n blote toevalligheid nie, en daarom ook nie die lewe nie. Die begin van alles is die gevolg van die feit dat God alles uit niks

geskep het. Die planete en komete, die aarde, mense, diere en plante is alles die werk van sy hande.

Die grootheid en die onmeetlikheid van die heelal laat ons verstom staan, soos ook die skoonheid van die skepping hier op aarde. Die sonsopkoms en die sonsondergang, die wydgestrekte, wuiwende grasvelde, die misterie van bosse en bome, die wilde diere in die veld en die voëls in die lug is genoeg om jou na jou asem te laat snak. Die harmoniese samewerking van die skepping is daar vir net één doel, en dit is om God te prys.

Maar God sien ook die nietige mens raak te midde van die grootsheid van sy skepping. Hy sien ons nie net raak nie, maar Hy dink ook aan ons. Hierdie gedagte laat die psalmdigter in verwondering staan. God dink aan ons, al voel dit nie altyd vir ons so nie. So dikwels kom die gevoel dat God van ons vergeet het, dat Hy nie meer hier by ons is nie.

God dink so aan ons dat Hy na hierdie aarde gekom het en hier ook mens geword het. In Jesus Christus het Hy ons wêreld betree, in ons lewe ingekom. Hierdie wete, dat ons Skeppergod ons in sy Seun ontmoet, maak dit vir ons moontlik om saam met die ganse skepping ons lof en ons dank voor Hom uit te jubel.

Ons prys God vir sy genade en barmhartigheid en ons weet dat God ook sy arms beskermend om sy skepping hou.

Psalm 8: 1, 2, 4 ***Ds ZC Robberts*** ***Heidelberg***

13 Mei ***God skryf sy skepping nie af nie*** **Psalm 138; Johannes 1: 1-14**

God verlaat sy skepping nie. Ten spyte van die sondeval van die eerste mense en die gevolge daarvan vir die mensdom en die aarde waarop ons woon, bly God getrou en onttrek Hy Hom nie aan die werk van sy hande nie.

Na hierdie skepping soos ons dit ken en wat ook die tekens van die sonde dra, kom God en maak dit nuut. Hy bevry dit uit die verderf uit deur sy trou en ontferming. Hy laat die mens nie in die steek nie, soos ons dit reg deur die geskiedenis van die mens kan sien.

Die duidelikste sien ons dit in Jesus Christus. God hou nie die mens se ontrouheid teen hom nie, Hy handel nie met ons volgens ons sonde nie en Hy vergeld ons nie vir ons ongeregtigheid nie (Ps 103: 9,10). God voer sy bedoeling met die mens en die skepping uit. Hy maak alles nuut en gee die ewige lewe.

Ons hele aardse bestaan en daarom ook ons verlossing is nie maar net 'n droom nie, dit is werklikheid. Die geboorte van Jesus Christus, sy lyding, sterwe en opstanding is nie maar net gerugte nie, dit is historiese feite. Dit gebeur op hierdie aarde, hier waar die mens, ons, leef.

God het dit gedoen en Hy sal aanhou om daardeur te werk tot by die voleinding van die wêreld. Wanneer ons dan terugkyk en alles sien wat God vir ons gedoen het, kan ons nie anders nie as om ook vorentoe en veral boontoe te kyk en ons lof en dank voor hierdie God te uiter. Want Hy kon dit anders gedoen het. Hy kon die mens en die ganse skepping afgeskryf het. Maar Hy doen dit nie. Hy werk aan ons in sy liefde en volhard in ons verlossing.

Dit gee ons troos en hoop, al is ons sondaars.

Gesang 562: 1, 3 ***Ds ZC Robberts*** ***Heidelberg***

14 Mei ***Die lewe: Sinneloos?*** **Prediker 1: 1-11**

Die Prediker het op die oog af 'n baie pessimistiese siening van die lewe. Hy het alles in hierdie lewe fyn bestudeer, selfs alles probeer in sy soeke na sin in die lewe. Sy bevinding is nie baie bemoedigend nie. Hy sien dat alles tevergeefs is en dat alles waarmee die mens hom ook al mag besig hou tot niks kom. Hy voel asof hy vasgevang is in dodelike roetine waarin daar absoluut niks nuut is nie. Die mens word gebore en die mens sterwe en dan is dit die einde van alles. Hoe dikwels voel ons nie ook so nie?

Die Prediker is 'n gelowige van sy tyd wat nog nie kon weet van Jesus Christus nie. Hy het nie geweet van 'n geboorte, 'n kruisiging en 'n opstanding nie. Daarom is sy negatiewe uitsprake 'n noodroep, 'n kreet na bo, na God, om tog sin aan hierdie aardse lewe te gee.

God antwoord op hierdie negatiewe noodkreet met 'n positiewe daad. Hy antwoord in sy Seun wat na hierdie wêreld moes kom om deur sy lyding en sterwe en opstanding weer sin aan die lewe, aan ons lewe te gee. Hy bring sin onder die son. Hierdie geweldige mags- en genadedaad van God verander ons siening van sake.

Jesus Christus kom en Hy gee sin aan ons bestaan. In en deur Hom weet ons, glo ons dat die lewe nie sinloos is nie. Hy gee vir ons die versekering dat daar in Hom ware lewe is; nie net op hierdie aarde nie, maar ook in die ewige heerlikheid van God.

Daar is niks op die aarde of in die lewe waaruit ons enige sin kan aflei nie. Maar met God in Jesus Christus word sin aan alles gegee.

Gesang 200: 1, 2 ***Ds ZC Robberts*** ***Heidelberg***

15 Mei ***Ons toekoms is Godgeborg*** **1 Petrus 1: 1-9**

Almal van ons wonder dikwels oor die toekoms, ons toekoms. Die toekoms is vir ons die groot onbekende. Wat lê vir my voor: môre, oormôre, volgende maand, volgende jaar? Ons hoop almal dat die toekoms vir ons mooi sal wees, maar deesdae is alles so onseker en onveilig dat dit ons maar redelik swartgallig stem.

Ons moet egter eerlik met onsself wees en erken dat ons nooit regtig sal weet wat vir ons voorlê nie. Gelukkig ook nie. Want die dag van môre en verder breek dikwels anders aan as wat ons verwag het of dit dalk sou wou hê. Die toekoms het die geneigdheid om die nietigheid van die mens en die breekbaarheid van ons aardse bestaan te beklemtoon.

Dit is egter nou nie nodig om moedeloos te raak en iewers in 'n hoekie te gaan sit en wag op dit wat dalk gaan gebeur nie. Die apostel Petrus bring vir ons groot gerustheid en ook hoop vir die toekoms. Met hierdie paar verse wil hy ons vrees vir en angstigheid oor die toekoms besweer.

God die Vader wat sy Seun deur 'n geweldige magsdaad teruggebring het uit die dood, het ons toekoms veilig in sy hande. Daar is niks wat dit ongedaan kan maak of uit sy hande kan ruk nie. Ons is nie oorgelewer aan die noodlot of aan die grille van die lewe nie. Selfs die dood het geen mag meer oor ons nie.

Dit beteken nie dat ons net die aangename in hierdie lewe sal beleef nie. Die donker dae sal kom, ons sal siek word, ons sal treur, ons sal oorval word deur die sondigheid van ons bestaan. Maar ons erfenis is veilig, God hou dit in sy hande en daar is niks of niemand wat dit van Hom af kan wegneem nie.

Gesang 579: 1, 4, 6 ***Ds ZC Robberts*** ***Heidelberg***

16 Mei ***Die Gees staan ons by*** **Romeine 8: 18-30**

Niemand van ons, geen mens, is los van bindinge nie. Ons is almal gebind aan tyd en ruimte, kom iewers vandaan en is iewers heen op pad. Vandag is nie 'n leë gat, 'n vakuum tussen gister en môre nie. Tussen dit wat was en dit wat is en dit wat sal wees, is daar 'n deurlopende lyn.

Nou is dit juis met Pinkster waar ons opnuut weer hieraan herinner word. Die Heilige Gees wat uitgestort is, herinner ons aan die verlede, in besonder die geskiedenis van Jesus Christus, die krip, die kruis en die leë graf. Die Gees bou vir ons 'n brug oor die eeue en bring die heilsdade van God na ons in hierdie tyd waarin ons nou leef. So lei Hy jou in die waarheid van Christus

en maak dit vir jou moontlik om ten spyte van alles wat gebeur, vorentoe te gaan en van tyd tot tyd iets van die hemel, iets van die heerlike toekoms in die hede te ervaar. Die Heilige Gees gee vir ons 'n kykie in die toekoms, vir die dag wanneer God alles vir alles sal wees (1 Kor 15: 28).

Maar die Gees laat ons ook sug oor die gebrokenheid van die skepping en laat ons met die skepping en met mense saam sug. Hy maak ons heilig ontevrede met al die kwaad en lyding wat in ons wêreld voorkom en maak van ons medewerkers om die boodskap van genade en verlossing en hoop aan 'n deurmekaar en Godlose wêreld uit te dra.

Daarom moet ons nie die Gees bedroef deur passief die genade van God net as ons eie te beskou en te gebruik nie. Laat ons ons hande uitsteek en ons monde oopmaak en getuig van die wonderdade van God.

Gesang 445: 4 ***Ds ZC Robberts*** ***Heidelberg***

17 Mei ***Waarheid of valsheid; aanbidding of twyfel*** **Matteus 18: 1-17; Matteus 18: 17**

Die gelowige gedenk met groot dankbaarheid en blydskap die opstanding van ons Here Jesus Christus omdat dit aan ons verkondig dat die mag van Satan en die dood gebreek is. 'n Nuwe lewe is vir die gelowige moontlik gemaak.

Terwyl hierdie heilsfeit deur baie in twyfel getrek word, is daar ook baie wat dit met die nodige erns bejeën. Dit sien ons in die eerste reaksie van die dissipels na Jesus se opstanding. *Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het* (Matt 18: 17). Dit is tog vreemd dat sommige getwyfel het, aangesien hulle drie jaar saam met Hom deurgebring het en Hy hulle oor alles ingelig het. Daar moes by hulle geen twyfel gewees het nie en tog het dit gebeur deur valse gerugte wat oor Jesus se opstanding versprei is.

Hierteenoor staan die evangelie waaroor dit werklik gaan – 'n evangelie wat ons dwing om Hom as die opgestane Heer te erken en te aanbid.

Die opstanding van ons Here Jesus is die kernstuk van ons godsdiens; dit bely ons; dit verkondig ons. Daarom kon Paulus onder andere aan die gemeente in Korinte skrywe: *En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud* (1 Kor 15: 14). Netso skrywe hy aan die gemeente in Rome: *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word* (Rom 10: 9).

Watter bewyse het ons meer nodig om te glo? Kan dit ook van ons gesê word: *Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid...* (Matt 28: 17)? Ja, ons kan

Hom ook nou nog sien. Weens die geloof wat deur die Heilige Gees in ons gewek word deur middel van die gepredikte Woord en die gebruik van die heilige sakramente, is dit asof Christus weer voor ons kom staan sodat ons Hom kan sien en aanbid, en hoef daar by ons geen twyfel meer te wees nie.

Gesang 422: 1, 3 ***Ds TJ Botha*** ***Postmasburg***

18 Mei ***Waaroor praat ons; waarop hoop ons?*** **Lukas 24: 13-35; Lukas 24: 21**

Die gebeure rondom die kruisiging en opstanding van Jesus het die mense van daardie tyd geweldig aangegryp. Dit sien ons onder andere in die vertelling van Lukas oor die Emmausgangers. Dit is nie net vir ons 'n spieëlbeeld van die onsekere en verwarde mens van ons tyd nie, maar die verhaal bied ook vir die vertwyfelde mens wat sonder hoop is 'n boodskap van hoop en bevryding, naamlik dat Jesus leef en met ons is.

Ek wil u vra om weer verse 14, 15, 17, 21 en 25 te lees en ernstig te oordink. Die paar verse spreek boekdele vir ons tot vandag toe.

Hierdie twee mense is oppad en in gesprek met mekaar. Vir hulle moes die gebeure in Jerusalem seker ook 'n traumatiese ervaring gewees het. Alles wat daar gebeur het, moes hulle so aangegryp en verbaas gelaat het, dat dit hulle gedagtes en gemoed gevul het. So druk was hulle met mekaar in gesprek, dat hulle nie eens die opgestane Heer raakgesien het toe Hy by hulle aangesluit het nie, en dit het hulle bedruk gemaak en hulle met somber gesigte laat staan. Ons hoor die rede vir hulle bedruktheid: Eg in die tradisie van die geloof van daardie tyd, het hulle ook maar gehoop op 'n aardse verlosser en het hulle hul hoop op Jesus geplaas. En nou is hulle erg teleurgesteld. Hulle het wel met mekaar daaroor gepraat, gehoop en selfs die vreemdeling daarvan vertel – maar dit was geen vreugdevolle hoop meer nie.

Moet dieselfde wat van die Emmausgangers gesê word nie ook maar van ons gesê word nie? Ons is oppad, oppad na die ewige Vaderhuis, maar waaroor praat ons; wat is die inhoud van ons gesprekke? Waarop hoop ons? As ons so rondom ons kyk en luister, lyk dit nie asof die groot heilsgebeure van kruisiging en opstanding werklik tot ons mense deurgedring het nie, en lyk dit asof daar by ons ook geen lewende hoop is nie.

Ons hoef egter nie soos die Emmausgangers met geslote oë deur die lewe te gaan en te sê *Ons het so gehoop...* nie. Nee! Ons kan blymoedig wees oor die feit dat die Here waarlik opgestaan het; Hy lewe! En Hy is met ons.

Gesang 411: 1, 2 ***Ds TJ Botha*** ***Postmasburg***

19 Mei ***Voorbereiding vir Hemelvaartdag: Is dit nodig?*** **Kolossense 3: 1-4**

Môre is dit die viering van die hemelvaart. Is voorbereiding om die hemelvaart te gedenk werklik nodig?

Iemand het op 'n keer gesê Hemelvaartdag moet seker as die aspoestertjie van ons kerklike feesdae beskou word. Nie net in terme van bywoning word die dag die meeste afgeskeep nie, maar ook in terme van die betekenis van die dag, omdat ons mense nie meer regtig die nodige erns aan die dag lê wanneer ons by dié dag kom nie. Daarom gaan die dag by meeste van ons mense verby as maar net nog 'n dag. Grotendeels word hierdie dag op die agtergrond geskuif omdat dit vanweë die veranderde politieke situasie in ons land nie meer as 'n openbare en Christelike feesdag beskou word nie.

Ja, voorbereiding is inderdaad nodig wanneer ons weer by Hemelvaartdag uitkom! Dit het nodig geword dat ons weereens moet besin oor die betekenis van hierdie dag. Vraag 46 in ons kerk se leerboek, die Heidelbergse Kategismus, is van wesenlike belang in hierdie opsig. Dit vra: Wat verstaan jy onder: *wat opgevaar het na die hemel?* en antwoord dan dat Christus in die hemel opgeneem is en vir ons daar is ten goede.

Die oorheersende gedagte van die hemelvaart is een van afskeid – 'n afskeid wat mense in verbasing laat staan en na die hemel laat kyk het met die gevoel dat alles tot 'n einde gekom het en dat daar niks meer oor is om voor te lewe nie.

In sy brief aan die Kolossense, wil Paulus ons egter op iets heel anders wys en ons tot 'n ander verstaan van hemelvaart bring. Wanneer hy in die eerste vier verse begrippe gebruik soos strewe na die dinge daarbo, ons lewens is saam met Christus verborge in God, en Christus is ons lewe, gaan dit om die sekerheid, die vastheid en betroubaarheid van ons heil. Ek het die sekerheid: my lewe is in die hande van Christus wat gegaan en ook vir my plek gaan berei het. Ek het ook die versekering dat Hy weer sal kom soos wat Hy beloof het

Wat 'n heerlikheid om dit alles te oordink alvorens ons by Hemelvaartdag uitkom!

Gesang 429: 1, 2 ***Ds TJ Botha*** ***Postmasburg***

20 Mei ***Seënende hande*** **Lukas 24: 26-53**

Die herdenking van hemelvaart, soos ons by gister se oordenking gesê het, gaan so maklik ongesiens verby. Gelukkig is dit 'n feesdag van die kerk waaraan nog krampagtig vasgeklou word en waarop ons nog in 'n erediens bymekaar kom.

Opmerklik is daar nie baie lang beskrywings in die Bybel oor hierdie dag nie; inteendeel, slegs maar 'n paar versies word aan hierdie groot gebeurtenis gewy. Matteus en Johannes berig byvoorbeeld nie daaroor nie. Dit is slegs Lukas, wat ook die boek Handelinge geskryf het, wat maar twee versies en een versie onderskeidelik hieroor in die twee boeke weergee. Ook Markus beskryf hierdie gebeure maar net met een versie.

Jesus se geskiedenis begin met die aankondiging van sy geboorte en dan die lofprysing *Eer aan God in die hoogste hemel.* Hierdie boodskap vind in die hemelvaartgebeure sy magtige verwesenliking. Sy werk hier op aarde is afgehandel en daarom lei Hy sy dissipels uit na Betanië. Hier sien ons sy laaste verskyning en word sy dissipels weereens van sy heerlikheid verseker.

Die laaste wat sy dissipels sien, is dat Jesus in die hemel opgeneem word en sy uitgestrekte hande. Weereens word hulle aan een van hul bekende godsdienstige gebruike herinner, naamlik die handeling wat die Hoëpriester uitvoer as al die versoeningshandelinge uitgevoer is. Die volk word huis toe gestuur met 'n seëngroet. Nou kom Jesus, nadat die voorhangsel van die tempel geskeur het, en Hyself seën sy volk.

Hierdie seën verskil opmerklik van dié van die Hoëpriester. Waar hy die volk elke jaar geseën het, lê daar in Jesus se seëngroet 'n handeling wat voortduur: *Terwyl Hy hulle seën.* 'n Toneel wat al die elemente van 'n treurspel bevat het, verander in 'n vreugdevolle geleentheid en die dissipels haas hulle terug na Jerusalem toe met vreugde in die hart.

Ook ons kan vandag, met die herdenking van hemelvaart, deel in die vreugde en blydskap van die dissipels, want ons weet Jesus se seënende hande bly uitgestrek oor ons.

Gesang 510: 1-4 ***Ds TJ Botha*** ***Postmasburg***

21 Mei ***Die nut van hemelvaart*** **Handelinge 1: 1-14**

Die hemelvaart van Christus is nie maar net 'n verhaal nie; dit is ook nie 'n storie wat deur die dissipels uitgedink of uit die duim gesuig is nie. Die Bybel toon ook hier aan dat ons met 'n heilsfeit, net soos met die opstanding van Jesus, te doen het. Al is die berigte hieroor maar min, soos ons gister aangetoon het, doen dit nie afbreuk aan die gebeure nie. Dit is asof die vier Evangeliste hieroor eenparig wou sê dit spreek vanself. Die lewe van Christus moes op die hemelvaart uitloop – dit is waarop Hy hulle voorberei het.

Die hemelvaart van Christus is geensins, soos sommige deur die eeue be-

weer het, 'n ontvlugting uit hierdie wêreld uit en dat die mens aan sy lot oorgelaat is nie. Die Heidelbergse Kategismus se antwoord hieroor is baie duidelik. Jesus het opgevaar na die hemel; Hy het gegaan met 'n doel; Hy het na die hemel gegaan ons ten goede.

Vraag 46 van die Kategismus sê dat Jesus se hemelvaart 'n bepaalde nut gehad het. Eerstens: Hy het gegaan om daar vir ons 'n Voorspraak by die Vader te wees, vir ons te gaan plek berei, en ons ook met sy wederkoms saam met Hom te neem. Dit word bevestig deur Johannes 14: 2 en 3, asook 1 Johannes 2: 1. Jesus se hemelvaart het nog verder die nut dat dit ook vir ons sê dat daar 'n waarborg, 'n pand gegee is waardeur ons seker kan wees dat dit ons alles ten goede kom. Hy het sy Gees as waarborg na ons toe gestuur om ons in alle waarheid te lei.

Wat 'n heerlike boodskap spreek daar nie uit die hemelvaartgebeure tot ons nie. Na sy menslike natuur is Hy nie meer hier by ons op die aarde nie maar in die hemel, en na sy Godheid, Majesteit en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie. Die skeidende Heer is tegelyk ook die blywende Heer.

Gesang 426: 1, 2 ***Ds TJ Botha*** ***Postmasburg***

22 Mei ***God is altyd daar vir my*** **1 Samuel 2: 1-10**

Daar kom tye of selfs net oomblikke in 'n mens se lewe wanneer jy opnuut verseker wil word van iemand se liefde vir jou. Dit kan wees dat iemand se optrede of woorde die wind totaal uit jou seile neem en jou heeltemal onseker van jouself laat. Skielik is al jou selfvertroue weg en dit kom vir jou voor asof jy onbekwaam is. Jy voel so geheel en al hulpeloos en jy steek 'n hand uit en hoop dat iemand 'n helpende hand na jou toe sal uitsteek. Dan kom jy tot die ontdekking dat jy nie so sterk en selfstandig is as wat jy gedink het jy is nie.

Noodgedwonge begin 'n mens na strooihalms gryp. Dit is gewoonlik die dinge wat gerieflik byderhand is en die modegier van die oomblik is. Hulle is alombekend en te veel om op te noem. Party is skadelik en ander is meer suksesvol, maar volkome gemoedsrus en vrede kry ons gewoonlik nie op dié manier nie. Dit bly in ieder geval maar 'n gespook en gespartel om op jou eie te probeer regkom en net te oorleef.

Ons enigste ware sekuriteit en troos vind ons in ons geloof in die Here. Gelukkig is ons as ons kan glo dat Hy die enigste is wat ons probleme volkome ken en verstaan. Werklik, daar is nie nog so Een soos Hy vir my as mens nie. Hoe ons ook al probeer om ons eie probleme op te los – daar is maar

net Een wat my volkome ken en weet hoe om iets daaraan te doen. Daar is maar net Een wat waarlik troos kan bied en ons regtig kalmte kan gee in ons lewensituasies.

Daar mag tye van ontreddering in ons lewens wees, maar daar is raad daarvoor. Ons moet vra vir 'n absolute geloofsoortuiging dat God vir my daar is. Hy weet wat Hy doen en Hy wil allermins hê dat ek tot niet moet gaan. Ons is op pad, nooit alleen nie maar saam met God.

Psalm 46: 1, 2 ***Ds J van Immerzeel*** ***Silverton***

23 Mei ***Van uitstel kom afstel. Moenie talm nie*** **Rigters 5: 15b-18**

Wanneer ons haastig is, verwag ons ook dat ander dieselfde spoed aan die dag sal lê. Deeglikheid en oor en oor beredenering kan ons uitermate frustreer. Party verkies dit egter so en ander hou glad nie daarvan nie. Die kerk en gelowiges kan uit die aard van die saak nie onbesonne en oorhaastige besluite neem en so te werk gaan nie. 'n Mens kan later daaroor spyt wees en die gesag van die kerk en die Heer van die kerk kan daardeur skade ly.

Hierdie deug van deeglikheid en oorversigtigheid kan egter ook 'n stok in die speke van 'n wiel word, veral in tye van krisis wanneer daar 'n spoedige optrede verwag word en haas van die allergrootste belang is.

Ons as gelowiges moet ook daarvoor begrip hê. Skielike onvoorsiene gebeure vereis ook skielike optrede.

In die gelese gedeelte sing Debora van die oorwinning wat die gelowiges behaal het. Daar is vinnig opgetree deur 'n deel van Israel, maar ander, onder andere Ruben, het miskien wel die voorneme gehad, maar wou tog eers weer die hele situasie van alle kante af goed bekyk by die suipplekke van die vee. Baie praat en baie besware, dan maar weer uitstel, en die geleenthede het verbygegaan en die kanse is nie benut nie.

Die apostel Paulus praat van die beste gebruikmaak van elke geleentheid, want hulle het in 'n goddelose tyd gelewe (Ef 5: 16). Omstandighede het dus die optrede bepaal. Ons aarsel, huiwer en stol en sien nie die geleenthede raak wat God vir ons wil gee nie. Dan is dit so dat jou kans om jou deel van die oorwinningsbuit te kry wat Christus vir jou bestem het, verbyglip.

Dit is jammer as ons die spoed wat die wêreld van ons vereis nie kan insien nie. Ons verstaan die haas en dringendheid van Jesus Christus nie. In tye van wêreldgejaagdheid vra Jesus Christus van ons om by te bly, want die wêreld gaan aan en ons bly agter. Mag die selfverwyt ons gespaar word dat ons nog

bly draai en bly ondersoek het totdat dit te laat was, en toe het dit nie meer saak gemaak nie.

Gesang 532: 1-3 ***Ds J van Immerzeel*** ***Silverton***

24 Mei ***Nou is daar geen hoop meer vir my nie*** **Job 30: 9-31**

Teleurstelling is 'n emosie wat ons ook baie goed ken. Ons bid die Here dat ons daarvan gespaar moet bly. Ons weet ook hoe ons daarin beland. Ons verwagtings word nie werklikheid nie. Ons werk hard en eerlik en dink dat ons na verdienste vergoed gaan word en dit gebeur net nie so nie. Ons dink dat ons slim met ons besittings gewerk het en rentekoerse daal vanweë 'n verswakkende wêreldekonomie en ons ontdek dat mot en roes wel verniel en dat geld bymekaar gemaak is om dit in 'n stukkende beurs te steek (Haggai). Of ek oefen hard, meer as al die ander, en ek haal nie die span nie. Dit is om die minste te sê maar 'n bittere teleurstelling. Ek het my deel gedoen, meer as enigiemand anders, en die onheil tref juis vir my. Dan noem ons onsself nutteloos en ongeluksvoëls.

Dit was juis ook wat Job moes beleef. Hy verloor alles sonder enige klaarblyklike rede. Hy probeer dit alles uitredeneer maar hy kry nie 'n antwoord nie. Job glo dat hy reg en God verkeerd is. Nou moet hy verag en bespot word omdat die Here nie reg met hom gemaak het nie. Ons dink dat dit met ons ook gebeur. Op hierdie denkwyse van ons kry ons in Job 34: 10 'n antwoord: *Maar luister na my, julle wat alles verstaan! God doen nie verkeerd nie, die Almagtige begaan nie 'n onreg nie.* Ons dink dat dit anders is, maar die Here God bly getrou. Hy vra ons vertroue en geloof ten spyte van dit wat met ons gebeur en ons ongelukkig maak.

Dit wat met ons gebeur, laat ons ook partykeer vra: *Wat help alles tog?* Die antwoord wat ons by God in sy Woord kry, is: Dit help. Bly dien die Here opreg. Wie anders is daar wat oor alles beskik? Hy is die Een wat ons verstaan en presies weet waarom alles met ons gebeur. Hy stuur sy Seun juis om ons te troos. Omdat ek seker is van sy vertroosting, sien ek vir teleurstellings kans. God weet wat nodig is en Hy sal bly sorg, wat ook al met my gebeur.

Gesang 280: 1-3 ***Ds J van Immerzeel*** ***Silverton***

25 Mei ***Erken jou armoede*** **Matteus 5: 3-12**

Hoe verander jy jou gesindheid of jou uitkyk op die lewe? Ons huldig die mening dat dit in hierdie lewe net oor sukses en rykdom gaan. Gereeld word

beweer dat wen nie alles is nie, dit is die enigste wat tel. Ons ervaar ook dat hierdie wêreld van prestasie 'n groot frustrasie vir die meeste van ons geword het. Die mees suksesvolle persoon sien op die ou einde ook nie eintlik meer die nut van hierdie gejaag na sukses in nie. Ons begeer 'n meer sinvolle manier van lewe. Hierdie beklemtoning van sukses loop al by ons ore uit. Ons het ook al sukses ervaar en agtergekom dat dit op die ou einde nie soveel vreugde verskaf as wat ons gedink het nie. Ons het ontdek dat dit 'n prys dra en dikwels baie meer van ons verg as wat ons dink.

Kom ons kyk weer 'n slaggie baie objektief na hierdie gedeelte in die Skrif. Die eerste en belangrikste stap bly tog maar om te erken dat jy nie alleen die mas kan opkom nie. Erken maar dat jy hulp nodig het. Jy kan nie sonder God nie. Wanneer jy voor God staan, besef jy dat jy op geestelike gebied maar baie armoedig is. Niks oortref die gemoedsrus wat jy deur die geloof by God vind nie.

Ons ontdek hierdie andersoortige geloofswaarheid dat God se seën nie vir dié is wat dink dat hulle sy seën kan verdien nie, maar juis vir hulle wat kan erken dat God hulle genadig moet wees. Sara, Petrus en Paulus het geluk gevind toe hulle hul onvermoë bely het en begin pleit het vir God se hulp en sy redding.

Ons het partykeer 'n resep waarvan ons absoluut glo dat dit 'n waarborg vir sukses en geluk is. Maar in die geloof weet ons dat God alleen vir ons die ware sukses en geluk kan gee. Alleen by God is daar die warmte en sekuriteit waarna ek so hunker. Saam met God is jy altyd 'n wenner. Jy ontvang by Hom 'n waardigheid wat alles in hierdie wêreld oortref in waarde, want in en deur Jesus Christus het jy sy kind geword.

Gesang 284: 1-3 ***Ds J van Immerzeel*** ***Silverton***

26 Mei ***Vreemde klanke*** **Handelinge 17: 16-20**

Die evangelieboodskap van Jesus Christus hou nooit op om te verras nie. Ons hoor altyd iets nuuts. Paulus praat met die wyse manne van Athene en predik die opstanding van Jesus Christus. Ja, dit was vir hulle vreemd. Dit het nie by hulle denkpatroon of filosofie ingepas nie. Ons voel ook onrustig as die sekerheid van ons lewe omgekrap word en daar vir ons gesê word dat alles nie so veilig en seker is as wat ons dink nie.

Ons moet egter verstaan dat die evangelieboodskap 'n boodskap van God is. Ons het ook al geleer dat 'n mens die Opperwese nooit werklik sal kan

begryp of verstaan nie. Ook maar goed so, anders was God ook nie meer God nie maar bloot 'n bekende bepaalbare mag vir wie ons altyd een voor kan wees en wat ons kan voorspel.

As God egter deur gelowiges bekendmaak wat sy wil is en wat gebeur wanneer Hy in liefde uitreik na ons as mense, dan hoor ons altyd iets vreemds en iets nuuts. Ons skrik uit ons geroetineerde ordelike wêreld wakker. Jesus, die Seun van God, wat 'n Mens geword het sonder sonde? Vreemd: Hy moes aan die kruis soos 'n misdadiger sterf. Nog vreemder: Hy het as oorwinnende Seun van God uit die dood opgestaan. Vreemd, eintlik vir sommige totaal onaanvaarbaar.

So kan ons ook vertel van vreemde gebeurtenisse in die kerklike of geloofslewe. Dit is vreemd vir ons as mense dat ons moet hoor dat ons verlore sondaarmense is. Dit is vreemd om te moet hoor dat Jesus se dood vir ons die lewe beteken. Net so vreemd is dit om te hoor dat 'n volwasse mens opnuut gebore kan word. En miskien die vreemdste is om te mag hoor dat die gelowige die ewige lewe mag beërwe.

Dit gaan 'n mens se verstand te bowe, maar tog besef ons dat hierdie wêreld en die dinge van hierdie wêreld ons nie kan red nie. Ons kan slegs gered word deur die wonder van God se genade, te veel vir die menslike verstand maar 'n troosvolle wete deur die geloof wat ons het.

Gesang 451: 1-3 ***Ds J van Immerzeel*** ***Silverton***

27 Mei ***Veilig speel*** **Johannes 20: 19**

'n Mens se eerste reaksie wanneer jy bekommerd is, is om veilig te speel. Daarvan getuig ons woonbuurtes vandag. Ons plaas diefwering voor die vensters, bou hoë mure om die huis, kry 'n alarmstelsel, sorg dat die veiligheidshekke dig gesluit is en dat die veiligheidskettings ingehaak bly. So, reken 'n mens, slaan jy dalk nog die bekommernisse hok. Tog laat dié dinge jou nie veilig voel nie.

Ons probeer ook ander mure tussen onsself en ons bekommernisse bou. Beleggings tussen jou en armoede, polisse om jou teen mot en roes te verseker, medisyne wat siekte van jou lyf af moet hou.

Partykeer sit ons ook kettings om ons gedagtes: hieraan wil ek nie dink nie, daarvan wil ek nie lees nie ... dit krap my tog net om. Ons grendel dus ons harte. As niemand te naby kom nie, hoef ek nie bekommerd te wees oor wat hulle van my dink of wat hulle met my hart sal maak nie. Die probleem is egter: Al hierdie dinge maak nie my sorge minder nie, maar maak dit juis meer.

Ons eerste reaksie is baie keer om te doen wat die dissipels gedoen het: Sluit die deure dig, trek jou terug. Ons leef tussen mense, maar hou ons geloof vir onsself. Netnou dink hulle ons dweep. Ons gesels oor ons geloof in Bybelstudiegroepe, maar raak selde spraaksaam daaroor buite die veilige kring. Gelowiges kan baie soorte slotte aansit as hulle eers begin bekommerd raak oor wat 'n vyandige wêreld met hulle kan aanvang. Dan wonder 'n mens hoe mense wat bely dat die aarde aan die Here behoort en dat die Here die Almagtige is, so blind kan wees? Wat sou Jesus, wat sy lewe aan die kruis gegee het, van hierdie soort wegkruipvolgelinge dink? *Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan* (Joh 20: 19).

Jesus kom na waar sy mense is, ook al is dit in 'n wegkruipkamertjie, agter slot en grendel. Slotte kan bekommernisse nie weghou nie, dis waar. Maar nog minder kan dit Jesus weghou. Dis die wonder wat tog in die kerk gebeur, al raak ons hoe afgeslote: die Here kom na sy mense toe. Dis die wonder wat tog gebeur wanneer ek probeer veilig speel en myself probeer afsluit van my sorge: Jesus kom na my toe. En dan word alles anders...

Ds MJ Swart ***Petrusburg***

28 Mei ***Vrede!*** **Johannes 20: 20**

Jesus sê vir sy dissipels: *Vrede vir julle!* Vrede beteken: God maak heel, God genees. En net na sy woorde wys Jesus die wonde aan sy hande en aan sy sy vir hulle. Toe die dissipels dit sien, vertel Johannes, het hulle baie bly geraak. Weer sê Jesus vir hulle: *Vrede vir julle!* Dis 'n vreemde volgorde: vrede - wondewys - vrede. Heel - stukkend - heel. Die verheerlikte Jesus wat aan die dissipels verskyn, is nog steeds die verwonde Jesus, en dis die verwonde Jesus wat vrede bring vir sy beangste volgelinge.

In Jesaja 53: 5 kry ons hierdie raaiselagtige sinnetjie: *deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.* Raaiselagtig, want ons dink gewoonlik dat 'n mens van jou wonde genees moet word. Wonde is die vyand, wonde moet weg. Die heel mens, reken ons, is die onverwonde mens, die mens sonder stukkende plekke. Maar die profeet sê dat ons genees word deur die wonde van die dienaar van die Here. En Jesus sê: *Vrede vir julle!* en wys vir sy dissipels sy wonde.

In die paar verse gee Johannes vir ons twee prentjies van heelheid. Die een is die dissipels se soort heelheid: Sluit jou af van alles wat kan seermaak, dan bly jy heel. Kruip weg vir die mense wat met jou kan mors, speel so veilig as wat jy kan, en dalk kry jy dit reg om heel te bly. Vrede is veiligheid.

Die ander prentjie van heelheid is dié van die verwonde Jesus. Dit is die vrede van iemand wat liefhet soos God liefhet. Liefde maak jou weerloos, dit stel jou bloot aan seerkry. Liefde beteken dat jy jouself gee vir mense wat jou miskien nie wil hê nie. Dit laat jou skynbaar magteloos as ander op jou trap. Liefde bring spykers deur die hande en 'n spies deur die sy. Liefde bring wonde. Maar die mens wat stukkend is omdat hy liefhet, is 'n heel mens. Die mens wat probeer heel bly deur die liefde te vermy, is stukkender as wat hy besef. In die wegkruipplek, die plek van vrees, wys Jesus vir die dissipels sy liefde. Hy wys sy liefde vir hulle wat Hom nie verstaan het nie, wat Hom in die steek gelaat het, wat Hom nie geglo het toe Hy gesê het dat Hy uit die dood sal opstaan nie. Hy wys sy liefde vir hulle wat hulself flenters gebreek het in hul poging om heel te bly.

Dalk is dit wat agter ons bekommernisse lê: die vrees om gebreek te word deur 'n harde wêreld, die krampagtige pogings om te sorg dat ons heel bly. Ons soek vrede, maar kry geen vrede nie, totdat Jesus deur ons skanse breek en vir ons vrede skenk. Dan weet ons: Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Ds MJ Swart ***Petrusburg***

29 Mei ***Wat is vrede?*** **Johannes 20: 21**

Ons dink baie keer dat vrede te make het met niksdoen. Vrede is dan wanneer ek langs die viswaters sit en kyk hoe die water verbyvloei. Niks anders om te doen en niks om my te pla nie. Maar dis nie vrede nie, dit is ontspanning. Elke mens het ontspanning nodig, maar as jy nie vrede ken nie, sal jy nie vrede vind deur niks te doen nie.

Die soort vrede wat Jesus belowe, bring 'n mens juis in beweging. *Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook* (Joh 20: 21). Vrede is dus om te gaan waar jy gestuur word. Dit sê Jesus, wat nog die kruiswonde aan sy liggaam dra. Al beteken dit dat jy gebreek word waar jy gestuur word, moet jy gaan. Anders sal jy nooit vrede vind nie.

Hierdie woorde van Jesus is 'n uitdaging aan die dissipels om hulle vrees te oorkom, om die slotte stukkend te breek en die wrede wêreld in te loop.

God speel nie veilig nie. Sy Seun speel nie veilig nie. Die Woord het vlees geword, onveilig en weerloos. Die Woord het voete gewas en kruis gedra. Die Woord het die dood ingegaan en stom geword. Maar in dit alles het die Woord gebly, het dit Liefdeswoord gebly.

Omdat ons met ons drang na veiligheid en ons stadige harte so dikwels die

verkeerde rigting inslaan, moet Jesus in ons pad kom staan en ons omdraai om ons in die regte koers te stuur. Dis die werklikheid in die alledaagse lewe. Jy sien kinders wat terugskrik van alles wat moeilik lyk, van elke uitdaging. Hulle probeer hulself beskerm teen mislukking deur nie te probeer nie. Iemand moet hulle leer omdraai en in die teenoorgestelde koers laat loop, anders maak hulle dit nie in die lewe nie.

Vrede beteken dat Jesus ons stuur waarheen ons meestal nie wil gaan nie. Ons dink ons sit slotte aan die deure om ons bekommernisse weg te hou, maar dalk is ons eintlik besig om Hom te probeer weghou. Al probleem is: geslote deure hou Hom nie buite nie. As Hy jou wil stuur, sal Hy jou stuur. En as jy die slag luister en gaan waar jy nie wil wees nie, ontdek jy: dít is waar ek moet wees. Al kry ek seer hier, word ek ook heel hier.

Ds MJ Swart ***Petrusburg***

30 Mei ***Wat is lewe?*** **Johannes 20: 22**

Jesus stuur nie net die dissipels weg nie, maar Hy gee hulle ook die krag om te kan gaan. Dit laat 'n mens nogal dink aan Genesis 2: 7: *Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.*

Ons leef omdat God ons laat asemhaal. Elke asemteug is 'n genade van God. Sonder asem kan ons nie 'n tree versit nie. Ons dink nie so oor asem nie. Ons dink dit is 'n doodgewone biologiese proses, nie 'n wonder van God nie. Dis mos ons wat asemhaal, ons harte wat klop, ons bloed wat pomp. Ons sorg dat ons aan die lewe bly. En daarom raak ons so bekommerd, druk spanning ons inmekaar sodat ons nie kan asemhaal nie. Om vir onsself te sorg, sluit ons onsself toe in kamers waar die lug bedompig en die lewensasem skaars is. Ons maak onsself dood in ons pogings om so lank moontlik aan te hou asemhaal.

Jesus gee vir die dissipels 'n tweede asem. In die benoudheid van die geslote kamer bring Hy nuwe lug sodat hulle kan asemskep en leef. Hierdie tweede asem is meer as die lewensasem wat God vir die mens gegee het. Dit is die Heilige Gees, die Lewensasem van God self. Die Gees sê vir ons dat die lewe meer is as 'n blote biologiese proses. Voortbestaan, asemhaal, eet, ensovoorts, is nog nie lewe nie. Lewe is wanneer die Gees jou longe oopmaak, jou bloed laat vloei, wanneer jou hart klop met God se krag en God se liefde.

Die liggaamlike bestaan is God se geskenk aan ons, 'n geskenk waarmee ons

moet liefhê, ook al kos dit wonde aan die liggaam. As jy nie liefde het nie, is jy niks. Dalk is dit een van die groot dinge wat ons as gelowiges vandag moet doen: om te wys dat die lewe meer is as *lyf*. Maar dan moet ons dit ook nie weer verabsoluteer nie, want as jy met jou liggaam behep is, is jy feitlik altyd ook selfbehep. Dit is om te skrik vir wonde, om veilig te probeer speel. Volgelinge van Jesus weet: Lewe is meer as lyf, dis liefde tot die uiterste toe, dis om te leef van die Lewensasem.

Ons weet dit omdat ons gestuurde mense is in wie Jesus die Lewensasem geblaas het.

Ds MJ Swart ***Petrusburg***

31 Mei ***Wantroue versus vertroue*** **Johannes 20: 26-30**

Daar is 'n gevaar in Tomas se houding. Hy wil glo op sy voorwaardes. Sien hy nie wat hy wil sien nie, kry hy nie die bewyse wat hy soek nie, sê hy: (Dan) *sal ek nooit glo nie!* Johannes sinspeel op die gevaar in Tomas se houding deur die manier waarop hy die twyfelaar hier aan ons voorstel: *Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf* (Joh 20: 24). Die enigste keer dat hierdie uitdrukking vir iemand anders as Judas gebruik word, is hier. Asof Johannes wil sê: Kan jy glo, Tomas was een van die twaalf, en hy het sowaar... Om nie te wil glo nie en net op jou eie voorwaardes te glo, is vir 'n dissipel omtrent so erg soos verraad. As 'n mens ongeloof vertaal na wantroue, kan jy begin verstaan waarom Tomas se houding gevaarlik is. Tomas is 'n lid van die binnekring, 'n vertroueling van Jesus. *Ek noem julle vriende*, het Jesus vir hulle gesê (Joh 15: 15). Hy het hulle sy woord as vriend gegee: Hy sal doodgemaak word, maar Hy sal weer opstaan. Hulle het gesukkel om Hom op sy woord te neem, maar toe kom die bevestiging: Die graf is leeg, die doeke lê daar, Maria Magdalena het Jesus gesien. En vir Tomas kom hierby die bevestiging van al sy vriende: *Ons het die Here gesien!* As Tomas Jesus vertrou het, as hy sy vriende vertrou het, moes hy begin glo het, al het hy nog nie gesien nie. Wantroue is om jou verhouding op een groot bekommernis te bou: Hoe weet ek jy verkul my nie? Wys my jy praat die waarheid. Bewys dat ek jou kan glo, dan sal ek glo. Anders nooit! Wantroue is die dood in die pot vir 'n verhouding. Daarom dat Tomas se ongeloof so gevaarlik is. Hou hy daarmee aan, kan dit 'n sonde tot die dood wees.

Tomas hou rekening met die moontlikheid dat sy ongeloof dalk verkeerd kan wees. Hy laat die moontlikheid dat Jesus lewe nie totaal buite rekening

nie. *As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien nie,* beteken vir hom klaarblyklik ook: *As ek die merke sien...* En dit sê tog iets dat hy juis dit wil sien. Hy wil nie Jesus se heerlikheid sien nie. Hy soek nie 'n openbaring van mag en prag nie. Hy wil Jesus se wonde sien. Verstaan hy dalk, sy ongeloof ten spyt, tog iets van vrede - wonde - vrede? Is Tomas se diepste begeerte dalk om vrede te kry?

Hoe dit ook al is, die volgende Sondag is die dissipels weer bymekaar. Tomas is dié keer by. En weer is die deure gesluit. Heeltemal vry van bekommernis is die dissipels nog nie. Hulle is gestuur, maar dit lyk nog nie asof hulle gegaan het nie. Jesus moet nog 'n keer deur geslote deure binnekom. Skielik staan Hy tussen hulle: *Vrede vir julle!* En dan draai Hy na Tomas toe. *Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig* (Joh 20: 27).

Jesus kom ontmoet Tomas waar hy is. Hy smeek nie die dissipel om te glo nie, Hy beveel hom. Jesus se woorde is kras, bevelend, amper kortaf. Toe, jy wil mos sien, jy wil mos vat voor jy kan glo. Toe, kyk en vat nou! En stop jou ongeloof – toe nou, glo!

Tomas het nodig gehad om in die bek geruk te word oor sy gebrek van vertroue, en Jesus doen dit hard en ferm. Want wantroue is 'n sieklike sirkel: jy kyk met agterdog, dan sien jy net dit wat jou agterdog bevestig, sodat jy met nog meer agterdog kyk. Dit kos 'n vinnige pluk om jou uit hierdie sirkel uit te ruk. Tomas is die eerste dissipel wat sy ongeloof uitspreek, maar hy is ook die eerste dissipel wat die volheid van wat die kerk oor Jesus glo, in woorde bely: *My Here en my God!* Dit is woorde van vertroue, woorde wat wantroue begrawe. Hy word in duidelike taal daarop gewys dat hy vroeër al moes geglo het, dat hy op grond van Jesus se woord en sy vriende se woord moes geglo het.

Ds MJ Swart ***Petrusburg***

1 Junie ***Is ons nog entoesiasties oor kerk?*** **Eksodus 35: 21**

Hoe belangrik is kerk nog vandag vir ons? 'n Belangrike vraag, veral as in ag geneem word dat die kerk en gemeentes kla oor minder lidmate in die erediens. Aan die hand van hierdie kommer kan ons kortliks kyk na die belangrike plek wat die Huis van die Here ingeneem het in die lewe van Israel.

Ons lees in ons teksgedeelte dat in 'n woestynagtige omgewing 'n groep mense, wat ons seker niks anders as onlangs bevryde slawe kan noem nie, vir

hulle die tent van samekoms gebou het. Die tent van samekoms was vir hulle 'n heilige tent. Ons sou seker ook kon sê dat vir die ou volk Israel die tent van samekoms die *Huis van die Here* was.

Hierdie tent van samekoms was vir hulle die Huis van die Here, want in daardie tent van samekoms het iets gebeur. In daardie tent het telkens 'n ontmoeting plaasgevind. Die ontmoeting was tussen God die Vader en sy volk wat deur Moses verteenwoordig is. Dit is waarom ons lees van Moses wat gedurig in die tent van ontmoeting ingegaan het om God te raadpleeg oor sake waarmee hy gekonfronteer is.

Die tent van ontmoeting het dus 'n doel gedien. Vir die volk het dit die boodskap ingehou dat God waarlik daar teenwoordig was by hulle, en dat God met hulle gepraat het.

Maar die tent van ontmoeting het ook 'n bykomende doel gedien. Die ontmoetingsgebeure het 'n boodskap verkondig aan al die vreemde volke en nasies, 'n boodskap wat sê: *kyk, ons is God se volk.* Daarom lees ons van die ywer waarmee die volk die tent van ontmoeting opgerig het!

Is ons vandag nog so ywerig om God te ontmoet? As ons is, dan is die Huis van die Here en die ontmoeting en verkondiging wat daar gebeur, vir elkeen van ons belangrik.

Gesang 159: 3 ***Ds Ferdie Nortjé*** ***Outeniqua***

2 Junie ***Vreugde om God te ontmoet in sy tempel*** **Psalm 100**

Elke mens ken teleurstellings in sy lewe. Dit is egter nie die teleurstellings in die lewe wat 'n mens wil onthou nie, maar die vreugde wat mense se lewens waardevol maak.

Die digter van Psalm 100 beskryf vir ons sy vreugde in die lewe. Die digter sê vir ons dat dit vir hom 'n vreugde is om die Here te dien. Daarom juig en jubel hy voor God. Maar sy vreugde word verder uitgebou. Hy is verheug omdat God hom as mens Syne gemaak het. Die digter is verheug om God se eiendom te kan wees. Daarom bely hy God as getrou van geslag tot geslag en 'n God aan wie se liefde daar geen einde is nie!

Nou is dit baie interessant: die digter se manier om sy vreugde te verkondig, is om God in sy tempel te ontmoet. Daarom, wanneer hy hom voorberei om God in sy tempel te ontmoet, dan sing hy: *Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofgesange!*

Vreugde het vir mense verskillende betekenis en inhoud. Vir sommige mense

is ware vreugde sport, vir ander is dit studies, vir ander is dit hulle huisgesinne, vir ander is dit die versiering van hulle huise.

Die vraag moet gevra word: Kan sulke vreugde enigsins belangriker en van meer waarde wees as om God in sy tempel te ontmoet omdat Hy ons Syne gemaak het?

Die psalmdigter sê nee, daar is geen groter vreugde as om God in sy tempel te ontmoet nie!

Psalm 100: 1-3 ***Ds Ferdie Nortjé*** ***Outeniqua***

3 Junie ***Ons is self die tempel van God*** **1 Korintiërs 3: 16 -21**

Die afgelope twee dae se oordenkings het ons geleer dat daar in die tempel van die Here 'n heilige ontmoeting plaasvind tussen God die Vader en die sondaarmens. Daarom beskryf die psalmdigter vir ons sy vreugde om deel van daardie ontmoeting te kan wees omdat hy kind van God is.

Die vraag vanuit die gedagtes in die Ou Testament is of ons dan daardie vreugde van 'n heilige ontmoeting net op die Sabbat ervaar?

Paulus skryf aan die Korintiërs en sê nee, beslis nie. Die rede waarom Paulus dit sê, is juis omdat hy hulle daarop probeer bedag maak dat hulle self die tempels van die Here is omdat die Gees van God in hulle woon.

Vir 'n gemeente soos die Korintiërs wat kon sê: *daar woon ons God, en daar in sy tempel ervaar ons die vreugde van sy teenwoordigheid,* is Paulus se woorde 'n nuwe verstaan van God. Jesus Christus het dinge nuut kom maak. Hy het die gedagte van die tempel van God nuwe betekenis gegee.

Skielik kom die besef dat God nie in geboue toegesluit word nie, maar dat elke mens 'n tempel van die Here is, omdat die Gees van God in ons woon.

Dit behoort natuurlik die gevolg te hê dat elke mens se lewe 'n lofpsalm aan God moet wees, want deur sy Gees vind daar nou elke dag 'n Heilige ontmoeting tussen God en mens plaas in die hart van elkeen wat gevul is met die Gees van God!

Kom ons maak om dié rede elke dag van ons lewens 'n lofpsalm aan God, want deur sy Gees hoor ons sy Stem en ervaar ons sy teenwoordigheid.

Gesang 201: 1, 3 ***Ds Ferdie Nortjé*** ***Outeniqua***

4 Junie ***Wat is my plek in die kerk?*** **Romeine 12: 1-8**

Dit is altyd vir 'n mens 'n troos en ook 'n vreugde om seker te wees daarvan dat, soos Paulus sê, ek as mens ook 'n tempel van die Here is en dat daar

in my daagliks 'n heilige ontmoeting tussen God en sondaarmens plaasvind. Verder is dit ook 'n troos dat ons hiervoor die Gees van God as waarborg het.

Die vraag is, hoe verkondig ek hierdie vreugde van my? As Paulus aan die mense van Rome skryf, dan praat hy in hierdie gelese gedeelte oor die kerk. Hy sê dat die sigbare kerk gevul is met mense wat die wesenlike van die godsdiens doen, naamlik om hulleself te gee as lewendige en heilige offers wat vir God aanneemlik is. Hy sê dat hierdie mense vir God aanneemlike offers is omdat hulle toegelaat het dat God hulle denke vernuwe.

Daarom, sê Paulus, word die mense se vreugde onder andere verkondig deur die gawes waarmee God hulle geseën het, om daardie gawes te gebruik tot voordeel en uitbouing van die liggaam van Christus.

Dan is 'n mens natuurlik gevul met dankbaarheid, want skielik kom ek tot die besef dat ek belangrik is vir God. Trouens, ek is so belangrik vir God dat ek nou kan sê: *ek is waarlik 'n werktuig in diens van God omdat God my sy werktuig gemaak het.*

Kyk ons daarna vanuit 'n menslike oogpunt, dan besef ons dat God vir my 'n plekkie in die liggaam van Christus gegee het om ook my lofgesang te sing, omdat God my beskeie bydrae nie gering ag nie.

Gesang 308: 1, 3, 5 ***Ds Ferdie Nortjé*** ***Outeniqua***

5 Junie ***Is Jesus Christus vir ons belangrik?*** **1 Johannes 5: 6-12**

As ons na die Bybelse getuienis oor die mens kyk, dan moet ons sê dat die mens waarlik 'n besonderse skepping van God is. Hierdie siening word onderskryf deur die Bybelse getuienis. Ons lees dat daar van die mens getuig word as –

- die kroon van die skeppingsverhaal;
- die enigste skepsel wat 'n verantwoordelikheid en 'n opdrag van God ontvang het; en
- die hoogtepunt van die skepping van God, want hy moet besluite neem en regeer namens God!

Maar as die mens so besonders is, het die moderne mens werklik nog vandag Jesus Christus nodig in sy lewe?

Ons teksvers sê baie duidelik: *Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie* (1 Joh 5: 12).

Nou vra 'n mens dadelik: *Wat sou dit beteken, wat sou dit impliseer vir ons geloofslewe?* Dit sê tog vir ons dat hy wat die Seun het, deelagtig is aan die

volle pakket wat Jesus Christus vir ons 'n werklikheid maak. So, sê Johannes, het ons onder andere deel aan: die vreugde van die geboorte van Jesus Christus ons Verlosser, die verdienste van Jesus Christus se lyding en sterwe, die oorwinning van Jesus Christus se opstanding en oorwinning oor die dood en die duiwel, én die wederkoms van Jesus Christus wanneer Hy sal kom as Regter.

Besef u dat hierdie gedeelte in die Johannes-brief onder andere vir my en u wil sê dat die wyse waarop ons Jesus Christus verkondig die getroue getuienis is of ek die lewe het – nie die aardse lewe nie, dit het ons almal! Dit is die getuienis of ek die ewige lewe het. Want wat die hart van vol is, loop die mond van oor. As ek die Seun het, het ek die lewe.

Gesang 510: 4 ***Ds Ferdie Nortjé*** ***Outeniqua***

6 Junie ***Die soom van die kleed van die Here*** **Jesaja 6**

Ek was van kleins af lief vir gedigte. Ek onthou dat toe ek 'n kind was, daar in een uitgawe van *Huisgenoot* 'n artikel oor Langenhoven verskyn het. Ek het die bladsy met sy foto uitgeskeur om te bêre. Toe ek die foto omdraai en agterop kyk, sien ek dat die *Stem van Suid-Afrika* op die agterkant gedruk is. My ma stel toe voor dat ek die foto nie in 'n boek plak nie, maar teen my kamerruit. As ek dan in die oggende vóór skool die *Stem* op my kamerruit gelees het, het Langenhoven se gesig deur die bladsy geskyn. Later het ek meer boeke van hom gelees, stories, en later gedigte van ander skrywers liefgekry. Marais, Leipoldt, Visser, Van Wyk Louw, Krige, Eybers en Jonker het almal my verbeelding aangegryp op skool. Láter het ek Breytenbach uit my kop geleer, op universiteit vir Cloete ontmoet en na sy voorlesings van gedigte geluister, en vandag is ek baie lief vir Letoit, Hambidge, Gert Vlok Nel en Marius Titus, om maar net 'n paar te noem. Lina Spies se psalmberymings in die Liedboek is vir my roerende belydenisse en gebede wat op die oomblik van publikasie reeds kosbare erfgoed geword het.

Onlangs sit ek saam met 'n groep Afrikaners en kuier om 'n vuur – almal uit verskillende kerke en sommiges uit ander dorpe as ek. Skielik, ek weet nie eens hóé nie, draai die gesprek weer in 'n moedelose rigting. Elke opmerking wil swaarder en donkerder klink as die vorige een. Dis kompleet soos die ou TO Honiball-klagtes van Oom Kaspaas agter in die *Landbouweekblad.* Elkeen wil seker maak dat hy met insig en akkuraatheid die prentjie so donker moontlik kan teken. Ons is bekommerd oor skole, gesondheidsorg,

die ekonomie, werksgeleenthede vir ons kinders en wat nog alles. Bitter, alles bitter.

Op universiteit kon dosente in Hebreeuse klasse vir my die gedigte in die Ou Testament so mooi voorlees. In die besonder onthou ek proff Louis Bezuidenhout en Wally da Silva se stemme as hulle Jesaja gelees het. Feitlik die hele Jesaja is mos in gedigte geskryf. En as jy ooit voel jou lewe word bitter, is daar waarskynlik nie 'n beter plek om van die soet verlossing en warm liefde van God te hoor as in Jesaja nie.

Lina Spies skryf 'n gedig in haar nuwe digbundel, *Duskant die Einders*, na aanleiding van 'n roerende beskrywing in Jesaja 6, oor die teenwoordigheid van God. Jesaja self laat mens sprakeloos as hy vertel hoe die deure rammel in hulle kosyne in die magtige verskyning van God. Lina Spies se antwoord hiérop is dat mens besef dat jy oor die Skepper van die heelal selfs in die mooiste digwerk net stamelend kan praat ...

Psalm 130 (Lina Spies) ***Ds Bertus van Niekerk*** ***Carletonville***

7 Junie ***As mens beskaafd is, plant jy 'n boom!*** **Psalm 8**

Toe ek en my vrou net-net getroud was (ons was nog op universiteit), het ons een vakansie afgesit Kaap toe om vreemde horisonne te gaan verken (en lief te kry). Ons leen toe my skoonpa se nuwe klein karretjie, want ons s'n was maar soos wat studente s'n soms is, en ry sonder radio deur die natuurskoon van ons land. Baie verlief, sing ons die pad om en verbaas ons oor die verskeidenheid plantegroei en klimaatsomstandighede wat ons teëkom. Omdat ons nie die land geken het nie en nie geweet het waar om wat te begin soek nie, bel ek toe vooraf verskillende predikante langs die pad en vra hulle wat mens nou eintlik in hulle omgewing kan sien. Só kom ons toe by ds Thomas Joubert op Swellendam uit en kuier heerlik in die Suid-Kaap. Predikante ken baie keer die wonderlikste stories oor hulle dorpe en mense. Maar eintlik het iets anders my nou aan hom laat dink.

Ds Joubert het 'n sê-ding wat ek terstond my eie gemaak het en tot vandag toepas: *As mens beskaafd is, plant jy 'n boom.* Ek preek graag oor die skepping. Ek lees ook graag oor die Skepper en die werk van sy hande, hoe Hy dit in stand hou. Soms eggo die refrein van Gesang 464 in die Liedboek dan spontaan deur my gedagtes: *Dan moet ek juig, my Redder en my God!*

As ons die skeppingsverhale in die Bybel lees, val dit dadelik op hoedat die skrywers ook waardering gehad het vir die skepping, die verskeidenheid en

kompleksiteit daarvan. Die skrywer van Psalm 8 is verbaas as hy na die skepping kyk en aan die heerlikheid van God dink, dat God die mens nou juis kies om oor die skepping te heers. Ons is God se verteenwoordiger in die skepping (Gen 1) maar terselfdertyd ook kurator van 'n unieke skat (Gen 2: 15). Die Here gee ons elkeen 'n unieke plek in die skepping. Elkeen van ons kan vir ons 'n lewe uitkerf en die aarde vir 'n bestaan bewerk. Ons moet die aarde wíl oppas, erns maak met die opdrag om in beheer van die skepping te wees. Dan sal ons nie net die lewe geniet nie, maar die verantwoordelikheid om dit op te pas ernstig opneem. Ons sal bome plant. Ons sal selfs ons troeteldiere beter behandel, omdat ons besef dat ook húlle 'n unieke gawe van God is. Al die mak diere en wilde diere, alles waaraan ons 'n naam gee, is op die aarde geplaas om deur ons geniet te word en om God te verheerlik. Ons kan ons Skepper verheerlik deur met liefde na ons deeltjie van die skepping om te sien.

Psalm 8 ***Ds Bertus van Niekerk*** ***Carletonville***

8 Junie ***God is by jou*** **1 Samuel 10**

My slagter vertel dat sy dogtertjie van vier een keer teleurgesteld uit die kerk gestap het. Die preek was oor koning Saul, die teksvers 1 Samuel 10: 7: *God is by jou.* Sy het gedink die dominee het darem meer om te sê as dít, die ou bekende waarheid wat sy reeds weet op haar ouderdom. Sy sou graag darem iets nuuts wou leer uit die erediens.

Vir Saul was dié belofte die begin van groot dinge. Dit het sy hele lewe verander. Saul het grootgeword naby aan die aarde, hy was onder meer verantwoordelik vir 'n deel van sy pa se plaas. As ons in 1 Samuel 9 lees hoe hy koning geword het, teen sy verwagting in, besef ons dat dit nooit sy droom was om 'n hele volk te lei en regeer nie. Hy was ook nie 'n profeet nie, en was inteendeel van ander afhanklik vir geestelike leiding. Ons lees dat hy hoë agting gehad het vir die *siener* (1 Sam 9: 21), en aanvanklik selfs ongemaklik gevoel het dat aan hom eerbied betoon word.

God roep ons elkeen om aan Hom te behoort. Saul was van sy eerste lewensoomblik af 'n gelowige, daaroor het ek geen twyfel nie. Hy het egter gou gewoond geraak aan die mag en dit het sy hele persoonlikheid verander. Ek wonder wat moderne sielkunde van sy gedragsverandering sou sê. Saul het magsugtig geword en het niks en niemand om hom ontsien nie en hom aan geen raad of kritiek gesteur nie. Was die belofte van God se teenwoor-

digheid bedoel vir sy hele lewe, of het sy optrede God se waarborg van God se seën van hom ontneem?

In 1 Samuel 13 lees ons dat Saul geen respek oorgehad het vir die geloofsgebruike van sy tyd nie. Hy bring self die offer wat Samuel moes doen. Ongeduld en humeurigheid was hier sy fout, soos by baie van ons ook. Ons tree dikwels ook dwaas op en luister nie na die Here se stem nie (1 Sam 10: 14). Vir Saul was dit die begin van die einde. Die Here het van tóé af sy koningskap van hom begin wegneem. Iemand anders moes die belofte nou hoor: *God is by jou.*

Die res van Saul se verhaal is afdraand. Die een fout na die ander pootjie hom, hy neem die onnoselste besluite en dis vir die leser van die verhaal ooglopend duidelik dat dié eens sterk leier, die een wat kop en skouers bo almal uitgetroon het, struikel en val.

Dalk wil jy ook dink die teks vertel niks nuuts nie. Jy weet dit mos nou al van kleins af: *God is by jou.* Tree jy nog op volgens die roeping wat God jou opgelê het? Aanbid jy die Here nog opreg en soek jy na sy raad en insig? Behandel jy nog dié wat in diens van God staan met agting en respek? Pasop dat jou koninkryk, 'n geskenk van God, nie jou hele lewenswyse verander nie. Saul het almal om hom, dié wat die naaste aan hom was, selfs sy kinders, van hom verstoot. Uiteindelik is hy as koning verwerp en het hy in 'n fratsongeluk gesterf, nadat hy selfs met okkultiese bedrywighede deurmekaar was. Die een wat deur God uitgekies is, se kop is uiteindelik as trofee uitgestal in die laer van sy vyande.

Dalk is dit tyd vir jou om te vra of jy nog só optree dat jy verseker is: *God is by jou!*

Gesang 524 ***Ds Bertus van Niekerk*** ***Carletonville***

9 Junie ***Here, na wie toe sal ek gaan?*** **Johannes 6: 60-71**

Toe ek student was, gesels ek een keer met my skoonpa oor die teksgedeelte wat hy tóé as votum gebruik het. Die rustigheid in sy stem en die geloofsbelydenis in die woorde sal my altyd bybly. Hy het tóé die woorde van Petrus uit Johannes 6: 68 gebruik: *Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee.*

Van al die dosente wat ek op universiteit gehad het, het hy waarskynlik die grootste invloed op my lewe gehad. Vir lank het ek dié teksgedeelte self ook gebruik as votum. My eredienste het meestal só begin, met hierdie woorde.

As ek die woorde gesê het, het ek altyd aan Petrus gedink, aan die landskap langs die see van Galilea, waar Jesus so baie vir sy dissipels geleer het, waar Hy die skare gevoed het, en waar Hy die apostels geroep het om *vissers van mense* te word. Maar ek het ook altyd aan my skoonpa gedink, en aan hoe juis hiérdie teks wat hy gebruik het, vir my so inspirerend was. Dit het die karakter van die hele erediens aangekondig. Dit het die dienaar van die woord se eie feilbaarheid en afhanklikheid van die Heer se genade onderstreep.

Toe gebeur daar iets wat my lewe onderstebo keer. John Lennon het dit gesing, en dit het lank agterop die All Bran-houer gestaan: *Life is what happens when you're making other plans.* Groot hartseer oorval ons en ons sukkel vir jare om dit te verwerk. Ek sê altyd dit was die teenwoordigheid van God ín die liefde van mense wat ons daardeur gedra het. Uiteindelik, as ek nou terugkyk op my lewe, sien ek hoedat Hy my gedra het en my veilig beskerm het. In doodsgevare en in donker dieptes was Hy vir my Immanuel, God met ons.

Ek vind toe my eie troos in Jesaja 40: 31: *Dié wat op die Here vertrou, vlieg met arendsvlerke. Hulle hardloop en word nie moeg nie. Hulle loop en raak nie afgemat nie.* Die afgelope vyf jaar begin ek al my eredienste só. Dan dink ek aan die Here se troue beskerming en sy liefde wat geen einde het nie. Ek dink aan die krag wat Hy gee. Die oumense het 'n sê-ding gehad: *Hy gee krag na kruis.* Dié het ek self beleef. Dit is trouens wat my staande hou, nou nog, elke oomblik van my lewe en bediening.

En my skoonpa se votum? Ek het dit nog nie weer gebruik nie. Ek luister spesiaal as hy eredienste begin, om te hoor of hy dit weer wil sê. Dis asof ek teruggryp na 'n tyd toe ek die hartseer nie beleef het nie, soos Coenie de Villiers sing: *om weer vir 'n oomblik die kennis van kwaad te ontken.*

Kyk bietjie wat maak jou dominee Sondag wanneer hy op die kansel klim. Ek steek halfpad vas. Nie omdat ek aarsel nie. Omdat ek wil bid, vra vir leiding, vir insig, vir helderheid, vir inspirasie, vir die voorreg om te mag sê: *So spreek die Here.* Wat bid ek? *Here, na wie toe sal ek gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee!*

Gesang 512 ***Ds Bertus van Niekerk*** ***Carletonville***

10 Junie ***Seën, Heer, wat ons eet ...*** **Johannes 17**

Een keer het 'n jong kollega vir my gesê hy is behoorlik aangespreek oor die rympie wat hy aan etenstafel by lidmate gebid het. *Is dit wat hulle jou geleer het op universiteit?* wou die kwaai oom weet. Die oom het natuurlik self

ook maar 'n rympie gehad, maar wou graag 'n *mooier* tafelgebed hoor van die nuwe jong domineetjie.

Ek het baie hieroor gedink. Bid mens vir alle kos? Soms is my dogtertjie (sy's nou knap vier) so oorstelp met die gehalte van die nagereg dat sy aandring dat ons bid daarvoor óók! Bid ons vir toebroodjies ook, pouse? Vir kraaktjips? Vir kos in die Wimpy of deftige restaurant? En wat bid mens as jy by gaste is? My skoolvriend wat boer dring altyd aan (vóór ek bid, want ek dink nie altyd daaraan nie) dat ek tog ook moet dankie sê vir die reën.

Ek het nooit geleer om aan die kop van die tafel te sit nie. As studente was ons bevoorreg om beide ouerpare in dieselfde dorp te hê waar ons gestudeer het. Dus het ons gemaklik ons voete een Sondagmiddag onder my skoonouers se tafel ingeskop, die ander Sondagmiddag onder haar skoonouers se tafel. Aan die kop van die tafel het altyd 'n pa (of skoonpa) gesit wat die seën so mooi kon vra. Nou nog luister ek graag hoe hulle bid, na die liefde, ook in hulle gebede, vir die kinders en kleinkinders.

My skoonpa bid graag, veral op geleenthede waar daar uitgebreide families en skoonfamilies en ook vriende bymekaar is, oor die liefde tussen ons. Hy dank die Here vir die bande van liefde en bloed wat ons aan mekaar bind. In sy huis (en in myne) bid ons ook rympies voor ons eet, rympies wat ons geleer het by iemand vir wie ons lief was: oupa, pa of iemand wat ons lewe sterk beïnvloed het. Waar kom die rympie vandaan wat jy aan tafel bid? Dis goed om bekende woorde te bid waar klein kindertjies by is. Hulle leer nie net die woorde aan nie, maar sien die voorbeeld van afhanklikheid van God en dankbaarheid in geloof. Hulle vind in die ritueel 'n eenwording voor God, ons hande in mekaar gevou, en warmte in die feit dat ons as gesin en familie nou ons geloof voor God bely: Hý is die Een wat voorsien.

Soms is tafelgebede die enigste gebed wat kinders in ons huise hoor. Dit beteken dat jou kind jou waarskynlik nooit op 'n ander geleentheid sal hoor bid nie. Jou kind sal jou wil onthou nie net vir jou liefde nie, maar ook vir die nederige afhanklikheid wat jy bely as jy sy hand vashou. Leer hulle dan ook om die tafel dat die Here jou gesin seën met die goeie uit sy hand en dat jy by Hóm jou siel in vettigheid kan verlustig (ou vertaling vir Jesaja 55: 2).

Gesang 568 ***Ds Bertus van Niekerk*** ***Carletonville***

11 Junie ***Eensaamheid, werkywer en rykdom*** **Prediker 4: 7-8**

Die Prediker argumenteer met die ou leermeesters oor werkywer. Hulle het geglo dat werkywer en rykdom saamhang. In Spreuke 10: 4 word geleer:

' n Mens wat nie sy hande uit sy mou steek nie, word arm; dit is vlyt wat ryk maak. Rykdom val nie sommer uit die lug uit nie, maar is gewoonlik die gevolg van harde werk en opofferings. Die Prediker bevraagteken of dit waar is. Hy illustreer sy standpunt. Hy het 'n man gesien wat baie hard gewerk het en heelwat rykdom vergader het, maar hierdie man het nie 'n seun of 'n broer gehad nie. Toe die eensame werkesel na verloop van tyd introspeksie hou, was hy ontnugter. *Vir wie sloof ek my af en ontsê ek my die aangename dinge?* het hy homself gevra.

Vandag glo ons steeds aan harde werk om vir ons lewenstog te voorsien, dit is immers 'n Bybelse opdrag. Dit mag egter nie ons ganse lewensuitkyk oorheers nie. Timoteus waarsku dat ons nie ons hoop op die onsekerheid van rykdom moet vestig nie, *maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.*

Gesang 521: 1, 2 ***Ds Anna-Marie Kloppers*** ***Krugersdorp-Oos***

12 Junie ***Twee vaar beter as een*** **Prediker 4: 9-12**

Vir wie sloof ek my af? is 'n bekende vraag, veral wanneer die mens sy middeljare bereik. Soveel keer ervaar mense dat hulle jare lank werk en tog voel asof hulle niks bereik het nie of deur niemand raakgesien word nie. Die werk wat hulle verrig, skyn sinloos te wees. Die Prediker sluit treffend by die vorige gedeelte aan met sy argumentering. Die ou wysheidsleraars het geleer dat harde werk jou rykdom in die sak bring. Die Prediker vra na die sin van rykdom indien 'n mens geen erfgenaam het nie. Hulle leer dat twee beter vaar as een en dat 'n driedubbele tou nie maklik breek nie. Die Prediker gee hulle gelyk, maar wys ook daarop dat 'n mens nie kan sorg dat hy 'n erfgenaam het nie. God het alleen beskikkingsreg oor die mens.

Wie slegs vir homself leef en werk, moet nie verbaas wees as die lewe op 'n dag skielik leeg en sinloos voorkom nie. Met dankbaarheid leer God die Vader ons om elke dag wat uit genade aan ons gegun word om te leef, as gawe uit sy hand te ervaar. Alleen Jesus Christus se soenverdienste breek die *wyse* woorde van 'n wêreld deur en begelei ons tot ware sin en vrede in ons besigwees.

Gesang 510: 1-4 ***Ds Anna-Marie Kloppers*** ***Krugersdorp-Oos***

13 Junie ***My tye is in u hand*** **Psalm 31: 1-16**

Rekeninge. Nogmaals uitgawes. Misdaad wat styg. Bekommernis oor die toekoms. Almal ken dit. Almal leef daarmee saam. Almal is dit eens dat ons in moei-

like tye leef. Die skrywer van Psalm 31 kon net sowel vandag geleef het. Hy skryf in vers 11: *My lewe vergaan van kommer en my jare van swaarkry; deur my ellende word my krag geknak.* Tog is hierdie een van die psalms wat die meeste in die Skrif aangehaal word. Vers 6 sê: *In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak.* Jesus Christus het dit uitgeroep aan die kruis voordat Hy die donker dal van godsverlatenheid moes betree. Stefanus, die eerste Christenmartelaar, het dit uitgeroep toe hy gestenig is. Dit is die woorde waarmee elke Joodse kind die dag afgesluit het. Die moment wanneer die woorde uitgespreek word, is die oomblik wanneer daar na ons wêreldse mening geen hoop en uitkoms meer is nie en net die alleenwees in die donker voor ons lê.

Ons tyd is egter in God se hand. Hy ontsluit die donker van ons tyd. Hy bring lig en redding. *Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie* (Joh 1: 5). Elkeen van ons mag in donker tye weet dat Christus sy lewe vir ons afgelê het en dat ons met geloof en vertroue volkome aan Hom moet vasgryp, die enige God wat vir ons die donker dal van godsverlatenheid betree het, sodat ons altyd mag weet God is immer teenwoordig.

Gesang 399: 1, 5 ***Ds Anna-Marie Kloppers*** ***Krugerdorp-Oos***

14 Junie ***God is almagtig – Hy sorg vir die mens*** **Psalm 33**

God word besing as die Almagtige. Hy het hierdie wêreld en alles daarin geskape. Hy het slegs gepraat en dit was so. Daarom behoort alle mense ontsag vir Hom te hê en alle mense behoort Hom te loof. Want die mens kan niks op aarde bereik deur sy eie vermoë nie. God wat alles geskep het, sit op sy heerserstroon en bestuur die lotgevalle van die mens op aarde.

Wanneer daar byvoorbeeld 'n oorwinning tydens oorloë kom, is dit God wat dié oorwinning gee. Dit is nie 'n groot leërmag of 'n sterk wapentuig of selfs die heldhaftigheid van die soldate wat die oorwinning bring nie, maar God.

Nou is die belydenis van die digter dat God sorg vir die mens wat in Hom glo en daarom kom die lof vir alles Hom toe. En daarmee sê hy dat die een wat op God vertrou, kan weet dat God aan hom goed sal doen. Omdat God almagtig is, is Hy in staat om goed te doen. Maar omdat Hy ook sy skepsels liefhet, is dit veral sy begeerte om aan hulle goed te doen.

Daardie goedheid het Hy aan 'n kruis op Golgotaheuwel bewys. Want daar het Hy gesorg vir die mens se grootste behoefte, naamlik sy ewige behoefte. Die oorwinning wat die mens daar oor die dood behaal, is ook te danke aan God wat in sy almag sorg dat dié een wat glo, kan oorwin.

Psalm 46: 1 ***Ds PD Rautenbach*** ***Schweizer-Reneke***

15 Junie ***God dink aan ons*** **Psalm 115: 12**

Die tweede sinnetjie in Psalm 115 wat ons geweldige troos bied, is: God dink aan ons. Net dit. *Die Here dink aan ons* (Ps 115: 12). So eenvoudig en so bykans terloops, maar so ongelooflik. Wanneer Hy oor ons dink, gaan dit nie net oor 'n Skepper wat statisties 'n bietjie voorraad opneem oor die menigte skepsels wat uit sy hand leef nie. Hy meet en evalueer nie die massas mense in terme van mekaar nie, maar Hy reik in genade uit. Hy dink aan ons en wanneer Hy dink, dink Hy in liefde en bring Hy in sy liefde gemeenskap met ons tot stand.

Dit word ten diepste uitgedruk met die volgende paar gedagtes. Hy seën ons. Dit is asof die digter wil sê wanneer God oor ons dink, seën Hy ons. Dit is asof die seën wat God gee, outomaties voortvloei uit die feit dat Hy oor ons dink. En God seën wyd en ver.

Hy seën Israel en Aäron. Hy seën sy eiendom, die mense met wie Hy 'n verbond gesluit het, ten spyte van die politieke verskille tussen hulle.

Hy seën klein en groot – almal wat Hom dien. Hy seën die mense wat met Hom in verhouding is, ongeag hulle posisie en gesag. Hy seën hulle, ryk en arm, swak en magtig.

Hy seën ons en ons kinders – Hy gee sy nabyheid oor alle tye en geslagte. Dit is inderdaad so dat sy liefde ons tydperke en ons geskiedenisse te bowe gaan. Hy seën agterkleinkind en die oorgrootjie in dieselfde seën en met dieselfde liefde.

God dink aan ons en ons leef uit sy genade.

Gesang 393: 1, 2 ***Ds NJS Steenekamp*** ***Middelburg***

16 Junie ***Prys die Here!*** **Psalm 115: 1**

Dit is maklik om die opdrag van die laaste verse van Psalm 115 aan te hoor: *Prys die Here!* Waar ingesien en bely word dat die mens in verhouding met God leef, is lof en aanbidding nie ver nie.

Dit bly treffend dat die psalm afsluit met die gedagte dat die mense in die doderyk God nie kan prys nie. Dit is 'n ou en belangrike Ou-Testamentiese insig. In die Ou Testament is die dood nie net die afwesigheid van biologiese lewe nie, maar juis die lewe waarin die verhouding met God nie geëer en eerbiedig word nie. Die dood is daar waar God nie gehoorsaam word nie, waar die verhouding met Hom nie aandag kry nie, waar daar niks in gehoor-

saamheid aan Hom gedoen en verrig word nie. Mense wat sonder God leef, is reeds dood, al is hulle springlewendig.

Juis daarom was die psalm ook vir die Here Jesus Christus van groot seën. Hy en sy dissipels het dit immers op die vooraand van die kruisiging as deel van die Pasgaviering gesing. Hoeveel troos sou daar nie vir Hom in wees om te hoor dat nie die dooies die Here prys nie? Is dit nie ongelooflik nie dat Hy dit kon sing en dat dit die lewendes is wat God prys? Daardie belydenis is op aangrypende wyse in die opstanding van Jesus uit die dood in perspektief gestel. Dit is op die ou end ook die posisie waarin ons verkeer – ons het in hierdie lewe net een sekerheid, en dit is die verhouding met God. Daarin is daar vir ons 'n toekoms. Daarin is daar vir ons lewensruimte. Daarin is daar vir ons die voorreg van lewe in ewigheid. Prys die Here!

Gesang 199: 1, 2 ***Ds NJS Steenekamp*** ***Middelburg***

17 Junie ***Ek het vrede begeer*** **Psalm 120**

Pelgrimspsalms is geskryf vir mense wat op reis was. Jaarliks is drie groot feeste in Jerusalem gevier. Van die volk is verwag om hierdie feeste by te woon. 'n Persoon is as 'n pelgrim gereken van die oomblik wanneer hy sy huis verlaat totdat hy weer terugkeer. Psalms 120 tot 134 is pelgrimspsalms wat vir mense wat op hierdie reis is, 'n boodskap wil gee.

In Psalm 120 word die lied deur 'n enkeling gesing. By geleentheid het hierdie reisiger hom in nood bevind. Hy het na die Here om hulp geroep, en die Here het hom verhoor. Nou is hy op pad na die tempel om God te dank. Op treffende wyse word sy klag en sy dankbaarheid gekombineer. Mesek was naby die Swartsee en Kedar in die Siries-Arabiese woestyn. Alhoewel hierdie stede ver uitmekaar was, het die digter 'n gemeenskaplike ervaring in albei gehad. Albei was oorlogsugtige nasies. In hulle teenwoordigheid het hy vrede begeer, maar haat as antwoord verkry. Die digter kom na die tempel, na die teenwoordigheid van God. Hy kom hier nie net uit dankbaarheid nie, maar ook omdat hy sy klag voor God kan uitstort. Hy kom hier omdat hy in die tempel die vrede vind waarna hy in sy nood gesmag het.

Psalms word nooit oud nie. Elkeen van ons begeer vrede. Dit is dikwels iets wat uit ons huise wegraak, van die paaie af verdwyn, nêrens in die koue en haastige samelewing weerspieël word nie. As jy 'n slagoffer van haat en oorlog is, as jy na vrede smag, gaan gerus na die Here, want daar sal jy die vrede vind wat die wêreld en die stad nie kan gee nie.

Gesang 367 ***Ds WA Botha*** ***Krugersdorp***

Ai, Here
hoe lank nog
hoe ver moet ek nog loop
waar lê Jerusalem?
Daardie berg daar voor
moet ek nog daar oor?

Hierdie gedig kon maklik die woorde van 'n pelgrim gewees het. Dit was dikwels 'n harde en 'n moeilike pad na die feeste in Jerusalem. Gevaar was daar baie, die diep klowe, en die eggo's van die wilde diere daarin, rowers, 'n ongenaakbare son of 'n skroeiende wind, dalk 'n nag wat al die hitte van die dag opgeëis het. Die pelgrim staan juis op die punt om te vertrek van die tempel af. Terugreis was gevaarlik. Waarskynlik het die persoon ook ander noodsaaklikhede aangeskaf terwyl hy in die stad vertoef het. Dit het hom 'n ideale teiken vir rowers gemaak. Hy vra die vraag: *...waarvandaan sal daar vir my hulp kom?* 'n Ander reisiger of dalk hyself gee die antwoord: *My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.* In verse 3 tot 8 vind ons die toesegging deur 'n priester of priesterlike koor.

Waar kom my hulp vandaan? Hoe kom ek oor die berge? Hoe voltooi ek hierdie lang en moeisame reis? Die woorde van die koor bring 'n gerustheid in sy hart. Al is die klowe diep en donker, die draaie duiselingwekkend, die Here sal nie toelaat dat jy struikel nie. Sou jy oorslaap in die veld of op die middagson se hoogte jou voete ruskans gee? Die Here sluimer nie in die dag nie, en snags slaap Hy nie. Die leeus kan maar brul, maar hulle sal nie vir die reisiger honger raak nie.

Dit is voorwaar 'n pelgrimslied waarmee die gelowige hom deur die eeue heen kon vereenselwig.

Was daar al, of is daar nou
'n berg voor jou
die Here slaap nie, onthou.

Gesang 576: 1, 2 ***Ds WA Botha*** ***Krugersdorp***

19 Junie ***Ter wille van die huis van die Here*** **Psalm 122**

In teenstelling met Psalm 121 het die pelgrim in hierdie psalm pas in Jerusalem aangekom. Dit is duidelik dat hy 'n besondere liefde en bewondering vir

hierdie stad het. Aangesien daar maar net drie keer 'n jaar groot feeste was, het die geleentheid met groot opgewondenheid en afwagting gepaard gegaan. Jerusalem was die plek waar al die stamme van die Here bymekaar gekom het. Dit was die tuiste van die verbondsvolk. In Jerusalem is die Naam van die Here geloof. Die koning het hier sy regsuitsprake gelewer. Maar dit is ook die koning uit die Dawidsgeslag. Dit wil sê, die koning volgens die belofte. Die digter se aangenaamste assosiasie is egter nie die stad self nie, maar die tempel wat die sentrum van die godsdienstige gebeure en fees is. Die gebed in vers 6 dat Jerusalem vrede mag hê en dat die mense wat die stad liefhet rustig mag woon, dui veral op die religieuse. Daar is 'n begeerte by die digter dat dit met die stad goed sal gaan, omdat dit die vesting van die gelowige samesyn van die verbondsvolk en vriende is. Belangrik is egter die laaste vers wat terselfdertyd die hoogtepunt van die gedig vorm. Dit gaan nie om 'n wonderlike, indrukwekkende stad waar die koning woon nie, maar wesenlik om die huis van die Here. Dit is God se teenwoordigheid in die tempel waarna die digter die meeste uitgesien het toe hy by sy huis was.

Ons kan vandag maklik vasgevang raak in sake wat nie ons eerste plig is nie. Sodoende ly die hart van die saak dikwels skade. Mens kan maklik met die dinge van die geloof besig wees sonder om noodwendig met die hart daarvan bemoeienis te maak. Jerusalem staan nie los van die tempel nie en is allermins verhef bo die tempel. As gelowiges moet ons dus seker maak dat ons ook met die kern van ons geloof erns maak. Waar gelowiges rondom die ontmoeting met God saamkom, trek die gemeenskap van gelowiges voordeel. Om so voor God saam te kom, is die kern en inderdaad iets waarna mens kan uitsien.

Psalm 84: 1, 4, 5 ***Ds WA Botha*** ***Krugersdorp***

20 Junie ***Diep afhanklik van God*** **Psalm 123**

Psalm 123 laat mens in sekere opsigte aan Psalm 121 dink. Hier word egter nie na die berge opgekyk nie, maar na God. Die digter staan in die tempel en kyk op na die allerheiligste deel van die tempel. Met ander woorde, die gedeelte van die tempel wat die teenwoordigheid van God simboliseer. Maar ook verder as die allerheiligste soek sy oë na die hemel, want hy is daarvan bewus dat God nie in geboue vasgevang kan word nie.

Die psalm beskryf op treffende wyse die mens se afhanklikheid van sy God. 'n Slaaf en slavin het om verskeie redes na hulle eienaar en eienares opgekyk. Hulle was egter veral vir kos en ander lewensnoodsaaklike middele van hulle

meerderes afhanklik. Die beeld roep juis die gedagte op van die heer wat op die punt staan om vir sy slaaf 'n porsie kos af te meet. Hy is totaal van sy goedheid afhanklik. In die tweede gedeelte van die psalm, vers 3 tot 4, word die beeld toegepas op die situasie van die volk. Dikwels is hulle gespot deur mense wat niks van God en sy woord wil weet nie. Die bidder smeek God in hierdie diep afhanklike verhouding waarin hy tot sy Maker staan om hom te help. Hy kan dit nie meer verdra nie, dit raak vir hom te veel. Die feit dat hy die woorde herhaal, *Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons,* beklemtoon die nood en dringendheid waarmee hy vir hom en sy volksgenote bid.

Vandag nog is gelowiges dikwels onder die spotlig van die wêreld. Maklik word hulle as karikature uitgebeeld wat nie in die moderne samelewing inpas nie. Soms voel dit vir mens of die situasie onhoudbaar word. Maar dit is juis as gevolg van sy nood dat die digter so naby aan sy Heer kom. Kom ons herontdek ons diepe afhanklikheid van God wanneer ons gespot word. Laat ook ons oë daardie heerlike verwagting op hulp uitstraal.

Gesang 389: 1-3 ***Ds WA Botha*** ***Krugersdorp***

21 Junie ***Herinnering aan 'n wonderlike verlossing*** **Psalm 124**

Dankbaarheid vir wonderlike verlossing is die gedagte wat die pelgrim hier verwoord. Die psalm gebruik pragtige beelde om nood, hulp uit die nood en verlossing te beskryf. In die eerste vyf verse wil die besondere struktuur van die psalm die grootsheid van die verlossing duidelik te kenne gee. Daar kan geen twyfel bestaan nie: As die Here nie gehelp het nie, sou Israel nie teen die vyand staande kon bly nie. Met opset word hier nie na 'n spesifieke historiese gebeurtenis verwys nie. Die psalm het 'n tydlose geldigheid. Die geskiedenis van die Israeliete was vol voorbeelde waar hulle onder geweldige druk van vyande verkeer het. Juis vir die totaliteit van al daardie spanningsvolle oomblikke wil hierdie psalm 'n danklied uiter.

Ten einde die grootsheid van die bedreiging te beklemtoon, word bekende beelde uit die tyd gebruik. Die vyand het soos 'n woedende roofdier teen hulle opgetrek om hulle lewendig te verslind. Net soos fratsvloede die niksvermoedende reisiger oorval, so onverwags en vernietigend was die bedreiging van die vyand. Maar die Here hét ingegryp. Soos 'n voëltjie wat bevry word uit 'n wip, het die Here tot die volk se redding verskyn.

Hierdie psalm met sy mooi beelde getuig van diepe dankbaarheid oor al daardie hulp. Daarom dat dit afsluit met die woorde: *Ons hulp kom van die Here wat*

hemel en aarde gemaak het. Elkeen van ons was al in die moeilikheid. Miskien in 'n gevaarlike situasie, 'n eksamen, 'n oomblik waar jy vir jou lewe gevrees het. Jy het gevoel asof daar 'n wal water op jou afstorm, asof 'n briesende roofdier jou aanval. Jy het geroep, God het gehoor. Kom ons wees dankbaar vir al daardie baie kere dat ons op wonderbaarlike wyse verlossing verkry het.

Gesang 200: 1-3 ***Ds WA Botha*** ***Krugersdorp***

22 Junie ***Weerlose, weerlose mense, op reis van perron na perron...*** **Lukas 14: 15-24**

Die opskrif is woorde uit een van Koos du Plessis se liedere, *Skimme.* Hierdie woorde tref my elke keer wanneer ek dit hoor. Ken jy ook hierdie gevoel en ervaring van *weerlose mens wat reis van perron na perron?* Ervaar jy ook soms dat jou lewe eintlik uit niks anders bestaan nie as slegs 'n klomp kompartemente: My dinge, die gesin en familie se dinge, die werk se dinge, die kerk se dinge, en helaas ook God se dinge? En terwyl ons so tussen hierdie perronne en kompartemente beweeg, voel ons só dikwels só alleen, só sonder vreugde, só weerloos, só doelloos – selfs skimagtig, nie waar nie?

Die Here Jesus leer ons in die gelykenis van die groot maaltyd in Lukas 14: 15-24 'n baie belangrike ding: Daar's plek vir alle mense in God se koninkryk. Sy uitnodiging kom tot almal! Dis die simboliese betekenis van die feesmaal in die gelykenis. Nie een van ons hoef identiteitloos en doelloos te swerf van perron na perron nie. Die Here Jesus bied aan ons die gawes van sondevergifnis en die ewige lewe en Hy nooi ons om ons dáárin te verheug, ons identiteit as vrygespreektes te aanvaar en mekaar aan te moedig om hoogste prioriteit te verleen aan sy roepstem!

Die waarskuwing is egter net so duidelik: 'n Mens kan die koninkryk van God verpas! 'n Mens kan Godgegewe geleenthede tot vreugde, sekuriteit, identiteit en 'n versekerde toekoms verpas en 'n mens bly wat reis van perron na perron wanneer jy só besig raak met die dinge van die Here, dat die Here van dié dinge, sy uitnodiging en sy wil, tweede plek inneem in jou lewe!

Here Jesus, lei my asseblief deur u Woord en Gees om daagliks ingestel te wees op u roepstem en dat u wil my eerste prioriteit sal wees. Dankie vir u genade en Vaderlike versorging.

Gesang 601 ***Ds Andries Nel*** ***Rietspruit***

23 Junie ***'n Christen is nie soos 'n golf nie*** **Efesiërs 4: 4-6; 12-16**

Ons ken mos almal golwe, nie waar nie? Golwe is willose dinge, want hulle word gevorm deur dinge van buite: 'n klip wat in 'n dam gegooi word, die stand van die maan, en die wind wat waai. Golwe kan ook nie vir hulleself dink, besluite neem en self dinge doen nie. Golwe bepaal ook nie hulle eie rigting en grootte nie.

Die skrywer van die brief aan die Efesiërs sê in vers 5 dat Christene nie soos golwe is nie! Daar staan: *Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.* Die Here God lei sondaars dus tot geloof in Hom deur die werking van die Heilige Gees. Só kry ons lewe rigting en hou ons koers deur ons geloof in die Here! God bind gelowiges ook saam deur die band van die liefde en Hy maak ons deel van sy liggaam, die kerk, op aarde! Só dring die liefde ons om in die voetspore van Jesus te leef en te werk en om te sien na mekaar!

'n Christen is met ander woorde iemand wat deur God geskep is en daagliks deur sy Woord en Gees herskep word! 'n Christen is iemand wat deur die liefde gerig word en deur die gawe van geloof koers hou op pad na die ewige Lewe! 'n Christen word dus nie soos golwe op en af en heen en weer geslinger deur elke wind van dwaalleer nie. Nee, 'n Christen is iemand wat in geloof, hoop en liefde volhard, Geesbeheerde besluite neem en deursien!

Kom ons begin elke dag deur onsself 'n vraag te vra: Dra my lewe die kenmerke van 'n golf *wat op en af en heen en weer geslinger word deur elke vorm van dwaalleer* of juig ons saam met die apostel Paulus oor die gawe van geloof wat *ons in die liefde by die waarheid laat bly en so in alle opsigte* (laat) *groei na Christus toe*?

Gesang 271 ***Ds Andries Nel*** ***Rietspruit***

24 Junie ***Die Here se liefde werk soos naellakverwyderaar*** **Efesiërs 2: 1-10**

Kan u u voorstel hoe vrouens se naels sal lyk as hulle nooit naellakverwyderaar gebruik nie... as hulle maar net altyd weer en meer naellak aanwend sonder om die oues af te haal? Dit sal aaklig lyk – hulle naels sal afdop en krake maak en onversorgd lyk, nie waar nie?

In ons Skrifgedeelte leer die Bybel ons dat alle mense sonde te doen. Dit gebeur omdat ons daartoe geneig is om ongehoorsaam aan die wil van die

Here te wees en te leef. En wanneer ons ons nie steur aan dit wat die Here ons wil leer nie, maak ons eintlik nes daardie vrouens wat altyd net nog naellak opverf sonder om die oues af te haal! Só word ons lewens lelik en beweeg ons al hoe verder weg van die Here se bedoeling daarmee.

Maar let mooi op na verse 4 en 5: Dáár staan dat God se barmhartigheid, sy liefde en genade ons gered het. Ja, God se liefde werk inderdaad soos naellakverwyderaar! Aan die kruis op Golgota het ons vergifnis en vryspraak ontvang en is ons gereinig van alle sonde. Maar hoor mooi – dit gaan ook om méér as net dit: God se liefde is ook in ons harte uitgestort en dit is dié liefde wat ons dring en voorberei om te praat, te bedink en te doen wat tot God se eer strek en tot opbou van ons medemens!

Laat dit dan deel van ons daaglikse gebed wees dat die liefde ons sal reinig van alle ongehoorsaamheid en voorberei vir dade van gehoorsaamheid en diens! Laat ons ons verheug oor die liefde wat sigbaar geword het in die lewe en die werk van Jesus Christus. Mag ons daaglikse gebed dan wees dat die liefde ook deur ons sigbaar, hoorbaar en tasbaar sal word tot eer van God en tot opbou van elkeen wat my lewenspad kruis.

Gesang 464 ***Ds Andries Nel*** ***Rietspruit***

25 Junie ***Kerk: 'n Netwerk verhoudinge deur God saamgevoeg!*** **1 Korintiërs 12: 12-27**

Gemeenteboukonsultante werk met 'n formule, n^2 -1. Hierdie formule wys vir 'n mens die netwerk van verhoudinge uit wat tussen mense bestaan! Die *n* stel die aantal mense voor. Veronderstel daar werk 4 mense saam met u, dan is daar 15 verhoudinge tussen hierdie 4 mense! Hierdie netwerk van verhoudinge roep in my geestesoog 'n groot spinnerak op. Die onderlinge verhoudinge is daardie fyn draadjies wat saam in 'n web verbind is.

Die Bybel leer ons in 1 Korintiërs 12 dat die kerk van Jesus Christus op aarde óók 'n netwerk van verhoudinge is! Wie die verhouding met die Here nét wil sien as 'n *ek-en-die-Here-saak*, mis God se bedoeling en verstaan nie wat kerkwees tot uitdrukking wil bring nie! Wanneer die apostel Paulus na die kerk van die Here Jesus verwys as die liggaam van Christus, dan beklemtoon hy juis twee grondwaarhede, naamlik:

- God stel die liggaam (die kerk) saam; én
- God wil dat die verskillende lede gelyke sorg vir mekaar sal dra en nie onderling verdeeld sal wees nie.

Kerkwees – volgens God se bedoeling – word sigbaar in 'n netwerk van interafhanklike verhoudinge. God roep en voeg mense saam. God bind en versterk mense onderling deur die werking van die Heilige Gees en die liefde! Saamgevoeg en saamgebind deur die liefde, is ons kerk in die wêreld en kan ons diensbaar wees tot eer en verheerliking van Jesus Christus, ons Hoof en Heer!

Dis altyd belangrik om met jouself eerlik te wees – veral as ons oor onsself dink en praat as lidmate van die kerk van Jesus Christus op aarde! Hoedanig is jou lidmaatskap? Is jy deel van dié netwerk van verhoudinge? Is jy soos een van die liggaamsdele wat sy plek en funksie het en vervul, of is jy ook soos so baie ander wat graag praat oor kerkwees maar steeds God se bedoeling daarmee mis?

Gesang 164; 295 ***Ds Andries Nel*** ***Rietspruit***

26 Junie ***Arbeid adel ... nog moontlik in 2005?*** **Genesis 39-42**

Die welbekende digter AG Visser het eenmaal spottenderwys gesê: *Arbeid adel, wie verklaar dié bittere ironie? Ons almal arbei hot en haar, net adel arbei nie.* Of hy reg was dat konings en edelmanne (dis die adel waarvan hy praat) nie werk nie, laat ons maar daar! Hy het in elk geval net met hulle gespot. AG Visser én ons weet dat daar adel in enige arbeid is ... of jy 'n koning is of 'n dienskneg, leerkrag of leerder, want hierdie adel is nie iets uiterliks nie – dis 'n innerlike ingesteldheid teenoor werk!

Dit wat u en ek as mens doen, doen ons met roepingstrou. Dit beteken: ons doen wat ons doen omdat ons weet dat God ons geroep het om dit te doen! God het die opdrag gegee om te werk. Al werkende is en word ons heersers en beelddraers van God en onderskei ons onsself as Koningskinders!

Dit maak dus nie saak watter soort werk u en ek doen nie. Wanneer ons dit volhardend doen met die ingesteldheid dat ons gehoorsaam is aan die EEN (God) wat ons geroep het om dit te doen, dra ons arbeid 'n getuienis dat ons, as werknemers van God, aan Hom en ons naaste diensbaar is!

Ons Skrifgedeelte illustreer hierdie waarheid pragtig: Josef werk in Egipteland. Hy doen wat sy hand vind om te doen en hy vervul sy roeping. Hy het alle rede gehad om sy werk al sugtend, klaend en met 'n bewolkte gesig te doen. Hy kon in selfbejammering verval het en met geweldige haat teenoor sy familie en medemens geleef het, omdat hy op 'n baie onregverdige en gewelddadige wyse weggevoer is Egipteland toe. Tog gebeur dit nie! Hoekom

nie? Genesis 39: 2 en Genesis 42: 18 gee vir ons die antwoord. Daar staan: *Die Here was by Josef...* en in sy eie belydenis sê hy vir sy broers: *Ek dien God.* Hierdie waarheid dat God met ons is, maak die verskil in enige mens se lewe. Wanneer hierdie waarheid in geloof toegeëien word, word die mens in staat gestel om ten spyte van watter omstandighede daar ook al mag wees, dit wat jy doen, tot eer van God te doen en te bly doen!

Die apostel Paulus sê dieselfde ding, net op 'n ander manier. Hy sê in Filippense 4: 19: *Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*

Laat ons die Here God lewenslank dank dat Hy ons in staat stel om voorbeelde te wees van die spreekwoord: *Arbeid adel!*

Gesang 128; 249; 466; 485; 489; 505 ***Ds Andries Nel*** ***Rietspruit***

27 Junie ***Die lewenspad vra beplanning*** **Spreuke 16: 1-9**

Wanneer ek van Pretoria na Kaapstad ry, is dit belangrik dat ek die roete beplan wat ek gaan volg. Indien ek nie noukeurig beplan nie, kan ek dalk in Durban eindig in plaas van in Kaapstad. Niemand ry ook van Pretoria via Durban na Kaapstad nie. Nee, ons volg die kortste pad. Dit gebeur dikwels dat ons mense langs die lewenspaaie kry wat moeg is en verdwaal het. Mense wat nie weet waarheen nie.

Spreuke 16 sê dat die mens sy pad kan beplan, maar God bepaal hoe hy dit loop. Ons verantwoordelikheid vir ons eindbestemmings is onbetwyfelbaar, maar ons moet weet dat die verantwoordelikheid nie los van die raadsplan en sorg van God staan nie. Ons lewe elke dag binne die grense van die voorsienigheid van God en die belofte van God is dat selfs ons hare getel is en nie een sal afval sonder sy wil nie. Ons kan dus elke dag met 'n rustigheid begin, omdat ons weet dat God met ons is.

Ek mag nooit vergeet nie dat die beplanning aangaande my huwelik, my kinders en my oudag alles in die hande van God is. Beplan jou lewe, maar onthou dat God die pad bepaal.

Gesang 528: 1, 2, 3 ***Ds MJJ van Rensburg*** ***Phalaborwa***

28 Junie ***Die lewenspad het padtekens*** **1 Konings 18: 18-24**

Padtekens word langs die paaie opgerig vir verskillende redes. Sommige is daar om ons te waarsku en ander is daar om inligting te gee. So vertel pad-

tekens vir ons dat daar 'n gevaarlike draai kom en ek moet spoed verminder of dat Pretoria links is en Johannesburg regs. Padtekens bring my dus by die punt om 'n keuse te maak. As ek die keuse roekeloos maak, kan ek óf verdwaal óf in 'n ongeluk beland.

Elia het die volk Israel op die berg Karmel by 'n T-aansluiting gebring. Die volk moes kies tussen God en Baäl. Die situasie met koning Agab en veral sy vrou Isebel, wat 'n klomp Baälpriesters versorg het, kon nie langer geduld word nie. Israel was God se verbondsvolk en God was hulle God en daarom kon hulle nie God en Baäl aanbid nie. Hulle moes kies.

Wanneer ek by 'n T-aansluiting kom, moet ek 'n keuse maak. As ek nie kies nie, beteken dit dat ek net daar bly staan. Dalk is ons vandag by 'n T-aansluiting in ons lewe, in ons huwelik, in ons gesin, in ons verhouding met die Here. As ons vandag moet kies, moet ons nie vra na dit wat lekker of mooi is nie, maar ons moet vra na wat God wil hê. Ons moet so kies dat God deur ons keuse verheerlik word. Mag die Heilige Gees wat in ons is, ons in die keuse lei. Mag dit wat ons kies vir God aanneemlik wees.

Gesang 509: 1, 2, 4 ***Ds MJJ van Rensburg*** ***Phalaborwa***

29 Junie ***Die lewenspad vra brandstof*** **Matteus 25: 1-13**

Wat sou gebeur het indien my kar nie 'n brandstofmeter gehad het nie? Ek sou óf elke dag brandstof ingegooi het, óf ek sou gereeld sonder brandstof gaan staan het. Die rede is eenvoudig: omdat ek nie weet hoeveel brandstof in die kar se tenk is nie.

Aangesien niemand die dag en die uur van die wederkoms weet nie, moet ons sorg dat ons genoeg *geloofsbrandstof* het. Vyf van die tien meisies wat die bruidegom gaan inwag het, het voorsiening gemaak vir ekstra olie en gevolglik kon hulle saam met die bruidegom by die feesmaal ingaan. Vir die ander vyf het die lewenspad te lank geraak.

Baie van ons kan dalk die Bruidegom mis omdat ons geloofsbrandstof langs die lewenspad opraak. Daarom moet ons gereeld brandstof ingooi. Waar doen ons dit? Geloofsbrandstof word ingegooi waar ons God aanbid en dien. In sy huis waar sy Woord verkondig word, maar ook daar waar ons as gesin elke dag saam om sy Woord is. Geloofsbrandstof word gekry wanneer ons soekend is na die Wil en Koninkryk van God en nie na kos en klere nie. Geloofsbrandstof is die genade van Jesus wat vir ons genoeg is. Ons moet voorbereid wees omdat ons nie weet hoe lank die lewenspad is nie.

Gesang 587: 1 ***Ds MJJ van Rensburg*** ***Phalaborwa***

30 Junie ***Die lewenspad is nie 'n tolpad nie*** **Romeine 3: 21-31**

Tolgeld het deel geword van my reisbeplanning. Daar is vandag baie min paaie waar ons ons nie in 'n tolhek vasry nie. Ons het al so gewoond geraak daaraan om tolgeld te betaal, dat dit nie meer snaaks is nie.

Die pad van Jesus Christus is egter anders. Op dié pad het ons nie nodig om by 'n tolhek te stop nie. Die tolhekke is daar, maar Jesus het reeds betaal. Aan die kruis het Jesus al die tolgeld betaal en daarom is die tolhekke oop en kan ons maar net deurry.

Die lewenspad is nie gratis nie, nee, allermins. Die lewenspad is 'n baie duur pad, so duur dat Jesus met sy bloed die prys moes betaal. Die voorreg wat ons egter het, is dat ons deur die vryspraak van Jesus kan deurry sonder om te betaal.

As ons vandag swaar gebuk gaan onder die las van skuldgevoelens of die voortdurende poging om die nodige tolgeld bymekaar te maak, sê die Woord van God vandag aan ons dat ons vrygespreek word. Ons word vrygespreek, nie omdat ons die wet onderhou nie, nie omdat ons iets betaal het nie, maar alleen op grond van die liefde en genade van Jesus. Laat ons daarom as vrygespreektes lewe tot die eer van God.

Gesang 393: 1, 3 ***Ds MJJ van Rensburg*** ***Phalaborwa***

1 Julie ***Die lewenspad het 'n spoedgrens*** **Psalm 84: 1-13**

Hoekom moet ons in 'n stedelike gebied 60 km/h ry? Hoekom so stadig? Dit is ter wille van beskerming. Die spoedgrens maak dit vir ons moontlik om betyds te stop as 'n kind skielik voor my kar inhardloop. Die spoedgrens beskerm dus die kind teen seerkry, maar dit beskerm my ook teen seermaak.

God maak die mens om ses dae te werk en daarna een dag te rus. Die mens is so geskep dat hy vir ses dae met die dinge van die lewe besig kan wees, maar dan moet hy rus. Op hierdie rusdag word die mens as beelddraer van God opnuut weer herinner om God te aanbid en te verheerlik. Daarom dat die digter van Psalm 84 die grootheid en die wonder van die woning van die Here besing en dat hy smag van verlange om daar te kom. Die huis van die Here is vir hom soos 'n fontein en vroeë reëns, dit gee krag en hoop. Hy sê dat een dag in die huis van die Here beter is as 1 000 dae daarbuite.

Die rusdag, die dag van die Here, is die spoedgrens wat God op ons lewenspad ingestel het. As ons die spoedgrens ignoreer, gaan ons 'n ongeluk maak.

As ons op die rusdag nie die gewone gang van die lewe stop en by die altaar van die Here uitkom nie, gaan ons moontlik vergeet dat God die Skepper en Onderhouer van alles is. Die rusdag herinner my aan my afhanklikheid van God en bring my by die punt om God weer opnuut te dien en te aanbid as Skepper en Onderhouer.

Hou ons by die spoedgrens van die lewenspad of is ons besig om teen 'n gevaarlike spoed deur die lewe te jaag? Mag ons die spoedgrens van God eerbiedig en so tot sy eer lewe.

Gesang 159: 1, 2, 3 ***Ds MJJ van Rensburg*** ***Phalaborwa***

2 Julie ***Die Lewende God*** **Psalm 8**

Hoe weet 'n mens dat God leef? Leef God omdat 'n stokou boek wat ons die Bybel noem so sê? Leef Hy omdat ons na die mooi natuur kyk en weet dat iemand dit moes gemaak het? Nee, God leef omdat Hy Homself aan ons openbaar. As God Hom nie aan ons openbaar het nie, sou ons nooit geweet het wie Hy is nie. God is daagliks besig in elkeen van ons se lewens, en op vele maniere wys Hy daagliks vir ons wie Hy is. Juis omdat Hy Hom aan ons openbaar, word 'n stokou boek 'n boek wat vir ons iets sê oor Hom. Juis omdat Hy Homself aan ons openbaar, sê die mooi bome, die sterretjies, die voëltjies, 'n gewone daad van omgee, vir ons iets van Hom. Wat wys God ons as ons so na die sterretjies kyk of as ons in die natuur op 'n klip die skepping bewonder? Die skrywer van Psalm 8 sê waarvan hy bewus geword het terwyl hy so na die sterre gekyk het, is dat God baie groot is. God se skepping wys vir ons dat Hy baie groot is. Ons kan God nie groter maak as wat Hy is nie, ons kan onsself net verloor in sy grootheid en sy grootheid besing. Dalk moet ons net meer om ons kyk, dalk moet ons net fyner luister en ons sal agterkom dat God waarlik leef. Sodra 'n mens van Hom bewus word, besef jy soos die skrywer van die psalm nog iets: hoe groot God se liefde en genade vir mense is, dat mense sy kinders mag wees.

Gesang 464 ***Ds GDJ Macdonald*** ***Nelspruit***

3 Julie ***Alles eer God*** **Psalm 104**

Iemand vertel my onlangs dat hy elke oggend wanneer hy opstaan, sy dag begin deur die Here te loof en prys. Hy sê vandat hy dit begin doen het, het

sy lewe verander. Hy het altyd met 'n swaar gemoed opgestaan en was nie lus vir die lewe nie, maar vandat hy dit begin doen het, staan hy met 'n glimlag op en is hy lus om te lewe. Iemand anders sê weer wanneer sy opstaan, kyk sy na buite, sien die voëltjies en begin die Here loof en prys. Sy sê dit laat haar uitsien na die dag wat voorlê. Hierdie twee persone het 'n groot geheim tot die lewe ontdek, 'n geheim wat die skrywer van Psalm 104 ook ontdek het. In hierdie psalm, net soos in Psalm 8, het die skrywer na die skepping gekyk en God begin loof en prys. God wil hê dat ons Hom en dit wat Hy doen, raaksien en Hom loof en prys. Soos 'n skilder nadat hy iets geskilder het, terugstaan en sy werk bewonder, so het God ook by die skepping teruggestaan, na elke ding wat Hy geskep het gekyk, en gesê dit is goed. Soos 'n beeldhouer nadat hy iets gemaak het sy werk vir ander wys sodat hulle ook kan sê dit is goed, so wys die Here vir ons sy werke sodat ons vir Hom kan sê *Here, dit is goed.* Maar tog is daar 'n geheim versteek in die lof van die Here. Die digter vertel ons daarvan as hy in vers 34 sê: *Ek wil my in die Here verbly.* Daar is vreugde vir die mens in die Here se lof. Dalk moet ons sy werke meer raaksien, dalk moet daar meer lof wees vir Hom, dan sal ons meer vreugdes in ons lewens ervaar.

Gesang 199 ***Ds GDJ Macdonald*** ***Nelspruit***

4 Julie ***Wonderdade van God*** **Handelinge 2: 1-13**

Daagliks gebeur daar baie wonders in mense se lewens waar God op wonderbaarlike maniere ingryp. Dink maar aan mense wat gesond word waar die dokters dit nie kan verklaar nie, en mense wat in 'n ongeluk was waar hulle motor totaal opgefrommel is maar tog het hulle sonder 'n skrapie daarvan afgekom. Alhoewel God op bonatuurlike maniere ingryp, verkies Hy om op gewone maniere te werk. God maak van gewone dinge Goddelike dinge. Hy maak van 'n stokou boek wat ons die Bybel noem, woorde en sinne wat in ons lewe. Hy maak van 'n klomp woorde wat ons by onsself praat, 'n gebed. Hy maak van ons kerktoegaan, geleenthede waar ons in ontmoeting tree met Hom. Hy maak van 'n daad van omgee, 'n geleentheid om vir iemand in nood iets van Homself te sê. In Handelinge 2 vind 'n bonatuurlike ding plaas: mense van verskillende tale hoor elkeen in hulle eie taal die wonderlike boodskap van Jesus.

Gewone vissers praat in tale wat verstaanbaar is, tog is dit tale wat hulle nog nooit tevore gepraat het nie. Die Heilige Gees laat hulle in verskillende tale praat, die Heilige Gees verander ons vandag nog sodat ons in die taal van

die geleentheid deur woord en daad Hom bekend kan maak. God gebruik gewone mensewoorde en gewone mensedade om Homself sigbaar te maak. Dalk moet ons net ons oë meer oophou en ons sal sien waar God Homself deur ons sigbaar wil maak.

Gesang 528 ***Ds GDJ Macdonald*** ***Nelspruit***

5 Julie ***God met my*** **Romeine 8**

As iemand my 'n klap gee of my slegsê, is dit vir ons 'n teken dat daardie ou nie van my hou nie. As iets slegs met ons gebeur, soos siekte of werkloosheid, maak ons gewoonlik dieselfde gevolgtrekkings oor God. Die meeste van ons sê dadelik God het ons nie meer lief nie. Dit is dan dat 'n mens soekend is na iets om ons te verseker dat God ons nog liefhet. Volgens Paulus het ons 'n teken dat God vir ons lief is, selfs al is die getuienis oorweldigend dat Hy ons alleen gelos het. Vir Paulus is daardie teken die kruis op Golgota. Die kruis is ons teken dat God ons baie lief het en ons nooit sal los nie. Al gaan dit baie sleg met jou en al voel dit vir jou of jy alleen is, sê die kruis iets anders. Die kruis nooi jou om met God wat jou nie gelos het nie te praat oor jou hartseer en jou teleurstelling. Die kruis nooi jou uit om God se oorwinning wat Hy aan die kruis vir jou verwerf het, te aanvaar in jou hartseer. Die kruis sê God het jou nie gelos nie, Hy sal jou nooit los nie; moenie weghardloop van jou seer nie, kom deel jou seer met Hom.

Gesang 512 ***Ds GDJ Macdonald*** ***Nelspruit***

6 Julie ***Bevry tot diens*** **Kolossense 3: 18-4: 1**

Kry 'n mens nog slawe? Is die tyd van slawe verby? Die antwoord hierop lê opgesluit in die betekenis van die woord *slaaf*. 'n Slaaf is iemand wat nie kan maak soos hy wil nie, 'n slaaf is iemand wat verplig is om sekere dinge te doen. As 'n mens kyk na die betekenis van *slaaf* en ons dink daaroor na, dan wonder 'n mens of jyself nie 'n slaaf genoem kan word nie. Daar is soveel dinge wat 'n mens maar doen al is dit nie vir jou lekker nie. 'n Mens moet gaan werk, anders gaan jy nie aan die lewe bly nie. 'n Mens is mos nou getroud, *nou bly ons maar saam ter wille van die kinders*. Vir baie mense is dit 'n straf om te lewe; jy staan maar op omdat jy moet opstaan, jy gaan slaap maar omdat jy moet gaan slaap. Paulus sê moenie weghardloop van die dinge wat jy

moet doen nie, doen dit wat jy moet doen eerder op 'n ander manier en kyk watter verskil dit maak. Paulus se voorstel is dat jy dinge moet doen van harte, met oorgawe. Maar om dit reg te kry om iets met oorgawe te doen, gee hy vir ons 'n geheim: doen alles wat jy doen nie vir jouself nie, nie vir ander nie, maar vir die Here. Met elke ding wat jy doen, sê vir jouself: *Ek doen dit vir God, ek doen dit tot sy eer.* Dinge gaan nie verander nie, maar jou gesindheid gaan verander.

Gesang 543 ***Ds GDJ Macdonald*** ***Nelspruit***

7 Julie ***Vergeet van vreemde middelaars*** **Prediker 12: 1-8**

In die omstandighede waarin ons vandag lewe, is ons almal byna daagliks besig om te kla oor die een of ander ding wat ons ontstel. Ons het miskien baie om oor te kla, dit is so, maar ons laat ons swartgalligheid soms hande uitruk. Ons raak regte ou neulkouse.

In hierdie omstandighede waar ons op moedverloor se vlakte sit, gryp ons na strooihalms. Ons kyk na die snert wat ons op die televisie sien. Ons raak deurmekaar met waarsêers en charismatiese kerke en hulle *leiers*. Ons verhef hulle en waarmee hulle besig is tot ons middelaars. Ons verwag dat hierdie dinge ons lewe sal laat verander. Ons hoop om by hulle sekerheid te kry.

Maar die Prediker sê dat 'n mens nie 'n plaasvervanger vir God kan kry nie, mens kan nie iets kies om as middelaar tussen jou en God op te tree en dit dan tot God verhef nie. Daarom klink hy so swartgallig. Hy is nie negatief teenoor die lewe nie, maar teenoor die mense wat sê dat God afwesig is. Die Prediker sê dat mens in die oënskynlike afwesigheid van God elke oomblik van elke dag moet aangryp. *Carpe diem* – Gryp die dag! Maak die meeste van elke geleentheid wat God jou in die lewe bied.

Selfs al is ons dalk nog jonk en vol krag en lewenslus, moet ons rekening hou met die Here in ons lewe. En as jy dalk al oud is, dank die Here vir die lewe wat Hy jou gegun het, die vreugdes wat Hy jou gegee het. Wees positief vanuit die krag van God en dank Hom met jou hele lewe. Vind vreugde in dit wat jy het! Dien die Here met oorgawe en vergeet van ander foefies! Jesus Christus is die enigste Middelaar in die lewe van 'n Christen: Hou aan Hom vas! En jy sal die Alomteenwoordigheid van God beleef.

Psalm 33: 1, 11 ***Ds JH Mouton*** ***Premiermyn***

8 Julie *'n Sprong in geloof* **Genesis 22: 1-20**

Abraham se groot toets was om in geloof in God altyd die regte ding te doen volgens die voorskrifte van God. Dit het veroorsaak dat sy seun Isak onvoorwaardelik op hom kon vertrou. Ons toets in hierdie tyd bly nog altyd dieselfde: om in gehoorsaamheid aan die Here te lewe, in alles wat ons doen, sodat ons kinders daardie geloof in ons verhouding met God kan raaksien, sodat hulle ook onvoorwaardelik op ons kan vertrou; meer nog, dat hulle onvoorwaardelik op God sal vertrou.

Die Here sê in vers 15: *Ek lê 'n eed af by Myself, dat Ek jou baie sal seën oor wat jy gedoen het.* Abraham het gedoen wat die Here van hom verwag het, daarom het die Here hom geseën. Maar Abraham het dit nie gedoen om beloon te word nie, hy was getrou aan die Here omdat dit die regte optrede was vanuit sy verhouding met sy God. Ons behoort ons kinders na die beste van ons vermoë op te voed om die Here te dien, nie sodat Hy ons sal seën nie, maar omdat Hy vir ons goed is, omdat Hy ons in Christus reeds geseën het.

Solank ons uit dankbaarheid die Here in alles gehoorsaam is, sal Hy vir ons en ons kinders altyd uitkoms gee al lyk die situasie ook hoe duister.

Gesang 308: 1, 5 ***Ds JH Mouton*** ***Premiermyn***

9 Julie ***Die Here verander ons, Hy maak ons aanneemlik*** **Genesis 32: 22-32**

Ons is almal sondaars, maar deur die genade van God bekeerde sondaars. En omdat ons sondaars is, sal ons altyd sonde doen. Dit is deel van ons menslike natuur. Daarom is dit ook so dat ons almal die een of ander ding in ons lewe het waarop ons nie trots is nie, iets waaroor ons dalk skaam voel. Ons elkeen het 'n geraamte in die kas. Jakob was in geen opsig anders as ons nie, hy was ook vol sonde. Ons weet dat hy eers sy broer Esau bedrieg het, en toe sy ou vader Isak. So lê hy sy hande op die eersgeboortereg en seën wat sy broer eintlik toegekom het.

Hier by die Jabbokrivier haal die spook van Jakob se verlede hom in. Hy moet sy broer Esau in die oë kyk. Daaroor is Jakob baie beangs. Hy vrees dat sy broer hom gaan doodmaak. Die aand worstel Jakob met 'n engel van God, en God verander sy naam – van Jakob wat bedrieër beteken, na Israel wat worstelaar beteken. *Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit vol-*

gehou. Die Here is vir Israel so goed dat Hy sy naam verander, en daarmee saam help die Here hom toe sy verlede hom inhaal. Die Here help vir Israel en sy broer Esau ontvang hom met ope arms.

Ons voel soms so sleg oor dit wat ons in die verlede verkeerd gedoen het, dat ons onsself nie kan vergewe nie. Maar God vergewe ons. Hy verander ook ons naam, nie na Israel nie, maar na Christen deur die genade van sy Seun. Vergewe jouself, God het jou al lankal vergewe vir die sonde wat jy bely het. Gaan heen en moet dit nie weer doen nie. Dan is ons vir die Here aanneemlik!

Gesang 505: 1-4 ***Ds JH Mouton*** ***Premiermyn***

10 Julie ***Wie is die drie-enige God, en waar is Hy?*** **Johannes 1: 29-34**

In ons tyd vra baie mense: *Wie is God?* Erger nog, ons hoor dat mense vra: *Waar is God?*

Die God wat ons aanbid, is te groot om te beskryf. Salomo sê in een van sy psalms dat God te groot is selfs vir die hemel. Ons glo in die Drie-eenheid van God. Maar ons menslike verstand kan die ewige en almagtige God nie deurgrond nie. Ons kan nie eers begin om Hom te begryp nie. Aan die einde van die dag is alles wat ons oor God sê onvoldoende. Dit behoort elke gelowige te besef, en te aanvaar.

Die hemel gaan oop en die Gees van God daal op Jesus neer in die vorm van 'n duif. Daar is 'n stem uit die hemel wat sê: *Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My* (Matt 3: 17b). Alles wat skielik hier gebeur, is Goddelike dade. Dit is dinge wat ons nie kan verstaan nie. Sou ons daar kon wees, sou ons ook net verstom wees daaroor. Ons verstaan God en die wese van God nie. Ons weet nie wat om oor Hom te sê nie. Maar God self weet, Hy bring deur hierdie Bybelteks die drie Persone van God in verhouding – die Drie-eenheid. Johannes getuig van hierdie onbegryplike band tussen die Vader, Seun en Gees.

Ons sal nooit kan begryp hoe dit werk nie, ons kan dit maar net glo. En die vraag na waar God is? Dit is eenvoudig: Hy is hier by ons wat in nood verkeer, by ons wat hartseer is, by ons wat vandag ly. Die Gees van God, die Trooster is hier by ons, en Hy lei ons deur die donkerste nagte van ons lewe. Al verstaan ons byna niks van die wonders en die wese van God nie, kan ons seker wees dat Hy altyd by ons is, en dat Hy alles in ons lewe vir sy kinders ten goede laat meewerk.

Gesang 519: 1-4 ***Ds JH Mouton*** ***Premiermyn***

11 Julie ***Verlos ons tog van die bose*** **Matteus 6: 5-15**

Ons almal kan lekker gesels oor die algemene dinge van die lewe, maar ons huiwer dikwels om met die Here te praat. Die Here weet egter dat gebed die hartklop is van elke gelowige se lewe. Sonder gebed in ons lewe sal ons geloof op niks uitloop nie, daarom leer Jesus ons om te bid. Hy gee ons die volmaakte gebed. Ons is in die wêreld waarin ons lewe elke dag uitgelewer aan die bose in hierdie wêreld. Ons beleef teëspoed en swaarkry byna deur die bank. 'n Gelowige besef dat hy niks daaraan kan verander nie.

In vers 13 kan die woordjie *verlos* met *red* vertaal word: dus *Here, red ons tog van die Bose...* Die kinders van God kan net vra vir die Here se ingrype, sy teenwoordigheid in ons lewe. Jesus was altyd bewus van die swaar tye wat sy kinders terwille van Hom sou ly, daarom gee Hy aan ons hierdie gebed.

Hierdie gebed, *red ons!* Dit is die gebed van 'n verlorene, iemand wat hulpeloos voel. Dit is die gebed van iemand soos u of ek wat 'n groot behoefte aan redding het. Wat ook al vandag in u gemoed aangaan, wat ook al u behoefte is, die Here is daar vir elkeen van ons. Hy sal in elkeen van ons se lewe ingryp, Hy sal ons bystaan deur al die moeilikhede wat ons beleef. Die hele Bybel getuig van die trou van God; u en ek moet dit net weer met ons hele hart glo, en dit bely. Ons moet weer leer om te bid: *Here, red ons tog van die Bose.* Dan sal onse Here Jesus Christus deur sy Gees by ons wees. Hy sal ons krag gee.

Gesang 193: 4 ***Ds JH Mouton*** ***Premiermyn***

12 Julie ***God is ook op hierdie plek!*** **Genesis 28: 10-22**

Ons kan ons lewens voorstel as een lang reis. Op hierdie reis gebeur daar verskillende dinge met ons. Daar is niks wat aan ons soveel gemoedsrus gee as wanneer ons op hierdie lewensreis ervaar dat daar geen skeiding tussen ons en God is nie. Die belewenis dat daar 'n brug tussen ons en God is, oortref alles in waarde. Tog kom ons in tye wanneer dit voel asof hierdie brug tussen ons en God inmekaar gestort het.

Op hierdie lang reis tussen Berseba en Haran, bevind Jakob hom tussen niks en nêrens. Jakob is oorval deur eensaamheid, vrees en spanning. As gevolg van alles wat in sy lewe gebeur het, bevind hy hom in die put van verwardheid en sinloosheid. Maar op hierdie aand, tussen niks en nêrens, verander Jakob se lewe. In die middel van hierdie eensame woestyn, dring God die lewe van Jakob binne.

Sien u die wonderwerk raak wat hier in die woestyn plaasvind? Al bevind Jakob hom in die vreemde, tussen niks en nêrens, weet God presies waar om Jakob te vind. Vanuit sy genade, dring God die eensame woestyn van Jakob se lewe binne en gee aan Hom die versekering van sy teenwoordigheid.

Moontlik bevind u uself op hierdie oomblik ook in die woestyn van onsekerheid, pyn en eensaamheid. God weet presies waar u en ek nou op ons lewensreis is. God weet waar ons gister, vandag en môre op ons lewensreis is. Ja, die sonde van die mens het 'n skeur tussen ons en God veroorsaak. Genadiglik het God hierdie skeur tussen ons en Hom kom oorbrug, deur sy Seun Jesus Christus. Mag die Here aan ons die krag skenk sodat ons soos Jakob die wonderlike ontdekking kan maak: God is ook op hierdie plek van my lewensreis en ek het dit nie besef nie.

Gesang 509: 1, 4 ***Ds W Mans*** ***Pretoria***

13 Julie ***Hoe lank gaan U my nog vergeet?*** **Psalm 13: 1-6**

Geen groter ramp kan die mens tref, as wanneer God stil geword het nie. Die belewenis dat God ver en stil is, is voorwaar die ergste tragedie wat die mens kan tref. Dikwels in ons krisistye, beleef ons dat God ons so vergeet het.

In Psalm 13 lees ons van 'n skrywer wat deur 'n geweldige groot krisis worstel. Blykbaar is hy ernstig siek en staan hy op die drumpel van die dood. Verder is daar ook nog vyande wat hom wil doodmaak. Maar die ergste van alles is die feit dat dit vir hom lyk asof God hom vergeet het. Daar is vir hom geen teken van die teenwoordigheid van God nie. Letterlik staan daar geskryf: *...tot wanneer gaan U u gesig vir my wegsteek?* Die uitdrukking *gesig van God* verwys na God se lojaliteit teenoor die mens. Vier maal in hierdie kort psalm vra die skrywer vir hoe lank God nog dislojaal teenoor hom gaan wees.

Die groot vraag wat u en ek moet vra is: *Wat moet ons doen wanneer God ver van ons af voel?* Die antwoord op hierdie vraag is mooi vervat in die woorde: *Kyk tog na my, antwoord my, my Here en my God!* Ons moet stil raak en met God praat.

'n Gelowige is nie iemand wat by klagtes bly nie. Ons praat met ons Here en ons God. Elke dag skarrel dit in ons kombuise, slaapkamers, badkamers. Wat gebeur daar in ons binnekamers? Gaan ons nog soos Daniël na ons binnekamer om met God te praat?

Die verbreking van Christus se liggaam aan die kruis, is die verbreking van die stilte tussen ons en God. Christus het die stilte tussen ons en God eens

en vir altyd oorwin deur sy dood en opstanding. Die krisistye wat ons baie maal beleef, maak ons baie maal blind vir die teenwoordigheid van God. Daarom moet u en ek elke dag tyd inruim om met God te praat. Deur na ons binnekamer te gaan en met God te praat, bly ons bewus van sy teenwoordigheid!

Gesang 519: 1-4 *Ds W Mans* *Pretoria*

14 Julie ***Bid vir die kerk!*** **Matteus 9: 35-38**

Wanneer ons in die strate of in winkelsentrums rondloop, word ons baie maal gefassineer deur ander mense. Hulle kleredrag, haarstyle en gewoontes is soms geweldig interessant. Tog bly die gesigsuitdrukkings van mense die interessantste. Die gesig van die mens verraai die emosie wat binne hom is. As ons vandag die gemiddelde Suid-Afrikaner se gesigsuitdrukking(s) kon dophou, wat sou ons sien? Ons sou definitief gesigsuitdrukkings sien wat getuig van algehele moegheid en moedeloosheid. Ons sien elke dag hoedat mense alles in hulle vermoë probeer om van hierdie emosies ontslae te raak. Dit word gesoek in misdaad, dwelms, drank ensovoorts.

Die Bybel vertel ons dat Christus natuurlik baie ernstig was oor die inhoud van sy prediking, naamlik die Koninkryk van God. In ons Skrifgedeelte kom dit baie duidelik na vore dat Christus nie net baie ernstig was oor die inhoud van sy prediking nie, maar ook oor die mens aan wie Hy dit verkondig het. Christus het altyd ag geslaan op wie voor Hom staan. Hy was nog altyd geïnteresseerd in die welvaart van die mens met wie sy pad kruis. In ons Skrifgedeelte het Christus opgemerk dat die mense wat voor Hom staan, moeg en moedeloos was soos skape sonder 'n herder. Dit het vir Christus al hoe duideliker geword dat Hy en sy volgelinge na Hom, 'n belangrike taak gaan hê om die troos en bystand van God in woord en daad sigbaar te maak.

Net soos Christus, het ons as kerk van Christus ook hierdie groot geleentheid en verantwoordelikheid om die liefde van God sigbaar te maak. Ons as kerk van Christus is immers die verlengstuk van Christus se werk op aarde. Tog wil Matteus een belangrike perspektief beklemtoon: Die wêreld, die oesland waarbinne die evangelie uitgeleef moet word, is geweldig groot en die arbeiders is min. Ons opdrag om op die oesland van God te werk, gaan hand aan hand met gebed. Wanneer laas het u en ek gebid dat God sy kerk moet voorsien van arbeiders? Ons as kerk, kan nie leef sonder om vir mekaar te bid nie.

Gesang 266 *Ds W Mans* *Pretoria*

15 Julie ***Tyd in die teenwoordigheid van God*** **Lukas 17: 11-19**

Die genesing van die tien melaatse mans is seker een van die bekendste gedeeltes in die Bybel. Soos ons weet, moes alle siek mense in die Bybelse tyd, veral melaatses, baie ver van ander mense af gebly het. Hulle siekte het hulle onrein gemaak. Hierdie melaatses moes selfs die ander mense waarsku teen hulle teenwoordigheid deur aanhoudend te skree: *Onrein, onrein!* Al het hierdie mans so hard geskree, het niemand eintlik van hulle notisie geneem nie.

Al is hierdie gedeelte so bekend, is daar iets wonderliks onder die oppervlak van hierdie teks verskuil. Die genesing van hierdie tien mans is nie die enigste wonderwerk wat plaasvind nie. Naas die gesondheid wat God aan die mans gegee het, het Hy ook iets anders aan hulle gegee. Soos ons Christus uit die Bybel leer ken, gaan niemand by Hom ongesiens verby nie. Toe Christus hulle sien, het Hy Homself dadelik met hulle en hulle nood geassosieer. Soos die wet van daardie tyd bepaal, gee Christus aan hulle die opdrag om hulleself aan die priester te gaan wys, sodat hy hulle rein kan verklaar. Op pad na die priester word hulle skielik genees.

Nou weet ons wat verder gebeur. Net een persoon draai om, om Christus te dank. Die tweede wonderwerk van die gedeelte is die feit dat Christus hulle nie dadelik genees het en verder aangestap het nie. Christus staan vir hulle daar en wag. Die wonderwerk is nog nie verby nie. Christus wag dat almal moet terugkom, omdat daar nog iets is wat Hy aan hulle wil gee: tyd in die teenwoordigheid van God. Christus wou nog tyd saam met hulle deurbring om hulle die vreugde en vrede van sy teenwoordigheid te laat beleef. Dit is die tweede wonderwerk, dat hulle naas hulle genesing ook tyd gegun word om in die teenwoordigheid van God te mag wees. Mag u en ek ook elke dag van ons lewens, net soos hierdie een melaatse, omdraai en na God gaan, sodat ons ook die vreugde en vrede van sy teenwoordigheid kan beleef.

Gesang 512: 1-3 ***Ds W Mans*** ***Pretoria***

16 Julie ***Here, waar is U?*** **Lukas 24: 13-35**

Dit is verstommend hoe baie mense met die volgende vraag in hulle gemoed rondloop: *Here, waar is U?* Dalk klink hierdie vraag vir u en my bekend. Ons sien vandag hoedat al hoe meer lidmate se lewens vanweë mis-

daad en ander traumatiese gebeure inmekaar stort. Die trauma in ons lewens stel ons in staat om die hartseer en somberheid van hierdie twee dissipels te verstaan. As gevolg van die dood van Christus, lê hulle drome en hulle verwagtinge van God stukkend op die grond.

Terwyl hulle so in hulle somberheid na Emmaus stap, kom 'n vreemdeling en stap die pad verder met hulle. Hulle oë is verhinder om raak te sien dat dit die opgestane Christus is wat saam met hulle stap. Hulle hartseer en hopeloosheid het hulle daarvoor blind gemaak om te kan raaksien dat dit Christus is wat saam met hulle stap.

Later die aand, toe hulle oë oopgaan en hulle Christus raaksien, het daar 'n vrede en 'n kalmte oor hulle gekom. Hulle het skielik besef dat die Verlosser leef en dat Hy ook in hulle lewens teenwoordig is. Hierdie ontdekking het hulle totale lewe verander, in so 'n mate dat hulle in die middel van die nag opgespring het en in die gevaar van die nag teruggehardloop het Jerusalem toe om aan almal te vertel wat gebeur het. Die teenwoordigheid van die opgestane Christus het hulle verander. Hulle vrees en spanning moes vlug voor die teenwoordigheid van die opgestane Christus.

Ons leef vandag in 'n land en 'n wêreld waar ons soos hierdie Emmausgangers ook baie vrae en worstelinge het. Elkeen van ons stap ons eie, persoonlike Emmauspad. Die pad van onsekerheid en verwardheid. Na die donker van Christus se dood aan die kruis, skyn die lig van sy opstanding, die lig van sy teenwoordigheid ook op ons elkeen se Emmauspad. Dalk was ons oë ook tot nou toe verhinder om God raak te sien op hierdie pad. In die skemer, in die donker van jou Emmauspad, wil God ook vandag in jou huis tuisgaan. God wil ook vandag die vrees en spanning in jou lewe vervang met die vrede en kalmte van sy teenwoordigheid. Die opgestane Christus stap langs jou!

Gesang 582: 1, 3 en 5 ***Ds W Mans*** ***Pretoria***

17 Julie ***R86 400 in jou rekening – elke dag?*** **Lukas 21: 34-38**

Sê nou daar is 'n bank wat elke nag om 12-uur R86 400 in jou rekening inbetaal. R86 400 elke dag van jou lewe, wat sal jy daarmee maak? Miskien moet ek dit anders vra: Wat maak jy daarmee? Want dis in 'n sekere sin wat elke dag gebeur. Elke nag om 12-uur word daar in jou lewensrekening 86 400 sekondes geplaas. Jy kan dit gebruik soos jy wil. Jy kan dit omslaap, omdrink, ombaklei, omwerk... Elke dag kry jy soveel om te gebruik. Jy mag dit nie ophoop nie en jy mag ook nie oortrokke gaan nie.

Kom ek vra nou weer: Wat het jy so ver gemaak met die 86 400 sekondes wat gisteraand in jou rekening inbetaal is? Wat gaan jy met môre s'n maak? As jy graag jou 86 400 sekondes goed wil gebruik, kan jy die opdragte wat Lukas in Lukas 21: 34-38 gee, ernstig oordink. Die eerste opdrag is: *Wees op julle hoede.* Dit beteken, kyk goed en dink goed voor jy iets doen. Maak die meeste van elke sekonde, want aan die einde van jou lewe moet jy rekenskap gee van elke sekonde wat in jou rekening inbetaal is. Wees daarom op jou hoede. Moenie alles omslaap, omdrink, ombaklei of omwerk nie. Maak wel tyd om te slaap en om te kuier en om te werk... Gebruik elke sekonde sinvol.

Die tweede opdrag sluit hierby aan: *Wees waaksaam.* Wees versigtig hoe jy jou sekondes gebruik. En derdens: *Bid altyddeur.* Lukas sê letterlik, wees biddende. Moenie ophou bid nie. Bid dat die Here aan jou wysheid sal gee om jou tyd reg te gebruik. So kan jy die meeste maak van elke dag se 86 400 sekondes.

Dr PJ van Zyl ***Ermelo***

18 Julie ***What's in a name?*** **1 Petrus 1: 1-2**

Was dit Shakespeare wat gevra het, *What's in a name?* Ek kan nie onthou nie. Wat ek wel weet, is dat daar meer in 'n naam is as wat die meeste mense dink of besef.

'n Goeie naam is goud werd, dit weet ons almal. Daarom is dit wonderlik om in 1 Petrus te lees van die besondere naam wat Christene het. Hy noem ons uitverkorenes. Die Griekse woord wat hy gebruik, beteken *om uitgekies te wees,* of om iets te ontvang wat ongelooflik kosbaar is. Petrus wil elke gelowige daarop wys dat jy 'n besondere geskenk van God ontvang het, naamlik die verlossing in Jesus Christus. Om in God te glo, is nie 'n prestasie nie. Dis nie iets wat jy kan koop of verwerf nie. Dis 'n geskenk. God het ons uitverkies om hierdie kosbare geskenk te ontvang. Ons is uitverkorenes.

Maar 'n naam of titel moet geleef word. Ons weet hoe teleurgestel ons is as iemand wat 'n bepaalde naam of titel het, na ons mening nie daardie naam of titel waardig is nie. Net so moet God baie teleurgesteld wees as ons nie die naam uitverkorenes waardig is nie.

Om hierdie titel waardig te wees, sê Petrus, moet ons vreemdelinge in die wêreld wees. 'n Vreemdeling is iemand wat nie soos die wêreld en saam met die wêreld leef en doen nie. 'n Vreemdeling is iemand wat anders as die

wêreld in gehoorsaamheid aan God leef. Ons is uitverkorenes, maar ook vreemdelinge. Kom ons leef om dit waar te maak.

Dr PJ van Zyl *Ermelo*

19 Julie ***Nood leer bid – is dit waar?*** **Romeine 8: 26-30**

Het jy al daaraan gedink dat die spreekwoord *nood leer bid* nie waar is nie? Nood leer nie bid nie. Nood maak dit moeilik en selfs onmoontlik om te bid. Ek praat van rêrige nood: die dood van 'n geliefde – 'n kind, 'n ouer, 'n huweliksmaat... Daardie seer, daardie brandpyn in jou binneste, daardie leë gevoel... Jy wil bid, maar jy kan nie, want jy weet nie wat om vir die Here te sê nie. Dit voel of jy teen die plafon vasbid.

Paulus het dit in 'n stadium in sy lewe ervaar. Daarom sê hy in Romeine 8: 26: *ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie.* In 2 Korintiërs 1 sê hy dat dit per geleentheid met hulle so sleg gegaan het, dat hulle selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. Paulus het dit nie altyd maklik gehad het nie. Hy het situasies beleef waar daar geen uitkoms en geen hoop was nie. In sulke omstandighede wou hy bid, maar hy kon nie. Dis toe dat hy ervaar het dat God die Heilige Gees vir hom bid. Hy sê, wanneer ons by die punt kom waar ons nie kan bid nie, tree die Gees vir ons in en pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie.

Miskien is jou nood vandag baie groot. Jy wil bid, maar jy kan nie. Vra die Heilige Gees om vir jou te bid. Hy weet wat jy nodig het. Hy weet wat vir jou die beste is. Onthou gerus ook wat Paulus 'n entjie verder sê. Hy wat gesê het, ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, sê: niks kan ons van die liefde van God skei nie, ja niks in die hele wêreld kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Dr PJ van Zyl *Ermelo*

20 Julie ***Kniel in die modder*** **Genesis 8: 20**

'n Juffrou het per geleentheid vir 'n klomp kindertjies die Noag-verhaal vertel. Toe sy afsluit met bogenoemde vers, het 'n slim klein dogtertjie gesê: *Nee, dis nie waar nie... As Noag vir die Here 'n altaar gebou het nadat hulle uit die ark gekom het, moes hy en sy vrou en sy kinders in die modder kniel.*

Sy was reg. Sy het geweet 'n altaar is 'n plek waar 'n mens God aanbid. Sy

het ook geweet, as dit 40 dae en 40 nagte lank gereën het, is daar modder. Só, as Noag-hulle wou bid, sou hulle in die modder moes kniel. En dit klink nie vir haar reg nie. En buitendien was daar baie dinge waaraan Noag eers moes dink: waar sou hulle kos kry, waar sou hulle vars water kry, waar sou hulle vir hulle huise bou?

Maar Noag bou 'n altaar sodat hulle God se Naam kan aanroep. Noag besef God kom eerste. God is die beginpunt. Saam met Hom lê daar 'n nuwe lewe voor. Alles wat hy vorentoe gaan doen en dit wat hy weer van vooraf moet opbou, moet op die regte fondament gebou word, moet op God gebou word.

Hierdie lewe is vol vloede, vol hartseer en pyn wat dreig om ons onder te kry. Noag was bereid om in die modder te kniel voordat hy met die res van sy lewe aangegaan het. Die enigste manier waarop ons die vloede kan oorleef, weer regop kan staan en met nuwe moed en nuwe hoop die uitdagings en die geleenthede kan aanpak, is as ons God die belangrikste in ons lewe maak. Voordat jy nuwe uitdagings aanpak, voordat jy probeer om die beste te maak van elke geleentheid, kniel voor God, al is dit in die modder, en vra Hom om elke tree van die pad saam met jou te stap.

Dr PJ van Zyl ***Ermelo***

21 Julie ***My disappointment can be God's appointment with me*** **Johannes 13: 7**

Ek lees onlangs iets wat in die Koreaanse oorlog (1950-1953) gebeur het. Die oorlog het begin toe Suid-Korea deur Noord-Korea en Kommunistiese China ingeval is. In dié oorlog is 'n dominee van Suid-Korea, Im Han Sang, gevang. Hy is in die tronk gegooi en behoorlik deur die kommuniste gemartel. Hy het egter volgehou met sy geloof in Jesus.

Toe die Amerikaners Suid-Korea kom help en die kommuniste uit die dorpie waar Im Han Sang gevange gehou is uitgedryf het, was hy baie bly. Hy is losgelaat en het begin om pad te vat huis toe. Oppad huis toe, loop hy 'n ander groep Amerikaanse soldate raak. Hulle het hierdie vernielde en verflenterde dominee aangesien as vyand. Hulle het hom gevang en hy is weer in die tronk gegooi – hierdie keer deur sy eie mense.

Hy vertel dat hy daar in die tronk regtig moedeloos was, nie net moedeloos nie, maar teleurgestel in God. In sy teleurstelling het hy gevra, hoe kan God dit toelaat? Gee God enigsins om?

In sy worsteling het Johannes 13: 7 al meer in sy kop begin maal. Daar sê Jesus vir Petrus en die ander dissipels: *Wat Ek doen, begryp jy nie noú nie, maar later sal jy dit verstaan.* Dit het hom laat besluit om die beste te maak van sy tyd in die tronk. Hy het begin met 'n bediening aan medegevangenes. Hy het hulle bemoedig, vir hulle gebid en met hulle Bybelstudie gehou. Daar word vertel hoe hy met hierdie werk die lewens van baie mense verander het. Sy *disappointment in God* het verander in *an appointment with God.* God het sy teleurstelling verander in 'n afspraak met Hom, in 'n geleentheid om vir God iets te doen.

Miskien is jy vandag baie teleurgesteld omdat iets nie gebeur het soos jy dink dit moes gebeur het nie. Raak 'n rukkie stil en kyk of God dit nie dalk wil gebruik om 'n afspraak met jou te kry nie. Miskien wil God ook jou *disappointment* gebruik. So kan jou *disappointment in God, an appointment with God* word.

Dr PJ van Zyl ***Ermelo***

22 Julie ***Die lewe is 'n lied*** **Psalm 146**

Psalm 146 is 'n pragtige psalm. Hierdie psalm maak die lied van die lewe in 'n mens wakker. Soms het die lied van die lewe die mooiste melodie wat pragtig klink, maar soms klink hierdie lied soos 'n mengelmoes van wanklanke wat jou net moedeloos maak.

Die psalmdigter van ouds het ook besef dat die lied van die lewe nie net altyd mooi melodieë en lirieke het nie. Die lied van die lewe het ook in hierdie psalm vals melodieë en lirieke wat net glad nie wou rym nie. Die psalm vertel vir ons van menslike maghebbers wat dink hulle weet beter as God. Alle mense is gelyk en daarom kan ons nie op magtiges vertrou nie.

Anders as menslike maghebbers, is God altyd getrou en het Hy Hom reeds in die geskiedenis *bewys.* God is die God van Jakob, die God van die vadere, maar God is ook jou God. God kan ook nie weer stof word soos mense nie – Hy is van ewigheid af al daar en Hy sal vir ewig daar wees.

God is ons Almagtige Hemelse Vader wat Hom bemoei met klein en nietige mense. God is ons Skepper wat nie op 'n afstand staan nie. Hy maak bemoeienis met elkeen van ons. Juis daarom is God so groot!

Al het die lewe vals melodieë, al het die lewe daardie bittere dinge wat jou soms moedeloos maak, is daar altyd die blydskap en hoop van die pragtige melodie van die lewe! Die lewe is 'n loflied aan God. En saam met die psalm-

digter kan ons dit uitjubel: *Prys die Here!* Mag ons elkeen deel hê aan die lied van die lewe – die lied om God met volle oorgawe te prys!

Psalm 146: 1, 6 ***Ds C Manders*** ***Wonderboom***

23 Julie ***Die Saaier saai die Woord in jou hart*** **Matteus 13: 1-9, 18-23**

Ons almal ken en lees die Bybel. Dit is God se Woord. Elke Sondag word die Woord van God verkondig. Ons hoor God se Woord, maar wat maak ons harte met God se Woord?

Jesus het gelykenisse gebruik om mense te leer om nie net te kyk nie, maar ook om werklik te sien. Om nie net te hoor nie, maar ook om werklik te luister. Die gelykenis van die saaier wil ons elkeen van hierdie baie belangrike kwessie bewus maak.

Ons lees dat die saad wat gesaai is op vier verskillende plekke te lande gekom het. In die eerste plek het die saad op die harde, vasgetrapte pad geval. Hierdie saad is die Woord wat geval het op 'n persoon se hart wat verhard is. Dié persoon wil nie die Woord van God inlaat sodat die Woord in sy hart vasgeanker kan word nie.

In die tweede plek het die saad op 'n klip geval. Dit is soos 'n persoon wat die Woord van God hoor, maar die persoon luister nie en die Woord kan nie vasgeanker word in sy hart nie.

In die derde plek het die saad geval tussen die onkruid. Daar is baie verleidelikhede wat ons in ons alledaagse lewe so oorweldig dat ons heeltemal van God se Woord vergeet. Hierdie verleidelikhede kry soms die oorhand en dan verstik God se Woord.

Ons geloof in God moet nooit stagneer nie. Hierdie gelykenis wil ons leer dat ons ons harte moet oopmaak vir die Woord van God, sodat God se Woord stewig vasgeanker kan word in ons harte. Want wanneer God se Woord stewig vasgeanker is in ons harte, dan is dit dat ons met geloofsoë sien en met geloofsore luister. Wanneer jy sien en luister, maak dit jou warm en maak dit ook God se liefde in jou lewe sigbaar. Mag God se Woord altyd stewig vasgeanker wees in ons harte.

Gesang 200: 3 ***Ds C Manders*** ***Wonderboom***

24 Julie ***Laat alles wat asem haal, die Here prys!*** **Psalm 150**

Ek is seker jy ken die kort Hebreeuse sinnetjie – *Halleluja!* Dit beteken: *Prys die Here!* Hoe loof en prys jy God in jou lewe? God kan op so baie ver-

skillende maniere geprys word en in Psalm 150 word God met 'n hele orkes geloof en geprys.

Psalm 150 is die laaste psalm van die Psalmbundel. Ons kan dit ook die *grand finalé* van die Psalmbundel noem. Deur die hele Psalmbundel lees ons van die pad wat God saam met die mens loop en hoe God bemoeienis maak met die mens. Daarom wil hierdie psalmdigter God net loof en prys, met 'n orkes wat uit verskeie musiekinstrumente bestaan.

Die ganse skepping word opgeroep om God te loof en te prys. Die eerste instrument wat genoem word, is die ramshoring. Die ramshoring is gewoonlik gebruik om te waarsku of om iets aan te kondig. In hierdie geval word aangekondig. Almal wat asem het – luister! God is groot! God is jou Skepper! God is genadig en vol liefde! Ons kan Hom net daarvoor dank deur aan Hom die eer te gee.

Met 'n orkes van harpe, liere, fluite, tamboeryne en simbale het die psalmdigter saam met ander God geloof en geprys. Dit was hierdie mense se manier om hulle blydskap en eer aan God te bewys.

Ons kan op so baie verskillende maniere God loof en prys. Met alles wat jy doen, as jy dit tot eer van die Here doen, prys jy Hom alreeds. Mag jy altyd onthou wat God vir jou in jou lewe beteken. Kom ons wees dankbaar en loof God vir sy groot en barmhartige genade, liefde en omgee. *Laat alles wat asem haal, die Here prys!*

Gesang 203: 1, 2 ***Ds C Manders*** ***Wonderboom***

25 Julie ***Die gawes van God se Koninkryk*** **Matteus 25: 14-30**

Daar is 'n spreekwoord in Afrikaans wat lui: *Woeker met jou talente.* Daarmee word bedoel om jou gawes na die beste van jou vermoë te gebruik. Ons het almal gawes ontvang, maar die vraag is, steek jy jou gawes weg of gebruik jy dit tot eer van God?

In die gelykenis van die muntstukke lees ons van drie slawe. Hierdie slawe se eienaar moes vir 'n tydlank weggaan en hy het aan elke slaaf 'n paar muntstukke toevertrou. Die eienaar het sy slawe baie goed geken, want hy het aan elkeen van hulle volgens hulle eie bekwaamheid gegee. Daaruit kan ons aflei dat die eienaar geweet het waartoe sy slawe in staat is...

Toe is die eienaar weg en sy slawe moes woeker met dit wat aan hulle toevertrou is. Die eerste twee slawe het albei dit wat aan hulle toevertrou is verdubbel, maar die derde slaaf was bang en het sy muntstuk in die grond be-

grawe. Die eienaar het na 'n lang tyd teruggekom en rekenskap geëis van sy slawe. Die eerste twee slawe kon altwee hulle winste toon, maar die derde slaaf is uitgeskel as 'n slegte en lui slaaf. Boonop is die muntstuk wat aan hom toevertrou is vir die een gegee wat reeds so baie gehad het. Ons lees ook dat die eerste twee slawe na 'n feesmaaltyd van die eienaar genooi is en hulle kon saam met die eienaar in sy vreugde deel.

Ons Here Jesus Christus het ook aan ons elkeen gawes toevertrou. Ons elkeen ken ons gawes. Almal het nie dieselfde gawes ontvang nie. Sommige het meer ontvang as ander. Ons moet nie dit wegsteek nie, ons moet dit gebruik tot eer van God. Jesus Christus is vir 'n tydlank weg. Met Jesus se wederkoms gaan Hy rekenskap van jou vra. Kom ons gebruik altyd ons gawes tot eer van sy Naam, sodat Hy ook as Hy eendag kom vir jou kan sê: *Kom in en deel in my vreugde.*

Gesang 489: 1, 3 ***Ds C Manders*** ***Wonderboom***

26 Julie ***God is liefde*** **1 Johannes 4: 7-12**

Stel jou voor: 'n wêreld sonder liefde. Ek dink nie ons sou enigsins sonder liefde kon klaarkom nie. 'n Wêreld sonder liefde is 'n wanhopige wêreld sonder warmte, sagtheid en deernis. Nie een van ons sou in so 'n wêreld wou leef nie. 'n Mens sou ook nie kon oorleef nie.

Gelukkig weet ons God het vir ons liefde gegee. God is die oorsprong van die liefde wat in ons harte ingebed is. Om dit anders te stel: God is ons bron van liefde! Ons is na die beeld van God geskape en daarom is daar ook 'n deel van God se liefde in ons ingeskape. Omdat God lief is vir ons, kan ons as mense nie anders nie as om vir mekaar lief te wees.

Die aard van God se liefde is onvoorwaardelik. Dit stel nie voorwaardes soos wat ons as mense gewoonlik doen nie. God het ons nie net somtyds lief nie, God het ons altyd lief, want God is liefde. God is liefde en daarom kan ons harte maar net juig...

Ons harte kan juig want ons Verlosser Jesus Christus is ons model van liefde. Jesus het ons kom leer wat dit beteken om lief te hê. Hy het ons kom leer om ons naaste lief te hê soos onsself. Jesus Christus het ons ook kom leer om uit liefde mekaar te dien, om mekaar se voete te was en so iets van onsself prys te gee.

God het ook vir ons die Heilige Gees gegee om ons altyd op die regte pad te lei in hierdie sondige wêreld, sodat ons altyd mekaar sal liefhê soos God dit van ons verwag. Ons moet nooit dink dat liefde 'n menslike prestasie is

nie, want dit is dit beslis nie. Ons moet altyd onthou: God is ons bron van liefde. Jesus Christus is ons model van liefde in wie se voetspore ons maar net kan navolg en die Heilige Gees is daar om ons te lei in liefde vir mekaar.

Gesang 334: 1-4 ***Ds C Manders*** ***Wonderboom***

27 Julie ***God hou ons staande*** **Maleagi 3: 6-12**

Die mens verloor so maklik sy greep op alles – ook sy vertroue op God. Wanneer swaarkry en nood aan sy deur kom klop, is die mens geneig om te vra: Waar is God? Het God dan verander? Het God dalk van my en van my bestaan vergeet?

By die gelowiges in die tyd van Maleagi het die gedagte geleef dat God in sy trou teenoor hulle verander het. Of selfs dat God van hulle vergeet het. Want in Maleagi 2: 17 vra hulle: *Waar is die God wat reg moet laat geskied?* Hulle het die nood van die oomblik beleef as 'n onreg wat aan hulle gedoen word. Vanweë 'n langdurige droogte en allerlei peste en siektes, het die gedagte by hulle opgekom dat die Here verander het, dat Hy nie meer sorg soos wat Hy vroeër gesorg het nie.

Maar tog: die volk het nog nie ten gronde gegaan nie. En dit alleen is bewys dat die Here nie verander het nie. Wat wel nodig is, is 'n verandering by die volk. Hulle moet hulle bekeer. Vanweë hulle nood het hulle opgehou om aan God te offer wat Hom toekom. Hierdie onbehae wat hulle gevoel het met hulle omstandighede, het hulle verhouding met die Here nadelig beïnvloed.

Dit is dus eintlik hulle wat verander het: weg van God af. Die volk het los van God begin leef. Hulle het God in werklikheid beroof! En nou is daar die oproep: Herstel! God kom nooi sy volk uit: *Toets My...* (vers 10). Nou moet hulle wéér verander: terug na God toe!

Nie alleen vir sy volk nie, maar ook vir ons kom bring die Here die versekering: *Ek, die Here, het nie verander nie, daarom het julle nie ten gronde gegaan nie* (Mal 3: 6). Ons kan weet: Die seën van die Here bly nie uit vir sy volk wanneer hulle hul afhanklikheid van Hom besef en Hom opreg dien nie!

Ons kan dus met mekaar die sekerheid deel dat die Here nie verander het nie. En ook nooit sal verander nie. Sy verbond hou ewig stand: *Ek is jou God!*

Gesang 258: 1, 3 ***Ds JH Prinsloo*** ***Lydenburg***

28 Julie ***Ook my tye is in God se hande*** **Psalm 31**

Dikwels wonder ons ook self wat die toekoms, wat die volgende oomblik of dag vir ons inhou. Dit wat in die verlede gebeur het, het ons ervaar en kan ons in herinnering roep. Dit roep sekere gewaarwordings by ons op. Wanneer ons egter oor die toekoms begin dink, dan bly ons onseker, en kan ons alleen maar drome droom.

Ons staan elke oomblik van ons lewe by die grens tussen die bekende en die onbekende. Die bekende van die verlede en die onbekende van die toekoms. Ons kan nie die horlosie terugdraai nie. Ons kan maar net die onbekende toekoms in.

Die psalmdigter gaan die toekoms in met 'n danklied op sy lippe: dankbaar teenoor God vir genade en bystand in die verlede en biddend met die oog op die toekoms. Daarvandaan kon hy terugkyk op alles wat reeds in sy lewe gebeur het. Maar hy kon daarvandaan ook vorentoe kyk. Die swaarkry en ellende laat dit vir hom lyk asof alles net slegter sal gaan as God nie sou ingryp en hom dra nie.

Hy besef dat God nooit in die verlede onverskillig gestaan het teenoor sy ellende nie. God was nog altyd naby hom en het aan hom 'n veilige staanplek gegee. Dié wete noop hom om weer sy hele lewe aan die Here op te dra: *In u hande gee ek my lewe oor* (Ps 31: 6).

Op dié punt in sy lewe bely hy sy vertroue in God. Hy pak die lewe aan soos iemand wat dit werklik glo. Hy dra sy lewe in gebed aan die Here op. In vreugdevolle tye sing hy lofliedere vir God. Sy hele lewe is in die hand van God. Daarom sy bede en belydenis: *My tye is in u hand* (Ps 31: 16) – verlede en toekoms!

In die gebed van die psalmdigter sien ons dat geloof niks anders as gebed is nie. 'n Gelowige is 'n biddende mens, want in gebed openbaar jy selfs jou diepste geheime aan God. As gelowiges kan ook u en ek die toekoms op geen ander manier aanpak nie as om ons lewens elke dag biddend en smekend in God se hand te plaas.

Psalm 31: 1, 6, 7 ***Ds JH Prinsloo*** ***Lydenburg***

29 Julie ***God is ons kragbron*** **Josua 1: 1-9**

Daar is 'n paar basiese dinge wat vir ons as mense belangrik is in ons lewe. Een daarvan is sekuriteit. Hierdie sekuriteit word 'n anker waaromheen ons alles bou, beplan en doen. Ons word dan ook baie maklik ontwortel wan-

neer daar aan ons sekuriteit gepeuter word. Wanneer dit gebeur, raak ons paniekerig en moedeloos. Die rede is dalk dat die mens sekuriteit in verganklike dinge soek.

Daar heers paniek onder die volk Israel, want hulle het pas berig ontvang van die dood van hulle leier, Moses. Hy het hulle vir meer as veertig jaar met ompaaie gelei. Hy was hulle mondstuk, hy het namens hulle met God gepraat.

Nog 'n probleem staar hulle in die gesig: 'n Sterk en oorlogsugtige volk staan in hulle pad na die beloofde land. Hulle was self maar net 'n nomadiese volk met geen kennis van oorlogvoering nie. Dit is dus te verstane dat hulle bang was. Veral sonder hulle leier. Hulle sien nie weer kans vir die woestyn nie. En vorentoe is dit net so onmoontlik. Meteens voel hulle ver van God af.

Dit is dan dat God weer ingryp. Omdat sy beloftes vasstaan soos Hy, is Hy die sekuriteit vir die mens se wankelende voortbestaan. Daarom troos Hy die volk: *Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan* (Jos 1: 9). God wil dus hê dat die volk hulle vertroue op Hom sal plaas as die onwankelbare, die altyd en oral teenwoordige God.

Wanneer ons ook ons sekuriteit in verganklike dinge soek, en dit skielik wegval of verander, sal dit ook noodwendig by ons lei tot paniek en moedeloosheid. Dit kan dan vir ons ook voel asof God ons vergeet het. Maar dit hoef nie so te wees nie, en God wil dit ook nie so hê nie. Daarom het Hy in Jesus Christus God-vir-ons en God-by-ons geword.

Ons leef in 'n gebroke wêreld waar allerhande teenspoed ook die gelowige kan tref. Maar wat ons van die res van die wêreld onderskei, is juis ons vashou aan God. Daarom moet en kan ook ons sterk en vasberade wees, hoef ons nie te skrik of bang te wees nie, maar kan ons in die geloof vasstaan.

Gesang 576: 1, 2 ***Ds JH Prinsloo*** ***Lydenburg***

30 Julie ***By die Here is daar redding vir ons*** **Lukas 19: 1-10**

Saggeus het 'n besondere probleem gehad: Hy kon Jesus nie sien nie. Hy was nie alleen te kort nie, maar daar was ook 'n skare mense tussen hom en die Here. Hulle het hom van Jesus af weggehou.

So dikwels het dinge wat in ons lewe gebeur het, ook al ons uitsig op die Here versper. Iets word vir ons so belangrik dat dit in ons gesigsveld kom staan. Ons kan dan nie meer daarby verbykyk om die genade van die Here raak te sien nie. Dit weerhou ons daarvan om sy Woord rustig te lees, of te bid, of om selfs net ons verhouding met Hom te oordink.

As ons toelaat dat ons hierin vasgevang bly, word die dinge uiteindelik vir ons te veel. Dit begin later vir ons voel of ons nie meer beheer oor ons eie lewe het nie. Ons word deur ons omstandighede willoos in 'n rigting gedruk. As ons toelaat dat Jesus by ons verbygaan, sonder dat ons deel aan sy verlossing het, kan die sin van die lewe uiteindelik by ons verbygaan.

Daarom is dit nodig dat ook u en ek maar weer van tyd tot tyd van Saggeus en sy probleem kennis neem. Want dit kan inderdaad ook u en my probleem word.

Saggeus kon toegelaat het dat sy omstandighede hom oorweldig, maar hy het nie. Hy het sy omstandighede positief gepak. En dan kry hy deel aan God se genade wanneer Jesus hom nooi: *Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan!* Saggeus is so aangegryp dat hy sy lewe aan die Here wy. En dan kom die versekering: *Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom...*

Dit is die wonder van God se genade. Hy wil nie by een van ons verbygaan nie. Hy wil ook in ons huis inkom. As dit dan voel asof die omstandighede ons van Hom wil afsonder, moet ons ons maar weer tot God wend – en tot sy Woord. Moet ons Hom steeds in die oog kan bly hou. Ten spyte van watter omstandighede ook al. Want ook ons kon aan die kruis hoor: *Vandag het daar vir hierdie huis redding gekom.*

Gesang 510: 1-4 ***Ds JH Prinsloo*** ***Lydenburg***

31 Julie ***Volg Jesus se voorbeeld!*** **Johannes 13: 1-17**

Die mense moes destyds grootliks te voet reis. Daarom was dit die gebruik om gaste se voete by hulle aankoms te was. Maar dit was ook 'n welkome bewys van gasvryheid.

Dit wil voorkom of daar by hierdie bepaalde maaltyd nie 'n slaaf teenwoordig was nie. Dalk was die dissipels ook nie bereid om die slawewerk te doen nie. Sonder om 'n woord te sê, het Jesus egter opgestaan, sy bokleed uitgetrek, 'n handdoek omgebind en die voete van sy dissipels begin was. Hy het Hom soos 'n slaaf aangetrek en die werk van 'n slaaf begin doen.

Jesus het nie sy dissipels se voete gewas om daarmee te kenne te gee dat hulle maar net *gaaf* teenoor mekaar moes wees nie. Nee. Hy wou hê dat sy voorbeeld van diens op aarde voortgesit moes word. Ook ons moet dus volkome diensbaar wees aan God, diensbaar aan mekaar en ook diensbaar aan al die mense na wie toe ons hierdie verlossingsboodskap moet uitdra. Jesus wil ons gewoon leer: Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

Jesus was so tot dienswerk verbind dat Hy selfs sy lewe gegee het as 'n losprys vir baie. Jesus word self die minste, Hy word self nederige slaaf! En daarom kan Johannes ons ook oproep: *Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê* (1 Joh 3: 16).

Die boodskap uit hierdie gedeelte is duidelik: As Hy, wat Seun van God is, bereid is om op so 'n nederige wyse te dien, moet ons, sy volgelinge, ook bereid wees om in nederigheid te dien. God te dien en mekaar te dien en God so te verheerlik.

Gesang 334: 1-4 ***Ds JH Prinsloo*** ***Lydenburg***

1 Augustus ***Wat maak God gelukkig? As ons Hom in die eerste plek liefhet*** **Genesis 6: 9b; Hosea 6: 5, 6**

Dit behoort vir elke gelowige 'n lewensdoel te wees om God gelukkig te maak. Die ou vertaling van die Bybel het hierdie gedagte beskryf met die woorde: *om God te behaag.* Maar wat kan ons as nietige mense doen om die almagtige God te behaag, Hom gelukkig te maak?

In Genesis 6 lees ons 'n wonderlike getuigskrif van Noag se hele lewe: Hy was 'n regverdige man, onberispelik en hy het naby aan God geleef. Die bedoeling daarmee is dat hy in 'n intieme verhouding met God geleef het. Dit is een van die heel belangrikste dinge wat God behaag: dat Hy 'n verhouding met ons mag hê. Daardie verhouding word gekenmerk deur liefde. God het ons gemaak om vir ons lief te kan wees. Elke dag word ons oorlaai met die tekens van God se liefde vir ons.

Wat wil God in ruil vir sy liefde van ons hê? Hosea 6: 5-6 stel dit baie duidelik: meer as enige iets anders vra God liefde van ons teenoor Hom. God vra nie in die eerste plek sekere godsdienstige dade nie, maar liefde. Dis tog ook die eerste deel van die groot gebod: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met jou hele verstand,* met ander woorde *met jou hele lewe.* Miskien moet dit 'n baie sterker klem in ons lewe kry: om werklik met ons hele lewe God lief te hê.

Gesang 209: 1 ***Ds JF van der Merwe*** ***Rustenburg-Suid***

2 Augustus ***Wat maak God gelukkig? As ons Hom volledig vertrou*** **Hebreërs 11: 7; Psalm 147: 11**

Ons leef in 'n wêreld waarin dit vir ons baie moeilik is om in alle omstan-

dighede op God te bly vertrou. Daar is soms net soveel dinge in en om ons wat veroorsaak dat situasies nie sin maak nie en ons nie uitkoms vorentoe kan sien nie.

En dis in wese presies wat Noag moes ervaar toe hy die opdrag van God kry om 'n ark te bou vir 'n vloed wat gaan kom. Daar moes baie vrae in hom gedraai het. *Ek is ontsettend ver van die see af, waarom nou so 'n massiewe boot bou? Hoe gaan ek al die diere bymekaar maak om hulle in die boot te kry?* Maar tog gaan hy voort en doen wat God vra, omdat hy God volledig vertrou.

Om God te vertrou, beteken om te besef dat God beter weet as ek wat nodig is en wat sin sal maak. Dit beteken om te glo dat God sy beloftes sal nakom, al kan ek dit nou nie met my menslike oë sien nie. 'n Mens kan jou indink dat dit dikwels vir Noag na 'n moedelose en sinlose poging moes lyk. Dekades lank werk hy aan die ark en die reën kom nie; hy beleef die gespot van sy vriende, maar tog gaan hy voort om God te vertrou.

Is daar dele van jou lewe waar jy nog moet leer om God volledig te vertrou? Dis wat jy moet doen om God te behaag. Net soos wat 'n pa en ma gelukkig voel as hulle kind met sy lewe wys dat hy sy ouers vertrou, net so maak dit God gelukkig as sy kinders onvoorwaardelik op Hom vertrou.

Gesang 500: 1-3 ***Ds JF van der Merwe*** ***Rustenburg-Suid***

3 Augustus ***Wat maak God gelukkig?*** **Genesis 6: 11-22**
As ons Hom totaal gehoorsaam

Wat 'n verskriklike onderneming moes dit nie gewees het nie om die ark te bou en om al die diere bymekaar te maak en in die ark te kry. Daar is net een manier om dit reg te kry en dit is om dit te doen presies soos die Here dit beveel het. Vers 22 sê: *Noag het alles gedoen presies soos die Here hom beveel het.*

Hierin sien ons dat Noag volledig gedoen het wat God gevra het, met ander woorde, hy het nie een instruksie oorgesien nie en hy het presies gedoen soos God gevra het, op die wyse en tyd wat God gesê het. 'n Mens kan nie anders nie as om te sê dat Noag God met sy hele hart gehoorsaam het. Geen wonder nie dat die Bybel sê dat Noag God behaag, gelukkig gemaak het!

As God vir ons sekere opdragte gee (sommige wat dalk ook vir ons nie baie sin maak nie), hoe reageer ons? Ons stel so baie vrae, stel so maklik uit en kry uiteindelik verskonings hoekom ons dit nie kan of behoort te doen nie. Maar ons hoef nie altyd eers te verstaan voor ons begin gehoorsaam nie! Die verstaan kom dikwels juis uit ons gehoorsaamheid uit. Daar is ook nie so

iets soos gedeeltelike gehoorsaamheid nie. Ons kan nie kies watter opdragte ons sal nakom en dan net daardie uitvoer nie.

Iemand het eenkeer gesê dat die woorde *Nee, Here*, nooit saam gebruik behoort te word nie. As ek besef wat ek sê as ek God *my Here* noem, dan besef ek, ek kan nie *Nee* sê nie. Ons maak God gelukkig deur ons volledige gehoorsaamheid aan sy opdragte.

Gesang 524: 1-3 ***Ds JF van der Merwe*** ***Rustenburg-Suid***

4 Augustus ***Wat maak God gelukkig? As ons Hom voortdurend loof en dank*** **Genesis 8: 18-22; Psalm 69: 30-32**

Na die 40 dae in die ark was die eerste ding wat Noag gedoen het toe hy uitkom, om 'n altaar vir die Here te bou en 'n offer te bring. Ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges word opgeroep om offers van lof en dank voor God te bring. Ons loof God vir wie Hy is en ons dank Hom vir wat Hy gedoen het.

In Psalm 69 lees ons van 'n gelowige se reaksie as daar verlossing deur die hand van God gekom het. Die psalmdigter skryf dat die Naam van God besing moet word, met ander woorde dat God geloof moet word vir wie Hy is. Maar hy wil ook vir God 'n danklied sing vir dit wat God vir hom in sy lewe gedoen het. En dan kom die uitspraak dat so 'n offer, 'n offer van lof en dank, vir God verkiesliker is as selfs die volmaakte diere-offer.

In die Bybel, in die geskiedenis, in ons lewe het ons al soveel keer ervaar dat God ingryp en verlossing, uitkoms bring. Bring die wese van God ons tot die besef van sy grootheid en sy liefde? En dring daardie besef van wie God is ons werklik tot die lof wat God waardig is? Bring die dade van God ons tot die besef van die liefdevolle versorging en die deernis wat by God vir ons bestaan? En dring daardie besef van wat God vir ons gedoen het ons tot die dank wat God verdien?

As ons God gelukkig wil maak, dan moet ons voortdurend aan Hom die lof en dank bring.

Gesang 521: 1, 2 ***Ds JF van der Merwe*** ***Rustenburg-Suid***

5 Augustus ***Wat maak God gelukkig? As ons ons Godgegewe vermoëns gebruik*** **Genesis 9: 1-3; Kolossense 3: 17**

Na die hele sondvloedepisode waarin Noag God vertrou en gehoorsaam

het, kom die opdrag van God dat Noag en sy kinders moet aangaan met hulle normale lewe. Hulle moet kinders hê en vir hulle 'n lewe maak met dit wat God vir hulle gegee het.

Ons kan baie maklik dink dat God alleen gelukkig gemaak word, dat ons Hom alleen kan behaag, as ons met geestelike dinge besig is. Maar Kolossense 3: 17 stel dit duidelik dat alles wat in ons lewens gebeur iets moet wees wat ons vir God doen. Ook as ons met ons normale dagtaak aangaan, ook as ons ontspan, ook as ons kuier, dan kan ons dit steeds so doen dat ons God daardeur verheerlik. Martin Luther het in sy nadenke oor Kolossense 3: 17 gesê dat die meisie wat die koeie melk, dit juis kan doen tot die eer van God.

In die film *Chariots of fire* sê die Olimpiese atleet Eric Liddle: *Ek glo dat God my vir 'n doel gemaak het, maar Hy het my ook vinnig gemaak. En wanneer ek hardloop, voel ek die vreugde van God.* God word ook behaag in die normale dinge wat sy kinders doen tot sy eer. Hy word gelukkig as Hy sien dat sy kinders die gawes wat Hy vir hulle gegee het, gebruik en geniet.

Kyk na jou lewe en alles wat jy is en het. God het jou gemaak wie en wat jy is. God het vir jou gegee wat jy het. Dit behaag God as ons wie ons is en wat ons het, gebruik tot sy eer, volgens sy bedoeling daarmee.

Gesang 522: 1-3 ***Ds JF van der Merwe*** ***Rustenburg-Suid***

6 Augustus ***Bediening en roeping*** **Handelinge 8: 26-40**

Bediening word dikwels verkeerd verstaan. Baie wil die bediening gelykstel aan 'n bepaalde werk wat vir die kerk gedoen word in opdrag van ander wat jou gekies het en wat jou werk met 'n bepaalde pligstaat kontroleer. Ander beskou die bediening weer as 'n geleentheid om iets vir God en sy kerk te doen, waaroor God en ander baie dankbaar en tevrede behoort te voel. Maar uit die geskiedenis wat ons saamgelees het van Filippus en die Etiopiër, kry ons 'n meer korrekte begrip van bedieningswerk.

Ons lees hier baie duidelik dat Filippus deur die engel van die Here aangesê word om 'n bepaalde bediening te gaan doen. Filippus word deur God geroep met 'n bepaalde opdrag. Daar word ook in vers 29 vermeld dat die Gees Filippus aangespreek het met 'n bepaalde opdrag wat daaruit voortgevloei het. Bediening behoort dus in die eerste instansie nie die gevolg te wees van die opdragte en keuses van mense nie, want dit vloei voort uit die bemoeienis van God met die mens, wat dus ook van mense gebruik maak in sy dienswerk en hierdie mense roep met 'n bepaalde opdrag. Bediening moet

nooit gesien word as geleenthede waar kerklike en gemeentelike behoeftes aangespreek word en *werkies* gedoen word nie. Dit is God wat my roep en in sy diens wil gebruik en dit gaan altyd weer om die eer van God en die wonderlike voorreg om deur Hom bemagtig te word vir bepaalde bediening in sy kerk.

Juis omdat Filippus verstaan dat dit God is wat hom roep, is hy ook dadelik gewillig om hierdie dienswerk te doen en die opdrag uit te voer. Hy soek nie na verskonings om nie te gaan nie. Hy vra ook nie uitstel nie. God se roeping beteken vir hom gewillig wees en diensbaar wees sonder murmurering en ontevredenheid. Filippus voer sy opdrag dus ook stiptelik uit.

Hoe verstaan u u eie ampswerk en bediening in die kerk? Staan u in diens van mense of in diens van God? Hoe wonderlik kan dit tog nie wees nie as u die roeping van God gewillig navolg en uitleef. God het u geroep en u is vir God bruikbaar.

Ds Jan Kramer ***Elsburg***

7 Augustus ***Wat bediening behels*** **Handelinge 8: 26-40**

Dit sou vreeslik maklik wees om 'n lys op te stel van wat 'n ampsdraer of dienaar behoort te doen en ook die kerkordelike vir u deur te gee oor die verskillende ampte. Daar moet egter eerder gevra word na die wesenskenmerke van bedieningswerk. Waaroor gaan dit werklik in die bediening? Wat het gevolg in die lewe van Filippus nadat hy deur God geroep is? Daar staan geskrywe dat hy in opdrag van God *klaargemaak* en *gegaan* het.

Die eerste belangrike aspek van dienswerk is die voorbereiding wat gedoen moet word om in diens van God te staan. Filippus het nie maar net halsoorkop vertrek nie. Nee, hy het homself eers gereed gemaak. Hy het dus eers gesorg dat sekere sake afgehandel is, sodat hy onbelemmerd die opdrag van God kon uitvoer. Verder het hy ook gesorg dat alles gereed is om wel die opdrag te kan uitvoer. Hy het dus ook beplan en homself voorberei op die opdrag wat wag. Hy doen dus wat God van hom gevra het (vers 26).

Vervul ons ons ampswerk en dienswerk met dieselfde gesindheid? Is ons gehoorsaam aan die opdrag van God? Doen ons nog die nodige voorbereiding en beplanning om hierdie opdrag en gepaardgaande dienswerk te doen soos God verwag?

Nadat Filippus vertrek het, het God die eintlike opdrag aan hom gegee. God het gevra dat hy saam met daardie wa van die Etiopiër moes loop. Is dit

nie juis wat ons dienswerk in die kerk behels nie? Ons moet in ons bediening saam begin loop met hulle wat God op ons pad bring. Dienswerk beteken in wese dat ons mense sal tegemoet loop en saam met hulle begin loop op hulle lewenspad, sodat daar 'n ontmoeting met die lewende God kan plaasvind. Soms beteken dienswerk nie net dat ons sal saamloop nie, maar dat ons ook op die wa sal klim, dat ons moeite sal doen om mense by Jesus Christus uit te bring.

Diens aan God in opdrag van God behels dus die voorbereiding tot dienswerk, die gaan na mense toe op hulle lewenspad en die besig wees met daardie mense, sodat hulle altyd weer in ontmoeting kan kom met God.

Ds Jan Kramer ***Elsburg***

8 Augustus ***Is dienswerk in die kerk moeilik?*** **Handelinge 8: 26-40**

Om vir God te werk, is nie altyd maklik nie, maar dit bly steeds 'n wonderlike voorreg om in sy diens te staan. Ons weet nie altyd wat hierdie bediening gaan inhou nie. Dit vra soms baie tyd, baie gebede, baie opoffering en baie geloof. Tog sou God ons nie geroep en gebruik het as Hy nie gedink het dat ons daartoe in staat is nie.

Filippus se taak blyk aanvanklik nie moeilik te wees nie. Hy moet iemand langs die pad ontmoet en saam met hom loop. Maar dan vermeld die engel van die Here dat die pad baie stil is en dat Filippus teen die middag die man langs die pad moet ontmoet. Filippus sou dus heel moontlik alleen op daardie pad gewees het. Niemand sou hom in sy opdrag kon bystaan nie. Hy sou alleen die gevare moes trotseer en alleen sy besluite moes neem. Hy alleen sou die opdrag van God moes uitvoer.

Bedieningswerk in die kerk bring ons dikwels op stil paaie. Ons staan alleen met 'n geweldige opdrag van God. Dikwels voel ons onseker en weet ons nie wat om te doen of wat om te sê nie. Tog het God nie vir Filippus aan sy eie lot oorgelaat nie. Trouens, ons lees dat die Gees van God met hom gepraat het en sy opdrag gegee het. Ons weet dus dat die Gees van God verder saam met hom was op die pad. Die Gees van God het Filippus gelei om te spreek en te getuig en te verkondig en die uiteinde van dit alles was dat die Etiopiër sy reis met blydskap voortgesit het

Filippus moes gedurende die middag die opdrag van God uitvoer. Ja, juis op die warmste van die dag moes hy op die stil pad besig wees met die dienswerk van God. Soms voel ons ook dat die skroeiende hitte van die omstandighede

en van die lewenspaaie ons gaan verteer. Ons sou eerder die koeligheid verkies en die gemaklike lewensituasies. Maar God besluit dikwels anders. Ons mag egter weet dat daar altyd vrug sal wees op hierdie moeitevolle bediening. Die Gees van God sal op die warmste van die oomblik altyd die koeligheid van God se genade en liefde wek in die lewe van mense.

Ds Jan Kramer ***Elsburg***

9 Augustus ***Die tempo van bediening*** **Handelinge 8: 26-40**

Dit lyk dikwels asof ons baie traag is in die bedieningswerk van God, asof ons onsself nie hoef te ooreis nie en asof daar nog baie tyd oor is om die opdragte van God uit te voer. Dit wat nie vandag gedoen kan word nie, kan maar rustig oorstaan tot die volgende dag of volgende week. Hoe belangrik sou die tempo wees waarmee ek vir God werk?

Uit die geskiedenis van Filippus kom ons agter dat hy nie getalm het om God se opdrag uit te voer nie. Hy het nie eers die volgende dag of week begin om voorbereidings te tref nie. Hy het ook nie tot op die nippertjie gewag en toe inderhaas vertrek nie. Dit is belangrik om daarop te let dat hy onmiddellik gehoorsaam was aan die opdrag van God. Hy het geen rede gesoek om uitstel te vra nie. Hy het ook nie verskonings gesoek om nie die opdrag uit te voer nie. Nee, hy was gewillig, voorbereid, gereed en gefokus om die opdrag uit te voer. God het eintlik vir hom gevra om saam met die wa te loop, maar toe Filippus die wa sien, het hy daarheen gehardloop (vers 30). Hy wou geen tyd verlore laat gaan om in ontmoeting met hierdie man te tree nie. Hy wou ook geen tyd laat verloop om hierdie man in ontmoeting met God te bring nie. In sy gesprek met die Etiopiër het hy onmiddellik begin om met hom oor God en sy Woord te praat.

Hoe baie tyd gaan daar tog nie verlore in ons bediening nie. Ons talm dikwels in ons bedieningswerk, vermy besondere geleenthede om met die dinge van God besig te wees en laat baie tyd verlore gaan en daarmee soms ook baie siele, omdat die tempo van ons bediening so traag is.

Soms is dit verbasend hoe baie God kan laat gebeur in 'n kort tydjie waar ons met oorgawe besig is. Soms is dit ook verstommend hoe min daar gebeur ten tye van ons eie traagheid en laksheid.

Ds Jan Kramer ***Elsburg***

10 Augustus ***Die bron van ons bediening*** **Handelinge 8: 26-40**

Waarmee moes Filippus hom besig hou in sy ontmoeting met die Etiopiër? Sekerlik nie met 'n gesprek oor die geldsake van die koningin van Etiopië nie. Dit was ook nie net 'n geselsie oor wind en weer nie. Vir Filippus was die inhoud en bron van sy bediening steeds Jesus Christus. Daar staan geskrywe dat Filippus begin het om die evangelie van Jesus aan hom te verkondig. Filippus tree dus nie net in ontmoeting met 'n mens nie, maar verkondig Jesus Christus aan hierdie mens, sodat hy ook in ontmoeting gebring kan word met Jesus Christus.

Waarmee hou u uself besig in die kerk en gemeente? Wat is die inhoud van u bediening? Dit kan so maklik gebeur dat roeping en bediening op die ou end nie met mekaar in harmonie is nie. Dit kan so maklik gebeur dat ons baie besig is met baie dinge in die kerk, maar eintlik min besig is met Jesus Christus.

Die suksesvolle bediening van Filippus en die gehoorsame uitvoer van sy Godgegewe opdrag het groot geloofsvrug tot gevolg gehad. Dit het uitgeloop op die bediening van die sakrament van die doop en dat die Etiopiër ook daarna sy reis met blydskap kon voortsit.

Met Jesus Christus as inhoud en fokuspunt van u bediening, kom daar altyd 'n omkeer in die lewens van mense en is u moeitevolle arbeid nooit tevergeefs nie. Moet nooit dink dat u nie vir God bruikbaar is nie en moet ook nooit dink dat u arbeid in diens van God tevergeefs sal wees nie. Die Here het die werk van Filippus geseën en sy Gees het resultate gewek op sy bediening.

Maak uself dus gereed en gaan op die pad waar God u in ontmoeting met mense wil bring. Verkondig die evangelie van Jesus en besaai die lewenspad van ander met blydskap.

Ds Jan Kramer ***Elsburg***

11 Augustus ***Die vreemde God en sy mense*** **Eksodus 3: 1-15**

Iemand het op 'n keer die verhouding tussen God en sy kinders beskryf deur te praat van *Die vreemde God en sy mense.* Dit klink inderdaad vreemd, maar in 'n sekere sin lê daar tog 'n groot stuk waarheid in hierdie beskrywing van die verhouding tussen ons en God.

Hoe meer en meer ons oor God dink en Hom beter probeer verstaan, hoe meer en meer word die vrae wat ons oor Hom het. Ons kan God nie in ons manier van dink vasvang nie, want Hy is te gansanders.

Aan Moses het God Hom op 'n baie vreemde manier bekendgemaak – in 'n doringbos wat brand. In die Nuwe Testament maak God Hom aan ons bekend in Jesus Christus wat later aan die kruis sterf – vir ons. Of dit in 'n brandende doringbos is en of dit in 'n krip of aan 'n kruis is, ons kan nie anders nie as om verstom en verslae te wees oor hoe God optree en hoe Hy Hom aan ons bekendmaak.

Vandag maak God Hom aan ons bekend deur sy Woord, die Bybel. Hy doen dit ook op so 'n manier dat ons alles wat ons nodig het om van Hom te weet, daar kan lees. So leer ons God ken.

Besef ons nog wanneer ons die Bybel lees dat dit die manier is waarop God Hom aan ons bekendmaak? Is ons nog verwonderd daaroor dat God deur sy Woord met ons, wat sondaarmense is, praat?

Wanneer ons die Bybel lees en so stil raak voor God, moet ons besef dat ons hier te doen het met die lewende God van hemel en aarde. Dit is Hy wat deur sy Woord met ons praat, net soos wat Hy met Moses gepraat het vanuit die brandende doringbos.

Daarom kan ons nie anders nie as om die Woord van God te eerbiedig en dit met respek en agting te hanteer.

Gesang 594: 3 ***Ds R J Jones*** ***Oudtshoorn***

12 Augustus ***Die Bybel as God se Woord*** **Handelinge 8: 26-40**

Deur die werking van die Heilige Gees versterk God ons geloof wanneer ons die Bybel lees, en ons sy stem daarin hoor. Op hierdie manier sê Hy vir ons hoe ons moet leef, en troos Hy ons ook wanneer ons dit van tyd tot tyd nodig het. So laat God hierdie woorde wat eeue gelede neergeskryf is, lewendig word in ons lewens.

Toe hierdie Etiopiër erns begin maak met Bybellees, toe die Woord van God vir hom duidelik begin word, toe begin hy glo. Toe die klomp letters en woorde in die Bybel deur die werking van die Heilige Gees lewendig gemaak word in sy lewe, ontstaan die behoefte in sy hart om gedoop te word, om so te bely dat hy glo in Jesus Christus. Hierdie man het iets begin verstaan van die grootheid van God, en die wonder om Hom in jou lewe te hê.

Dit het gebeur omdat hy besig was met die Woord van God, omdat hy dit gelees het en sy ore gespits het om God se stem daarin te hoor.

As Christengelowiges het ons nie 'n keuse of ons die Bybel wil lees of nie, want dit is hoe God met ons praat. Bybellees is deel en moet deel wees van

die uitleef van ons geloof. Hoe kan ons waarlik as Christene in die wêreld gaan leef as ons nie voortdurend die Bybel lees om daarin God se stem te hoor nie? God se Woord moet so deel van ons lewens wees, dat ons onsself nie die lewe sal kan indink daarsonder nie. Die Woord moet die lig vir ons pad en die lamp vir ons voet wees, dit moet vir ons die rigtingwyser en maatstaf vir alles in ons lewens wees, elke dag.

Gesang 254 ***Ds R J Jones*** ***Oudtshoorn***

13 Augustus ***Is dit vandag nog nodig dat God se Woord gehoor moet word?*** **2 Timoteus 4: 1-8**

Het die vraag al by jou opgekom of dit werklik nog nodig is vir mense om hulle lewens te rig na die Woord van God? Ons lewe in 'n samelewing waarin elke persoon, volgens die norm van die wêreld, vry is om te doen wat hy of sy wil.

Vir elke vraag of elke probleem wat kan ontstaan, het die wêreld 'n baie slim antwoord, in meeste gevalle 'n kitsresep om enige probleem op te los. Alhoewel geen goeie resultate gewaarborg word met hierdie resep nie, gryp mense tog daarna.

Wanneer Paulus aan Timoteus skryf: *...verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee...*, dan is dit baie duidelik dat die Woord vir Paulus die enigste norm is.

Al is daar vandag van die wêreld se kant 'n antwoord vir elke probleem, moet 'n Christen steeds luister na die Woord, en self ook die Woord hoorbaar maak. Niks anders as die Woord kan en mag vir ons die norm wees nie.

Daarom moet die hoor van die Woord ons in beweging bring, sodat ons dit wat ons in die Woord hoor, met krag, met ywer en met dringendheid sal gaan uitleef. Die opdrag wat Paulus aan Timoteus gee, is net so van toepassing op elkeen van ons vandag. Daar waar ons elke dag leef, oral waar ons werk of speel, kuier met mekaar of ernstig is, daar moet hierdie woorde aan Timoteus ook deel wees van ons lewens: *...verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee...*

Dit wat die Bybel vertel, is nie maar net 'n klomp waarhede wat in 'n sekere stadium in die geskiedenis gebeur het nie. Dit is steeds lewend en kragtig. Dit kan nie anders nie as dat ons vandag steeds na die Bybel luister, en dit ook op elke plek hoorbaar laat word.

Gesang 257: 1, 2, 3 ***Ds R J Jones*** ***Oudtshoorn***

14 Augustus *God se Woord gee lewe* **Johannes 4: 43-54**

Die regeringsamptenaar waarvan ons in hierdie verhaal lees, het nood wat nie net sommer vinnig weggeneem kan word nie. Sy seun is besig om te sterf. Hy gaan na Jesus toe omdat hy weet dat as daar enige iemand is wat hom uit sy nood uit kan help, dit Jesus is. Hy lê sy nood voor Jesus neer, en dan sê Jesus vir hom: *Gaan maar huis toe, jou seun lewe.* Die man draai om en hy gaan huis toe.

'n Mens kan eintlik sê dat Jesus hierdie man met leë hande terugstuur. Tog gee Jesus wel vir hom iets – sy Woord. Dit is al wat hierdie man met hom saamneem.

In Jesus se Woord aan hierdie regeringsamptenaar lê die belofte opgesluit van 'n ewige lewe by God. Jesus gee meer as net sy Woord vir hierdie man, Hy gee ook die lewe. Hy gee dit, want Hy is dit. Die man se seun word gesond.

Ons kan vandag nog steeds die wonders wat Jesus doen, beleef. Ons kan dit net nie sien en beleef soos wat hulle wat saam met Hom op aarde geleef het dit gesien en beleef het nie. Tog het Hy sy Woord vir ons gegee, waarin ons kan glo. Net soos hierdie regeringsamptenaar wat met sy nood na Jesus toe gekom het, stuur Jesus ons ook vandag die wêreld in met sy Woord. Ons het God se Woord in mensetaal! Dit is wat die Bybel is, niks anders nie.

Ons kan elke dag van ons lewens tegemoet gaan met die troos dat ons God se Woord by ons het, en ook die versekering dat wanneer ons dit glo en dit uitleef, ons sal lewe, want God se Woord gee lewe.

Gesang 255: 1, 2, 3 ***Ds R J Jones*** ***Oudtshoorn***

15 Augustus ***Die plek wat God se Woord inneem in my lewe*** **2 Timoteus 3: 10-17**

Meeste van ons was seker al in die situasie waar 'n klomp mense aan jou wil raad gee en jy nie eintlik weet na wie om te luister nie. In die soeke na 'n antwoord raak 'n mens net meer deurmekaar.

Het jy nie dalk hierdie probleem ook al ervaar in jou geloofslewe nie? Jy loop met 'n vraag oor jou geloof in jou rond, jy soek na 'n antwoord. Mense probeer raadgee, maar naderhand is die probleem groter as wat dit was aan die begin.

Die jong Timoteus aan wie Paulus hier skryf, het ook dikwels moedeloos geword en was ook by tye onseker, saam met die gemeente waarin hy gewerk het. Die wêreld rondom hulle het nie verstaan waarom dit gaan om

werklik kerk te wees nie. Vir hierdie jong gemeente sê Paulus dat niks anders as die Woord van God vir hulle die weg moet wys nie.

Dan kom die raad van Paulus: *Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif.*

Dit kan nie anders nie as dat die Woord van God die sentrale plek in ons lewens inneem. Altyd en orals moet God se Woord vir ons die norm wees waarvolgens ons lewe en waaraan ons vashou. Ook wanneer ons gekonfronteer word met 'n samelewing wat elke dag soveel nuwe eise aan ons stel, kan ons aan niks anders vashou nie as die Woord van God.

As ons elke dag van ons lewens vashou aan die Woord van God, dan sal dit vir ons as Christengelowiges iets wees wat in enige tyd van onsekerheid ons vaste anker in die lewe is.

Gesang 258: 1, 2, 3 ***Ds R J Jones*** ***Oudtshoorn***

16 Augustus ***Jy en jou Bybel*** **Psalm 62: 9**

Oorweldig die formaat van die Bybel jou miskien? Wat staan in die Bybel – maak hierdie vraag jou dalk verleë? Is dit nie ook vir jou belangrik om in 'n paar woorde te kan sê wat in die Bybel staan nie, veral in die oomblik van beproewing en nood? Ja, wat is dit wat die Bybel vir jou en my in 'n neutedop sê, sodat ons oombliklik in geloofskrag ons pad kan loop?

Vat 'n bietjie jou Bybel in jou hand. Maak 'n lys van mense wat jy daarin aantref. Probeer 'n bietjie al die geskiedenisse en gebeurtenisse in die Bybel neerskryf. Gee nou 'n baie spesiale plek aan die werk van God en uiteindelik die verlossingswerk van God in hierdie mense se lewens deur al die gebeurtenisse heen. Kom ons gaan 'n bietjie verder. Dit is mos die Woord van ons Here ook vir óns – nie net vir daardie mense of net vir die ander mense nie. Gee dadelik daardie lewensbelangrike plek aan ons Here se reddingswerk in jou en my lewe.

Maar dit alles nou – juis al die wonders van ons Here se liefde in ons eens verlore lewe; ook juis ons Here se bestiering en beskikking in ons lewe elke dag waarvan ons ook gewoonlik niks verstaan nie – wat staan daar op elke bladsy van die Bybel wat ek in my hand hou? Kom ek weer altyd daarby uit? Is ek al daartoe in staat?

Hoor Dawid aan die volk van die Here, ook aan ons: *Vertrou altyd op Hom.* Roep ons Here ons toe deur elke gebeurtenis in die Skrif, deur elke

persoon in sy Woord, vanuit elke bladsy van die Bybel: *Glo My. Vertrou My!* Beleef jou Here op hierdie manier op elke bladsy van die Bybel, in jou ganse lewe!

Ds AS van den Berg ***Sionspoort***

17 Augustus ***Ontdekkende vertroue*** **2 Konings 5: 15**

Glo My, vertrou My – is hierdie geloof en vertroue 'n blinde geloof en vertroue? Maak ons Here ons oë hiermee toe om sonder enige lig of perspektief of insig op ons lewenspad voort te strompel? Staar ons blindelings die donker in? Is dit wat hierdie geloof en vertroue beteken?

Naäman, daardie belangrike generaal van die koning van Aram, het 'n lewensprobleem. Eintlik is hy 'n rondwandelende lyk, want hy is melaats. En sekerlik het hy al die wêreld vol gesoek na genesing. Maar tevergeefs! Nou is hy hier in Israel op die advies van die Israelitiese dogtertjie. En kyk, hy is by Elisa, die profeet van God. Besef – Naäman gaan nou met Elisa met die Woord van God te doen kry.

En Naäman reageer. Hy is woedend, want hy het darem gedink dat Elisa iets opspraakwekkends tot sy genesing sou doen! Maar dan gehoorsaam hy tog. In opdrag van die profeet van God met die Woord van God duik hy sewe keer onder in die Jordaan. En dan die wonderlike – hy is gesond!

Klim hy op sy wa en ry hy terug na sy eie land? Nee, eers is hy by Elisa, want met die Woord van God op sy pad het hy 'n lewensbelangrike ontdekking gemaak – 'n ontdekking wat baie verder en dieper gaan as sy vel wat gesond geword het. *Ek weet nou* – hiermee erken hy die ontdekking van God in sy lewe en aldus die lewe self. *Ek glo, ek vertrou* – besef u, geen blinde geloof en vertroue is dit nie. Nee, dit is die pad waarop ons ontdek en altyd meer en meer die rykdom van die wonders van die liefde en redding van ons Here deur sy Woord heen ontdek! Is dít al hoe ons ons geloof en vertroue beleef? Daardie pad van *ontdekkende vertroue*!

Ds AS van den Berg ***Sionspoort***

18 Augustus ***Ontdek die werk van jou Here*** **Openbaring 21: 5**

Hoekom het dit of dat juis met my gebeur? Waarom het my lewe juis op hierdie manier verloop? Wat is tog die betekenis van my huidige lewensituasie – is dit nie dikwels die versugting uit jou en my gemoed nie?

Ja, die worsteling rondom die sin van ons lewe – wie van ons ken dit nie? Dan span ons onsself in om die sin van die dinge in ons lewe te probeer peil. Dan dink ons, vanaand het ons die regte antwoord, maar môreoggend besef ons baie gou dat ons die bal alweer ver misslaan! Jy en ek kan mos nie regtig lewe as ons nie ten minste iets van die sin van ons lewe ontdek nie.

Dit is nie buite ons bereik nie, want Wie is dit wat daar op die eindpunt van die tye staan? Dit is mos ons Here Jesus. En Hy kyk oor die verlede en die hede en die toekoms heen. Hy beleef alles van alle tye asof dit klaar gebeur het. Niks is vir Hom 'n misterie of verborge nie. Hoor wat sê Hy vandaar van jou en my lewe, of dit in die verlede of die hede of die toekoms is. Ja, kyk – sien dit raak, moenie dit miskyk nie: *Ek maak alles nuut.* Hy sê nie, *Ek hét of sál alles nuut maak* nie. Nee, *Ek máák alles nuut!* Hy is nou en elke oomblik daarmee besig.

Die sin van jou en my lewe lê nie in die gang of gebeurtenisse van hierdie wêreld en sy mense nie. Nee. En die sin van jou en my lewe lê nie daarin dat die padkaart van ons lewe helder en duidelik voor ons ooplê nie. Nee, die sin van ons lewe vind ons daarin dat ons Here nou en elke oomblik in en deur alles van ons lewe werk tot ons saligheid! Ontdek hierdie werk van jou Here in jou geloof en vertroue en lewe en stry met oorgawe en afwagting selfs en juis as jy niks van jou lewe verstaan nie.

Ds AS van den Berg ***Sionspoort***

19 Augustus ***Ontdek jou Here se almagtige liefde*** **Genesis 15: 5**

Hoe belangrik is ons Here se beloftes nie vir ons nie! Kan jy jou, kan ek my ooit 'n oomblik sonder die beloftes van God indink? Maar lyk dit nie ook soms vir jou, veral in bepaalde lewensomstandighede, of hierdie beloftes van lewe nie regtig vir ons waar word nie?

Ontmoet vir Abram in die oomblik van sy groot-groot nood. Sy hele lewe is op die beloftes van God gebou. Ja, die vreemde is hy binne met hierdie beloftes. Maar nou lyk dit vir hom of dit nie gaan realiseer nie. Op 'n tipies Oosterse manier verwyt hy God op 'n baie mooi manier. Ja, hoor hom: Eliëser, die man uit Damaskus, sal maar my erfgenaam moet wees!

Nou sê God dit baie duidelik vir hom: nee, dit sal nie die geval wees nie. Dan vat God vir Abram na buite met hierdie opdrag: *Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan.* Abram kan tog nie! Jy en ek kan tog nie! Het dit dan enige sin om Abram, en ook ons, op hierdie manier met sy onmoontlikheid – *as jy kan* – te wil verseker van God se beloftes?

Dit is juis op hierdie manier dat God vir Abram en ook vir jou en my laat ontdek. *As jy kan* – hy kan nie en ons kan nie en daarmee staan ons voor die almag van God. Dit is mos God se almag ten opsigte van God se skepping. Daarom, ontdek weer God se almagtige liefde en vertrou weer op die beloftes van God. Ja, glo weer in die beloftes van God en lewe dan weer verder!

Ds AS van den Berg ***Sionspoort***

20 Augustus ***Ontdek jou Here se koninklike nabyheid*** **Matteus 28: 20**

Het jy nie al die gevoel gehad dat die Here ver van jou af is nie? Wie van ons het nie al gesê nie: Die Here het my vergeet? Het ons nie al almal gedink nie: Maar waar is die Here dan? Kan dit waar wees? Kan dit ooit waar wees?

Weet u, dat ons Here ooit van ons weg is of kan wees, is suiwer sinsbedrog of duiwelsbedrog. Kyk, daar is Jesus en sy dissipels op die Olyfberg. Hoor dan sy afskeidswoord aan hulle en ook aan ons tot vandag toe voordat Hy opvaar in die hemel: *En onthou* (kyk, sien dit raak, moenie dit vergeet nie): *Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.* Sien dit weer raak op jou lewenspad: ons Here laat geen ruimte in verband met sy nabyheid in en deur alles van ons lewe heen totdat Hy weer kom nie. Hy is werklik *Immanuel: God met ons* in en deur alles van ons lewe heen in hierdie wêreld totdat Hy weer kom!

En ontdek dan verder die krág van jou Here se nabyheid. Hoor Hom: *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde.* Dit is mos nie die dienskneg wat hier praat nie, maar die Koning! Sy nabyheid is sy nabyheid van bestiering en beskikking in ons lewe. Hoor dit uit sy eie mond: *Word vyf mossies nie vir twee sent verkoop nie? Tog word nie een van hulle deur God vergeet nie. Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moenie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies* (Luk 12: 6-7).

Vertrou, wees verseker van jou Here se koninklike nabyheid – al lyk dinge so anders, al voel en dink ons somtyds anders. Beleef jou Here se koninklike nabyheid juis as jy weer ontdek dat jou Here deur sy Gees hier in jou hart woon – so naby!

Ds AS van den Berg ***Sionspoort***

21 Augustus ***God is hier teenwoordig*** **Eksodus 14: 1-15**

Nadat die Israeliete Egipte en slawerny verlaat het, het hulle voor hulle in

die dag 'n groot wolkkolom gesien en in die nag 'n groot vuurkolom. Waarheen die kolom beweeg het, het die volk gevolg. Vir die volk was dit meer as net 'n rigtingaanwyser; ook was dit vir hulle die teenwoordigheid van God op hulle reis.

Maar in die teks wat ons vanoggend gelees het, sien ons dat hierdie teenwoordigheid van God op 'n misterieuse manier verwyder word van waar dit altyd was. Diegene wat vorentoe gekyk het, het glad nie meer hierdie wolk gesien nie.

As hulle ooit die teenwoordigheid van God nodig gehad het, dan was dit nou. As hulle al ooit God nodig gehad het om voor hulle uit te trek en hulle te lei en te beskerm teen die gevaar wat dreig, dan was dit nou. Maar vanoggend toe hulle opstaan, was Hy nie meer daar nie, was Hy nie op sy gewone plek nie.

Het u al so gevoel dat as u ooit die teenwoordigheid van God nodig gehad het, dan is dit nou? Ons sien later dat God nog die hele tyd daar was! Op hierdie swart perd van ramp en hopeloosheid stuur God 'n ruiter wat die boodskap van genade en liefde kom oordra.

Maar weet u, geliefdes, ons het soveel meer as wat ons gevra het. In Jesaja 52: 12 staan daar: *Die Here gaan voor julle uit, die God van Israel kom agter julle aan.*

Kyk terug, wat sien u? U kan soveel kyk as wat u wil, want u gaan niks kan sien nie. Nie omdat ons nog nooit gesondig het nie. Nee, omdat ons sondes toegemaak word deur die glorieryke teenwoordigheid van God agter ons.

Gesang 159 ***Ds H Delport*** ***Magaliesburg***

22 Augustus ***Jesus het gaan staan*** **Markus 10: 46-52**

In vers 49 staan daar: *Jesus het gaan staan...* Wat beteken dit dat Jesus gaan stilstaan het? Die bedelaar het die groot profeet van Nasaret in sy spoor gestop. Blinde Bartimeus, die seun van Timeus, stop die Redder van die mensdom in sy spore terwyl Hy die grootste heilswerk in die geskiedenis van die mensdom gaan doen. Al wat hy gesê het, was: *Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!* En vir 'n oomblik het die Redder, het Jesus gaan staan. Het die genade van God gaan staan. En die gevolg was merkwaardig.

Wat Jesus laat stilstaan het, was die gebed van hierdie man. Bartimeus het nie 'n pragtige lofsang kunstig voorgehou nie. Al wat hy gedoen het, was om uit te roep en die Here het gaan staan. Al wat hy gedoen het, was om te skree – 'n uitroep van genade: *Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!*

Ons hoef nie mooi te kan sing of bid nie. Ons hoef nie ryk of magtig te wees nie. Al wat ons hoef te doen, is net om te bid, en die genade van Christus sal ons red. Omdat Christus ons net so lief het as wat Hy hierdie man liefgehad het, sal Hy ook gaan stilstaan en na ons gebed luister. Ons lees van nog 'n gedeelte in die Evangelies waar Jesus gaan stilstaan het. Jesus het aan die kruis gesterf. Aan die kruis het die Here gaan stilstaan en geluister na ons hulpkreet. Aan die kruis het die Here ons gevra, net soos Hy Bartimeus gevra het: *Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?* En Hy het dit gedoen.

Gesang 198 ***Ds H Delport*** ***Magaliesburg***

23 Augustus ***'n Brief*** **3 Johannes**

Kom ons skryf vanoggend ook 'n brief. Iets soortgelyk aan dit wat ons vanoggend gelees het. Maar die brief wat ons skryf, rig ons nie aan Gaius nie, maar aan onsself. Kom ons kyk na die indeling en die konteks van die brief en skryf dan 'n soortgelyke een aan onsself.

Van die oudste. Aan myself, my vriend wat ek waarlik liefhet. Ek hoop dat ek gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met my as wat dit geestelik met my gaan. Ek was baie bly toe hier medegelowiges kom en van my trou en waarheid vertel, hoe ek in die waarheid lewe. Niks verskaf my groter vreugde nie as om te hoor dat ek self in die waarheid lewe. Liewe broer/suster, ek handel reg in wat ek vir medegelowiges doen, en dit nog terwyl ek hulle nie eens ken nie. Hulle vertel hier voor die gemeentes van my liefde. Ek hoop ek kan hulle help op hulle verdere reis soos wat God dit verwag, want hulle is op 'n reis om Christus te verkondig en hulle ontvang niks van heidene nie. Dit is dus my plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.

Ek skryf 'n brief aan myself, maar ek aanvaar baie keer self nie die gesag nie. Ek versprei soms slegte en valse gerugte oor ons gemeente. Asof dit nie genoeg is nie, baie kere ontvang ek nie die medegelowiges met die regte gesindheid nie.

Ek moenie die verkeerde voorbeeld volg nie, ek moet die goeie volg. Wie goed doen, behoort aan God en wie verkeerd doen, het nie vir God gesien nie. Van Christus getuig almal net wat goed is en die waarheid bevestig dit. Ons gemeente getuig dit ook en ek weet dat die getuienis waar is. Ek wil vir myself nog baie dinge sê, maar ek wil dit nie net skriftelik doen nie. Ek wil dit vir myself wys deur my optrede en my dade.

Gesang 308 ***Ds H Delport*** ***Magaliesburg***

24 Augustus ***Oppas!*** **Matteus 23: 1-12**

Christus waarsku ons vanoggend teen iemand, teen sekere mense. Twee keer in die teks hoor ons 'n waarskuwing teen die manier waarop hierdie mense optree. Vir die mense is die juk van geloof hard en die las daarvan bitter en swaar. In Matteus 11: 30 sê Jesus Christus self: *My juk is sag en my las is lig.* Maar dit is nie al nie. Ons lees ook in die teks in verse 5 tot 7 dat hierdie mense iets nodig het. Meer nog, dat hulle iets verwag van die Here. Wanneer die mense bid, sien ons dat hulle gebedsbande en tossels dra om hulle te herinner aan die wet van God. Eintlik om hulle te herinner dat hulle hul deel gedoen het. En omdat hulle hul deel gedoen het, daarom verdien hulle amper om gered te word. Hulle vereis om gered te word, want hulle het mos alles reg gedoen. Alles wat daar van hulle verwag word. Ons word vanoggend teen sulke persone gewaarsku. Ken u dalk so 'n persoon? Weet u van wie hierdie waarskuwing vandag praat? Kan u 'n paar voorbeelde opnoem? Hier word 'n baie mooi prentjie geskets, van 'n baie spesifieke persoon wie se voorbeeld ons NIE moet volg nie. Weet u aan wie het ek gedink nadat ek die gedeelte gelees het? Aan myself.

Gesang 309 ***Ds H Delport*** ***Magaliesburg***

25 Augustus ***Lewe in oorvloed!*** **Johannes 10: 1-21**

Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed. Wanneer ons hierdie vertelling lees, word ons meegevoer deur die metafoor van die goeie Herder. Wanneer ons die gedeelte lees, bring dit vir ons vrede en gemoedsrus. Want dit is Jesus wat met ons, sy skape, praat. Ons herken die stem van Christus, en ons volg Hom. Ons volg Hom, want ons weet wanneer ons Hom volg, sal die wolwe ons nie verskeur nie. Ons weet dat Jesus in die aande voor die hek slaap, ons weet Christus is die deurgang, die weg na ons weiding en ook die weg na daar waar ons saans onder sy beskerming gaan insluimer. Wat moet ons doen om regtig die teenwoordigheid van God in ons lewe te ontdek? Hoe kan ons dit regkry om een van God se skape te wees? Wat moet ons doen om regtig die stem van ons Herder te hoor, sodat ons agter Hom kan aanloop? Al wat ons hoef te doen, is net om te glo. Ons moet die stem van ons Herder hoor en dit volg!

Hierdie lewe wat God vir jou gee, is nie aan die wêreld vasgemaak nie. Hierdie lewe styg uit bokant omstandighede. God het vir ons sy Gees gegee, God

het vir ons sy teenwoordigheid gegee, dit kan nie van ons af weggevat word nie. Die vreugde wat ons beleef, gaan nooit ophou nie. Ons het die lewe in oorvloed ontvang, want niks en niemand kan ons van die liefde van Christus skei nie. Nie eers onsself nie! Dit is dan dat ons soos die psalmdigter in Psalm 16 God kan loof en sê: *Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig. U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie. U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is* (Ps 16: 9-11).

Psalm 23 ***Ds H Delport*** ***Magaliesburg***

26 Augustus ***Ons soek 'n Leier!*** **1 Samuel 8: 1-22**

Goeie leiers en bestuurders is vandag in groot aanvraag. Topleiers en bestuurslui word baie meer vergoed as ander mense. Daaarom soek mense vandag goeie leiers. Daar word gesoek na sterk mense wat voor sal loop en ons sal lei uit die ellende waarin ons verkeer. Goeie leiers in ons besighede, volkslewe en selfs in ons kerke is geweldig in aanvraag. Want diep binne ons het ons seker die begeerte om ook soos ander volke en kerke te wees. Ryk, voorspoedig en aan die vooruitgaan.

So het die volk Israel ook in 'n stadium van hulle geskiedenis na 'n sterk leier gesmag. Hulle is lank deur Rigters gelei. Die Rigters het met 'n krisis op die toneel verskyn en daarna weer verdwyn. Samuel het later as Rigter en profeet die volk gelei en toe hy oud geword het, het hy sy twee seuns aangestel as leiers. Maar die twee was nie goeie leiers nie, en het die volk uitgebuit en bedrieg. Dis toe dat die volk se leiers na Samuel toe kom met die versoek dat hulle ook 'n leier wil hê soos die ander nasies. Hulle wou ook soos die ander nasies wees en het gehoop dat 'n koning hulle na groot hoogtes toe sou lei.

Die gedeelte vertel egter dat die Here nie baie geneë was met die volk se versoek nie. Hy sê vir Samuel dat die volk Hom eintlik as leier verwerp het. Selfs nadat Samuel aan hulle die vreeslike goed voorgehou het wat 'n koning aan hulle sou doen, wou hulle steeds 'n koning hê.

Soos die ander nasies rondom hulle wou hulle ook voorspoedig en welvarend wees. Die volk het gehoop dat 'n koning hulle na sulke groot hoogtes sou lei. Hulle het gedink dat 'n leier in die vorm van 'n koning hulle na voorspoed en rykdom sou lei. Maar dalk het hulle vir 'n oomblik vergeet dat die Here die eintlike koning is.

Ons moet ook maar versigtig wees in ons soeke na 'n leier (koning) wat

ons sal lei na groot hoogtes en voorspoed en welvaart. Ons word geroep nie om na mense te vra wat ons na groot hoogtes sal lei nie, maar na die Here. In ons volkslewe, besighede en kerk moet ons die Here volg, en nie mense nie. Ons soek baie keer mense wat ons kan volg, wat ons dink ons na voorspoed sal lei, eerder as om die Here self te volg. Want sy pad is nie so voorspoedig as wat ons graag wil hê nie. Sy pad is die pad van die kruis...

Gesang 475: 1, 2 ***Ds Kobus Celliers*** ***Brits***

27 Augustus ***Meer van die Heilige Gees?*** **1 Samuel 10: 1-16**

Ons lees dat die Gees van God kragtig in Saul gewerk het, soseer dat daar selfs 'n spreekwoord oor hom ontstaan het: *Is Saul ook onder die profete?* Ons lees egter later in die Bybel dat die Gees van God vir Saul verlaat het en dat die Here selfs vir Saul 'n vyand geword het. Saul is iemand wat 'n goeie begin gehad het, maar wat later selfmoord sou pleeg. Hy was 'n koning, en het selfs saam met die profete opgetree, maar later alleen self op sy eie swaard geval. Hoe kan dit gebeur?

Die Gees van God was op Saul om hom toe te rus vir sy koninklike en selfs profetiese taak. Saul moes die volk van die Here lei, dien en regeer. God se Gees wou Saul toerus vir sy diens aan die volk, maar Saul wou die Gees van God vir homself gebruik. Saul wou God vir sy persoonlike diens en ambisie gebruik en nie vir ander nie.

Om God te probeer gebruik vir ons eie doeleindes is verdoemend. Ons moet eerder daarop let dat God ons moet gebruik vir sy doel en sy diens. Om God te wil inspan vir ons eie doeleindes loop uit op chaos.

Ons moenie meer van die Heilige Gees besit nie, maar die Heilige Gees moet meer van ons besit.

Gesang 511: 1, 2 ***Ds Kobus Celliers*** ***Brits***

28 Augustus ***Takseer die baadjie*** **1 Samuel 16: 1-13**

Toe Samuel vir Saul as koning gesalf het, was die keuse baie voor die hand liggend. Dit was 'n maklike en duidelike keuse: Saul was mooi en lank en sterk. Iemand na wie 'n mens sou kon opkyk. Hy was die ideale persoon vir 'n koning. Tog het hy as koning misluk. Hy was mooi en groot, maar sonder karakter.

Die Here besluit om 'n nuwe koning vir sy volk aan te wys. Samuel moes weer 'n nuwe koning gaan salf en daarom stuur die Here hom na Betlehem toe, na die huis van Isai om daar 'n koning te gaan salf. Daar aangekom, sien Samuel Isai se oudste seun, Eliab. En onmiddellik het die profeet Samuel gedink dat hierdie die gesalfde van die Here is. Eliab was 'n natuurlike keuse omdat hy die oudste was, buitengewoon lank en selfs mooi, maar tog nie. Sewe van Isai se seuns het so voor Samuel verskyn en tog was nie een van hulle die Here se keuse nie.

Selfs Samuel, met al sy profetiese insig en sy ervaring, het die fout gemaak om teen die buitekant vas te kyk. Daarom sê die Here vir Samuel: *Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.*

Nadat sewe van Isai se seuns voor Samuel verskyn het, bly net die jongste oor. Dawid was die jongste en moes die skape oppas. Die Here wys hom aan as die nuwe koning van sy volk. Dit was 'n goeie keuse. Dawid was weliswaar nie 'n perfekte mens nie, maar 'n gelowige met 'n noue verhouding met die Here.

Later, toe God se Seun na die aarde gekom het, wou mense Hom ook nie ken en glo nie. Hulle verwagting was anders as wat God gedoen het. Hulle sou Hom ook later kruisig omdat hulle dieselfde fout gemaak het om teen die buitekant vas te kyk sonder om die binnekant raak te sien.

So baie keer sien die Here dinge raak wat ons nie sien nie en is sy handelswyse daarom anders. Die Here sien ons binnekant raak, al dink ons niemand verstaan nie. Al dink ons niemand weet nie, kan ons weet die Here sien in ons harte.

Ons moet maar versigtig wees om nie ook teen die buitekant vas te kyk nie. *Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.*

Psalm 139 ***Ds Kobus Celliers*** ***Brits***

29 Augustus ***Soms sê God ook NEE*** **Deuteronomium 3: 20-29**

In die gedeelte wat ons gelees het, word vertel van die volk Israel wat op die punt staan om die beloofde land in te neem. Die volk het so pas vir 40 jaar in die woestyn geswerf nadat hulle slawe in Egipte was. Maar God het hulle noodkrete gehoor en 'n omstrede leier, Moses, geroep om hulle uit Egipte te lei. Die volk Israel was vol verwagting vir 'n goeie en nuwe toekoms.

Die beloftes aan hulle voorvader Abraham het nog altyd diep in hulle harte geleef: die beloftes van 'n eie land en 'n groot nageslag.

Hulle is nou 'n groot nageslag en hulle staan op die drumpel van die beloofde land.

Nou lees ons dat Moses, die groot leier van die volk Israel, God smeek om die beloofde land in te gaan. In die oorspronklike Hebreeus dui die woord vir smeek daarop dat Moses vir 'n lang tyd God meer as een keer gevra het om tog die land in te gaan. Tog was God se antwoord *nee*.

Om die beloofde land in te gaan, was sekerlik Moses se grootste wens, sy grootste droom. Hy was immers die een wat deur groot worsteling en stryd gegaan het om die volk tot hier te bring. Nou mag hy nie die land ingaan nie. Selfs nadat hy God lank en diep daarvoor gesmeek het. Want soms sê God *nee*.

Baie keer is dit waarvoor God *nee* sê, dinge wat ons as goeie en mooi dinge beskou. Miskien moet ons ook verstaan dat God soms *nee* sê, en nie ons gebede verhoor nie. Dikwels is die rede daarvoor vir ons onverstaanbaar. God gee ook nie aan Moses 'n rede waarom Hy *nee* sê nie.

Maar Moses se onverhoorde gebed is nie al een nie. Ons lees natuurlik ook van iemand wat selfs drie keer gebid het dat die beker by Hom moes verbygaan. En weer het God *nee* gesê.

Nog later sou een van God se getrouste dienaars ook drie keer bid dat God die doring in sy vlees moet wegneem. En weer was God se antwoord *nee, my genade is vir jou genoeg.*

Ons moet verstaan dat God soms *nee* sê. En alhoewel ons dalk kan dink dat dit onregverdig van God is, moet ons ook leer om God se *nee* te aanvaar. Net soos God baie keer *ja* sê op ons gebede, en ons weet dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het. So moet ons ook verstaan dat God soms *nee* sê.

Die merkwaardige van die gedeelte lê egter nie soseer in God wat *nee* sê nie, maar eintlik in Moses se *ja*. Want dit was Moses se groot droom, sy groot begeerte. Alles wat hy deurgemaak het, was om by hierdie punt te kom waar hy die volk in die beloofde land inlei. En nou sê God *nee*.

Maar Moses vererg hom nie. 'n Mens sou dink dat Moses dalk tog 'n bietjie teleurgesteld was. Hy het immers baie deurgemaak en baie opgeoffer om hierdie weerbarstige en halsstarrige volk na die beloofde land te lei. Dit is deur hulle ongehoorsaamheid dat hy kwaad geword het. Een foutjie. Nou staan hy op die punt om sy grootste droom te verwesenlik, en nou wil God hom nie hierdie wens toelaat nie.

Moses bly God se dienaar. Al verhoor God nie sy grootste smeekgebed nie. Al laat God hom nie toe om sy lankverwagte droom te verwesenlik nie. Moses bly lief vir God. Selfs al sê God *nee*, sê Moses tog nog *ja*.

So het Jesus Christus ook aan God getrou gebly, al het God ook vir sy smeekgebed *nee* gesê.

So het die apostel Paulus ook nog aan God getrou gebly, al het God ook nie sy smeekgebed verhoor nie.

Ons moet ook leer om aan God getrou te bly, al sê God soms *nee*. Ons moet ons voortdurend aan Hom verbind, selfs al verloop dinge nie altyd soos wat ons graag wil of verwag nie. Soms sê God *nee*. Want God dink en doen dikwels baie anders as wat ons verwag.

Gesang 273: 2, 3 ***Ds Kobus Celliers*** ***Brits***

30 Augustus ***God sorg dat sy beloftes vervul word*** **Deuteronomium 1: 1-18**

Dikwels moet 'n mens eers na die verlede kyk om weer perspektief en moed vir vandag en die toekoms te kry. 'n Mens verstaan dinge van vandag en môre baie keer eers goed wanneer jy terugkyk.

Ons sien veral God se verbondstrou in die verlede, en dít gee ons moed en krag vir vandag en vir môre. Dis belangrik dat dit nie ons eie vermoë of eie goeie karakter of standvastigheid of selfs ons eie geloof is wat ons weer hoop gee vir vandag en môre nie. Dis God se trou, die wete dat God getrou bly aan sy verbintenis. Hy sorg dat sy verbond altyd vervul word. Ons krag en hoop vir môre is daarin geleë dat ons weet dat God ook aan sy verbond met ons getrou bly.

Die Israeliete het dit ook baie gou agtergekom toe hulle uiteindelik na 40 jaar in die woestyn voor die beloofde land te staan gekom het. Nou staan hulle hier saam met hulle leier Moses. Die beloftes van God aan hulle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob, het in vervulling gegaan. God het aan Abraham en sy nageslag 'n eie land beloof en hier staan hulle nou voor die beloofde land. God het aan Abraham 'n groot nageslag beloof en nou is hulle so baie soos die sterre aan die hemel.

Ten spyte van die Israeliete se ongehoorsaamheid, ten spyte van 'n goue kalf, ten spyte van 'n murmerering en wantroue, sorg God dat sy beloftes, sy verbond altyd in stand gehou word.

Die vervulling van die beloftes van God sou egter nie sonder probleme

wees nie. Die groot hoeveelheid mense het baie administratiewe probleme veroorsaak. Moses moes leiers uit elke stam aanstel om te help met die regspraak en die administrasie. Die land wat hulle moes inneem, se inwoners sou nie bereid wees om die land net prys te gee nie. Boonop was die Israeliete al 40 jaar terug skrikkerig vir die volke. Die volke was goed bekend met oorlog en wapentuig, terwyl Israel maar uit die woestyn gekom het met net 40 jaar se oorlewing.

Hy voorsien leiers wat Moses help en Hy gee die oorwinning in die oorloë en die inname van die land.

Die boek Deuteronomium begin met die aanduiding dat God getrou gebly het aan sy beloftes aan Abraham, Isak en Jakob. Al is dit jare later, en ten spyte van mense se ontrouheid en sonde. God vervul sy beloftes. God voorsien ook in elke probleem. Hy gee uitkoms, omdat Hy betroubaar bly.

Soms sien ons dit nie, soos die Israeliete ook maar in die woestyn soms getwyfel het aan God.

Maar ons kan ook getuig van die talle kere toe ons beleef het dat die Here getrou bly aan sy beloftes.

Ons mag weet dat die God wat ons dien, wat die Lam vir ons sonde voorsien het en wat die dood se angel uitgeruk het, die God is wat Homself aan elkeen van ons verbind het. Hy bly getrou aan daardie verbond.

Gesang 505: 1, 2 ***Ds Kobus Celliers*** ***Brits***

31 Augustus ***Standvastigheid in die Here*** **Psalm 125**

Die pelgrimsreisiger staan in die tempel in Jerusalem. Om in die tempel te kon staan, was vir 'n Israeliet 'n groot voorreg. Daar was ook iets groots daaraan aangesien die teenwoordigheid van die Here hier op 'n besondere manier beleef is. Die tempel is op Sionsberg gebou. 'n Berg is simbool van standvastigheid en daarom word die Here dikwels met 'n rots vergelyk. Nou gaan die digter verder en vertel dat dié wat op die Here vertrou dieselfde standvastigheid sal beleef as Sionsberg. Hulle sal die beskerming geniet wat die onbeweegbare berge rondom Jerusalem aan die stad verleen.

Net soos die tempel, was die grond van die Beloofde Land vir die Israeliet iets waarvoor hy geleef het. Die grond was 'n geskenk van die Here. Iets wat deur die volk opgepas, waardeer en bewerk moes word. Solank Israel gehoorsaam was aan die verbond, sou hulle die grondgebied behou. Goddeloses sou geen mag oor hulle verkry nie. Aan die einde van die gedig doen die bidder op God 'n beroep om hierdie geregtigheid in stand te hou.

In 'n tyd waar baie dinge verander, is dit goed om te weet dat daar vastigheid is. God is steeds getrou aan sy beloftes. Net soos wat grond vir die Israeliet 'n onontbeerlike element van sy bestaan was en God die behoud daarvan gewaarborg het, net so ken God vandag nog ons behoeftes en weet Hy wat ons nodig het om te leef. Hy bly steeds ons Rots wat vir ons 'n vaste baken is. Hy is steeds die een wat met sy geregtigheid vir ons vrede skenk.

Gesang 508 ***Ds Willie Botha*** ***Krugersdorp***

1 September ***Die verandering*** **Psalm 126**

Die digter bevind hom in die nood. Waarskynlik word Israel deur 'n vyandelike mag bedreig. Hy dink terug aan 'n tyd toe hulle ook in die moeilikheid was en daar geen voor die hand liggende oplossing was nie. Op 'n wonderbaarlike wyse het die Here hulle verlos. Dit was vir hulle soos 'n droom, byna te goed om waar te wees. Hulle kon weer lag en sing. Selfs ander nasies het verstom gestaan deur die verlossing wat God bewerk het.

Maar nou gaan dit weer swaar, baie swaar. Ook nou is daar menslik gesproke nie hoop op uitkoms nie. Die digter het egter voorheen beleef dat God onder soortgelyke omstandighede help en daarom het hy ook nou die vrymoedigheid om hom tot sy enigste uitkoms te wend. God. Die Here kan help. Die Negev is droog en hard, 'n ongenaakbare stuk woestyn in die Suidland. Hier verwag jy nie genade nie en jy verwag nie water nie. Maar teen die verloop van die verwagting verander die droë lope in skuimende waterstrome. Net so is dit met die persoon wat die saaisak dra. Die sak sny in sy skouer in en mergel gaandeweg die laaste bietjie krag uit. Maar die huilende saaisakdraer raak die jubelende maaier. Eweneens die teenstrydigheid, die verandering, van saad in 'n droë land, die moeite, die swaarkry tot die volle oes en die blydskap.

In jou lewe mag jy ook voel dat jy saaisakke dra, dat jy tans net droë woestynlope voor jou sien. Daar is egter steeds die moontlikheid van verandering. Miskien het jy ook 'n vorige ervaring van radikale verandering. Dalk is jy iemand wat nie van so 'n ervaring kan getuig nie. Weet dan dat die Here uiterste beproewing kan verander van ween na seën, van droogte na reën.

Psalm 126 ***Ds Willie Botha*** ***Krugersdorp***

2 September *Grondige afhanklikheid* **Psalm 127**

Psalm 127 verduidelik grondige afhanklikheid van God met die beeld van 'n huisgesin. Die huis wat gebou word, kan ook op die tempel in Jerusalem wys. In die konteks van 'n pelgrimspsalm maak dit sin. Huisbou beteken ook huisopsit en daarmee hang die geboorte van kinders nou saam. Uit byvoorbeeld die aardsvaderverhale (Abraham, Isak en Jakob) blyk dit duidelik dat kinders 'n geskenk van die Here is. Dit is net so sinloos om daaglikse arbeid los van die Here te verrig as wat 'n mens die verwekking van kinders los van die Here sien. Geslagtelikheid en vrugbaarheid is van die begin af een van die mooi gawes wat God aan die mens gegee het. Arbeid kan van vroeg tot laat verrig word, maar selfs die uiterste harde werk is tevergeefs indien dit nie in afhanklikheid van God geskied nie. Vir dié wat die Here liefhet, gee Hy dit selfs in hulle slaap. Met ander woorde: sonder enige inspanning verkry die afhanklikes die lewensnoodsaaklike. 'n Nageslag was een van die dinge wat die Israeliet hoog op prys gestel het. Veral seuns het 'n groot rol gespeel in die arbeidsaamheid. Hulle het egter ook 'n regsrol vertolk deur regsgetuies te wees, veral vir die vader, indien 'n regsgeding in die stadspoort besleg moes word.

Hierdie geliefde psalm is een van die bekende votums in die liturgie van die erediens. Dit wil juis die mens se grondige afhanklikheid van God te kenne gee. Miskien het die pelgrimsreisiger weens die reis en die ver-van-die-huis-af-wees die waarde van 'n huisgesin as gawe van God goed besef. Maak nie saak wat ons doen en hoe hard ons dit doen nie, afhanklikheid van God bly 'n voorvereiste vir sinvolle menswees, sinvolle huiswees.

Psalm 127 ***Ds Willie Botha*** ***Krugersdorp***

3 September *Dit gaan goed* **Psalm 128**

Dit gaan goed is 'n bekende toesegging wat in die psalms aan die gelowige gemaak word. Om te sê: *Dit gaan goed,* is inderdaad 'n baie oop stelling en daarom gaan die digter voort om dit verder te verduidelik. Om die Here te dien en sy wil te doen, veronderstel alreeds 'n stuk goedgaan. Teenspoed kan immers die gelowige nie sy verhouding met God ontneem nie. Alhoewel die digter in Psalm 127 noem dat die Here self die noodsaaklike in die arbeider se slaap kan gee, gaan dit hier eerder oor die vreugde van arbeid. Wanneer 'n landbouer sy harde werk in die vorm van 'n oes voor hom sien, bring dit

'n diepe gelukkigheid in sy lewe mee. Dit bring vir hom voorspoed en hy kan sy gesin goed versorg, hy kan sy regmatige deel aan die tempel gee. Sy voorspoed word voorts geteken in dit wat vir hom belangrik is. Buiten sy arbeid is daar ook sy gesin. Vir 'n Israeliet was sy nageslag ontsettend belangrik. Die Israelitiese nageslag is anders as die kinders wat uit die vrugbaarheidskultusse van die Kanaänitiese godsdienste verwek is. 'n Nageslag was 'n groot seën en dit het direk in verband met God se verbond met sy volk gestaan. Die beeld van jong olyfboompies roep ook duidelik die gedagte van kosbaarheid en oorvloed op. Voorspoed word laastens geteken in die lang lewe wat God gee. Om jou nageslag te mag sien, is 'n groot voorreg. Dit blyk duidelik hoe God die Israeliet in die totaliteit van sy bestaan seën: sy arbeid, sy vrou, nageslag en 'n lang lewe.

Partykeer moet ons ook na die seën van die Here soek. Dit is maklik om in 'n gedagtepatroon van moedeloosheid en neerslagtigheid te verval. 'n Dankbare lewensuitkyk maak jou oë oop vir dit wat jy inderdaad van God ontvang het. Die digter het dit in sy gesin en arbeidsvreugde ervaar. Miskien moet ons weer leer om ook die klein maar groot dinge waarmee die Here ons seën, raak te sien. Dan kan ons inderdaad sê: *Dit gaan goed.*

Psalm 128 ***Ds Willie Botha*** ***Krugersdorp***

4 September ***Die Here bevry*** **Psalm 129**

Die gemeente is in hierdie pelgrimslied aan die woord. Alhoewel die woordjie *my* gebruik word, dui dit tog op die hele gemeente of Israel. Israel het dit vanaf sy begin nie maklik gehad nie. Die beeld van die onderdrukking in Egipte word sterk na vore geroep. Twee beelde herinner aan die talle kere dat daar wel van slawerny of een of ander vorm van onderdrukking sprake was. Van sy rug is 'n ploegland gemaak. Nie net dui dit op swaar handearbeid wat verrig is nie, maar veral op die sweepslae wat deur die slawedrywers uitgedeel is. Die beeld word verryk deur die bande waarmee die volk gebind is. Daar was nie enige vorm van vryheid nie. Maar dan kom die Here en Hy bevry sy volk. Hy stel hulle vry van die slawebande omdat Hy 'n regverdige God is. Die derde deel van die gedig fokus op die haters van Sion. Sion is vir hulle die woonplek van God en haat teen Jerusalem kom noodwendig op haat teen God neer. Dit regverdig die uitspraak dat hulle soos gras moet verdroog. Soms het daar gras op die dakke van huise gegroei, maar hierdie gras is soortgelyk aan die saad wat op die rots geval het. Dit brand

dood voordat dit tot wasdom kan kom en voort kan plant. Anders as die graan op die land wat ryp word en deur mense geoes word, kan die gebruiklike groet (Rut 2: 4) nie aan die gras op die dak gerig word nie.

Alhoewel Israel swaar gehad het, het die volk nie tot niet gegaan nie. Die saak kan ook op vandag se bestaan toegepas word. Swaarkry hoef 'n mens nie moedeloos of dood te maak nie. Die Here is inderdaad steeds die een wat ingryp. Soms op onverklaarbare wyse, soms deur mense met besondere gawes. Natuurlik is ons nie vandag in 'n posisie om mense te vervloek nie. Die Nuwe Testament verwag van die gelowige 'n ander houding teenoor diegene wat jou te na kom. Gebed is 'n wonderlike geleentheid om jou swaarkry voor God te stel. Wees verseker dat Hy jou hoor en jou sorge sal wegneem.

Psalm 42 ***Ds Willie Botha*** ***Krugersdorp***

5 September ***Laat u koninkryk kom...*** **Matteus 6: 10**

Hierdie bede is eintlik vreemd. 'n Mens sou wou vra: Is daar dan 'n plek in die heelal waar God se koninkryk nog nie gekom het nie? Sê die Skrif nie uitdruklik dat die aarde en alles daarop aan God behoort nie? Vra 'n mens dan nie met hierdie bede iets wat alreeds vasstaan nie?

Nee. Natuurlik behoort alles aan die Here. Hy is die Vader en Koning van die heelal. Maar, God se koninkryk is nie so teenwoordig dat dit soos 'n stoomroller oor alles heen loop nie. Dit blaas nie alle teenstand aan flarde nie. Mense kan nog God se koninkryk teenstaan, mense kan nog 'n keuse teen Hom maak.

Verder kan mense ook bloot neutraal teenoor God se koninkryk staan. Mense kan met 'n traak-my-nie-agtige houding teenoor die koninkryk leef. Met hierdie bede *laat u koninkryk kom...* leer Jesus ons om te bid dat ons en alle mense vanuit die evangelie, vanuit die teenwoordigheid van God in Christus en sy Gees sal leef. Dat mense hulle sal verbly in die koninkryk wat werklik is en hier is. Mense moet leef soos mense wat weet dat hulle in die teenwoordigheid van die koninkryk leef.

Gesang 471 ***Dr G Nel*** ***Theresapark***

6 September ***Laat u wil geskied...*** **Matteus 6: 10**

Hierdie bede word gebid teen die sombere en tragiese agtergrond van die wêreld waarin ons lewe. In hierdie wêreld geskied die wil van God nie altyd

nie. Kan die grusame dood van miljoene in gaskamers die wil van God wees? Kan verskeurde huwelike en 'n versteurde aarde God se wil wees?

Nee. God wil nie hierdie dinge hê nie. Daarom word hierdie bede gebid teen die agtergrond van ons sondige eiewilligheid. Want teenoor God se wil het ons wil tot stand gekom. Ons wil het die groot vyand van God se wil geword. Want gaskamers en loopgrawe is die gevolg van ons eiewilligheid, die wrang vrugte van ons hardkoppigheid. Hierdie bede wat die Here ons leer bid, is 'n bitter moeilike gebed. Eintlik ook 'n gevaarlike gebed om te bid, want ons beoefen 'n taaie selfliefde.

Luther het van hierdie bede gesê: Dit is 'n gevreesde gebed, want dit kos jou jou eie lewe. Dit is om geheel en al jou wil prys te gee en om aan God se wil, wat alleen goed is, onvoorwaardelik gehoorsaam te wees.

Gesang 250 ***Dr G Nel*** ***Theresapark***

7 September ***Gee ons vandag ons daaglikse brood...*** **Matteus 6: 11**

'n Gedeelte van die vroeë kerk en baie predikers vandag nog, glo dat hierdie bede uitsluitlik geestelik verstaan moet word. Hulle sê dit handel hier om geestelike brood. Hierdie bede verwys egter na die brood op ons tafel en in ons maag. God het werklik belang by die *klein* dinge van ons bestaan. Juis omdat Hy so betrokke is in die klein dingetjies, word sy grootheid soveel duideliker. In sy nederige neerbuig na ons toe, deurdat Hy saam met ons aansit aan tafel en die brood as't ware soos een van die familielede aangee, word sy heerlikheid juis beklemtoon.

Die vroeë dissipelkring was meesal arm mense wat alles verlaat het om Jesus na te volg. Die brood op die tafel was vir hulle 'n lewensnoodsaaklikheid. In hierdie bede kan ons nie te prakties dink nie: Dit gaan hier letterlik oor voedsel en klere, oor jou sorg vir ouers en kinders, oor jou salarisstrokie en aftrekkings, oor jou inkomste en uitgawes, oor die rekeninge in jou posbus, oor jou begeerte om 'n menswaardige lewe te lei, oor jou huis, jou vakansie en vooruitsigte.

Hierdie bede leer dat ons niks eintlik *besit* nie, maar dit elke dag telkens weer uit God se hand ontvang. Daarom moet die ryke saam met die arme hierdie bede daagliks bid.

Gesang 461 ***Dr G Nel*** ***Theresapark***

8 September *Vergeef ons ons sondes...* **Matteus 6: 12**

Hierdie bede lê die diepste grond van ons ellende bloot, naamlik ons skuld, ons oortredinge teen God en mekaar. Ons kom met hierdie bede sê: *Here, ons is die outeurs van ons eie skuld. Niemand anders nie.* Dit is die moeilikste taal wat enige mens kan aanleer – om jou eie skuld in te sien. Dit is baie makliker en veiliger om jou skuld te verplaas. Dit gebeur al met die sondeval. Iemand anders is verantwoordelik. Sedertdien is die projeksie van skuld ons geliefkoosde tegniek.

Jesus Christus self het dit kom verander. God het Jesus die sondebok kom maak. Christus het die projeksie van skuld verander, die verwyte wat skuld weg van jouself wys, verander Hy in skuldbelydenis en skuldvergifnis.

Dit is die hartklop van die evangelie, 'n mens kan nuut wees. Thielicke, die Duitse teoloog, het gesê dat vergifnis soos 'n afloswedloop is; die vergifnis moet soos die aflosstokkie telkens verder gegee word.

Die vergifnis wat ons van Christus ontvang het, moet in die kringloop van vergifnis behou word.

Gesang 234 ***Dr G Nel*** ***Theresapark***

9 September *Laat ons nie in versoeking kom nie...* **Matteus 6: 13**

Hierdie bede bou op die vorige. Versoeking is presies dit: om nie uit vergifnis te leef nie. Die versoekinge wil die vergifnis ongedaan maak, wil ons terugplaas in die kringloop van verwyte en skuld en ondergang. Die doelwit van versoeking is om my uit die genade los te wikkel en om my weer in die sfeer van eiegeregtigheid en eiesinnigheid te bring. As dit gebeur, as versoekinge 'n streep kom trek deur vergifnis, kan ek eintlik beswaarlik die ander bede van die Onse Vader reg bid.

Hierdie bede leer ons dit: wie vergifnis gesmaak het, kom in die versoeking om uit die genade en die vergifnis weggelok te word. Dit gaan dus hier eintlik om volharding in die vergifnis, dit gaan in hierdie gebed daarom dat ek genade sal laat bly, dat Christus nie in ons geval tevergeefs gesterf het nie.

Gesang 245 ***Dr G Nel*** ***Theresapark***

10 September *Leef met hoop* **Openbaring 5: 1-9**

Ons wonder dikwels oor die toekoms. Die gebeure waarmee ons elke dag

in ons land en in ons wêreld gekonfronteer word, laat ons baie keer bekommerd oor die dae wat kom. Ons is dikwels deel van gesprekke oor alles wat verkeerd is en dinge wat ons bekommer. Hierdie gesprekke word dikwels afgesluit met die versugting dat ons nie weet waar alles gaan eindig nie.

Die vroeë kerk het van vroeg af geworstel met die vraag oor die toekoms. Hulle probleem is vererger deur die feit dat hulle vervolg is en doodgemaak is omdat hulle in Jesus Christus geglo het. In hulle lyding en wanhoop het hulle iets gesoek om aan vas te hou wat hulle sou help om hulle omstandighede te verduur.

Die boek Openbaring het 'n belangrike rol gespeel om gelowiges in hulle nood te begelei en vir hulle hoop te gee. In die gedeelte wat ons gelees het, sit Johannes met 'n boekrol in die hand. Hierdie boekrol bevat die gebeure wat in die toekoms moet afspeel, maar die groot probleem is dat daar niemand is wat die boekrol kan oopmaak nie. Iemand moet beheer vat van die toekoms en dit in vervulling laat gaan.

Die boodskap wat Johannes in sy nood kry, is dat hy nie bekommerd moet wees nie, want Jesus Christus is die een wat die boekrol kan oopmaak. Jesus het die toekoms van elke gelowige en die kerk in sy hand. Ons kan in alle omstandighede met hoop leef, want God is in beheer.

Gesang 591: 1-3 ***Ds AH Roets*** ***Suidoos-Witbank***

11 September ***Hoe wag ek op die wederkoms?*** **Matteus 24: 1-14**

Ons verwys dikwels na die verlede as die goeie ou dae. Daarmee saam noem ons dikwels dinge op wat vir ons belangrik was en vir ons sekuriteit gegee het. In die bekende lê dikwels vir ons die veilige.

In Matteus 24 praat Jesus met sy dissipels oor die toekoms. Dit is duidelik dat hulle daaroor baie onseker is en daarom eerder na die sekuriteit van die verlede, die tempel, wil teruggryp. Die groot geboue, dik mure en die beloftes van die verlede is iets waarop hulle hul hoop kan vestig. Hulle word in 'n krisis gedompel as Jesus sê dat dit alles afgebreek gaan word.

Hulle word verder in wanhoop en onsekerheid gedompel as Jesus vir hulle sê wat alles vir hulle voorlê. Daar kom aardbewings, hongersnode, haat tussen mense, oorloë en valse profete. Daar gaan nie meer liefde tussen mense wees nie en die agting vir die Here gaan afneem. Dit laat dadelik by ons die vraag ontstaan: wat moet ek doen om in sulke omstandighede te oorleef?

Jesus sê ons moet ons nie laat mislei nie, ons moet seker maak dat ons aan

die waarhede van die Bybel, soos dit aan ons geopenbaar is, vashou. Ons moet ons ook nie deur al die gebeure laat ontstel nie, want ons weet dat God in beheer is van ons lewe. Jesus sê verder ons moet in opregte liefde teenoor ander mense leef. Die beste manier om dit te doen, is om elke geleentheid te gebruik om die evangelie van Jesus in die wêreld te verkondig. Kom ons leef vandag so dat ons lewe 'n oproep aan die wêreld is om gereed te wees vir die koms van Jesus Christus.

Gesang 602: 1, 2, 4 ***Ds AH Roets*** ***Suidoos-Witbank***

12 September ***Hoe gereed is jy?*** **Matteus 24: 36-44**

Ons is lief om gereed te maak vir 'n groot gebeurtenis in ons lewe. Wanneer my kind gaan trou of daar die verwagting is van 'n nuwe baba in die familie, is dit gebeure waarvoor met ywer gereed gemaak word. Die naderende datum word met opgewondenheid dopgehou en die voorbereidings neem dikwels in erns toe sodat alles gereed sal wees op die groot dag. Dit is nie so maklik om opgewonde te bly oor 'n groot gebeurtenis en daarvoor gereed te maak as dit iets is wat nog in die toekoms op 'n onbekende datum gaan gebeur nie.

Jesus Christus beloof vir almal wat in Hom glo dat daar 'n dag gaan kom waarop sy wederkoms gaan plaasvind. Jesus leer ons om ook te bid vir hierdie dag in die gebed van Matteus 6 as ons bid: *Laat u Koninkryk kom.* In 2 Petrus 3: 12 word ons opgeroep: *Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor.* Daar word dus van ons gevra om uit te sien na daardie dag en onsself voor te berei daarvoor. Dit is egter nie altyd so maklik nie, aangesien niemand weet wanneer die dag en die uur gaan kom nie.

Die oproep van Jesus in Matteus 24: 44 is dus baie belangrik: *Om dieselfde rede moet julle altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.*

Kom ons bid met erns vandag dat die Here weer sal kom. Kom ons leef so as gelowiges dat ons dade sal getuig dat ons ons beywer vir die koms van Jesus.

Gesang 504: 1, 3 ***Ds AH Roets*** ***Suidoos-Witbank***

13 September ***Wees altyd 'n Beelddraer*** **Filippense 2: 12-18**

Martin Luther het by geleentheid gesê dat die brief aan die Filippense bedoel is vir Christene en niemand anders nie. Met hierdie stelling wou hy be-

klemtoon hoe belangrik dit vir ons is om kennis te neem van die inhoud van hierdie brief en wat dit ons wil leer.

Reeds aan die begin van die gedeelte word vir ons gesê die hoofsaak van die geloof is dat ons lewenswandel moet ooreenstem met die evangelie van Christus. Dit is belangrik dat al die gelowiges 'n beeld van eenheid en standvastigheid sal uitstraal terwyl hulle wag op die wederkoms van Jesus.

Hierdie opdrag om so te lewe dat daar by ons eensgesindheid, liefde, nederigheid, meelewing en meegevoel moet wees, is nie 'n wet waaraan ons gebind word nie. Daar word nie van ons verwag om dit teen wil en dank te doen nie. Die gehoorsaamheid wat ons uitstraal deur ons lewenswandel doen ons omdat ons aangeraak is deur die liefde van Christus. Gelei deur die Gees kan en wil ons nie anders lewe nie en is dit vir ons 'n voorreg om beelddraers van die evangelie van Jesus Christus te wees.

Kom ons stry vandag saam vir die evangelie van Jesus deur in opregte liefde mekaar te dien. Al vra dit dat ek nie altyd net na my eie belange omsien nie maar ook na dié van ander. Martin Luther het ook hiervan gesê: *Ons is diewe en rowers as ons so vasklou aan ons eie brood dat ons vir die een wat honger is sê: Ek het gewerk vir my brood en my huis.*

Gesang 524: 1, 3 ***Ds AH Roets*** ***Suidoos-Witbank***

14 September ***Daar is vir my gebid!*** **Efesiërs 3: 14-21**

Die Bybel roep ons op om altyd te volhard in die geloof en om met hoop te leef. Dit is 'n oproep waaraan ons nie altyd so maklik gehoor kan gee nie omdat ons baie keer net besig is om al die bedreiginge van ons tyd die hoof te probeer bied. Ons is so besig om te oorleef en balans in ons lewe te probeer hou dat ons nie altyd die krag het om ook hieraan te werk nie. Ons is dikwels 'n toonbeeld van moedelose mense wat maar elke dag vat soos dit kom.

Die gedeelte in Efesiërs is 'n belangrike gedeelte wat ons rustig moet deurlees. In hierdie gebed wat vir die gelowiges gebid word, word vir ons 'n anker uitgegooi waaraan ons kan vashou te midde van ons besige lewe.

Ons word 'n paar belangrike dinge toegebid wat ons elke dag kan saamdra. In vers 14 word ons daaraan herinner dat ons ons bestaan aan God te danke het. Ons voortbestaan lê in sy hande. Paulus bid ons drie seëninge toe wat ons ook op die pad moet saamvat, naamlik krag, geloof en liefde.

Hy bid dat ons deur die krag van die Gees innerlik sterk sal word. Dit is alleen moontlik as ons in die geloof vashou aan Christus. Ons hoop en oor-

winning lê dus nie in eie krag nie, maar lê daarin om elke dag in diepe afhanklikheid van God te leef. Paulus bid dat ons elke dag sal onthou en ervaar hoe groot God se liefde vir ons is, want dit oorwin die grootste bedreiginge in ons lewe.

Kom ons leef vandag uit die krag van die gebed wat vir ons gebid is. Leef opnuut deur die krag van die Gees, die geloof in die Vader en die liefde van Christus wat alle verstand te bowe gaan.

Gesang 517: 1-3 ***Ds AH Roets*** ***Suidoos-Witbank***

15 September ***Ons verkondig Christus*** **1 Korintiërs 1, 2**

Die briewe aan die gemeente in Korinte is deur die apostel Paulus geskryf. Hy skryf in die jaar 51 nC vanuit Efese, waar hy gebly het voordat sy reis na Korinte sou begin (1 Kor 16: 5-9).

Paulus skryf aan die Korintiërs om misstande in die gemeente uit die weg te ruim. Daar was partyskap en verdeeldheid in die gemeente; lidmate het in ontug gelewe; hulle het die nagmaal misbruik en die opstanding uit die dood verwerp. Paulus skryf aan hulle om hulle te vermaan en om hulle weer te rig op Jesus Christus. Ons kan dus die tema van die eerste twee hoofstukke saamvat in die woorde van 1 Korintiërs 1: 23: *Ons verkondig Christus wat gekruisig is.* Vir al hierdie misstande, dwaalleer en sedeloosheid is daar maar een antwoord: Jesus Christus wat gekruisig is!

Jesus Christus wat gekruisig is, is die volle inhoud van die Christelike geloof. Dit mag vir baie mense na gekkerny klink om iemand te aanbid wat gekruisig is, maar vir ons is dit die belangrikste waarheid in ons lewe: *Jesus Christus is gekruisig vir my sonde, sodat ek voor God kan staan asof ek geen sonde het nie.* Meer nog: Hy het opgestaan uit die dood en daarom is Jesus Christus die gekruisigde, lewende Here en God! Dit bring vir ons gemoedsrus, want Jesus het ook vir my sondes gesterf en vir my die dood oorwin.

Die volle inhoud van die evangelie is Jesus Christus. Ons verkondig Christus reeds tweeduisend jaar en tot vandag toe het die kerk maar een taak en funksie, en dit is om Christus, die gekruisigde, oorwinnaar oor die dood, te verkondig.

Gesang 264: 1, 2 ***Dr WA Dreyer*** ***Horison***

16 September ***Ons fondament is Christus*** **1 Korintiërs 3**

In 1 Korintiërs 3 word die gelowiges die gebou van God genoem. Op ander

plekke noem Paulus die gelowiges die liggaam van Christus. Dit is almal beelde waarmee Paulus die verhouding tussen die gelowiges en Christus wil duidelik maak en waardeur ons onsself as lidmate van die kerk ook beter leer verstaan.

Om beter te verstaan, moet ons vir onsself 'n gebou voorstel wat opgerig word. Die eerste ding wat gedoen word, is die fondament wat gelê word. Die fondament van 'n gebou is uiters belangrik, want dit bepaal eerstens hoe die gebou gaan lyk omdat die mure op die fondament gebou word. Tweedens bepaal die fondament die sterkte van 'n gebou – 'n swak fondament veroorsaak krake in die mure, of selfs mure wat omval. Nou sê Paulus aan die hand van hierdie beeld dat die gelowiges die gebou van God is, en ook ons fondament is uiters belangrik: dit is Jesus Christus!

Dit beteken vir ons as gelowiges dat Jesus Christus die karakter van die kerk bepaal, dat Jesus Christus die krag van die kerk is, en dat Hy die norm is. Enige afwyking van Hom sal beteken dat die kerk in duie stort! Maar dit geld ook ons persoonlike lewens, want as Christus nie die fondament van ons lewe is nie, stort ons lewe in duie.

Dié beeld het 'n baie praktiese betekenis vir ons gemeentelike lewe. Dit gaan in die gemeente om niemand anders nie as Jesus Christus! Dit gaan nie om die predikant wat so hard gewerk het of die guns van die lidmate geniet nie. Daarom vra Paulus: Gaan dit om Apollos? Gaan dit om Paulus? Nee! Die verkondigers van God se Woord is slegs die bouers wat op die fondament, Jesus Christus, bou, en hulle is nie belangrik nie! Dit gaan nie om die dienaars van die Woord nie, maar om Jesus Christus! Die bouers moet egter daarop bedag wees hoe hulle bou, want die vuur sal die gehalte van elkeen se bouwerk toets om te bepaal of die gebou wat opgerig is 'n tempel is wat tot eer van God verrys het en waarin die Heilige Gees woon.

Gesang 278 ***Dr Wim Dreyer*** ***Horison***

17 September ***Ons is dienaars van Christus*** **1 Korintiërs 4**

Daar het groot verdeeldheid geheers in die gemeente van Korinte. Daar was 'n groep wat steeds vir Paulus aangehang het, en ander het Apollos aangehang. Dit het onenigheid veroorsaak en blykbaar het party hulle aanmatigend gedra. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle 'n besondere posisie in die gemeente verdien. Ons ken vandag nog hierdie siekte in die kerk, want daar is nog steeds mense wat daarvan hou om die belangrikste in die gemeente te wees; hulle duld geen opposisie nie en wil alles doen soos hulle goeddink.

In die vorige hoofstuk het Paulus hierdie verdeeldheid probeer besweer deur daarop te wys dat dit nie om Paulus of Apollos gaan nie, maar om Jesus Christus. In hoofstuk vier gaan hy dan verder deur daarop te wys dat ons almal dienaars van Christus is. Om 'n dienaar van Christus te wees, beteken dat jy nie eiemagtig en in eie reg optree nie en dat jy ook nie altyd voor in die ry moet staan nie. Om 'n dienaar van Christus te wees, het vir Paulus ingehou om honger en dors te ly; om verag te word; om arm te wees; om as 'n dwaas beskou te word; om uitgeskel te word en om hard te werk (verse 9-13).

In vers 7 wys Paulus daarop dat alle gawes en talente van God ontvang word, en daarom hoef niemand hom daaroor aan te stel nie. Ons moet eerder in nederigheid en erkentlikheid teenoor God en in dankbaarheid dienaars van Christus wees, met die klem op die woordjie *dien*. Soos Christus die gestalte van 'n slaaf aangeneem het en tot die dood toe gedien het, moet ons ook diensknegte en diensmaagde wees en ons enigste roem moet wees dat ons dienaars van Jesus Christus is. Soos Christus, moet ons ook mekaar se voete was! So 'n gesindheid binne die gemeente trek mense na die kerk. Daarenteen is niks so afstootlik as 'n getwis in 'n gemeente nie.

Gesang 215 ***Dr WA Dreyer*** ***Horison***

18 September ***Ons Paaslam is Christus*** **1 Korintiërs 5: 1-6: 9**

In die gemeente van Korinte was daar lidmate wat in onsedelikheid geleef het wat van so 'n aard was dat dit selfs nie onder die heidene voorgekom het nie. En hierdie mense is in die midde van die gemeente geduld. Die gemeente het hulle ongestoord laat voortgaan, en ten spyte daarvan, geroem op hulle voortreflikheid. Dit klink so bekend, asof daar van ons eie moderne tyd gepraat word! Hoeveel onsedelikheid kom daar nie in ons midde voor nie en hoeveel keer sluit ons nie ons oë daarvoor nie. Ons kla elke dag oor die sedeloosheid van ons tyd, selfs onder Christene, maar ons doen niks daaromtrent nie.

Paulus waarsku teen hierdie laksheid, en roep ons op om die tug toe te pas. Hy sê dat 'n klein bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek, want die sedeloosheid van enkeles in die gemeente tas die hele gemeente aan. Daarom moet die slegte mense uit die gemeente verwyder word en aan die Satan oorgegee word. Dit het twee dinge ten doel: Eerstens word die gemeente beskerm teen hierdie bose invloed, en tweedens word die sedelose in sy gewete aangespreek. As hy aangespreek word, kan hy hom dalk bekeer, en so van die verderf gered word. Paulus sê in vers 4: *Julle daar, en ek in die gees teen-*

woordig, saam met die krag van ons Here Jesus, het vergader om hierdie man aan die Satan oor te gee.

Ook die kerk maak in sy Kerkorde voorsiening dat die opsighoudende vergaderings die tug kan toepas deur gesprek, sensuur of ban. As ons dit nie gebruik nie, sê die ou kerkvader Johannes Calvyn, is dit *vervloekte slapheid.*

Die grond hiervoor is dat Jesus Christus ons Paaslam is wat geslag is aan die kruis. Die Paaslam in die Ou Testament was sonder gebrek, Jesus sonder sonde. As Christus die sondelose is, kan ons as sy volgelinge die sonde en sedeloosheid nie duld nie. Dit moet met alle mag bestry en beveg word. As ons dit duld, word ons aandadig aan sy bloed en maak ons Christus bespotlik.

Gesang 422 ***Dr WA Dreyer*** ***Horison***

19 September ***Ons huwelik en Christus*** **1 Korintiërs 7**

Paulus het 'n brief van die gemeente in Korinte ontvang met allerlei kwelvrae. In hoofstuk 7 begin Paulus om hierdie vrae te beantwoord. Die eerste kwelvraag handel oor die huwelik en oor egskeiding. Daar was selfs mense wat wou skei, sodat hulle hulle ten volle aan die Here kon wy. Paulus bring die huwelik van die Christen in die regte perspektief.

'n Paar belangrike sake rondom die huwelik word in die hoofstuk toegelig en hier puntsgewys uiteengesit:

- Eerstens is dit goed dat mense trou, en dat seksuele begeertes binne die huwelik uitgeleef word. Dit dien daartoe dat Christene onsedelikheid kan vermy.
- Tweedens is niemand verplig om te trou nie, en as iemand ongetroud wil bly om hom ten volle aan Christus te wy, kan hy dit doen. So 'n persoon kan dit egter net doen as hy staande kan bly en nie toegee aan onsedelikheid nie. Indien so 'n mens se begeertes te sterk word, moet hy trou.
- Derdens mag 'n Christen nie van sy huweliksmaat skei nie. As hy of sy met 'n ongelowige getroud is, en die ongelowige wil skei, kan hulle skei. Maar die gelowige moet ter wille van die ongelowige getroud bly, sodat die ongelowige dalk gered kan word. As iemand dan tog skei, behoort hy ongetroud te bly of hom weer met sy huweliksmaat te versoen.
- Vierdens behoort gelowiges se kinders aan God op grond van die ouers se geloof. Dit is van besondere betekenis vir die kinderdoop. Ook 'n baba behoort aan God, al sou selfs net een van die ouers gelowig wees.

Gesang 537 ***Dr WA Dreyer*** ***Horison***

20 September ***Die lewe by God: onverganklik ewig*** **2 Korintiërs 4: 16-5: 10**

Ons aardse lewe is tydelik. Die lewe van elke mens kom tot 'n einde. Baie mense kyk en leef by hierdie lewensfeit verby. Hoe lyk ons lewens?

In die lewe van elke mens, en beslis ook in die lewe van die gelowige, is daar stampe en stote. Hoogte- en laagtepunte. Ideale stort in duie. Huwelike en gesinslewens verbrokkel. Op 'n siekbed staar gelowiges dag na dag oop-oog na die dood. Motorongelukke eis bene en arms. Die dood eis ons kos-baarste besitting op. Daar is swaarkry in die lewe van elke gelowige. Daar is tye wanneer die lewenswerklikhede verwoestend aan die fondamente van ons geloof ruk en pluk.

Die apostel Paulus beeld die lewensgang van elkeen van ons op 'n treffende wyse uit. Hy vergelyk ons lewens met 'n tent. 'n Tent is altyd van tydelike aard. Die mens wat in 'n tent woon, weet dat hy nie oor 'n permanente woonplek beskik nie. 'n Tent is baie meer verganklik as 'n gebou van klip. Die somerson brand ongenadig op die tent neer. Die winterkoue eis sy tol. Die wind ruk met brute krag die tent heen en weer. Die reën stort neer. Op 'n dag skeur die tent uiteen. Dit wat 'n tent was, is nie meer 'n tent nie.

Die verganklikheid van 'n tent is 'n werklikheid. Ons lewens op hierdie aarde is soos 'n tent. Kort en verganklik.

Die wonder van die genade van ons Hemelse Vader is dat Hy vir ons, sy kinders, sê: Ons weet dat wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Ons wat deur die genade aan die offerdood én opstanding van Jesus Christus deelgekry het, in óns lewens is daar nie 'n doodloopstraat nie. As die lewe op hierdie aarde tot 'n einde kom, wag daar vir ons 'n ewige woning by God in die hemel. Die ewige lewe.

Daarom leef ons nou reeds elke dag totaal anders as die wêreld. Die offerbloed van Jesus Christus het ons herskep om nuwe mense te wees. Tot in ewigheid kinders van God. Laat die wêreld sien dat ons lewens 'n jubellied tot eer van God is.

Gesang 590: 1, 2 ***Ds Lou Swanepoel*** ***Ebenhaeser***

21 September ***Die ewige lewe: kan ek, sondaar, daar tuiskom?*** **Lukas 15: 11-24**

By ons is daar die worsteling oor ons sondes. Dit bring kommer in die hart. Hoe sal ek ooit in die Vaderhuis tuiskom? Hoe sal ek ooit genade vind?

Die seun waarvan ons in die gelykenis gelees het, het by die varkhok ook met hierdie vrae geworstel. Hierdie seun het eenmaal 'n absoluut kommerlose lewe gevoer. By sy ouerhuis het hy alles gekry wat hy nodig gehad het. Maar dit was vir hom nie genoeg nie. Die lewe by sy ouerhuis het vervelig geword. Hy het na die wêreld met al die opwinding verlang. Hy het sy erfdeel gevra en van sy ouerhuis af weggegaan.

Die lewenspad van hierdie jongman het deur die modder van sonde en goddeloosheid geloop. Sy bravade het hom uiteindelik by die varkhokke tot stilstand geruk. In 'n vreemde wêreld, en tussen die varke, het hy vir die eerste keer sy haglike lewensomstandighede besef. Toe hy tot die dood toe honger was, het hy sy ellende besef. In die modderpoele om die varkhokke het hy sy gesig gesien. 'n Gesig wat oud geword het. Die lewe van sonde en bandeloosheid het hom alles ontneem wat hy gehad het. Juis toe hy besef dat hy niks meer werd was nie, het die verlange na sy pa ondraaglik geword. By die varkhok het hy tot bekering gekom. Daar het hy besluit om huis toe te gaan – na sy pa toe.

In hierdie gelykenis vertel Jesus ons van die eindelose genade van God aan die mens wat sy sonde besef en na die teenwoordigheid van die Here verlang.

Die seun was haastig op pad huis toe. Hy wou huis toe en hy sou tevrede wees om soos 'n slaaf in die huis van sy pa te werk. Hy sou sy skuld terugbetaal. Sy pa sien hom van ver af en hardloop hom tegemoet. Sy pa omhels hom en soen hom. Sy pa vergewe hom. Hy word soos 'n eregas ontvang.

Moenie langer wag nie. Ons Vader wag vir ons. Geen sonde is groter as die liefde van ons Vader nie. Hy wag dat ons sal huis toe kom. Hy wil hê dat ons in sy kerk leef. Hy wil ons gereed maak sodat ons, wanneer die tyd daar is, in die ewige Vaderhuis in die hemel sal tuiskom.

Gesang 510: 1-4 ***Ds Lou Swanepoel*** ***Ebenhaeser***

22 September ***Die ewige lewe: Hoe wag ons daarop?*** **Matteus 24: 45-51**

Jesus Christus praat in die Bybel dikwels deur gelykenisse met ons. Op hierdie wyse leer Hy ons onder meer van die tydelikheid van ons lewe op die aarde. Die aardse lewe kom tot 'n einde deur die dood, of die wederkoms van die Here.

'n Verantwoordelike en liefdevolle eienaar het 'n getroue slaaf as voorman oor sy ander slawe aangestel. Hy moes die ander slawe versorg en toesien dat alles op die landgoed ordelik verloop. Die deugde van hierdie slaaf lê daarin dat hy gesorg het dat alles elke dag goed verloop. Elke dag was vir

hom 'n nuwe geleentheid om sy eienaar te dien. Hy het in besonder toegesien dat die ander slawe wat saam met hom gewerk het, goed versorg was. Toe die eienaar op 'n dag onverwags tuiskom, was hierdie slaaf, en die ander, besig om ywerig tot voordeel van hulle eienaar te werk. Dit het hulle gedoen omdat dit vir hulle 'n baie groot voorreg was om aan so 'n liefdevolle eienaar te kon behoort.

Ons het van Jesus Christus, óns Here, die opdrag gekry om, terwyl Hy vir ons plek in die hemel voorberei, in sy wingerd op die aarde te werk. En hoe werk die begenadigde Christen? Hy werk met onvermoeide ywer. Hy werk in die kerk van die Here. Hy verkondig Jesus Christus as Here met alles waaroor hy beskik. En terwyl hy verkondig, leef hy in liefde en vrede saam met sy medegelowiges. Hy is 'n steunpilaar vir dié wat seergekry het. Hy versorg diegene wat honger is. Hy lei diegene wat verdwaal het, terug na die veiligheid van die kerk van Christus. Hy leef biddend. Hy leef in voortdurende sondebelydenis. In sy lewe is die gebed om reddende genade van Jesus Christus elke dag op sy lippe. Sy hele lewe is 'n loflied omdat hy weet dat sy Here sondaars met genade omvou.

Elkeen wat vir Jesus Christus as Here en Verlosser leer ken het, leef elke dag 'n lewe waarin Christus vereer word. Daardie gelowige is elke dag gereed om die Here te ontvang, want hy weet dat sy lewe op die aarde net tydelik is.

Daar is ook 'n ander kant. Die slegte slaaf, wat ook sy eienaar as 'n liefdevolle mens ervaar het, vergeet van sy eienaar. Hy het geen erns met die kosbare besittings van sy eienaar nie. Verder eet en drink hy saam met die dronkaards. Omdat hy van die liefde van sy eienaar vergeet het, daarom sal sy straf onbeskryflik groot wees.

Waarvan getuig ons daaglikse lewe? As ons biddend, belydend en dankbaar op die Here wag, dan sal daar, op God se tyd, vir ons 'n ewige tuiskoms by ons Here in die hemel wees.

Gesang 489: 1, 3 ***Ds Lou Swanepoel*** ***Ebenhaeser***

23 September ***Die ewige lewe: beklee jou met die geloof*** **Matteus 22: 1-14**

Hierdie gelykenis bestaan uit drie dele. Die eerste deel gaan oor 'n uitnodiging van 'n koning aan 'n besondere groep mense om 'n bruilofsfees by te woon. Die koning is hier dié God wat ons deur Jesus Christus ken. Die aanvanklike genooides was die Jode, die Ou-Testamentiese verbondsvolk. Toe alles gereed was, is hierdie genooides in kennis gestel om na die bruilofsfees

te kom. Hulle moes deel van die Nuwe-Testamentiese kerk word. Die genooides het egter nie opgedaag nie. Israel het Jesus Christus as die enigste Seun van God verwerp.

Die tweede deel bestaan daaruit dat God sy Heilige Gees na hierdie wêreld toe gestuur het. Mense van die strate af is na die bruilofsfees van die koning genooi. Die bruilofsfees het gestalte daarin gekry dat die Gees van God die kerk van Christus onder al die volke in hierdie wêreld gevestig het. Die boodskap van verlossing uit die sonde en van die ewige lewe is die wêreld ingedra.

Die derde deel bestaan daaruit dat bruilofsklere aan al die genooides wat opgedaag het, gegee is. Hier het bruilofsklere 'n geestelike simboliek. Jesus sê in hierdie deel van die gelykenis dat die Gees van God gawes aan die lidmate geskenk het sodat elkeen in die kerk 'n aktiewe Christen in die wêreld kan wees. Ja, God die Gees gee alles. Al wat ons moet doen, is om daardie genade met 'n dankbare hart aan te neem en dit tot eer van die Here in sy kerk te gebruik.

Die koning het na die feessaal gegaan om die gaste by die bruilofsfees te ontmoet. En daar het hy 'n man, sonder bruilofsklere aan, gevind. Hierdie man is die simbool van almal wat onaktief, onbetrokke en ongelowig met die gemeente van die Here saamdrentel. Hulle wil al die goeie gawes van die Here God ontvang, maar van dankbaarheid is daar geen sprake nie. Dit is die geleentheidskerkgangers, die geleentheidsaanbidders en die geleentheids-Christene. Die mens sonder die bruilofsklere aan is daardie mens wat eintlik aan die kant van die Christus-vyandige wêreld staan. Dit is daardie mens wat dit gemakliker vind om saam met die stroom van bandelose en roekelose mense sy lewenspad te loop. Dit is daardie mens wat nooit die begeerte het om werklik 'n dankbare Christen in die wêreld te wees nie. Daardie man sonder bruilofsklere aan, is uit die feessaal uitgegooi.

Vandag nog moet ons gaan vasstel of ons die bruilofsklere wat die Here God ons genadig aanbied, wel aangetrek het. Leef ons met opgewondenheid in die kerk van die Here, terwyl ons uitsien na die ewige lewe saam met ons Here, Jesus Christus?

Gesang 524: 1-3 ***Ds Lou Swanepoel*** ***Ebenhaeser***

24 September ***Die ewige lewe: wanneer?*** **Johannes 11: 17-26**

By baie van ons is daar die vraag: My geliefdes, wat gelowige kinders van God was, het gesterf voor die wederkoms; waar is hulle nou? En as ek voor die wederkoms sterf, wat word van my?

In Johannes 11 sê Jesus: *Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie* (Joh 11: 25, 26). Hoor ons die boodskap? Elkeen wat in Jesus Christus glo, sal lewe, tot in ewigheid lewe. Ja, die dood bestaan nie vir hom of haar nie.

Kom ons skep 'n beeld in ons gedagtes. In Israel, en in besonder in die omgewing van Betanië, laat die landskap 'n mens baie aan die Oos-Transvaalse hoëveld dink. Kenmerkend is die grondpad wat oor die heuwels en deur die spruite loop. Eers waar die horison een word met die groen velde, verdwyn die pad. Ons kan aan die gesprek van Jesus met Marta oor die dood en die lewe sigbare gestalte gee deur aan daardie landskap te dink. In die tyd van Jesus op die aarde was die groter stede met mure omring om die inwoners te beskerm. Elke stad het een of meer poorte in die muur gehad. By die poort het die pad begin en oor die bulte en deur die spruite geloop tot by die volgende stad. Die pad het by daardie poort geëindig.

Ons lewensgang kan met die pad van destyds vergelyk word. By geboorte gee elke mens die eerste tree op hierdie pad. Hy stap deur die poort die toekoms in. Die lewenspad loop oor die heuwels van voorspoed en geluk. Maar daar is ook die driwwe van mislukking, hartseer en teleurstelling op daardie pad. Op 'n dag kom die lewenspad by sy bestemming aan. Dit is hier waar die lewenspad van die gelowige drasties anders eindig as dié van die ongelowige. Wanneer die gelowige sy laaste tree op sy lewenspad gegee het, is die volgende een oor die drumpel, die stad in die hemel in. Vir die gelowige staan die poorthek wyd oop. Jesus het deur sy kruisdood hierdie poorthek vir gelowiges oopgemaak. Die ongelowiges kom egter voor 'n geslote poorthek. Vir hulle is daar geen ewige vreugde nie.

Jesus Christus het gesê: *Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook.* Hoor ons die vreugdeboodskap? Die dood sal nooit oor die verbondskind van God wat gelowig geleef het, besitreg hê nie. Elkeen wat met die belydenis dat Christus die Here is geleef het, en gesterf het, sal tuiskom in die ewige Vaderhuis.

Gesang 415: 1-3 ***Ds Lou Swanepoel*** ***Ebenhaeser***

25 September ***Waarin soek ons God se teenwoordigheid?*** **1 Samuel 28: 1-25**

Wanneer ons die verhaal van Saul en die dodebesweerder lees, val 'n paar dinge op. Ten eerste dat Saul eintlik lankal gekies het om nie aan God

gehoorsaam te wees nie. Maar wanneer hy in die nood is, verwag hy steeds dat die Here sy hulpgeroep moet hoor en vir hom die antwoorde moet gee waarna hy soek. HY SOEK TROOS in die feit dat God teenwoordig is en sien wat gebeur, en HY SOEK RAAD omdat hy steeds weet dat God almagtig en alwys is. Hy soek dus God se nabyheid in die gewone godsdienstige dinge van die tyd. Hy wil hê God moet hom antwoord deur drome of godsdienstige tekens, of dalk deur een van die profete. Maar hy kry geen reaksie van God af nie. Die gewone geloofsgoed is dus nie meer vir hom bruikbaar nie.

Sy kontak met God het afgestomp, eintlik afgesny geraak. Dit bring nie meer die troos en sekerheid wat dit veronderstel is om te bring nie. Hy beleef dat die Here ver is.

As God dan nie deur die normale godsdienstige elemente na hom wil luister en antwoord nie, dan moet hy maar iets anders probeer. Dalk werk dit. Hy self het waarsêers en dodebesweerders uit die land verban, hulle verbied om te praktiseer. Nou moet hy ternouernood self maar die laaste strooihalmpie gryp en een van hulle nader en kyk of hy God nie dalk op hierdie manier kan beweeg om na hom te luister nie.

Terwyl hy dit dan nou doen, kan hy netsowel die beste gestorwene om raad vra en dit moet tog sekerlik Samuel, die groot en wyse profeet van alle tye wees.

Saul weet dus presies waar die antwoorde is en wat om daarmee te maak. God het hom al soveel geleenthede gebied om hom resloos aan Hom oor te gee. Hy het egter elke keer gekies om sy eie antwoorde te soek en agter sy eie leuens en skelmstreke weg te kruip. Dit haal hom egter nou in. Dit is dan ook die finale antwoord wat hy deur die dodebesweerder en van Samuel kry: Jy weet wat reg is, maar jy verwerp nog steeds die waarheid, en daarmee ook vir God. Hierdie is nou die einde van jou pad.

Ons moet ook vir onsself elke dag uitmaak waar ons voor God staan. Die enigste manier is en bly maar die manier wat God self vir ons voorsien. Ons moet God se teenwoordigheid soek in sy Woord, soos Hy dit vir ons aanbied in die verskillende verkondigingsgestaltes. Buite en naas hierdie manier is daar geen ander resep of foefie wat God sal laat praat of antwoord of verskyn nie.

As ons God as afwesig of swyend ervaar, kan dit dalk net wees omdat ons nog altyd sy hand van genade wat Hy in Jesus Christus na ons toe uitgesteek het, weggeklap of geïgnoreer het en verbygestap het om Hom op 'n ander plek of op 'n ander manier te gaan soek en te beleef.

Terug na God, op jou knieë, bly dus die tydlose antwoord. Bewus van jou eie sonde en onvermoë om jou eie heil te bewerk. Smagtend na die verlos-

sing deur Jesus Christus aan die kruis. Dankbaarheid wat in dade gestalte vind vir verlossing wat onverdiend ontvang is.

Ds BC Oberholzer *Outjo/Otjiwarongo*

26 September ***Hoe ver moet dit gaan voordat ons besef ons het God nog nodig?*** **1 Samuel 30: 7, 8**

Wanneer ons die stuk geskiedenis van Dawid in 1 Samuel 27 en 30 lees, moet ons sommer dadelik erken dat Dawid glad nie 'n engeltjie was in sy handel en wandel nie. In hierdie hoofstuk raak hy so vreesbevange dat hy 'n slinkse plan uitdink om Saul van sy spoor af te probeer kry. Hy vlug uit die grondgebied van Israel en gaan skaar hom by die tradisionele vyand van die Israeliete, die Filistyne. Daar word hy soos 'n held behandel. Hy kry selfs sy eie stad om te bewoon. Om homself weer finansieel op die voete te kry, val hy die ander tradisionele vyande van Israel aan en buit alles wat hy kan, maar die mense word man, vrou en kind uitgemoor. Dit doen hy omdat hy vir die Filistyne gaan vertel dat hy van sy eie volk se mense aangeval en oorwin het, en bang was iemand laat die waarheid uitkom. So moet hy een leuen met 'n ander toesmeer. Hy bewys hom dus as 'n moordenaar en bedrieër en 'n leuenaar van die eerste water.

Die ander bevelvoerders van die Filistyne vertrou egter nie vir Dawid in dieselfde mate as Akis, die koning van Gad nie. Hulle onthou nog dat Hy deur God uitgekies en begenadig is. Hulle onthou selfs die liedere wat sy eie volk oor sy welslae op militêre gebied gesing het. Daarom word hy teruggestuur huis toe want, wie weet, dalk oorval sy ou patriotisme hom en draai hy teen hulle, die Filistyne, in die hitte van die stryd.

Wanneer hy terugkom by die huis, vind hy die stad in puin en sy vrouens en kinders, sowel as dié van sy manskappe, is deur die Amalekiete ontvoer. Dit tref 'n mens dat hierdie stropers so anders as Dawid self tydens sy strooptogte opgetree het. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar almal lewendig saamgeneem. Dit word juis met soveel nadruk vertel dat ons die teenstelling duidelik moet insien.

Toe die situasie so onhoudbaar raak dat Dawid se manskappe dreig om sy lewe te neem, doen hy wat hy weet die regte ding is: hy vra na die teenwoordigheid van God. Hy doen dit soos God dit voorgeskryf het. Hy laat die priester kom en volg die godsdienstige voorskrifte vir die geleentheid. En hy kry 'n antwoord wat so oortuigend is dat hy dadelik daarop reageer en die

stropers agtervolg. Hy agtervolg hulle met die sekerheid van God wat saamgaan en die oorwinning alreeds verseker het.

God het laat gebeur wat Hy belowe het, Dawid het die bende verslaan en al sy mense ongedeerd teruggekry. Omdat hierdie pad die reguit en eerlike pad was, kon hy selfs in die proses genade betoon aan die Egiptiese slaaf van een van die Amalekiete. Daar was niks om weg te steek nie, niks om te verbloem soos tydens sy strooptogte nie.

Miskien word hierdie verhaal juis aan ons oorgedra, in kontras met die optrede van Saul, om aan te toon hoe verskillend hulle God benader en beleef en aanbid het. Nie een het iets gehad om op te roem nie, albei was ewe ontrou. Eintlik wil dit voorkom asof Dawid in hierdie spesifieke situasie die een was wat nie 'n antwoord moes kry nie, want kyk net wat het hy alles aangevang om sy posisie te verbeter.

Dat God dus na sy hulpgeroep luister, staan uit as suiwer genade van God. God wat na die hulpgeroep van een van sy kinders luister. Dalk een van sy afgedwaalde kinders, maar nogtans sy kinders. Want God is getrou aan sy beloftes, Hy gaan nooit terug op sy woord nie.

Hy doen alles wat Hy beloof het, en soms verras Hy met iets groter as wat 'n mens verwag.

Kom, laat hierdie verhaal ons aanmoedig om ook te onthou dat God ons sy kinders gemaak het toe sy Seun aan die kruis gesterf het. Laat hierdie geloof ons daartoe bring om net weer stil te gaan staan en te vra: *Waarmee is ek besig? Is ek nie ook maar besig om soos Dawid, in die naam van oorlewing, met die genade van God te mors nie?*

Moet die nood nou regtig eers so groot soos Dawid s'n word voordat ons besef waarmee ons besig is, en voordat ons terugkruip van waar ons onsself met sonde besmet het?

Ds BC Oberholzer ***Outjo/Otjiwarongo***

27 September ***Kyk net wat het die Here alles vir ons gegee!*** **1 Samuel 30: 23**

Toe Dawid terugkom by die manskappe wat uitgesak het tydens die hewige agtervolging, gebeur daar weer 'n baie interessante ding. Daar was van die manne wat saamgegaan het en die vyand verslaan en die gevangenes bevry en selfs die buit teruggekry het, wat van opinie was dat dié wat uitgesak het op niks meer as net hulle vrouens en kinders kon aanspraak maak nie.

Hulle was immers nie deel van die triomftog nie. In die taal van vandag klink dit tog heel logies. Ons glo mos nog steeds aan die oorlewing van die sterkste, of hoe?

Die verteller maak egter groot gewag daarvan dat hulle dit sê op grond van hulle swak karakter, want hulle was *slegte en nikswerd* mense. Hulle het nie verstaan dat dit wat gebeur het, nie gebeur het omdat hulle so skerp en vinnig en vindingryk was nie, maar juis omdat God dit so laat gebeur het. Dit was dan juis hulle wat op die punt was om Dawid te vermoor omdat hulle so kwaad was oor wat met hulle mense en hulle goed gebeur het.

Dawid antwoord hulle dan ook met die nodige erkenning teenoor God, maar dit spreek van minagting teenoor hulle opinie en beslistheid oor wat moet gebeur. Sy motief is duidelik: God het vir ons meer gegee as waarop ons kon reken. Ons het mense uitgemoor en beroof en dan nog daaroor gelieg om ons posisie te beskerm.

God het hierdie wonders laat gebeur dat niemand vermoor of vermis is nie. Al die buit is teruggekry, en by alles was daar nog iemand om hulle reguit na die rowers se kamp te lei. God se hand is tog duidelik in alles te sien. Daar en dan word sy beslissing sommer 'n instelling, 'n reël, wat vir die hele Israel sou geld.

Om hierdie hartsverandering by Dawid nog sterker uit te beeld, word daar vertel hoe hy sommer so ver gegaan het om van die buit uit te deel. Hy stuur daarvan aan die mense in sy land oor wie hy gelieg het toe hy vir die Filistyne vertel het hy het hulle aangeval.

Dalk moet ons net vir 'n oomblik stil raak en bewus raak van al die goed wat rondom en met ons gebeur. Ons kan in ons voortvarendheid dinge doen om ons aggressie te verlig. Dawid se manskappe wou hom sommer daar en dan teregstel. Dit sou niks help nie, maar dan het iemand darem geboet en het hulle darem beter gevoel. So het hulle dalk geoordeel. Dit sou ook sommer inpas by die normale gang van sake. Ons kan ook onreg met onreg vergeld. Ons kan omdat ons so magteloos voel, dalk sommer self iets onwettig aanvang, omdat dit vir ons voel niemand gee in elk geval om nie.

Aan die ander kant kan ons soos Dawid so deur die Here se antwoord en sy sigbare besigwees met ons aangeraak word, dat ons sommer heel ander insigte ontwikkel. Dan is ons antwoord op frustrasie nie om wraak te neem of aan sinnelose aggressie oor te gee nie, maar juis om te vra: *Here, waarheen nou?* Of dalk: *Here, sal dit help om dit of dat te doen, of moet ek dalk wag tot U vir my 'n ander antwoord gee?*

Die Here se antwoord kan dalk verrassend anders wees as wat ons verwag,

maar die beste van alles is hoe dit uiteindelik 'n mens se hele lewensuitkyk kan omvorm. Dit kan jou dalk selfs verras as jou antwoorde radikaal anders klink as waaraan jy gewoond was. Vertrou op God. Kyk wat het Hy alreeds vir ons gedoen!

Ds BC Oberholzer *Outjo/Otjiwarongo*

28 September ***Here, waar moet ek bly?*** **2 Samuel 2: 1-7**

Wanneer ons die verhaal van Dawid lees, na die strooptog van die Amalekiete op die mense van Siklag, val dit op dat Dawid gereeld vir die Here vra: *Wat nou?* of *Waarheen nou?*

Dit is net so anders as die tye toe hy so vasgevang geraak het in sy stryd om oorlewing dat hy nie omgegee het wie in die proses daaronder ly nie. Hierdie tema kom ook dikwels uit die psalms van Dawid na vore. Dat Dawid bewus raak van die feit dat hy dit al moeiliker vind om met God te kommunikeer. Dit begin later voel asof hy sommer net wil verdwyn van die aarde af. 'n Lewe sonder God is immers geen lewe nie. Dit gaan so aan totdat hy besef dit is sy eie sonde en skuld wat hom so laat voel. Sy skuldgevoelens dryf 'n wig tussen hom en God in. As hy dan sy sonde bely en vergifnis kry, kom hy agter hy kan nou weer met vrymoedigheid na God toe gaan en God antwoord hom.

Toe hy eers weer geleer het om sy antwoorde by God te kry, het hy ook sommer meer op God ingestel geraak.

Dit is opvallend hoedat Dawid treur oor die dood van Saul en Jonatan. Daar is so 'n tikkie van die ou Dawid terug as hy die jong Amalekiet wat vertel dat hy Saul die genadedood toegedien het, summier laat teregstel. Hy het egter dadelik vir die Here gevra: *Waar moet ek bly? Hier waar ek my koninkrykie opgebou het, of in Hebron?* Hy het ook dadelik gedoen wat God van hom verwag het. Hy het selfs so ver gegaan om die inwoners van Jabes te seën omdat hulle nog soveel eerbied en respek aan hulle dooie koning betoon het.

Ons sien dat alles nie net maanskyn en rose vir Dawid geword het nie. Uit al die stamme van Israel was dit eers net Juda wat Dawid as koning erken het. Hy het egter bly vashou aan die feit dat God self hom voor die tyd al laat salf het as koning van Israel, en dat God daarmee saam ook belowe het dat daar altyd iemand uit sy huis op die troon sou wees. Hierdie wete het hom laat voortgaan, en hy het dit met soveel oorgawe gedoen dat hy later oor die hele Israel regeer het.

In Jesus Christus het God ons ook reeds gesalf tot sy kinders. Ons is dit al-

reeds omdat Jesus met sy sterwe aan die kruis alles weggeneem het wat skeiding tussen ons en God gemaak het. Hy is nou vir ewig op die troon. Daarmee saam het Hy ons belowe dat hy oor die aarde en alles daarop regeer. Hy is ook die een wat vir ons plek gereed maak in die hemel, sodat ons iets het om na uit te sien terwyl ons hier op aarde voortbeur in 'n stryd wat ook maar soms voel soos 'n sinnelose oorlewingstryd.

Hy het ons egter nie hier alleen gelaat nie. Deur sy Woord en Gees leer Hy ons en lei Hy ons. Hy gee ons krag en bring ons telkens terug tot die punt waar ons ons weer opnuut voor God verootmoedig en kan bely: *Here, ons het weer gesondig en ver van U gelewe. Vergewe ons in die naam van Christus. Gee ons krag om teen ons sondige natuur te stry en naby U te bly lewe.*

Ds BC Oberholzer ***Outjo/Otjiwarongo***

29 September ***God se eer*** **2 Samuel 6: 1-23**

In hierdie verhaal van Dawid se finale oorwinning oor sy ou vyande en die oorbring van die ark van die Here na Jerusalem, is daar twee intriges ingebou wat 'n mens diep tref. Die eerste is dat die hele prosessie met die ark gepaardgaan met 'n klomp godsdienstige rituele wat tot in die fynste detail deur God voorgeskryf is. In hierdie verskuiwing vind daar 'n voorval plaas wat byna ontnugterend op 'n mens inwerk. Ussa het in sy ywer om die Here se ark te probeer beskerm vir 'n oomblik vergeet dit is die Here se ark! Die Here self hou die wag oor sy eer en dit wat syne is. Sy voorskrifte staan vas. Daar is nie uitsonderings nie, selfs nie as 'n mens sou dink dat jy besig is om iets wat aan die Here behoort te red en in die proses buite orde gaan nie.

Die voorval het Dawid so ontnugter dat die hele prosessie vir drie maande vertraag is, totdat Dawid kon uitklaar waaroor die *krasse* optrede van God eintlik gegaan het.

Miskien moes twee dinge by hom deurskemer. Die eerste was dat God nie mense nodig het om hulle so met sy sake te bemoei dat hulle hulle in die proses aan God vergryp en as't ware heiligskennis pleeg nie. Die tweede is dat God soewerein is en kan doen wat Hy goeddink sonder om dit aan enige mens te moet verantwoord.

Toe Dawid dit besef, het die prosessie aangegaan waar dit die vorige keer so stomp geëindig het. Die aanbidding en eerbetoon wat egter met die tweede deel van die trek gepaardgegaan het, was opvallend meer intens. Die offers was van harte en die feesviering met soveel oorgawe dat selfs Dawid voor die Here gedans het.

Dit was juis dit wat die tweede intrige veroorsaak. Mikal, die dogter van Saul, was so geaffronteer deur Dawid se gedrag, dat sy dit as haar hoogheilige roeping gesien het om hom daaroor aan te spreek.

Dawid se antwoord spreek van sy opregte geloof, maar ook van sy erkentlikheid en dankbaarheid teenoor God. Dit was immers God wat hom uitgekies het en aangestel het as koning van Israel. In sy verhouding met God het hy hom uitgeleef tot eer van God, en nie met die oog daarop om enige iemand te plesier of hul goedkeuring weg te dra nie. Dit het dan ook meegebring dat Mikal met kinderloosheid gestraf word omdat sy dit durf waag het om God van die eer en aanbidding wat een van sy diensknegte gebring het, te beroof.

Ds BC Oberholzer ***Outjo/Otjiwarongo***

30 September ***Onthou en vergeet***

So ses jaar gelede het ek net voor Kersfees besluit ek kan maar grootword. Ek was nog altyd baie lief vir musiek. Musiek draai in my kop, al is die radio nie aan nie, al is ek nie in my motor waar ek na CD's kan luister nie. Die hele dag is daar klanke in my kop. Gereeld sal iets wat ek sien of beleef my aan 'n liedjie laat dink en dan begin ek dit sommer neurie of fluit. Tot so ses jaar gelede was dit altyd popmusiek of selfs swaar rock – 'n lastige oorblyfsel van my tienerjare – waarna jou ma nie kan luister nie.

Ek onthou die dag baie goed. Ons was in 'n deftige winkelsentrum in Kaapstad. My skoonpa terg ons gesin altyd daarmee: my gesin kan nie uit 'n blink winkel bly nie. Ek stap by 'n CD-winkel in en loop uit nuuskierigheid na die Jazz-afdeling. 'n Vriendelike jong man stel my toe bekend aan albums met ballades op, hoofsaaklik musiek uit die tyd tussen die oorloë in die eerste helfte van die vorige eeu. *Die oorspronklike popmusiek*, noem hy dit: Broadway-musiek en melodieë van Cole Porter, Jimmy McHugh, Nat King Cole en Johnny Mercer. Vanmôre skuif ek agter my rekenaar in en luister juis hoe 'n soet stem met karige maar dromerige begeleiding sing oor hoe maklik mens onthou en hoeveel moeiliker dit is om te vergeet.

Herinneringe is soms goeie geselskap: foto's van ons vakansie by die see toe ons kinders was, 'n ouer niggie se troue, of klanke wat ons herinner aan kinderdae op die bosveldplaas bring 'n glimlag op ons gesigte, om nie eens te praat van die heerlike soet geure in die luukse tabakwinkels van groot inkoopsentrums nie. In 'n oogwink is ek terug in Oupa se klaskamers waar rye bossies twak hang en droogword, vure wat gestook word om sorgvuldig en stadig die twak te berei ná die oes.

Ek dink ons goeie herinneringe is bedoel om dít wat ons nie wil onthou nie in perspektief te plaas, om ons lewens te balanseer en ons weer eens daarop te wys dat die lewe met sy soet én sy suur 'n geskenk is wat gekoester moet word. Wat ek nie kan vergeet (of vergewe) nie, moet soeter gemaak word deur dit wat vir my so maklik is om te onthou.

Moenie toelaat dat jou slegte herinneringe jou mislei om te dink dat jou lewe net bitterheid is nie. Laat jou gedagtes ook dwaal na die kuiers en laat aande om die kombuistafel met Ouma se Hertzoggies en na Oupa se ou Ford-kar. Onthou dan ook hoe die Here ons God ons op wonderlike plekke bring en in sy liefde omhels, vir ons vol lewens gee en ons uit sy goedheid laat leef (lees Gesang 200 in die Liedboek).

Glimlag (al kom dit soms met 'n traan) as jy dink aan die gawe van lewe en al die herinneringe aan kerk toe gaan saam met die familie of Kersbome op warm somersaande, verjaarsdae toe jy klein was en die omhelsing van geliefdes. Hoor net hoe mooi skryf Paulus as hy dink aan mense vir wie hy lief is: *Nou is Timoteus van julle af terug by ons, en hy het ons die goeie nuus gebring van julle geloof en liefde. Hy het ons vertel dat julle nog altyd die aangenaamste herinneringe aan ons het en dat julle net so na ons verlang as ons na julle* (1 Tess 3: 6).

Ds AN van Niekerk ***Carletonville***

1 Oktober ***'n Wonder in die laatlente***

Ek staan verlede week weer op die Ou Hawe in Hermanus en kyk hoe walvisse in die kalm seewater in Walkerbaai hang. Walvisse bly vir my van die wonderlikste skepsels op die Heer se planeet. Dis juis teen laatlente dat mens na hulle moet gaan kyk. Elke keer as ek die voorreg het om hulle te sien, word my gemoed vol.

Dink bietjie hoedat jy langs 'n vreemde perd gaan staan en sy kop streel en begin praat, dikwels om hom gerus te stel. Jy is oortuig daarvan dat die perd jou kan verstaan, nè? Hoe reageer jy as jy by mense gaan kuier en hulle kat of poedel klim op jou skoot? Jy praat vol sinne met die dier, asof hy sal verstaan wat jou bedoeling is. Ons spreek ons afkeer of goedkeuring teenoor diere uit, soms nes ons met kinders sal praat: *Nee, moenie nou op my klim nie, toe! Ek het nou net skoon aangetrek en die dag is nog lank*; of dalk *Kom, sit bietjie by my. Jy's so pragtig en skoon!*

Toe ek die eerste keer na walvisse gaan kyk, verras die gebeure my totaal.

Ek kry die oorweldigende begeerte om met die diere te praat. Dit voel vir my ek kan ook maar iets sê, dis asof hulle lê en wag op my woorde. Nou nog, elke keer as ek hulle sien, glimlag ek opgewonde soos wanneer ek bekendes sien na wie ek verlang het. Ek hardloop en spring oor die klippe na die water toe om hulle beter te kan sien. As ek natuurlik nie tussen mense is nie, of hulle net ver genoeg staan om my nie te hoor nie, raak ek sowaar in lang gesprekke met hulle betrokke. Ek vra waar hulle vandaan kom en wat hulle op hulle reis hierheen beleef het. Ek vra die koeie wat vlak by ons swem hoe lank dit nog is voor hulle kalf. Ek kyk met 'n glimlag en verwondering na die vars kalfie wat deur sy ma teen die ruwe rotse langs gelei word, in die vlak water. Met haar lyf aan die een kant en die rotse aan die ander kant, is die kalfie veilig teen moontlike aanvalle van haaie. Dis ironies dat hierdie diere waarvoor ons so 'n natuurlike liefde voel, so lank juis deur ons bedreig en geplunder is. Ek neem terstond 'n foto, iets tasbaars om saam te neem na Gauteng, waar dit nou vaal en droog is. Toe ek omdraai, pad se kant toe, staar lense van maklik twintig fotograwe verby my. Hulle kyk na dieselfde familie in die water wat nou net ook my volle aandag gehad het. Ek glimlag weer en neem sommer van hulle ook 'n foto.

Ek dink aan die woorde in Genesis 2: 15: *Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.* Ons bewerk die aarde tot ons eie voordeel, vir geslagte lank al. Ek glimlag as ek dink aan die voorreg om dit ook te mag oppas.

Ds AN van Niekerk ***Carletonville***

2 Oktober ***Hallo, hoe gaan dit met jou?***

Ek het 'n vriend wat my nooit vra hoe dit gaan nie. Dit keer my natuurlik nie om hom in te lig oor dít waarvan my lewe vol is nie. Hy het een keer vir my gesê hy is nie emosioneel toegerus om mense se trauma aan te hoor nie. Hy het vir homself vroeg in sy lewe al uitgemaak dat hy nie regtig van ellende wil hoor nie, en uit vrees vir die blote aanhoor van woelinge in sy vriende en familie se persoonlike verhoudings, vermy hy die sin net ná *Hallo.*

Ek vra weer graag *Hoe gaan dit?* terwyl ek besef dat ek die risiko loop om van hartseer en verlies, van bekommernis en siekte te hoor. O, en hoor ek nie alte dikwels net klagtes en murmererings nie! Ons is heeltemal te geneig om net die negatiewe voor te hou en byna by mekaar groot te praat oor die ellende wat ons nou weer oorval het. My oupa was vir jare bedlêend en van

sy enigste vermaak was die Oom Kaspaas-boeke van TO Honiball. Oom Kaspaas kon mos so lekker spekskiet, en dan het sy nefie hom gereeld uitgevang op 'n growwe oordrywing bo-op die leuen! Nietemin, ek het al geleer om selfs in die hartseer wat mense oorvertel, vir hulle hulle eie storie terug te voer, maar gegeur met 'n optimistiese blik op die gebeure.

Soms is dit vir ons egter amper onmoontlik om te vra hoe dit gaan. My vriend mag (soms) reg wees. Hoe vra jy vir iemand wat 'n kind aan die dood afgestaan het hoe dit gaan? Hoe hanteer jy dit as jou vriend, in plaas van die verwagte *Heel goed, dankie*, skielik uitbars in trane en jou om die hals val? Hoe troos jy wanneer jy nie die vaagste idee het van hoe die hartseer van 'n geliefde voel nie? Juis wanneer ons bang is vir die antwoord op *Hoe gaan dit?* loop ons draaie om mekaar. Ons skryf nie, ons bel nie, ons loer nie in nie. Laat ek eers nou dít sê: Ek hoop dit gaan goed met jou terwyl jy hier lees. Ek hoop dat jy liefde en vreugde ken en dat jy, geborge en veilig in die arms van ons Heer, jou lewe waardeer as 'n geskenk van sy liefde. Maar ek weet dat party van julle wat nou hier lees, op die oomblik hartseer is. Sommige hartseer sny verskriklik diep. Toe Absalom, wat op pad was om sy pa te vermoor in 'n staatsgreep, sterf, loop koning Dawid heen en weer in die kamer bokant die stadspoort en huil. Die koning het sy gesig toegehou en hardop uitgeroep: *My seun Absalom; Absalom, my seun, my seun!* (2 Sam 19: 4).

In my eie hartseer en verlies het ek op 'n wonderlike psalm afgekom. Psalm 131 is een van die kortstes in die Bybel, dis net drie verse lank. Ek lees vandag nog hierdie psalm gereeld – soms 'n paar keer per week, soms, wanneer ek kan antwoord dat dit *heel goed gaan, dankie*, dalk net een keer in 'n maand. Uiteindelik vind ek rus en kalmte en tevredenheid net by die Here wat my hartseer en verlies verstaan, wat die bedoelings van my hart deurgrond, wat my deurstroom en besiel met die liefde van Jesus (Gesang 273 in die Liedboek).

Ná beproewing en hartseer kan ek ook soos Paulus in 2 Korintiërs 1: 3-11 bely dat God my die krag gee om ander te troos en te bemoedig. Ek ontwikkel 'n opregte belangstelling in hoe dit met ander mense gaan, juis omdat ek vol hoop en troos geleer het dat die Here my wil gebruik om te omhels waar daar eensaamheid en verlies en spanning is.

Ds AN van Niekerk ***Carletonville***

3 Oktober ***Dromer!***

Toe ek klein was, moes my juffrou in die skool gereeld op my tafel voor my slaan met die houtliniaal, en in 'n skerp, ferm stem sê: *Wat droom jy?* My

gedagtes het baie maklik gedwaal. Ek kon lekker by die venster uitkyk en dink aan die klank van duiwe op Oupa se plaas of die houtvloer onder kaal voete in Ouma se eetkamer. Snags het my drome my na ver plekke geneem. Soms was ek by die see, soms op 'n eiland met baie kokosbome. In van my lekkerste drome kon ek vlieg en in ander het ek in swart turflande gehardloop met maats wat kraai van die lag. Nou nog droom ek soms ek rol weer teen hoë duine af saam met die bure se kinders.

Wat beteken mens se drome? vra lidmate my dikwels. Ek dink ons droom oor dit waarvan ons gedagtes vol is. Ons drome (en dagdrome) kom uit ons leefwêreld. Ek dink die drome oor turflande en sandduine is sugte en verlange na dae wat sorgeloos was. Ouma se houtvloere en die duiwe in die bome agter hulle huis is waarskynlik 'n begeerte na warmte en liefde en die veiligheid van kindwees in 'n beskermde huis. Dagdrome van eilande met helder blou water en koeldranke met sambreeltjies in is waarskynlik 'n begeerte om aan baie werksdruk en spanning te ontsnap.

Soms kan ons drome ons egter ook jáág. Kinders wat herhaaldelik dieselfde nagmerries kry, probeer dalk vir jou sê daar's iets wat hulle bedreig en bang maak, iets wat hulle nie hanteer kry wanneer hulle wakker is nie. Een van my professors op universiteit het 'n bekende teoloog se woorde graag só aangehaal: *Waaroor jy weier om te dink, sal jou in 'n onbewaakte oomblik verras en dalk selfs oorrompel.* Dis nogal waar, en ek het al dikwels daaroor nagedink. Ons skuif soms iets waaroor ons nie wil dink nie uit ons dag uit. Ons hou onsself besig met ander take en gedagtes en só, dink ons, wyk dít waarvoor ons nie kans sien nie. Vanáánd, as alles donker is en ons wil ontspan en knus inkruip, herinner ons verstand ons daaraan dat daar eintlik iets ontstellend was wat ons nie wou hanteer nie.

Hanteer jou drome en ideale wanneer jy wakker is, en leef jou potensiaal en jou begeertes uit. Dan sal jy moontlik jou drome snags meer geniet. Kyk jou vrese en bekommernis helder oordag reguit in die oë. Dra jou bekommernisse aan die Here op (lees gou Gesang 562: 2 in die Liedboek) en bid dat Hy jou die krag en leiding sal gee om jou ontsteltenisse een vir een te hanteer. Maak dan jou oë in geloof toe en beleef hoedat die Here jou in jou slaap alles gee wat jy nodig het. My wens is dat Psalm 3: 6 vir jou sal waar wees: *As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my.*

Ds AN van Niekerk ***Carletonville***

4 Oktober ***Slote is vir ou koeie***

Ek verbeel my daar was 'n liedjie met die naam *Mymering* wat my ma-hulle op veral Sondae geluister het. Dié woord het my altyd baie laat wonder, miskien omdat ek so in my eie droomwêreld verlore raak en grawe in herinnerings en drome en illusies. Ek dink ek kan nogal mymer (ai, wat 'n wonderlike taal – hoor net hoe lekker dromerig klink dié woord). Ek het my ma gevra na die betekenis van die woord, en sy het vir my gesê dis deftige Afrikaans vir *tob*. Nou ja, daarmee is ek ook goed. Ek tob.

Smorens het ek altyd op my bed gesit as ons aantrek vir skool en dan is my sussie al gereed en haar kouse is hoog opgetrek en haar hare is in boksterte, haar tande geborsel en haar skoene vasgemaak. Dan staar ek nog na die patroontjies op die mat. En soos ek staar, lyk dit asof die patroontjies lewe kry en gister se gebeure voor my afspeel. Ek kon nog nooit lekkerkry laat klaarkry nie – dit moes altyd net nog 'n bietjie rek, al was dit net in my gedagtes. Ongelukkig kon ek dit ook nooit regkry om swaarkry maklik te laat weggly nie. Dit was altyd soos iets wat onderaan my skoen vassit, soos die uitgekoude *chappie* waarin ek per ongeluk getrap het. Ek krap en krap maar die skoen vat maar sy tyd om self van die ongewenste taaiheid ontslae te raak.

So mymer ek al jare. Selfkrities wil ek altyd wonder of ek situasies nie beter kon hanteer nie. En, ja, dis waar: oorkrities wonder ek of ander my nie ook beter wil hanteer nie. Ek hoor 'n kosbare analogie oor vergifnis: moenie iemand op parool uitlaat nie (dit wil sê, net sit en wag dat hy jou weer te na kom nie). Moet ook nie iemand op borg uitlaat nie (dit wil sê, vir die oomblik ongestraf laat maar met die swaard oor die kop laat leef). Om iemand te vergewe, is om, soos God met jou gemaak het, nooit meer aan sy sonde te dink nie. Ons lees in Hebreërs 8: 12: *Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie.* Sjoe, as ek dink hoe my lewe is, en dat God nie meer dink aan hoe ek te kort skiet nie, hoe kan ek dan nog bly tob oor alles wat my ontstel het!

Toe my vrou op universiteit in die Tukkiekoor was, het hulle die pragtigste weergawe van *Siembamba* gedoen. Een van die alte het so 'n solostukkie daarvan gedoen, en haar gesigsuitdrukkig bly my by: sy het amper kinderlik die mamba nek omgedraai, in die sloot gegooi en sy kop verbrysel. Dan het die hele koor tot luide akklamasie van die gehoor die sloot toegegooi, mamba en al. Dink jy nie dis tyd dat jy alles waaroor jy tob, alles wat jou funksionering belemmer en jou lewe versuur, saam met al die ou koeie in slote gooi en vandag aangryp as geleentheid om vrede en liefde uit te leef nie?

Ds AN van Niekerk ***Carletonville***

5 Oktober ***Die vertroosting vir die gelowige*** **Matteus 16: 13-20**

Hierdie Skrifgedeelte word dikwels as 'n sterk vermanende gedeelte ervaar, maar tog lê daar 'n geweldige troos in opgesluit. Die deur wat vir een persoon gesluit word, kan vir 'n ander persoon geopen bly. Met die slag van Bloedrivier het die Voortrekkers hulleself so met die genade van die Here beveilig, dat hulle binne in die laer veiliger *toegesluit* was as wat die vyand buite *uitgesluit* was.

In ons teksgedeelte sien ons hoe Jesus in gesprek verkeer met sy dissipels en dan kom die belydenis van Petrus. Wat belangrik is, is die woorde wat volg op die belydenis van Petrus. Daar kom 'n versekering van Jesus, asook 'n bepaalde *sleutelmag: ...en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.* In hierdie wêreld voel ons so dikwels bedreig en ook somtyds oorweldig deur die *magte van die doderyk.* Tog moet die woorde van Jesus deel vorm van ons belydenis wat ons doen. Dit moet as versekering in ons woorde, dade, visie en lewensoriëntering na vore kom. Vanuit ons belydenis as gelowiges vloei daar 'n seëning voort, al voel dit met tye asof die wêreld en sy bekommernisse ons onder kry. Daar kom egter nog 'n versekering by en dit is dat *die boosheid* van hierdie wêreld wat met tye so 'n tirannie voer, ook uiteindelik voor die Groot Sleuteldraer sal moet stop. Want, sê Jesus in die Johannesevangelie, *Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?* (Joh 11: 25,26).

In al ons nood en bekommernis wat somtyds soos onweer op ons lewens toesak, moet ons vashou aan die belydenis in die geloof. Daar vloei vele seëninge voort vanuit ons belydenis as gelowiges. God seën ons nie omdat Hy onder *verpligting* staan nie, maar eerder omdat Hy getrou is aan sy beloftes. Daarom kan ons soos Petrus met getrouheid en sekerheid ons belydenis uitleef.

Gesang 489: 1-3 ***Ds W Olivier*** ***Westonaria***

6 Oktober ***Die straf vir leuenaars*** **Handelinge 5: 1-11**

Ons vra dikwels hoekom dit so goed gaan met die ongelowige of die goddelose van die wêreld, terwyl die gelowige baie kere gebuk gaan onder vele tragedies, versoekings en beproewings. In ons gelese gedeelte, 'n baie bekende gedeelte, val Ananias en Saffira dood neer omdat hulle gelieg het oor die geld wat hulle vir hulle grond ontvang het. Die vraag kom by 'n mens op of die straf nie te erg was nie.

Ons is as gelowiges wel bewus van die feit dat ons veilig in God se teenwoordigheid is. God sorg vir ons as Hemelse Vader, en sien ook om na ons nood en lyding. Tog is dit die een kant van die saak as ons na ons teksgedeelte kyk. Die ander kant is dat God nie sonde by sy kinders duld nie. Ons besef ons word in sonde ontvang en gebore, maar daar is tog 'n verskil tussen die leef in sonde en opsetlike volharding in die sonde teen die wil van God. Dit is presies wat Ananias en Saffira hier gedoen het. As kinders van die Here het hulle 'n swaar straf oor hulle gebring deur doelbewus vir die Here te lieg. Daar was verseker ook baie ander mense in daardie tyd wat gelieg en bedrieg het, wat waarskynlik niks oorgekom het nie, maar hier gaan dit oor die gelowige wat doelbewus die Here probeer bedrieg. Die straf is so groot dat hulle met hulle lewens daarvoor geboet het.

Indien ons deur die Bybel blaai, kry ons vele voorbeelde van gelowiges wat deur 'n soortgelyke straf gegaan het. In Dawid se tyd was daar waarskynlik baie mans wat egbreuk gepleeg het, maar wanneer Dawid dit doen, as kind van die Here, sterf die seun wat buite-egtelik verwek is. In die tyd van Hiskia dieselfde. Daar was baie mense wat gespog het, maar toe Hiskia, die koning se gesant, dit doen, toe straf die Here hom (2 Kon 20: 12-19).

Hierdie gedeelte is nie bedoel om die gelowige bang te maak nie, maar eerder diep bewus te maak van die Heilige Liefde van die Here. God sorg vir sy kinders in teëspoed en voorspoed, en daarvan kan ons altyd seker wees, maar ons moet nie die liefde van God goedkoop maak nie. Om naby ons Here Jesus Christus te leef, is 'n *gevaarlike* plek, maar ook die veiligste plek waar enige gelowige hom kan bevind.

Psalm 13: 1-2 (Totius-beryming) ***Ds W Olivier*** ***Westonaria***

7 Oktober ***In die wurggreep van ellende*** **1 Konings 19**

Hierdie gedeelte is 'n baie bekende gedeelte net na die *triomf* oor die Baälprofete. Dan kom die insinking in die lewe van Elia waar hy later van moegheid en uitputting onder die besembos aan die slaap geraak het. Hierdie is ook 'n siklus wat ons as gelowiges met tye ervaar. In die een stadium in ons lewens ervaar ons dalk die soete oorwinning, maar net 'n dag of twee later die dieptes en laagtes wat die lewe na 'n mens se kant kan gooi. Die spreuk lui dat iemand wat die hoogste sport in die lewe bereik het, net een pad het om te gaan, en dit is af. Partykeer ervaar ons daardie selfde tendens as gelowiges.

Elia vlug vir Isebel en wens later maar om dood te gaan. Elia het na die gebeure op Karmel sekerlik die *soete smaak* van oorwinning beleef en het seker groot beplannings en oogmerke daarna gehad. Tog gebeur dit nie en word hy in sak en as gedompel. In vandag se terminologie kan ons sê verval hy in 'n dodelike depressie. Hy meen nou dat alles tevergeefs was, en dat sy lewe sinloos geword het. Elia het dalk gedink dat die toewyding wat hy toon aan sy roeping teenoor die Here hom sou vrywaar van ellende en teenstand, maar tog gebeur dit nie, en slaan die donker wolke van die teenstand oor sy lewe toe.

Die ellendige toestand waarin Elia verkeer, diskwalifiseer hom nie as profeet van die Here nie. Die gevoel wat Elia in daardie stadium het, waaroor niemand hom seker kan kwalik neem nie, diskwalifiseer hom nie vir verdere diens aan die Here nie. Inteendeel; die Here rus hom toe met 'n nuwe opdrag wat hy moet uitvoer.

Ervaar ons nie ook dikwels die donker dieptes van Elia onder die besembos nie? Dit beteken egter nie dat ons opdrag of geloof in die Here minder belangrik geword het nie. Die saak van die geloof berus ook op intellektuele gronde, wat beteken dat emosies soms misleidend kan wees. As ons af voel en deur die Here verlaat *voel*, beteken dit nie dat dit werklik so is nie. God is getrou aan sy beloftes en staan ons juis by in ons diepste nood. En juis wanneer ons onder die spreekwoordelike besembos lê en vergaan, selfs dan word ons gevoed deur die ware Woord van God sodat ons krag het om weer voort te gaan. Christus het die diepste ellende beleef sodat ons in die geloof gevoed kan bly met die Ware Woord wat ons met krag inspireer om die evangelie in die wêreld uit te leef.

Psalm 116: 1, 6, 8 ***Ds W Olivier*** ***Westonaria***

8 Oktober ***Die Here beskerm die gelowige*** **2 Samuel 16: 15-17: 29**

Ons het al baie merkwaardige verhale gehoor van mense wat herstel het na ernstige siekte. Vir ons as gelowiges beteken dit telkens: God verhoor ons gebede.

In ons gelese gedeelte kry Dawid sekerlik die slegste tyding van sy koninklike lewe, dat die hele Israel aan die kant van Absalom is. Dawid het besef dat hier vir hom 'n opdraande stryd wag, veral nadat hy hoor dat sy getroue raadgewer Agitofel ook nog besluit om eerder vir Absalom te volg. So mismoedig was Dawid dat hy bid: *Here, laat daar tog niks kom van Agitofel se*

raad nie (2 Sam 15: 31). Ten spyte van hierdie geweldige neerdrukkende omstandighede wend Dawid hom eers tot God.

Dawid bid ernstig oor die moeilikheid wat op sy lewe toegesak het. Maar as hy klaar gebid het, gaan hy oor tot aksie. Hy besef dat daar verantwoordelikhede is wat hy moet nakom. Hy stuur sy vriend Gusai terug na Jerusalem om die raad van Agitofel te dwarsboom. Hierdie plan van Dawid werk, en Absalom luister na die raad van Gusai.

Hier word weer bevestig hoe wonderlik die ingryp van God is in ons lewens deur middel van gebedsverhoring. Maar die verantwoordelikheid berus altyd op ons as gelowiges om te bid en te werk. Saam met ons gebede moet ons handelinge in ooreenstemming met die wil van God plaasvind. Wat dan ook al gebeur, weet ons die Here het so beskik, en ons moet dit so aanvaar. As dit dalk teëspoed is, sê die huweliksformulier, aanvaar dit met geduld; as dit voorspoed is, aanvaar dit met dankbaarheid. Maar ons aanvaar dit altyd met die wete dat God voorsien en ons beskerm in alle nood, en ook in alle voorspoed.

Psalm 3: 1, 2 ***Ds W Olivier*** ***Westonaria***

9 Oktober ***Leef in gehoorsaamheid*** **Deuteronomium 6: 1-25**

Ons leef in 'n tyd en era waar die gevolge van 'n mens se dade nie hoog op die prioriteitslys is nie. Die enigste saak wat hooggeplaas word, is geniet, geniet en geniet! Daar is seker niks fout daarmee om die lewe te geniet nie, maar die moderne era plaas soveel klem daarop dat genot die hoër prioriteit vorm op die lys van die mensdom. Die Bybel leer ons egter dat jy moet rekening hou met die gevolge van jou dade. Die konsep word in vandag se tye humanisties verstaan en nie soseer Bybels nie.

In verse 6 tot 10 word vir ons baie duidelik gestel hoe die gebooie of die wil van die Here deel van ons lewens behoort te wees. Dit is eerstens 'n opdrag, 'n liefdevolle heilige opdrag van die Almagtige. Daaruit vloei vele gevolge, onder andere ...*sodat dit met jou goed kan gaan*... Die goedgaan word onderskryf met vele beloftes van huise vol voorrade waarvoor jy nie gewerk het nie, mooi stede wat jy nie gebou het nie, die land wat met 'n eed aan jou voorvaders beloof is, ensovoorts.

Dit word egter gekwalifiseer met 'n groot *maar: Maar sorg dan dat jy nie die Here vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie.* As ons rondom ons kyk, is daar vele aspekte in die wêreldorde wat vir ons as gelowiges ontstellend is. Ons sukkel om die kerke vol te kry, maar Sondae

is die inkopiesentrums tot oorlopens toe vol. Dit voel asof mense maar min gepla is met kerklike sake soos katkisasie, offergawes, ensovoorts.

Hoe die tye, omstandighede of wêreldorde ook al verander, kom die appèl nog altyd tot die gelowige: *Sorg dat jy...* Wat ook al die wêreld doen of besluit, ek as gelowige het nog altyd die keuse. Ons keuse kan nooit iets anders wees nie as die verantwoordelikheid waartoe ons opgeroep word in Deuteronomium 6 en wat deur Jesus Christus tot aan die kruis vervul is. Laat ons ons bekommernis oor die wêreld aan die Here oorgee en laat ons sorg dat ons as gelowiges wandel in die weë van die Here, want daarin lê groot seëning.

Gesang 590: 1, 2 ***Ds W Olivier*** ***Westonaria***

10 Oktober ***Geloof, Liefde, Hoop*** **1 Tessalonisense 1: 2-10**

Wanneer ons die woorde *geloof, hoop* en *liefde* hoor, dink die meeste van ons dadelik aan 1 Korintiërs 13: 13 waar Paulus skryf: *En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!* Min mense besef egter dat hierdie drie woorde nie minder nie as sewe keer deur Paulus in kombinasie gebruik word, naamlik in 1 Tessalonisense 1: 3 en 5: 8; Galasiërs 5: 5-6; 1 Korintiërs 13: 13; Romeine 5: 2-5; Efesiërs 4: 2-5; en Kolossense 1: 4-5.

In 1 Tessalonisense 1: 2-10 gee Paulus die rede hoekom hy God onophoudelik vir die gemeente dank, naamlik hulle opregte Christelike lewe. En hierdie Christelike lewe van die gemeente in Tessalonika word weerspieël in wat hy beskryf as: *die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus* (1 Tess 1: 3). Interessant is dat Paulus hier baie klem lê op die vrug van die geloof, liefde en hoop van die gemeente. Want so dikwels as wat hy en sy medewerkers aan die gemeente dink, dank hy God vir wat deur die werk van hulle geloof, die inspanning van hulle liefde en die volharding van hulle geloof voortgekom het.

Ons moet goed besef dat ons geloof ook gekenmerk moet word deur die feit dat die werk van ons geloof ondubbelsinnig oorgaan in die inspanning van die liefde teenoor mekaar en dat die logiese gevolg dan sal wees die volharding in die hoop op die terugkeer van die Here.

Geloof sonder liefde en hoop beteken niks!

Gesang 219: 1-3 ***Ds W de V Sauer*** ***Wonderboompoort***

11 Oktober ***Wees wakker en waaksaam*** **1 Tessalonisense 5: 1-9**

Paulus maak eers in vers 3 'n negatiewe stelling oor die mense wat nie lewe in die lig nie. En dan maak hy in verse 4-5 'n positiewe stelling oor die mense wat in die lig lewe: *...dié dag* (van oordeel) *sal julle nie soos 'n dief oorval nie...* Hy sê dat die gelowiges in Tessalonika almal kinders van die lig is, en daarmee wil hy elkeen in die gemeente, ook die swakstes in die geloof, des te meer voorberei vir die oproep tot waaksaamheid en nugterheid wat in verse 6-8 gaan kom.

Weer maak hy van negatiewe en positiewe stellings gebruik wanneer hy die gemeente oproep tot waaksaamheid. Nou speel hy met die woorde *slaap* en *wakker.* Dié wat aan die slaap is, sal nie die oordeel vryspring nie, maar dié wat wakker is wel. Terwyl die gelowiges nie in die duisternis leef nie, moet hulle wakker en nugter wees.

Die mense van die lig, die gelowiges, sien Paulus as 'n leërmag en daarom kom die oproep om die wapenrusting aan te trek. Hoe lyk die wapenrusting wat die gelowiges moet aantrek? Hy sê gelowiges moet toegerus wees deur geloof en liefde as borsharnas te dra en die hoop op verlossing as helm op die kop. Hier kombineer hy eenvoudig net die gedagte van wapenrusting met die onmisbare drietal: geloof, liefde en hoop. Die intieme verband tussen geloof en liefde kom daarin uit dat albei saam die *borsharnas* heet. En soos die helm by die borsharnas pas, pas die hoop by geloof en liefde.

Calvyn het gesê: *Wie dus met geloof, liefde en hoop gewapen is, sal nêrens ongewapen gevind word nie.*

Gesang 250: 1-5 ***Ds W de V Sauer*** ***Wonderboompoort***

12 Oktober ***God is liefde*** **Romeine 5: 2-5**

Paulus begin sy redevoering in Romeine 5 deur te sê dat God ons dan nou vrygespreek het deurdat ons glo. Juis daarom is daar nou vrede tussen ons en God. Hierdie vrede tussen ons en God gee aan ons vrye toegang tot die genade waarin ons nou vasstaan.

Omdat God deur sy genade dit moontlik gemaak het om die geloof te hê, roep Paulus die gemeente op om hulle te verheug in die hoop. Hierdie is egter nie net 'n hoop op eendag nie. Nee, dit is juis ook 'n hoop op hier en nou. En daarom skryf hy: *Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof,*

en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie... (Rom 5: 3-4). Wanneer mens besef dat die hoop ook hoop vir hier en nou is, dan verdra jy swaarkry makliker omdat jy weet dat jou swaarkry jou in jou hoop versterk en jou in jou geloof laat groei. Maar hoe is dit moontlik? Die rede vind ons in die laaste woorde van vers 5: *want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.* Paulus bedoel hier die werking van die Gees wat die harte vervul, nie net met die besef van God se liefde nie, maar met die werklikheid van God se liefde in die Persoon van die Heilige Gees wat in die harte woon. Met die gevolg dat die gelowiges God se liefde in die gemeenskap van die Heilige Gees ondervind en geniet. Die Gees bevestig die liefde van God aan en in die harte van die gelowiges, sodat hulle nie meer daaraan twyfel dat God die goeie werk wat Hy in hulle begin het, sal voleindig nie.

Hierdie wete, dat God deur sy genade die geloof in ons moontlik maak, versterk ons in die hoop en kweek volharding, ondanks alle swaarkry. Ja, ons glo en hoop omdat God liefde is. Wanneer swaarkry kom, onthou wat staan in Johannes 3: 16: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*

Gesang 331: 1 ***Ds W de V Sauer*** ***Wonderboompoort***

13 Oktober ***Handhaaf eenheid in die gemeente*** **Efesiërs 4: 1-6**

Efesiërs 4 vorm die oorgang tussen die gedeelte in hoofstukke 1-3 oor die verlossing in Christus en die vermanende gedeelte oor hoe die lewe van 'n verloste moet lyk. Waaroor dit in ons gelese gedeelte gaan, is die vermaning dat die gemeente in Efese eensgesind in die geloof moet wees. God het in sy groot genade Jode en heidene gekies om nou saam sy nuwe volk te wees. Daarom roep Paulus hulle in hierdie gedeelte op tot eenheid.

In ons gedeelte van vandag tref ons weer die Pauliniese driedeling van geloof, hoop en liefde aan, maar hier in die volgorde liefde, hoop en geloof. Want wat wil Paulus hier met die driedeling sê? Soos reeds gesê, gaan hierdie paragraaf oor die vermaning om in eenheid as gelowiges te leef. Daarom word almal opgeroep om in die woorde van vers 2 altyd beskeie, vriendelik en geduldig te wees en mekaar in liefde te verdra. Die rede hiervoor is dat God alle gelowiges deur die één Gees geroep het om één liggaam, één kerk te wees, want daar is net één hoop waartoe God ons almal geroep het. Ja, dit is één God wat één geloof in almal gestig het.

Ons as gelowiges word opgeroep om in die liefde van Christus in eenheid as gelowiges te leef, want ons almal, maak nie saak in watter kerk jy is of wat jou agtergrond ook al is nie, is deur die Gees geroep tot één Hoop. Want daar is net één Here, één geloof, één doop.

Gesang 434: 1-3 ***Ds W de V Sauer*** ***Wonderboompoort***

14 Oktober ***En die grootste is die liefde*** **1 Korintiërs 13: 1-13**

So belangrik is die saak wat die apostel wil oorbring, dat hy oorgaan in 'n lieflike loflied. Die liefde wat hy hier beskryf, is nie die sentimentele menslike liefde wat ons in boeke en op TV aantref nie, maar die alles opofferende liefde wat God aan ons bewys het toe Jesus aan die kruis gesterf het om ons te red.

Die gedeelte is soos volg opgebou: Eers wys hy op die onmisbaarheid van die liefde: sonder die liefde, sê hy, is die allerbeste waartoe die mens in staat is, leeg, sonder inhoud, waardeloos (verse 1-3). Daarna besing hy die wese en werk van die liefde, waardeur die hoedanigheid van ons bestaan bepaal word (verse 4-7). En dan sluit hy sy lied af deur die ewige duur van die liefde te besing (verse 8-13).

Paulus wil nie hier sê dat al die verskillende gawes onbelangrik is en dat net geloof, hoop en liefde belangrik is nie. Hy sê dat daar 'n tyd kom wanneer alle gawes afgelê gaan word en die gelowige volkome aangewys sal wees op die rykdom van sy innerlike geestelike besit. Tot hierdie geestelike besit behoort die drie: geloof, hoop en liefde. Die geloof rig hom op die kruis van Christus as die enigste grond van ons saligheid; die hoop strek hom uit na die toekoms om die volle erfenis van heerlikheid te verkry; die liefde bly in die hede werksaam in die uitvoering van die hoogste wet: liefde tot God en tot die naaste.

Van hierdie drie, sê Paulus, is die liefde die grootste. Dit is die band van oorgawe wat ons aan Christus bind, en ook die gehalte van ons lewe as gelowiges wat ons diensbaar maak in die gemeente en gemeenskap. Die liefde is ewig omdat God liefde is; en waar die liefde werksaam is, daar woon God self.

Geloof en hoop beteken niks sonder die liefde!

Gesang 334: 1-4 ***Ds W de V Sauer*** ***Wonderboompoort***

15 Oktober ***Moedeloos?*** **1 Konings 18, 19**

Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood (1 Kon 19: 4). Klink dit be-

kend? Somtyds is ons, net soos Elia, so moedeloos dat dit vir ons voel die wêreld het tot sy einde gekom vir ons.

Geliefdes, dit kom oor alle gelowiges. Selfs oor die *beste* gelowiges soos Elia! Elia is 'n man van God. Elia se geloof is aan skerwe. Waarom het die Here hom in hierdie toestand laat kom? Die Here versterk hom tog deur die engel; waarom laat God hom eers in hierdie toestand kom voor Hy Elia versterk? Die Here kon hom tog al hierdie verdriet gespaar het. Die Here het al die dinge oor hom laat kom om hom te leer – selfs in ons sterkste oomblikke bly ons van die Here afhanklik!

Die vorige dag was Elia op die berg Karmel. Dit was vir Elia 'n dag van groot spanning. Elia kon na hierdie dinge hom maklik begin verbeel het dat dit hy self is wat al die dinge vermag het. God wil hom laat besef dat hy maar net 'n nietige mens is. Hy was die oorwinnaar oor die Baälprofete, maar hy was ook hulle laksman wat die dood oor hulle voltrek het! Voor die volk was hy die geëerde profeet van God. Maar dan gebeur daar iets: Meteens het Elia se pad omgedraai en in die teenoorgestelde rigting begin hardloop – Elia het weggehardloop van Jisreël af, weg van roem en grootheid af, en in die kake van depressie in. In plaas daarvan dat hy sterf uit moedeloosheid, gee die Here hom soveel krag dat hy daarna vir 40 dae en vir 40 nagte lank nie kos nodig gehad het nie.

Net so versterk God vandag nog sy gebroke kinders. Die Here weet waar sy kinders is, en Hy gaan haal hulle en soek hulle op, al vlug hulle ook. Telkens wanneer ons in moedeloosheid verval, laat God ons maar net onsself sien soos ons is, sodat ons sy genade kan waardeer. Om tot God te bid, nie om te wil sterwe soos Elia nie, maar om opnuut met nuwe krag vir Hom te lewe.

Gesang 501: 1, 2 ***Ds SJ Oosthuizen*** ***Stilfontein-Wes***

16 Oktober ***Gebede in en deur die Heilige Gees*** **1 Tessalonisense 5: 16-28**

Ons gebede is die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe. Daarmee dank en loof ons God die Almagtige voortdurend vir sy genade en sy liefde en sy versorging. Daarom leer die Bybel ons: Bid in die Gees, bid by elke geleentheid, bid gedurig.

Dit behoort dus so te wees dat hierdie gedeelte van ons godsdiens prakties die meeste beoefen word. Die gebed is nie net 'n dankmiddel nie; dit gaan ook saam met die swaard van God waarmee ons ons vyande beveg. En om

dit te kan doen, so leer die Bybel hier, moet ons 'n deeglike kennis van God se Woord hê. Dit beteken persoonlike en vaste omgang met God die Almagtige. Dit gaan dus nie daarom of ons gebed lank of kort is nie. Dit gaan glad nie daarom of ons mooi kan bid nie. Dit gaan daarom dat ons gebed heilig en waar moet wees. As ons deur die Heilige Gees bid, dan is ons gebed aanneemlik vir die Vader.

Die troos wat ons in ons gebede het, is dat die middelaarswerk van die Here Jesus tot gevolg het dat Hy nou deur sy Gees in ons woon. Die Bybel leer ons dat die Here Jesus vir ons sondes gesterf het. Maar dis nie al nie. Hy het ook vir ons gebede gesterf. Daarom is dit nie onmoontlik om in die Gees te bid nie. Ons kry hierdie vermoë omdat dit een van die genadegawes is wat die Here Jesus deur sy kruisversoening aan ons laat toekom het. Die Heilige Gees is na die kruisiging gestuur om ons te lei en te troos. Hy lei ook ons verstand wanneer ons bid. Die Heilige Gees rond in 'n sekere sin die werk van die Here Jesus in ons af. Jesus is nou ons Voorspraak en Voorbidder by die Vader.

Geliefdes, bid by elke geleentheid. Bid deur die Gees. Onthou dat elke gebed 'n direkte gesprek en verbinding is tussen ons en God. Ons gebede bring ons baie naby aan God.

Gesang 266: 1 ***Ds SJ Oosthuizen*** ***Stilfontein-Wes***

17 Oktober ***Biddag vir die gesaaides*** **Matteus 6: 9-13**

Op die biddag vir die gesaaides is dit goed om weer te kyk na die vierde gebed van die Onse Vader: *Gee ons vandag ons daaglikse brood* (Matt 6: 11). Ons kan die gebed van verskillende kante af benader: Ons bid vir al die lewensmiddele wat ons elke dag nodig het om van te lewe. Maar ons bid dat ons dit deur ons daaglikse werk in die hande kry. Die ongelowiges mag dalk dink dat hierdie gebed nie saam met hulle werk gebid hoef te word nie, omdat hulle rykdom of besittings vanself die gevolg is van hulle werk. Maar dis nie waar nie, geen voorspoed kom na enige mens toe behalwe deur God se hand nie.

Ons bid daarmee dat die Here ons arbeid seën. Mens kan nie van brood alleen lewe nie. Dit beteken dat liggaamlike en fisiese dinge ons net versorg solank as wat ons in hierdie lewe is. Dit het nie ewigheidswaarde nie. Daarom koppel ons dit aan die seën van die Almagtige. Ons bid dus vir fisiese middele en vir geestelike seëninge.

Ons bid met vertroue in die Here. Ons gebed moet ook wys dat ons ons

vertroue in God stel, en nie in die stoflike dinge nie. Deur die sonde het ons van God vervreemd geraak. Hy laat sy Seun Jesus Christus sterf, sodat ons God se kinders kon word. Nou is Hy ons Vader! Kom ons bid altyd vir daaglikse en ewige versorging omdat ons deur die Here Jesus die toegang het om dit van die almagtige God te vra, en te weet dat Hy ons sal versorg met alles wat ons nodig het.

Gesang 460: 1, 3 ***Ds SJ Oosthuizen*** ***Stilfontein-Wes***

18 Oktober ***Die wil van God*** **Psalm 25**

Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie (Ps 25: 4). Hierdie begeerte is sekerlik ook ons begeerte. Ons wil ook in gehoorsaamheid aan God leef. Tog weet ons dat ons lewe nie altyd getuig van 'n lewe volgens die wil van God nie, wat ons moedeloos maak. Hierdie psalm is 'n rigtingwyser aan ons om weer in gehoorsaamheid voor God te leef.

Die gebed van Dawid was baie persoonlik: *leer MY.* Dis nie 'n gebed dat die wêreld of ander mense sommer net in die algemeen te doen moet kry met die waarheid nie. Die Here word gesmeek om aan my eie persoonlike probleme hulp en aandag te gee – aan my onvermoë om altyd die kwade te vermy. Daarmee saam ook die persoonlike gebed om vergifnis. Mens kan tog nie bid vir die waarheid as jy nie jou eie oneerlikheid bely en smeek vir hulp en vergifnis nie! Hier is ootmoed in hierdie gebed, want toe Jesus gesterf het, het Hy ook gesterf sodat ons mag liefhê soos Hy. Hy het dus gesterf sodat sy liefde in ons mag wees.

Innerlike opregtheid is 'n saak wat God wil, en wat Hy in ons werk, en wat dan ook deur 'n gehoorsame lewe bevestig word. Daar is net een pad weg van die leuen af, en dit is om saam met Christus op pad te gaan. Hy is vir ons die skeiding tussen lewe en dood. Die lewe is die wil van God (waarheid) en die leuen is die dood. Ons kan ook net deel in Jesus se verlossingswerk as die Heilige Gees ons dit leer en ons lei om dit ons eie te maak. Dit gebeur as ons vertroud raak met die weë en die wil van die Here. Dit vind ons in sy Woord.

Gesang 511: 1, 2 ***Ds SJ Oosthuizen*** ***Stilfontein-Wes***

19 Oktober ***Afsondering*** **Lukas 5: 12-16**

Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid (Luk 5: 16). Kan jy alleen wees met jouself? Of is jy bang om met jouself

alleen te wees? Die Christen-wiskundige en -fisikus Pascal, wat in die 17de eeu geleef het, het gesê die siekte van die mens lê daarin dat hy nie een uur met homself in sy kamer kan deurbring nie. Nie met 'n boek of voor die TV of met 'n radio nie – net met jouself!

In ons teksvers lees ons dat Jesus Hom elke keer in eensaamheid afgesonder het. Nou sal jy dadelik sê: Ja, maar Jesus se verhouding met sy Vader was uniek en hier staan ook dat Hy Hom afgesonder het om te bid. Dit is so, ja. Tog is dit opvallend dat Jesus Hom afsonder; weg van die mense wat by Hom aandring om gesond gemaak te word of om Hom te hoor. Maar Hy sonder Hom af om weer diensbaar te kan wees: gesond te maak, te preek, sy roeping te volvoer. Al was Jesus se verhouding met sy Vader uniek, is Hy vir ons 'n voorbeeld, juis ook in sy afsondering.

Miskien moet ons weer vra: Waarom is dit vir ons moeilik om alleen te wees met onsself? Is jy bang om die werklike jy in die oë te kyk? Calvyn sê ook selfkennis is van die grootste belang. Aan die begin van sy Institusie skryf hy: Die belangrikste van alle kennis is kennis van God en kennis van onsself, en dit is onmoontlik om te weet watter kom eerste! Dit hang ten nouste saam. Hy wat God waarlik leer ken, leer homself ook ken. Hy wat homself leer ken, staan voor God, dit word 'n gesprek met God. Hy maak my heel, Hy vergewe my, Hy versterk my in my geloof en Hy laat my op 'n besondere manier groei om weer diensbaar te kan wees.

Gesang 518: 1, 2 ***Ds SJ Oosthuizen*** ***Stilfontein-Wes***

20 Oktober ***Here, leer ons bid ...*** **Lukas 11: 1-4**

Here, leer ons bid... vra een van die dissipels nadat hy Jesus sien bid het. Waarskynlik was die manier waarop Jesus met sy Hemelse Vader gepraat het vir hom mooi. Dalk wou hy ook graag so bid, maar het hy nie geweet hoe om dit wat in sy hart is uit te spreek nie.

Het jy dit nie ook al ervaar as jy ander sien bid nie? Soms lyk dit vir jou of ander so maklik met die Here kan praat, terwyl dit vir jou voel of jou gebede nie verder as die plafon kom nie.

In hierdie gedeelte nooi Jesus sy dissipels en vir jou uit om sonder huiwering te bid. Jy hoef nie skaam te wees nie, want die Here ken jou mos. Hy weet selfs wat jy wil sê. Hy is dan jou Vader. En weet 'n pa nie wat sy kind vir hom probeer sê nie?

Praat met die Here: vertel Hom van jou hartseer, jou bekommernis en jou skuldgevoelens. Dit sal vir jou voel of daar 'n las van jou skouers afval.

En weet jy wat is verder so wonderlik? Die Here is nooit te besig om na jou gebed te luister nie! Jy kan enige tyd en enige plek met Hom praat. Dit sal ook jou verhouding met Hom verbeter, jy sal nader aan Hom voel.

Bid gereeld. Die Here wil graag van jou hoor.

Gesang 266 *Ds WE Joubert* *Noupoort*

21 Oktober ***Maak tyd vir gebed*** **Markus 1: 21-39**

Elkeen van ons het 'n vol program. Na 'n lang dag wil jy net in die bed klim en jou moeë liggaam laat rus. Dikwels is jy selfs te moeg om stiltetyd te hou!

Maar dit is nie net jy wat so besig is nie. Jesus het ook maar 'n vol program gehad toe Hy op aarde was. In die week en veral op die sabbat het Hy gepreek en baie siekes genees. Hoe groter die skare geword het, hoe besiger het sy dae geword!

Na so 'n lang dag was Jesus moeg en uitgeput en het Hy en sy dissipels gaan slaap. Nou sal jy sê: Sien, selfs Jesus was te moeg om stiltetyd te hou! Maar nee, Jesus maak tyd daarvoor. Die volgende oggend staan Hy vroeg op om te bid. En na die gesprek met sy Vader het Jesus weer krag en moed gehad om die dag aan te pak.

Maak jy tyd om met jou Hemelse Vader te praat? Of gebruik jy ook die verskoning dat jy te moeg is? Jesus was ook daardie aand te moeg, maar Hy hou sy stiltetyd die volgende oggend. Dit was vir Hom belangrik om tyd daarvoor te maak.

Waarom doen jy nie dieselfde nie? Weet jy wat dit vir jou kan beteken? Maak tyd om Bybel te lees en te bid. Hou daarby, soos 'n afspraak wat jy moet nakom, en jy sal sien hoe jou deurmekaar gedagtes weer georden word, jou ontstelde gemoed weer kalm raak.

Maak tyd vir God. Dit is tyd wat jy goed bestee.

Gesang 555: 1-3 *Ds WE Joubert* *Noupoort*

22 Oktober ***Bid ek reg?*** **Romeine 8: 26-30**

Hoeveel keer het jy nie al gewonder of jy reg bid nie? Was jou gedagtes nie al so deurmekaar dat jy later nie eers meer weet hoe jy behoort te bid nie? Wou jy nie dan uit pure frustrasie sommer ophou om te bid nie?

In hierdie paar verse stel Paulus jou egter gerus. Hy sê: Moenie bekommerd

wees nie, want daar waar jou gebed te kort skiet, bid die Heilige Gees vir jou. Hy omvorm jou stamelende gebed en dra die regte bedoeling daarvan aan God oor.

Is dit nie vertroostend en bemoedigend om dit te weet nie? Wanneer jy nie weet *wat* om te sê nie, bid die Heilige Gees namens jou omdat Hy weet wat in jou hart en gedagtes omgaan.

Dit beteken egter nie dat jy nie erns moet maak met jou gebed nie. Jy moet steeds besef dat jy met die Almagtige en hoë God praat. Maar nou kan jy jou oë sluit in die wete dat die Heilige Gees namens jou by God pleit, en jou gebed aanneemlik maak. Inspireer dit jou nie opnuut om uit diepe dankbaarheid hiervoor te bid nie?

Gesang 438: 1, 2 ***Ds WE Joubert*** ***Noupoort***

23 Oktober ***Waarom gee die Here nie wat ek vra nie?*** **Matteus 7: 7-12**

Dit is seker 'n vraag waaroor jy al baie nagedink het. Waarom moedig die Here jou aan om sekere dinge van Hom te vra as Hy jou iets anders gee? Hoeveel keer het jy nie jou kind iets geweier nie? Was dit nie dalk omdat dit skadelik vir hom of haar kon wees nie? Om dieselfde rede gee die Here ook nie vir jou die dinge wat jy baie keer van Hom vra nie. Hy luister na elke gebed, maar Hy beantwoord dit soos Hy goeddink.

Die volgende verhaal verduidelik dit mooi: 'n Seuntjie wou baie graag 'n fiets hê. Hy het elke aand daarvoor gebid. Toe niks gebeur nie, vra hy vir sy ma of Jesus na hom luister. Sy ma se antwoord het hom verder aangemoedig om te vra vir daardie fiets! Sy ouers het besluit om vir hom 'n driewiel te koop omdat hy nog te klein was vir 'n fiets. Een oggend toe hy wakker word, en die driewiel sien, was hy vreeslik bly en het hy in die gang afgery. Skielik het hy afgeklim, teruggehardloop en in sy kamer gaan bid: *Liewe Jesus, baie dankie vir die driewiel, maar ken Jesus dan nie 'n fiets nie?* Alhoewel hy eintlik 'n fiets wou hê, was hy tog baie bly oor die driewiel!

Is jy tevrede as jy 'n driewiel in plaas van 'n fiets kry? Of is jy nors en nukkerig? Is jy nie dalk al baie hartseer gespaar, *juis* omdat jou gebed *anders* verhoor is nie?

Moenie ophou bid as jou gebed *anders* beantwoord word nie. Wees tevrede met dit wat die Here vir jou gee – al is dit 'n driewiel!

Gesang 278 ***Ds WE Joubert*** ***Noupoort***

24 Oktober ***Amen*** **1 Korintiërs 14: 13-17**

'n Kort woordjie wat eintlik so baie sê! Daarmee sluit jy jou gebed af. Maar weet jy werklik wat hierdie vier letters beteken? *Amen* beteken: *Dit staan vas of dit kan so wees.* As jy dus *amen* sê, sê jy eintlik vir die Here dat dit wat jy gebid het, uit jou hart kom. Jy bid nie net uit gewoonte, of om jou gewete te sus, of omdat jou ouers jou so geleer het nie, maar jy bid dat dit wat jy gevra het, so sal wees: in ooreenstemming met God se wil.

Noudat jy dit weet, kan jy nog met 'n opregte hart *amen* sê? *Dink* jy wat jy sê as jy met die Here praat, of is jou gebed net 'n eindelose herhaling van dieselfde woorde oor en oor? Sê jy nie dikwels net *amen* om klaar te kry nie? Weet jy, as jou hart nie in die gebed is nie, dan kan jy nie eintlik *amen* sê nie! Dan is hierdie kort woordjie net lippetaal!

Dit is wat Paulus ook in hierdie gedeelte wil sê. Jy moet *verstaan* wat jy bid. As jy onbekende tale of ongewone klanke gebruik wanneer jy bid, kan niemand daarop *amen* sê nie, omdat hulle nie *verstaan* wat jy gesê het nie. Dit het dan ook geen waarde vir diegene wat na jou gebed geluister het nie.

Maak daarom erns met jou gebed: *dink* wat jy sê! Dan kan jy met 'n geruste hart *amen* sê.

Gesang 313 ***Ds WE Joubert*** ***Noupoort***

25 Oktober ***Wees barmhartig soos God barmhartig is*** **Lukas 6: 27-36**

Wanneer ons dié gedeelte lees, kan dit vir ons voel of God van ons die onmoontlike vra. Ons hoor: wees lief vir dié wat julle haat, seën die mense wat julle vervloek, bid vir dié deur wie julle sleg behandel word. Die voorbeelde wat Jesus gee van hoe om dit te gaan doen, naamlik draai die ander wang, gee nie net jou boklere nie maar ook jou onderklere, kan ons laat voel dat om Christen te wees, is om vloermatjie te wees. Iemand oor wie ander loop en met wie hulle maak wat hulle wil.

Dit is juis nie wat Jesus van ons vra nie. Om barmhartig te wees soos God barmhartig is, vra dat ons met liefde en deernis ander sal wys op optrede wat tot skade lei, optrede wat nie is volgens wat God se liefde van ons vra nie. Om dit aan te spreek wat nie binne God se liefde is nie. Ander bewus te maak van God se liefde en hoe die liefde van God geleef behoort te word.

Dit gaan oor die ontmaskering van die ongeregtigheid en boosheid in die wêreld, en die verkondiging van God se liefde. Dit is 'n leefwyse waar ander

se gemeenheid nie die maatstaf word van ons eie optrede nie, maar God se matelose liefde ons enigste maatstaf is.

Gesang 489: 1-4 ***Ds A Botha*** ***El-Flora***

26 Oktober ***Glo jy dit?*** **Johannes 11: 17-44**

Marta en Maria het verlies gely, hulle broer Lasarus is dood. Hulle soek troos by Jesus. In die *ek weet*-woorde van Marta, in verse 22-24, is 'n stuk menswees opgesluit wat ook deel is van elkeen van ons. Met *ek weet*, wil ons onsself en ander troos: *Ek weet God is in beheer, ek weet God is liefde.* Hoe dikwels gebruik ons nie self die woorde nie, hoe dikwels sê ons dit nie om die geykte trooswoorde af te weer nie? Dit weerspieël ons moedeloosheid. Ons sê *ons weet* omdat ons nie altyd verstaan nie, en wil sê soos Marta en Maria: *Here, as U hier was...* Kon God nie gekeer het nie? Kon God nie gesond gemaak het nie?

Jesus weet, ons weet, God is liefde, God is in beheer. Jesus weet, maar om te weet, is nie genoeg nie. Daarom vra Jesus, *Glo jy dit?*

Hierdie vraag ruk ons tot stilstand, vra 'n verantwoordelike antwoord, 'n lewe wat van jou antwoord, jou *Ja* getuig. Ons *ja* kan nie sonder inhoud wees nie. Dit vra 'n belydenis. Dit vra 'n antwoord soos dié van Marta: *Ja, Here, ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom.*

Jesus moedig ons aan: *Glo dit, sien God se heerlikheid.* Jesus kyk op, weg van die graf, rig sy oë op God, want opstanding en lewe is om God te verheerlik. Jesus leer ons om ook in ons eie nood weg te kyk van die duisternis van die graf, te vertrou op God, te onthou: *Ek is die lig vir die wêreld*, en in die Lig te lewe.

Gesang 481: 1-3 ***Ds A Botha*** ***El-Flora***

27 Oktober ***Maak ek altyd so met jou?*** **Numeri 22: 22-35**

Hierdie is een van die verhale in die Bybel wat ek nie kan lees sonder dat dit 'n glimlag om my mond en 'n lag in my oog bring nie. Dit laat my dink aan die stories van my kleintyd, van Oupa en Ouma wat vertel van hulle ergernis met die donkies wat hulle karretjie moes skool toe trek, oor hoe steeks en eiewillig so 'n donkie kan wees. Dan kry mens sommer vir ou Bileam jammer dat hy so moes sukkel met dié donkie van hom.

Wanneer ons lees van die engel van die Here wat vir Bileam voorstaan, besef ons die verhaal gaan oor baie meer as 'n nukkerige donkie; dit gaan oor nukkerige mense, dit gaan oor God wat besorg is oor hierdie nukkerige mense. God wat wil bewaar van seer wat veroorsaak word deur ons eie verkeerde keuses. Keuses wat ons dikwels maak sonder om God te raadpleeg, of as ons God raadpleeg, hoor ons nie wat God sê nie, omdat ons in elk geval klaar ons eie antwoorde het. God roep ons tot stilstand met die woorde van die donkie: *Maak ek altyd so met jou?*

Dikwels gebruik God die mees onwaarskynlike persoon om met ons te praat, in hierdie geval die donkie. So het God die seun van 'n timmerman, Jesus, gestuur om te vertel van God se liefde vir ons, om die wêreld tot stilstand te bring, te sê: *so maak God, gaan maak julle ook so!*

Gesang 571: 2-4 ***Ds A Botha*** ***El-Flora***

28 Oktober ***Vertrou God*** **1 Konings 17: 1-16**

'n Weduwee in Sarfat word gekies om vir Elia te sorg. Die weduwee kry swaar weens haar lewensomstandighede, sy het nie meer 'n man nie, moet vir haarself sorg, en met die droogte gaan dit nog slegter met haar. Kan ons onsself die hopeloosheid van haar situasie indink, met 'n handvol meel en 'n honger kind?

Die vreemdeling dring by haar aan: gaan maak die kos, maar gee eers vir my, daarna kan jy en jou kind eet, God sal sorg, die kos sal nie opraak nie. Wat sou ons gedoen het? Hierdie vrou is 'n Fenisiese vrou, sy is nie 'n Israeliet nie, sy ken nie vir Elia nie, sy ken nie sy God nie. Nou word daar van haar verwag om hierdie man te vertrou, 'n God wat sy nie ken nie te vertrou. En sy doen dit; sy plaas haar laaste hoop in God se hande. Sy gaan maak die kos. Dit raak nie op nie. God bring hoop in haar hopeloosheid.

Die vrou se optrede het my laat wonder: hoe maak ons, hoe maak ek? As hierdie vrou wat nie eers vir Elia ken nie, nie vir God ken wat Elia aan haar verkondig nie, so onvoorwaardelik, sonder huiwering God vertrou met haar lewe, behoort ons dit nie ook te doen nie? U en ek ken God, ons gaan elke Sondag kerk toe, praat elke dag met God, leef elke dag met God by ons. Ons ken God. Ons weet wat God vir ons wil, kan doen. Tog doen ons dit so dikwels nie; ons wil self ons lewe reël, self sukkel, in ons moedeloosheid bly sit. Miskien het dit tyd geword dat ons soos hierdie vrou dit waag om God te vertrou met ons lewe, ons laaste hoop.

Gesang 504: 3, 5 ***Ds A Botha*** ***El-Fora***

29 Oktober *Ons is gestuurdes* **Johannes 17: 1-16**

Om totsiens te sê, was nog altyd vir my baie moeilik. Veral as ek weet dat die totsiens beteken dat ek daardie persoon nie gou weer gaan sien nie. Dit is veral moeilik as jy baie lief is vir die mens, en 'n groot deel van jou lewe en menswees met die persoon gedeel het. Dit is dan dat jy eintlik met jou hele hart wens dat jy langer kan bly.

Jesus se dissipels het sekerlik ook iets hiervan ervaar, toe hulle hoor: *Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar julle bly nog in die wêreld.* Jesus saam met wie hulle, dag vir dag, hulle lewe gedeel het, gaan weg, en hulle bly agter. Wat nou? Waarheen nou?

Jesus verduidelik met hierdie gebed dat die lewe gaan oor eenwees met God en in die eenwees met God gestuurwees.

Jesus se gestuurwees is in die Johannesevangelie baie belangrik. Jesus is deur God gestuur om hier op aarde te kom woon en te werk, en God se liefde vir die wêreld, vir mense, vir ons, sigbaar te maak. Hierdie opdrag van Jesus sluit in om van ons ook God se gestuurdes te maak. Mense wat God se liefde leef. Jesus weet ons kan nie op ons eie as gestuurdes lewe nie, ons het Jesus, God in ons lewe nodig om dit te kan doen. Daarom gaan Jesus nie maar net weg en los ons hier op ons eie nie. Nee, Jesus doen die kosbaarste ding wat mens vir enige iemand kan doen. Jesus bid vir ons.

Jesus bid dat ons hier bly, want dit sal sleg wees vir ons en sleg wees vir die wêreld as God ons hier wegneem. Ons is God se gestuurdes. Gestuurdes is mense met 'n boodskap, met iets om te vertel, mense wat 'n doel het hier op aarde.

Gesang 503: 1-3 ***Ds A Botha*** ***El-Flora***

30 Oktober *Ons moet onthou!* **1 Konings 19: 1-14**

Ons word en is baie maal so moedeloos. Dit kan naderhand vir ons voel asof ons probleme en vrese en ellendes ons papdruk. Ons is alleen, of ons het finansiële probleme of ons werk plaas baie druk op ons, of ons kinders is buite beheer of ons ouers verstaan ons nie! So kan ons aangaan. In die Bybelse tyd het mense, ook dié wat vir die Here gewerk het, ook soms so gevoel.

In ons teksgedeelte vind ons Elia, die man van God, die een wat die Baäl-profete verslaan het, die man wat uitdagend en selfversekerd die werk wat

God aan hom gegee het gedoen het, as net 'n skadu van die man wat hy was. Elia is lewensmoeg, moedeloos en bang.

Dit is asof Elia vergeet het! Hy het vergeet dat die Here altyd met hom was, dat dit die Here was wat hom gelei het in wat hy moes doen, dat dit die Here was wat geseëvier het oor die heidense profete. Maar God het nie vergeet nie. God stuur die engel om Elia te voed om hom krag te gee om na die plek van God – die berg Horeb – te gaan, waar die Here hom wil ontmoet, waar die Here hom wil laat onthou!

Wanneer Elia daar kom, sê die Here vir hom dat Hy wil verbygaan. God wil Elia aanraak, by hom teenwoordig wees, hom laat onthou. God openbaar God in die fluistering van die windstilte, in die nabyheid van die ligte bries, God omvou Elia met 'n roering van die wind. Hierna gaan Elia en hy gaan doen weer die werk van die Here.

Ons hoor hier van 'n man wat vergeet het van die Here se nabyheid, sy teenwoordigheid en sy liefde. Maar die Here laat hom weer onthou, die Here omvou hom met liefde en raak hom aan met sy teenwoordigheid. Elia se omstandighede het nie verander nie, maar hy het onthou dat die Here by hom is, en dit het hom die krag en die moed gegee om aan te gaan.

Laat ons soos Elia onthou, nie omdat ons omstandighede noodwendig beter gaan word nie, maar omdat ons deur God se teenwoordigheid en God se liefde die krag en die ondersteuning kry om aan te gaan!

Gesang 509: 1-4 ***Ds MM Oosthuizen*** ***Warmbad***

31 Oktober ***Ons kan en behoort "nuwe toertjies te leer" as kinders van God*** **Johannes 15: 1-17**

Ons almal het al, wanneer iemand ons aanspreek oor 'n sekere ding wat ons gedoen of oor iets wat ons gesê het, of 'n manier waarop ons 'n situasie hanteer het, iets geantwoord soos: *ag, dit is maar hoe ek is*, of iets soos: *ek is so gemaak en so laat staan, en die mense moet my nou maar so opgebruik*, of selfs: *as jy my nie wil aanvaar soos ek is nie, moet jy maar vir jou 'n ander vriend of vriendin gaan soek.* Ons hoor ook daagliks slagspreuke soos: *wees getrou aan jouself* en *jy kan tog nie vir 'n ou hond nuwe toertjies leer nie.*

In dié baie bekende teksgedeelte verduidelik Jesus in verse 1 tot 8 dat ons in Hom moet bly, en in die volgende gedeelte, vanaf vers 9, sê Hy hoe ons dit moet doen.

Om in Jesus te bly, is om gehoorsaam te wees aan sy Woord. Dit is om so verbind te wees aan Christus dat Jesus ons aanspreek. Dat ons Jesus se stem hoor in alles wat ons dink, sê en doen. Dat ons lewe deurdrenk is met Christus. Om in Jesus te bly, beteken dat ons nie kan bestaan buite die kring van Jesus se arms en Jesus se woorde nie. Dat wat óns wil hê nie meer die belangrikste is nie, maar dat Jesus se liefde en lewe 'n appèl op ons rig om te doen wat Christus van ons vra. Ons moet word wat Christus ons roep om te wees – sy dissipels, sy navolgers in woord en daad.

Dit beteken dat ons nie meer kan wegkruip agter *hoe ons is* en *hoe ons gemaak is* nie. Dit beteken dat ons altyd bereid moet wees om nuwe toertjies te leer, as ons ou toertjies nie na die wil van God is nie. Dit beteken dat ons elke keer opnuut behoort te buig na die Here se wil, na die voorbeeld van Christus. Ons behoort ons elke keer opnuut weer te meet aan die Woord van God. Soos die kerk in die tyd van die Hervorming gemeet is, en toe gesien is dat dinge nie meer is soos dit behoort te wees nie.

Jesus wys vir ons dat God se liefde en sy liefde ons nuut kan maak vir hierdie wêreld. Jesus wil ons in hierdie gedeelte leer om anders te dink oor mekaar, oor ons besigwees met mekaar en oor Christenwees. Dit vra elke dag van ons om die keuse te maak, om onsself uit die middelpunt van ons lewens te haal, en om te lewe uit die liefde van God, met liefde na ander.

Gesang 523: 1-4 ***Ds MM Oosthuizen*** ***Warmbad***

1 November ***Ons moet doen soos ons sê, en sê soos ons doen!*** **Matteus 21: 28-30**

Dit het al so dikwels met my gebeur dat ek iemand vra om vir my iets te doen en dan sê hulle summier nee, maar dan voel hulle tog na 'n ruk skuldig en gaan doen dit maar. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar. Ek het net so dikwels al iemand gevra om iets te doen en dan stem hulle vinnig in, maar as ek weer sien, moet ek dit in elk geval self gaan doen, want hulle het dit toe nooit gedoen nie.

Daarom was Matteus 21: 28-30 nog altyd vir my 'n vreemde teks, want hier doen hierdie twee seuns presies dit waarna ek nou verwys het, en terwyl dit nog nooit vir my lekker was as dit gebeur het nie, was sulke optrede vir my nog nooit 'n lewenskrisis nie. Maar nou vra Jesus in hierdie gedeelte vir ons, en vir die mense wat na Hom luister, om te kies. Ons moet nou sê watter een van hierdie twee seuns het reg opgetree.

As ons na die kultuur van daardie tyd gaan kyk en mooi daaroor gaan dink, dink ek nie een van hierdie twee seuns het eintlik reg opgetree nie. In 'n samelewing wat gedraai het om eer en skaamte, en waar die pa deur die doen en late van die hele gesin eer kon verloor, het hierdie twee seuns hulle pa in die skande gesteek. Hy het eer en status in die samelewing verloor omdat albei sy seuns hom in die publiek, waar hy hulle gevra het om die werk te gaan doen, in die skande gesteek het deur nie te doen wat hy hulle vra nie.

Die een seun sê hy sal die werk gaan doen, maar dan bly hy net waar hy is en gaan werk nie, terwyl die ander seun klaar voor almal nee sê, en so direk sy pa se gesag verontagsaam en sy eer aantas. Dan help dit nie eintlik later dat hy maar wel gaan en die werk doen nie: die skade is klaar gedoen.

Jesus probeer die mense leer dat ons mense moet wees wie se woorde en dade ooreenstem. Ons kan nie sê ons is Christene en dan nie soos Christene optree nie. Wat ons sê en wat ons doen, behoort ooreen te stem en dit behoort alles tot eer van God te wees.

Gesang 530: 1-3 ***Ds MM Oosthuizen*** ***Warmbad***

2 November ***Doen aan ander soos Jesus gedoen het*** **Lukas 22: 31-34; 54-62**

Elkeen van ons ken die gevoel wanneer iemand ons te na kom, wanneer iemand ons seer maak, ongelukkig maak of teleurstel. Ons eerste reaksie is gewoonlik dat ons niks meer met die persoon te doen wil hê nie, of dat ons wil hê dat daardie persoon net so seer moet kry soos wat ons gekry het. En dit is ook die boodskap wat deur baie films en storieboeke uitgedra word. Hoeveel keer hoor ons nie 'n verhaal nie waar die karakter belowe om wraak te neem of waar die karakter jare lank in bitterheid lewe as gevolg van die feit dat iemand hom of haar te na gekom het.

In die teksgedeelte sien ons hoe Petrus sy belofte aan die Here, om by Hom te wees tot in die dood as dit moet, verbreek. Wanneer hulle Jesus gevange neem, begin Petrus klaar om hom van Jesus te distansieer, hy volg maar redelik op 'n afstand, ver genoeg dat niemand hom met Jesus kan verbind nie. Wanneer hy buite die hoëpriester se huis saam met die slawe rondom die vuur staan, ontken hy nie een maal nie, maar drie maal, dat hy Jesus ken. Petrus verloën Christus! In ons taal vandag kan ons sê Petrus *steek Jesus in die rug*, Petrus draai sy rug op sy Verlosser, sy Messias.

Ons kan ons indink dat Jesus op daardie oomblik net soos ons mense kon

gereageer het. Hy kon Petrus uitgeskel het vir alles wat sleg is, Hy kon sy rug op hom gedraai het en hom uit sy lewe verstoot het, maar ons lees in die teksgedeelte in Lukas 22: 61: *Die Here het omgedraai en Petrus aangekyk...* Jesus kyk om na Petrus met liefde in sy oë, Hoekom? Want Jesus is Gans Anders, Jesus is die gesig van God na die wêreld, en die personifikasie van die liefde van ons Here. Jesus vergeld nie met haat of wraak of nyd of slegte gedagtes of kilheid of geniepsige optrede nie. Jesus vergeld met liefde.

Jesus het geweet wat Petrus gaan doen, Jesus was bewus van Petrus se swakheid, maar Hy het hom steeds liefgehad, Hy kon steeds met liefde in sy oë na Petrus kyk!

Hierdie gedeelte leer elkeen van ons om te gaan doen soos Jesus gedoen het. Dit beteken nie ons moet toelaat dat mense oor ons loop nie, maar ons kan begrip hê vir ander se swakheid, vir hulle onkunde en hulle menswees. Kom óns volg elkeen vandag die voorbeeld van Jesus, kom óns lewe in liefde, vergeld met liefde, en doen aan ander soos wat Jesus aan Petrus gedoen het, en elke dag ook aan ons elkeen doen!

Gesang 393: 1, 3, 4 ***Ds MM Oosthuizen*** ***Warmbad***

3 November ***Dit is nie nodig om met God te onderhandel nie, ons kan maar net vra!*** **Rigters 11**

Ons almal ken die kuns van onderhandeling, en pas dit ook op die een of ander manier toe in ons daaglikse lewens. Ons onderhandel by die werk oor kontrakte, salarisverhogings, werksverdeling en doelwitte. By winkels onderhandel ons vir afslag, beter produkte en beter diens. Met mekaar en ons kinders onderhandel ons elke dag: *As jy die asblik sal uitgooi, sal ek die skottelgoed was. As jou punte verbeter, gee ek jou R100. As jy vanaand opstaan vir die baba, staan ek môre-aand op. As jy gou gaan melk koop, ontdooi ek solank die maalvleis.*

In ons teksgedeelte probeer Jefta om met allerhande onderhandelings sy persoonlike posisie te versterk. Hy onderhandel met almal vanaf die oudstes van Israel, die Ammonitiese koning en uiteindelik ook met God. Jefta probeer met die Here 'n onderneming sluit wat aan hom die oorwinning verseker. Hy probeer net honderd persent seker maak dat alles uitdraai soos hy dit wil hê.

Jefta besef skynbaar nie wat dit beteken om uit die Hand van die Here te leef nie. Hy het nooit nodig gehad om met die Here te onderhandel nie,

want ons teksgedeelte sê in vers 29 dat die Gees van die Here reeds oor Jefta gekom het. Met ander woorde, die Here was reeds met hom, die Here sou hom reeds bygestaan het in die geveg.

Deur sy eie wanbegrip verloor hy sy dogter. Hy kies om sy behoeftes te voed deur onnosel beloftes te maak en hy besef nie dat ons nié met die Here kan onderhandel nie. Ons kan nie die Here intrek in ons menslike manier van doen nie. En dit is ook nie nodig nie!

God ken ons! God weet wanneer ons seer het, wanneer dit moeilik gaan en wanneer ons nie meer weet waarheen nie. By God lê ons enigste troos, en ons enigste hoop. Daarom mag ons tot God bid, moet ons tot God bid, en moet ons in 'n verhouding met die Here staan. Maar ons moet ook ons afhanklikheid besef, en bewus raak van die genade in ons lewens. Wanneer God ingryp in ons lewens is dit genade, dit kan nooit wees omdat ons God iets aangebied het wat God nie kan weerstaan nie, omdat ons God iets in ruil probeer aanbied soos Jefta nie.

Ons hóéf God nie te manipuleer om aan ons behoeftes en uitroepe aandag te gee nie – ons kan maar net vra!

Gesang 502: 1, 3, 4 ***Ds MM Oosthuizen*** ***Warmbad***

4 November ***Maak vrede met die geheimenis van die lewe*** **Job 39: 34-38**

Worsteling, teleurstelling en swaarkry is deel van en eie aan ons tyd. Dit gebeur so maklik dat ons weens sekere gebeure negatief raak teenoor die lewe, veral as dit 'n mens persoonlik raak. Jy het dalk vroeg in jou lewe al te make gekry met swaarkry en verlies. Jy het dalk as kind al 'n ouer verloor. Saam daarmee het jy dalk 'n siektetoestand opgedoen wat jou die gebruik van 'n ledemaat gekos het. Waarom gebeur dit? Wat het ek gedoen dat dit oor my pad kom? Dit het geen sin in my lewe nie. Job het met dieselfde vrae geworstel toe hy self, geestelik en liggaamlik, lyding ervaar het.

Job het ten spyte van alles nie sy rug op God gekeer nie, maar hy het juis die Here daarmee gekonfronteer en gevra waarom alles so met hom moes gebeur. Hoewel God 'n diepe respek daarvoor het dat mense in hul lyding soms verbitterd en in opstand teenoor Hom is en verantwoording van Hom eis, gee Hy nie daaraan toe nie, maar wen die opstandiges na Hom toe. So kan jy, te midde van jou lyding, rus vind in gemeenskap met God. Wanneer jy God persoonlik ontmoet het, het jy nie meer verstandelike antwoorde nodig nie.

Baie dinge sal vir ons nog onduidelik wees. Paulus sê in 1 Korintiërs 13: 12: Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken. Ons sal nooit verstaan waarom sekere gebeurtenisse plaasvind nie, maar as ons God toelaat om ons te lei, kan ons vrede maak met die geheimenisse van die lewe, want God is in beheer.

Gesang 501 ***Ds FC Greeff*** ***Horison***

5 November ***Geloof*** **Lukas 8: 40-56**

'n Gelowige het volle geloofsvertroue in God. Maar wat is geloof? 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vasstaande vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het (Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag 21). Geloof is 'n gedeeltelike verstaan van die Woord van God, maar 'n volle vertroue in die God van die Woord. Dit is 'n werklikheid wat sterker as ons is en oormag oor ons het omdat God in ons lewens ingekom het.

Maar hoe gebeur dit dat ons dan nog onsekerheid in ons het? Weens geloof gaan ons ook onrus ervaar. Geloof is die weg na die onbekende. Geloof bring ons in een nuwe verhouding tot die werklikheid, dit bring ons in 'n verhouding tot God.

Elkeen van ons kom voor die vraag te staan. Vertrou jy op jouself of op God? Gaan jy nog aan die rotresies daarbuite deelneem en jouself oorgee aan die spanning en bekommernis van die gejaag van die lewe daarbuite? Of gaan jy jou vertroue volkome op God stel en verby die aardse bekommernis kyk, die bekommernis oor die dag van môre?

Gesang 502 ***Ds FC Greeff*** ***Horison***

6 November ***Hoop*** **Romeine 8: 18-30**

Veronderstel dat jy jouself moet vra: *Hoe voel jy oor die dag van môre?* Sal jy uitsien na dit wat nog voorlê? Sal jy die dag van môre met 'n gevoel van vreugde en blydskap tegemoet wil gaan, of gaan jy vashou aan dit wat in die

verlede gebeur het? Gelowiges kyk baie keer vas teen die omstandighede, dit wat nou en hier is, dit wat tydelik van aard is. Gelowiges vergeet so maklik van ons toekomstige heerlikheid by God en dat ons waarlik verlos is van die sondeslawerny.

Elke ware gelowige is gered en daarom behoort daar by elkeen van ons hoop te wees. Hoop is geloof wat op die toekoms gerig is. Dit is die onwrikbare vertroue dat God sal doen wat Hy beloof het. Geloof en hoop is twee kante van dieselfde muntstuk. In Hebreërs 11:1 staan: *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.* Geloof gaan oor tot die hoop. Om te hoop, is om te wag, om iets beters in die toekoms te verwag. Die mens wat hoop, het 'n vaste vertroue dat dit in die toekoms beter sal gaan. Hy verwag vir homself, vir sy medemens en vir die wêreld beter dinge en sien verlangend na die beter toekoms uit.

Ons behoort vol hoop en vol vertroue te wees om aan te gaan met ons lewens ten spyte van gevare en sorge, stryd en lyding. Paulus stel dit duidelik in Romeine 8: 38-39: *Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

Gesang 602 ***Ds FC Greeff*** ***Horison***

7 November ***Dankbaarheid*** **1 Timoteus 1: 12-20**

Hoeveel keer gebeur dit dat ons nadink oor voorregte en dankbaarheid? Ons aanvaar dat so baie dinge net vanselfsprekend so moet wees. Wanneer ons besef dat iets vir ons 'n voorreg is, dan behoort ons dankbaar te wees. Dit gebeur maklik dat ons begin wonder oor God se genade en verlossing, veral wanneer ons aan die nagmaal deelgeneem het. Is dit nie vir elkeen van ons 'n groot voorreg nie?

Die Here het gekom om ook elkeen van ons te verlos van die sonde en die ewige dood. Die Here wil ook aan elkeen van ons geloof bring waar daar ongeloof is, liefde waar daar haat is. Die Here wil ons lei en dra in sy hande van liefde. Dit kan slegs gebeur as ons God toelaat om dit te doen, as ons God se genade aanneem en 'n dankbare lewe voor Hom lei. Die Heilige Gees het gekom om ons harte te omskep, te verander en te vernuwe: om 'n ander inhoud, lewensrigting en lewenswaardes in ons harte te gee; om ons met Christus te verenig en om Christus in ons te laat gestalte aanneem.

Die ware gelowige is nie net vol vreugde nie, maar ook vol dankbaarheid. Ons lewe behoort 'n dankbaarheidslewe te wees, en 'n mens wat waarlik dankbaar is, gaan nie dinge doen wat teen God se wil is nie.

Gesang 309 *Ds FC Greeff* *Horison*

8 November *Vertroue* **Jeremia 17: 5-13**

Dit is belangrik om onsself af te vra waar ons ons vertroue plaas: op onsself, op mense, of op God? Jeremia het voor dieselfde vraag te staan gekom. Hy weet uit eie ondervinding dat die mens van harte 'n bedrieër is wat nie alleen ander mense nie, maar ook homself en selfs vir God sal probeer bluf. Jeremia het geleer dat jy die Here alleen kan vertrou. As jy dit doen, dan is jy 'n geseënde mens.

Die Here vra dat ons op Hom sal vertrou vir ons lewe. Hy laat Hom nie maar ook dien nie. Jy dien Hom en Hom alleen of jy dien Hom nie. Die werklikheid van die lewe kan dan ook gekompliseerd raak. Ons lewe saam met God gaan nie altyd maklik wees nie. Ons kan net glo, hoop en vertrou.

Gesang 499: 1-3 *Ds FC Greeff* *Horison*

9 November *Die gemeenskap met God* **Numeri 7: 1-11**

Die tabernakel was klaar. Dit was gesalf en geheilig. Daar sou nou 'n plek wees waar die volk van God met offers en seremonies voor Hom kon kom. Moses, die tussenganger tussen God en volk, sou Hom hoor spreek van die versoendeksel van die ark af, en daar sou hy namens die volk met God spreek. Die tabernakel sou die plek wees waar God en mens mekaar ontmoet. Die gemeenskap tussen God en sy volk sou daar sigbaar word.

Die eerste offers moes kom van die twaalf stamowerstes. Hulle het die hele volk verteenwoordig, in die volheid van hul twaalf stamme. Hier moet dus 'n volledige gemeenskap tussen God en volk sigbaar word. Die offers wat gebruik is in die diens van die tent van ontmoeting was waens en beeste vir die vervoer van die tabernakel, silwer skottels en komme, goue rookpanne, bulle, jaaroud lammers en bokramme as inwydingsgawes vir die altaar en as dankoffers. Die skottels, komme en panne moes by die altaar gebruik word en die vee geoffer word. Die fyn meel in die skottels en komme moes dien vir die spysoffer en die reukwerk in die panne vir die reukoffer. So het God

sy volk toegelaat om vir Hom 'n heiligdom in te rig. Dit was die begin van baie offers deur die eeue heen. Op die tabernakel sou tempels volg.

Offers, altare, tente en tempels het verbygegaan. Die gemeenskap tussen God en mens wat daarin tot stand gekom het, was voorlopig. God het dieselfde gebly in sy trou aan die mens, maar die mens het die gemeenskap steeds verbreek. Die offers en seremonies het gevaarlik geword omdat mense die hele godsdiens daarin wou saamvat.

Daarom het God self die offer eens en vir altyd voorsien, en 'n gemeenskap opgerig wat nie aan 'n plek of gebou verbonde is nie. In Jesus Christus het God gedoen wat die heiligdom nie kon doen nie: ons met Hom versoen en aan ons verlossing geskenk.

Psalm 100 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

10 November ***Die Leviete*** **Numeri 8: 5-20**

Die Leviete was 'n offer van die volk aan die Here. Die Here het hulle op sy beurt aan Aäron en die priesters gegee om sekere pligte in en om die tabernakel te vervul. Die seremonies wat hulle moes ondergaan, was bedoel om hulle volledig te laat afskeid neem van hulle vorige bestaan en hulle gereed te maak vir die nuwe lewe wat op hulle gewag het. Hulle is onttrek aan die gewone lewe om die volk te verteenwoordig in die diens van God. So het hulle die plek ingeneem van die eersgeborenes van die hele volk. In Ekodus 19: 6 sê die Here vir Israel: *Júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees* (1953-vertaling). Saam met die priesters moes die Leviete juis daardie eienskap van die Godsvolk vertoon.

Die Leviete moes dus dien as 'n simbool van wat die hele volk moes wees. Hulle afgesonderdheid, reiniging en voortdurende diens by die tabernakel moes aan die volk toon wat dit werklik beteken om volk van God te wees. Tegelyk was hulle die plaasvervangers van die volk in die sigbare uitdrukking van die verbondsverhouding tot God.

Die dienswerk van die Leviete was dié van bystand aan die priesters. Hulle het dus behoort tot die laere tabernakelpersoneel. Die diens van God het nou eenmaal ook eenvoudige en nederige aspekte: skoonmaak, deure oopsluit, ensovoorts. Die verhewe taak van die priesters val egter tesame met die nederige taak van die Leviete onder dié dinge wat verbygegaan het, omdat dit nie kon doen wat dit moes doen nie. Die gemeenskap met God kon nie deur hierdie ampsdraers in stand gehou word nie. Hulle kon nie die ware middelaars wees nie.

God het self die ware Middelaar voorsien. Hy het die offer gebring en was self die offer wat ons met God sou versoen. In Hom sien ons die ware volk van God in sy geheiligdheid en deur geloof in Hom kan ons volk van God wees.

Gesang 440 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

11 November ***'n Tweede Paasfees*** **Numeri 9: 1-14**

Op sy tog deur die woestyn moes Israel nie net met sy offers by die tabernakel nie, maar ook met sy feeste getuig dat hy volk van God is. In baie opsigte kan die Paasfees beskou word as die fees wat Israel moes herinner aan sy wording as volk. Dit het hom herinner aan die nag toe hy sy lang tog uit die slawerny na die vryheid begin het. Die bloed van die Paaslam het hom daardie nag gevrywaar van die dood, en nou, in die woestyn, moes die Paasfees dit alles weer lewendig in herinnering bring en jonk en oud daaraan herinner dat hulle op pad is na die beloofde land, enkel en alleen omdat God hulle uit Egipte verlos het.

Dit was 'n voorreg om Paasfees te vier. Om dit te kon doen, moes die nodige reinheidsvoorskrifte in ag geneem word en moes almal teenwoordig wees op die dag van viering, naamlik op die veertiende dag van die eerste maand. Sekere mense kon deur omstandighede buite hulle beheer nie aan die reinheidsvoorskrifte voldoen nie, naamlik mense wat deur die dood van 'n familielid gedwing is om 'n lyk te hanteer. Vir hulle, en ook vir mense wat tydens die Paasfees 'n lang reis moes maak, is 'n tweede Paasfees gereël, 'n maand later, op die veertiende van die tweede maand.

Die wetgewing is dus aangepas om voorsiening te maak vir besondere omstandighede. Die Paasfees het die belangrikste Israelitiese fees gebly tot in die tyd van die Nuwe Testament toe dit 'n nuwe inhoud ontvang het. Die Paasfees van die Nuwe Verbond herdenk die vervulling van die Ou Verbond en herinner die gemeente aan sy wording as gemeente van Christus. Die opstanding van Christus het 'n nuwe daeraad laat daag. Die slawerny onder die mag van sonde en dood is verby en ons is op pad na die ewige rus van vryheid as kinders van God. Wat die wet nie kon doen nie, het die nuwe Paaslam gedoen. Christus het ons die ware vryheid geskenk.

Gesang 415 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

12 November ***Tabera*** **Numeri 11: 1-3**

Op die trekpad tussen Egipte en die beloofde land het daar name agterge-

bly wat nog eeue later aan gebeurtenisse langs die pad sou herinner. Elke naam vertel sy eie verhaal. Gewoonlik is dit 'n verhaal wat getuig van die geduld van God en die ongeduld van die volk. Die volk se trek deur die woestyn is gekenmerk deur murmurering en opstandigheid. Hulle het die mentaliteit van slawe lank behou. 'n Gemor oor water en kos was hulle antwoord op die verlossing uit slawerny. Hulle houding was in skrille kontras met die wonderbare sorg van God. By Mara het bitter water drinkbaar geword; in die woestyn Sin het daar brood uit die hemel begin val en het hulle vars vleis gekry om te eet; by Rafidim het 'n rots water voorsien.

Die naam Tabera sou by die Israeliete van later tye 'n rilling bring. Dit was die plek waar die vuur gebrand het. Die naam sou hulle daaraan herinner dat God nie net in genade naby hulle was nie, maar ook in toorn. Hulle geklaag oor swaarkry is beantwoord met die vuur van God se toorn. So moes hulle ontdek: ons God is 'n verterende vuur. Dit was weer Moses wat tussen hulle en God moes bemiddel. Op sy gebed het die vuur doodgegaan. God se toorn eindig altyd weer in genade. Hy het self vir Moses geroep en aangestel om tussen Hom en die volk middelaar te wees. Hy wou by voorbaat genadig wees. Maar sy toorn is onafwendbaar aan sy genade verbind.

Die toorn van God oor die sonde sou op sy duidelikste geopenbaar word aan die kruis. Daar het sy woede teen die sonde groot afmetings aangeneem. Hy het gestraf met die verlatenheid van die hel self. Hy het dit gedoen om genadig te wees. Nou geld vir ons die woord uit Hebreërs 10: 26-27: *Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. Daar bly alleen 'n verskriklike verwagting oor van oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer.*

Psalm 38 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

13 November ***Kibrot-Taäwa*** **Numeri 11: 4-23, 31-35**

Kibrot-Taäwa, grafte van begeerte. So heet een van die plekke langs die trekpad tussen Egipte en Kanaän. Die naam vertel 'n geskiedenis en dit is nie 'n mooi geskiedenis nie. Die Israeliet wat dit gehoor het, het geweet dat dit net die Here se oneindige genade was wat verseker het dat Israel sy volk sou bly.

Die nie-Israeliete wat met Israel saamgetrek het uit Egipte, het blykbaar die ding begin, en Israel het gevolg. Dit was hierdie keer nie 'n gemor oor broodgebrek nie, want die manna het nog gereeld gekom en daar was genoeg vir

almal. Maar hulle wou vleis by hê. Hulle sou die vryheid wat hulle pas ontvang het, met graagte verruil vir die slawerny in Egipte, want daar was genoeg vis en groente. Soos regte slawe het hulle met die maag gedink.

Dit is 'n radelose Moses wat 'n bitter klag teen die Here rig oor die volk wat hy moet lei en versorg. Die volk se houding was vir hom een te veel. Hy verkies die dood bo hierdie las wat hy moet dra. So bring die mens die heilsgeskiedenis telkens weer by 'n mislukte einde. Die volk wil terug slawerny toe en sy leier wil sy verantwoordelikheid nie meer dra nie. Wat bly oor? Net die lankmoedigheid van die Here. Maar die lankmoedigheid het vereers net die aanskyn van 'n verskriklike straf. Die Here gee vleis soos hulle gevra het, maar Hy straf hulle met oorvloed. Twee dae en 'n nag lank maak hulle gulsig bymekaar, sodat die een wat die minste gehad het, steeds tien donkievragte kwartels gehad het. Skaars het hulle begin eet of die Here tref hulle met 'n groot slagting. Soos die ryk dwaas sterf hulle met baie, sonder dat hulle iets daarvan het.

Baie later sou hierdie geskiedenis se boodskap op 'n ander wyse bevestig word. Soek eers die koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Sonder die koninkryk is daar net grafte van begeerte.

Gesang 471 ***Prof JP Oberholzer*** ***Emeritus***

14 November ***Gebed is gemeenskap met God*** **Eksodus 33: 7-23**

Gebed is 'n verlange, 'n versugting, 'n vurige begeerte in die hart van die mens om in 'n intieme verhouding met God en sy Seun te verkeer. Psalm 105: 4 sê dan ook vir ons: *soek gedurig sy teenwoordigheid.* Na die mate wat ek God soek in gebed, sal ek sy gemeenskap en teenwoordigheid ervaar.

Die ander sy van die saak is net so waar. God verlang en begeer om met ons 'n intieme verhouding te hê, nog meer as wat ons dit begeer. Hy het die mens geskape om in gemeenskap met Hom te lewe en maak dit vir ons moontlik in sy Seun en deur sy Gees. In 1 Johannes 1: 3 staan daar: *En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.* Net soos 'n pen gemaak word met die doel om te skryf, so is die mens geskape met die doel om God te aanbid, en met Hom geestelike gemeenskap deur sy Gees en Woord te hê.

Daar is verskeie maniere waarop ons gemeenskap met God kan geniet. Ons het byvoorbeeld gemeenskap met Hom deur gebed, deur sy Woord en deur die sakramente. Ons fokus egter vandag op gemeenskap deur gebed.

Die Here wil met ons 'n intieme verhouding aanknoop. Hy wil hê dat ons sy heilige teenwoordigheid moet ervaar en indrink. Die Here het met Moses gepraat soos 'n mens met sy vriend sou praat. Moses se volkome toewyding aan God en sy vertroue in die leiding en wysheid van God het tot gevolg gehad dat daar 'n baie hegte verhouding tussen hulle was.

Ons kan ook die voorreg geniet. Deur gebed kan ons naby aan God kom en sy teenwoordigheid ervaar. Die Here wil ons ontmoet, Hy wil met ons praat, ons aanmoedig, ons versterk, ons vertroos, ja, en ons bestraf as dit nodig is. Hy wil vir ons genade, raad en leiding gee en sy liefde oor ons uitgiet soos 'n moeder met haar kind doen.

Gesang 276: 1-2 ***Ds C Lemmens*** ***Villieria***

15 November ***Die gebed van samestemming*** **Matteus 18: 15-20**

Die gebed van samestemming is 'n gebed met groot potensiaal, baie krag en verreikende gevolge. Jesus sê in hierdie teksgedeelte dat as ons oor enige saak saamstem in gebed, sy Vader wat in die hemel is ons gebed verhoor!

Wat 'n geweldige belofte en kragtige gebedsmoontlikheid. Verder sê Jesus waarom dit so is: *want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle* (Matt 18: 20). Eerder as om oor so baie dinge alleen in gebed te worstel, kry ons van Jesus hierdie geleentheid en gepaardgaande belofte om saam met 'n broer of suster daaroor te bid. In Matteus 18: 16 staan daar dat *alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word.* Gebedsverhoring vind plaas wanneer ons leer om meer afhanklik van ons broer en suster in Christus te wees en meer dikwels in gebed saam met hulle oor 'n saak te bid. Dink maar net aan die wonderlike geleentheid en potensiaal wat dit vir 'n egpaar bied, om so saam te bid en saam te stem oor allerhande sake. Dit maak ons nederig om saam te bid oor 'n saak.

Die Here verseker ons dat sy Vader so 'n gebed sal verhoor. As twee of drie gelowiges waarlik oor iets saamstem, beteken dit baie meer as wanneer duisende op 'n oppervlakkige manier saamstem. Christene wêreldwyd getuig van wonderlike antwoorde op gebed wanneer hulle hierdie lering van Jesus volg en wanneer twee harte soos een oor 'n saak saamstem voor God. Kom ons neem hierdie lering ernstig ter harte. Kom ons bid veral saam oor daardie dinge waarmee ons worstel en waarin ons nie 'n deurbraak kan verkry nie.

Gesang 271: 1-2 ***Ds C Lemmens*** ***Villieria***

16 November ***Bid sonder om moed op te gee*** **Lukas 18: 1-8**

Jesus gebruik die gelykenis van die weduwee en die regter om vir ons te sê: Moenie moed verloor nie en moenie ophou bid nie. So baie keer wanneer ons amper-amper by die *wenpaal* van gebedsverhoring is, gooi ons handdoek in! Ons leef in die tyd van kitskoffie, kitskos, kitsgeld – noem maar op. God is egter nie 'n kitsgod nie, want Hy is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde. God is nooit haastig nie, Hy is immers die Een wat tyd geskep het.

Die weduwee van die gelykenis is 'n persoon sonder enige regte of mag in die oë van die regter. Sy kan maar net aanhou vra. Volgens die sosiale norme van haar tyd sou haar openlike verwyt aan die regter as skaamteloos beskou gewees het, maar dit wys hoe vasberade sy is. Na 'n tyd gee die regter tog in omdat hy besef dat hierdie vrou nie sal ophou om hom te pla nie. Daarmee wil Jesus sê dat as 'n onregverdige regter oorreed word om gehoor te gee, hoeveel te meer sal God dit nie doen nie. Die vrou het geslaag omdat sy volhard het in die saak waarin sy geglo het. Net so moet ons aanhou bid wanneer ons seker van ons saak is.

Wanneer Jesus sê dat ons moet aanhou bid totdat ons gebede beantwoord word, beteken dit nie dat ons alles aanhoudend moet herhaal, of ure lank sonder ophou moet bid nie. Aanhoudende gebed beteken dat ons volhardend sal bid en sodoende ook ons afhanklikheid van God betuig. As ons op dié manier in die geloof leef, sal ons nie moedeloos raak nie. God wag dalk voordat Hy antwoord. As Hy uitstel, is dit om 'n goeie rede. Ons moet nooit sy uitstel sien as versuim nie. As ons aanhoudend bid, groei ons ten opsigte van karakter, geloof en hoop.

Jesus spoor die gelowiges aan om tot die einde toe te volhard in gebed. Dit gaan nie net om gebed vir eie behoeftes nie, maar om gebed wat bewys sal lewer van ons volhardende geloof. Hierdie geloof is om vas te hou aan die boodskap van Jesus. Alhoewel God ons gebede onmiddellik hoor, sien ons nie altyd dadelik die resultaat daarvan nie. God is getrou en Hy help ons en verhoor ons gebede op sy tyd.

Gesang 278 ***Ds C Lemmens*** ***Villieria***

17 November ***As tragedie, teëspoed en mislukking kom*** **Romeine 8: 18-38**

En wat as tragedie, teëspoed en mislukking kom? Wat daarvan as dit voel asof die aarde met al sy vastigheid onder ons padgee, asof dit die einde van

'n goeie ideaal of mooi droom is, as hartseer, 'n ramp of ellende oor ons pad kom?

Weet juis dan dat God soewerein is, dat Hy oppermagtig is en beheer het oor alles, en dat niks ons lewens kan of sal raak waarvan God nie deeglik bewus is nie. 'n Mens kan nie altyd teleurstelling en pyn in die lewe vermy nie. Dit is deel van ons menswees. 'n Mens kan dit ook nie altyd verklaar of wegredeneer nie. Die belangrikste wat ons moet onthou, is dat die sugte en klagte gehoor en verhoor word. Daarvoor sorg God self! God die Heilige Gees woon in ons. Hy kan nie anders nie as om te hoor en selfs daardie sugte wat ons nie onder woorde kan bring nie, hoor Hy. En Hy doen ook iets daaraan. Hy bring die sugte na God die Vader toe.

Ons bestaan in 'n verbondsverhouding met God, 'n verbond van genade, wat nie gevestig is op grond van ons prestasies of verdienste nie. God is verbind aan sy eie verbond en deur sy verbond onderhou Hy ons en ondersteun Hy ons. Hy hou ons in die holte van sy hand en niks of niemand sal of kan ons uit sy hand ruk nie! Wat Hy van ons vra, is dat ons deur gebed bly vashou aan Hom en sy Woord, en bly vertrou op Hom en in Hom berus. Die Woord sê ook vir ons in Romeine 8: 37: *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet*, en in vers 39 dat niks ons kan skei van sy liefde nie.

Moet nooit ophou bid nie – gebed is die bron van al die krag, visie, kreatiwiteit, seën en sukses in ons lewens. Moet nooit die krag daarvan onderskat nie, dit is van onberekenbare waarde en is ons verantwoordelikheid, ons voorreg en ons plesier! Gee dit prioriteit in jou lewe en sê dan self saam met die psalmdigter: *Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil. Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien, het geen gebrek nie... kom niks kort van al die goeie dinge nie* (Ps 34: 9-11).

Gesang 281: 1-3 ***Ds C Lemmens*** ***Villieria***

18 November ***Die volmaakte gebed*** **Matteus 6: 5-15**

Die gebed wat Jesus sy dissipels geleer het in Matteus 6 en Lukas 11, bly steeds die basis vir alle ware gebed. Die *Onse Vader* is 'n wonderlike voorbeeld waarop gebed gebaseer kan word. Die eerste gedeelte van die gebed fokus op God en sy belange en die laaste deel fokus op ons eie behoeftes.

Ware gebed begin nooit by 'n lys van behoeftes wat ek aframmel voor God nie, maar by danksegging, lofprysing en aanbidding van God.

Ons Vader wat in die hemel is... wys daarop dat ware gebed tot 'n Vader gerig word en nie tot 'n vreemde, onbetrokke, ver en onpersoonlike God nie. Dit word gerig tot 'n Vader wat sy kinders geweldig liefhet en hulle baie kosbaar en waardevol ag! *Laat u Naam geheilig word...* herinner ons aan die grootsheid, heiligheid en almag van God, voor wie ons net kom deur die bloed van sy Seun en nie deur ons eie prestasies of geregtigheid nie. Hy is ons liefdevolle Vader en ewige Here. *Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel...* fokus ons aandag op God se belange op aarde en herinner ons daaraan dat ons altyd moet bid vir die uitbreiding van sy koninkryk; dit wil sê, sy ryk en heerskappy op aarde. Sy wil moet geskied in alles, in die detail van ons daaglikse lewens, maar ook in die samelewing in die breë.

Gee ons vandag ons daaglikse brood... bevestig die reg wat ons het voor God om elke dag vir ons eie behoeftes te bid. Hy wil ons bron wees en Hy is in staat om in elke moontlike behoefte te voorsien. Vra Hom en vertrou Hom daarvoor. *En vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree...*: Hy wil ons graag elke dag was en reinig met sy bloed van alles wat tussen ons en Hom gekom het, sodat ons ongebroke gemeenskap met Hom kan geniet. Hy sal en kan ons vergewe as ons gedurigdeur en doelbewus ons naaste ook vergewe! *En laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose...*: Hierdeur vra ons God om ons te help om die versoekings te herken, sterk genoeg te wees om weerstand daarteen te bied en te doen wat Hy wil hê ons moet doen.

Luther het hierdie gebed aan sy gemeentelede so verduidelik: wanneer ons ons gebede op die voorbeeld van Jesus se gebed skoei, kan God ons bewaar van die bose, ons sondes vergewe en in ons daaglikse behoeftes voorsien; sodat ons sy wil kan doen, wat tot gevolg sal hê dat sy koninkryk in ons lewens sal kom en sy Naam daardeur geheilig word!

Gesang 266 ***Ds C Lemmens*** ***Villieria***

19 November ***Bemoediging*** **Handelinge 27: 13-44**

Benewens die feit dat die gedeelte uit Handelinge 'n beskrywing is van 'n noodsituasie waarin 'n skip en sy passasiers beland het asook die uiteindelike skipbreuk op die eiland Malta, vertel dit vir ons iets van God se teenwoordigheid in tye van nood. Dit leer ons ook wat geloof en vertroue is, maar veral van bemoediging.

Dit gebeur nogal dikwels dat ons mense rondom ons moet bemoedig. Eweneens gebeur dit dat ons in situasies beland waar ons behoefte het aan bemoediging. Hierdie situasies kan sterk ooreenkomste met dié van Paulus en sy reisgenote toon. Dit kan alledaagse omstandighede wees soos siekte, bekommernis, eensaamheid, of verlies van 'n dierbare. Ons kan ook teenslae beleef, probleme waarmee ons worstel, onsekerhede – selfs situasies waar ons nie weet wat om te doen nie.

In sulke omstandighede kan/moet ons as gelowiges mekaar bemoedig. Ons kan deur wat ons vir ander sê en op grond van ons gesindheid teenoor ons medemens en medegelowige 'n boodskap oordra wat bo die realiteit waarin ons onsself bevind, uitstyg.

Die haglike omstandighede waarin Paulus homself bevind het, laat ons sien dat iemand wat in nood verkeer, ook 'n bemoediger kan wees. Ons kan, op grond van ons geloof in God, vir ons medemens/-gelowige sê: *Hou moed! God sal help! Ons sal veilig anderkant uitkom!* Ons moet dit doen op grond van ons medelye met ons medemens, maar veral op grond van ons geloof en vertroue in God.

Gesang 523: 3, 4 ***Prof JD Gericke*** ***Sionshoogte***

20 November ***Maak die beste gebruik van elke geleentheid*** **Efesiërs 5: 6-20**

In die gedeelte uit Efesiërs, lê Paulus sekere norme neer waarvolgens die gelowige moet lewe. Op grond van die groot reddingsdaad aan die kruis, verwag God dat ons op 'n bepaalde manier moet lewe. Die gelowige moet as 't ware self ontdek wat God wil hê dat hy moet doen. Ons leefwyse moet ons geloof en ons belydenis bevestig. Ons moet op so 'n wyse lewe dat God se goedheid uit ons straal en dat ons ander daardeur beïnvloed. 'n Verstandige mens is iemand wat weet wat God van hom/haar verwag. Hy/sy is iemand wat in God se lig lewe en binne hierdie lewensruimte moet ons van elke geleentheid die beste gebruik maak.

God het vir ons nie net die lewe geskenk nie, maar ook 'n medemens, medegelowige, vriend, huweliksmaat, ensovoorts. Die tyd en geleenthede wat God ons met hierdie mense gee, moet ons tot die maksimum gebruik. Paulus sê dat alles wat ons vir hulle sê, van vriendelikheid moet getuig. Alles wat ons vir ons eggenoot, kind of vriend sê, moet, soos Paulus dit stel: *van smaak getuig*. Ons moet dankbaar wees dat God ons, op grond van sy liefde

en genade, iemand geskenk het waarmee ons ons lewe kan deel. Ons moet Hom elke oomblik dank vir daardie kosbare oomblikke en geleenthede wat ons saam met so 'n persoon kan deel.

Maar nou is dit so dat ons nie ten volle waardeer wat God ons geskenk het nie. Dikwels eindig sulke verspilde geleenthede in dae, maande en jare se eensaamheid, hartseer en selfverwyt. As ons dan terugdink aan wat God ons gegee het, dan wens ons dikwels dat ons van nuuts af ons lewe kan begin.

Gesang 532: 1-3 ***Prof JD Gericke*** ***Sionshoogte***

21 November ***Hoe sê ek dankie?*** **Psalm 40**

Dikwels hoor ons die uitdrukking: *Ek weet nie regtig hoe om dankie te sê nie.* Ons gebruik hierdie uitdrukking om ons waardering teenoor iemand uit te spreek vir 'n guns aan ons bewys. Dit kan ook dui op 'n geweldige waardering wat ons vir 'n guns of daad het en wat dit ook vir ons beteken het. Dit kan egter ook op 'n onvermoë van ons kant dui om in woorde (of dade) dankie te sê.

In ons verhouding met God gaan dit ook so. U het seker al iemand hoor sê dat hy of sy nie weet hoe om vir die Here dankie te sê vir al die wonderlike dinge wat Hy vir hom of haar gedoen en beteken het nie. Ons besef ook dat ons dankie teenoor God nie 'n gewone of alledaagse dankie moet of kan wees nie, maar 'n besondere dankie van 'n sondige mens aan 'n Almagtige God. Ons moet dankie sê, maar die vraag is: Hoe moet ons vir God dankie sê vir al sy liefde en genade?

Met 'n lied verheerlik en dank die psalmdigter God vir die redding wat hy ervaar het. Maar hy doen meer as dit. Hy getuig ook van hierdie daad van God. Hy deel dit met ander mense. In hierdie getuienis benadruk hy dat daar net een Persoon is in wie hy sy volle vertroue kan plaas. Daar is net een Persoon, die God van hemel en aarde, na wie hy in tye van nood en beproewing kan gaan.

Die digter sê ook hoe ons God vir al sy genadegawes moet dank – 'n dankie wat vir Hom aanneemlik is. Die Here vra 'n offer uit die wese van die mens. Hy vra 'n lewe van toewyding en dankbaarheid. Hy vra ook van ons gehoorsaamheid tot die dood toe. Dit gaan dus om 'n bepaalde gesindheid van die gelowige wanneer hy of sy vir die Here dankie sê. Hy gee ook die rede waarom hy God moet dank. Hy sê: *Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie.*

Dankie, Here. Twee eenvoudige woorde, maar tegelykertyd twee kragtige en gelaaide woorde wat van ons kant 'n antwoord is op al God se liefde en genade.

Gesang 562: 1, 3, 4 ***Prof JD Gericke*** ***Sionshoogte***

22 November ***Opknapper vir die siel*** **Jesaja 1: 18; 2 Korintiërs 12: 9**

Vaak staan jy op om jou dagtaak te begin. Jy gaan stort en was sommer ook jou hare. Met skoon hare voel mens ook al weer meer mens met meer moed vir die dag. Moet net nie die opknapper vergeet nie – om jou hare sag en gesond te maak.

So, voel dit vir my, werk God se genade. Soos Israel kry ons dit ook reg om ongehoorsaam te wees, die rug op God te draai. Te dikwels doen ons nie wat die Bybel leer nie. Elke dag kom lê die stof van ons lewe weer op ons mooi skoon lyf en hare, stof van verkeerde keuses, verkeerde dade en dinge gedoen waar mense rondom ons seergemaak is. Alles optrede wat nie wys dat ek kind van God is nie.

Na die dag se moeg en moedeloos wees met myself en die lewe, kom bad ek weer by God met my gebed. Dan was Hy ons weer wit soos sneeu met sy vergifnis.

Mooi skoon staan ons weer op, wetende dat hierdie dag, soos gister, ons weer moedeloos sal maak. Dan gee God die opknapper. Genoeg, nie te veel nie, want dan lyk die hare vuil. Ook nie te min nie, want dan is dit droog. Net genoeg vir vandag tot ons weer môre opknapper kan aansit.

Wanneer God jou siel opknapper gee, dan is dit sy genade. Wanneer Paulus hulp nodig het met sy gesukkel, sê God vir hom *My genade is vir jou genoeg.* Ons ontvang genoeg genade vir vandag, tot ons weer môre nuwe genade ontvang.

Ds J van der Westhuizen ***Jeffreysbaai***

23 November ***Voetstories*** **Johannes 13: 1-17**

Ai, wat 'n lekker bederf is dit nie as iemand bereid is om jou voete te vryf. Na 'n lang dag van heen en weer hardloop, mense sien, probleme hanteer. Hoe lekker om jou skoene uit te skop by iemand wat genoeg omgee om jou voete te vryf. Maar wie doen nou dít?

Ons het al so baie prentjies hiervan gesien, tog bly dit moeilik om jouself so voor Jesus te sien. Ons ken die gedeelte so goed: *gaan doen julle dit ook.* Maar wat het Jesus alles daardie dag gegee?

Hy sit op sy knieë. Hy stop alles, en doen die werk wat 'n slaaf moet doen. Hy is bereid om minder te wees as wat God Hom gemaak het. Wie van ons sal die vroutjie met die verslonste kleertjies by die werk wat die tee aandra laat sit en rus, en self opstaan en vir haar tee maak? Maar Jesus het dit vir ons gedoen toe ons vuil was.

Hy het sy tyd gegee. Op die vooraand van die belangrikste tyd in sy lewe, is Hy nie besig met voorbereiding nie – Hy was voete. Wie van ons sal by die boemelaar gaan stilsit om te hoor hoe dit met hom gaan, hoe die lewe hom behandel? Wie het tyd om vir die arme man wat probeer om hout te verkoop langs die pad 'n bietjie koffie te vat en aan hom bietjie menswaardigheid terug te gee?

Jesus het jou voete gewas. Gaan doen jy ook so.

Ds J van der Westhuizen ***Jeffreysbaai***

24 November ***Die pit in jou*** **Matteus 12: 33**

As die mens aan sy vrugte geken word, dan het ons mos 'n heerlike groot vrugteruiker. Maar daar is tog ook vrot vrugte in die mandjie. Hoe lyk jou vrugte?

Binne elkeen van ons lê daar 'n pit versteek. Nie iets wat iemand sommer kan sien nie, tensy hulle moeite doen om jou beter te leer ken en so nader aan jou te kom. Die pit dra die kern van die vrug. Binne hierdie pit van jou lê alles wat jy nodig het om jy te wees soos God jou gemaak het, wie jy is en wat jy is. Binne hierdie pit lê ook die potensiaal om vrug te dra vir almal om te geniet.

Maar wat as die kern sleg geword het? As die vrug self sleg word, kan ons nog weer 'n ander vrug pluk. Maar as die pit sleg is, beteken die hele boom niks meer nie en word die boom vernietig. Wanneer ons God vind in ons daaglikse bestaan, is daar altyd die geleentheid dat Hy die vrot vrug sal uithaal. Maar wanneer ons die rug op God gedraai het, nie meer tyd het vir sy Woord nie as gevolg van ons besige lewe, het ons kern sleg geword. Dan loop die hart oor van slegte dinge en die boom kan nie meer mooi vrugte voortbring nie.

Daar waar jy nou geplant is, moet jou vrugte deel wees van die vrugterui-

ker. Maar hou jou pit dop. Draai jou na God in jou besige lewe om jou kern in stand te hou. Dan sal jou boom pragtige vrugte dra.

Ds J van der Westhuizen *Jeffreysbaai*

25 November ***Blinde godsdiens*** **Psalm 111**

Ons moet onsself gedurig toets of ons godsdiensbeoefening nie dalk verstar nie. Verstarring tree in wanneer ons uiterlik alles aan die gang hou, maar die lus en die vreugde ontbreek. Wanneer ons gewoon nie langer omgee vir die dinge van die Here nie en ook nie bekommerd is dat ons dit nie meer verstaan nie. Ons weet van die dade van die Here maar ervaar lankal nie meer die krag daarvan nie.

Die teksgedeelte noem 'n paar oorsake van verstarring. Dit is wanneer gelowiges begin vergeet wat die Here alles in die verlede gedoen het. Die swak geheue oor God se dade word in stand gehou deur 'n tekort aan kennis. Dan gaan dit met ons godsdiensbeoefening soos 'n kind met 'n nuwe speelding. Die eerste dag kan sy nie ophou speel nie. Daardie aand slaap die nuwe speelding in die bedjie. Dit vat egter nie lank nie voordat die blink oë en liefde verdwyn en dit maar net nog 'n speelding word.

Dit is maklik om die Here met entoesiasme te dien wanneer dit goed gaan en wanneer sy hulp en genade nog vars in ons geheue is. Mettertyd begin ons dit vergeet. Die ywer en gloed maak plek vir teleurstelling. Ons diens aan die Here kom nie meer uit die hart uit nie en ons raak koud en harteloos in ons godsdiensbeoefening.

Genadiglik wil God ons hierin help. Al vergeet ons dikwels van Hom, onthou Hy ons. God sal ons herinner aan sy kragtige reddingsdade in die verlede. God wil graag hê dat ons gedagte aan Hom tot aksie sal oorgaan. Hy wil hê dat ons betrokkenheid by die kerk en die werk van die Here voortspruit uit 'n lewende verhouding met God en nie 'n dooie, koue een nie. Vir hierdie stuk genade kan ons Jesus Christus oneindig loof en dank.

Gesang 528 ***Ds DJD Taljaard*** ***Sionshoogte (deeltyds)***

26 November ***Om meer te kan gee*** **2 Korintiërs 8: 1-15**

Kan ek meer vir die werk van die Here gee en doen? Meer gee van my geld, middele en tyd? Ons kan onsself indink hoe die wêreld sou lyk as niemand

wou gee van wat hulle het nie. Baie lidmate maak nie meer erns met hulle offergawe vir die werk van die Here nie. Hulle sien dit wat hulle vir die kerk gee as 'n swaar las en doen dit met 'n gesug.

Paulus gee 'n paar riglyne in die Bybel. Hy sê om te kan en wil gee, is genade. Dit begin heel eerste by jou verhouding met God. Ons gee omdat ons so baie van God ontvang het. Daarom gee ons nie uit dwang nie maar uit die hart. Die Here verwag nie wat daar nie is nie maar sal altyd so voorsien dat daar iets is om sy werk aan die gang te hou.

Dit is ook belangrik om te onthou dat ons niks gaan regkry as die Here ons nie deur sy Gees daarin help nie. Om meer vir die Here te gee, is nie net mensewerk nie maar deel van die nuwe lewe wat moontlik gemaak word deur die inwoning en werking van die Heilige Gees.

Ons moet bid en vra dat God, deur die Heilige Gees, ons denke sal verander oor ons geld, middele en tyd. Dit sal ons vrymaak om met groot vrymoedigheid vir die Here te gee en nie alles vir onsself te hou nie.

Gesang 308 ***Ds DJD Taljaard*** ***Sionshoogte (deeltyds)***

27 November ***Rein van hart*** **Matteus 5: 1-10**

In vers 8 staan daar: *Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.* Om God te kan sien, is seker elkeen se wens. Mens wonder soms watter deel van die vers die mees onbereikbare is: om rein van hart te wees of om God te kan sien.

Wanneer die Bybel van *hart* praat, word die hele persoon, uiterlik en innerlik, bedoel. Dit sluit al ons gedagtes, denke en dade in. Die woordjie *rein* verskyn 22 keer in die Nuwe Testament en 10 keer word dit met *skoon* vertaal. Dit beteken ook om met skoon motiewe rond te loop en met eerlike motiewe op te tree.

Die bedoeling is dalk dat iemand wat daarna streef om sy hart en sy bedoelings skoon te hou, God in die wêreld om hom sal kan sien. Diegene wat rein van hart is, sal die werking van die Heilige Gees kan herken in die koninkryk van God op aarde.

Onthou u nog die kindergebed: *Liewe Jesus, ek is 'n kindjie klein, maak my hartjie rein?* In Jesus Christus verseker God ons dat Hy ons harte rein kan maak. Ons moet bid dat die Here ons gedagtes, denke en dade deur die werking van die Gees sal skoonmaak sodat ons weer kan sien!

Gesang 543 ***Ds DJD Taljaard*** ***Sionshoogte (deeltyds)***

Die Here het alles in die begin geskep. God het ook die mens gemaak. Alles wat God geskep het, is kosbaar. Die mens is vir Hom die belangrikste wat geskep is. Die mens is God se verteenwoordiger, die beeld van God (Gen 1: 27). God het alles goed gemaak en Hy was tevrede daarmee. Die mense was egter nie tevrede nie. Hulle was nie tevrede dat hulle die kosbaarste van God se skepping was nie. Al hulle voorregte was nie vir hulle genoeg nie.

Die mens moes net gehoorsaam wees, al die goeie dinge in God se skepping geniet, die aarde bewerk en oor alles heers. Een ding het egter nog vir die mense ontbreek. Hulle was nie self God nie en hulle wou dit graag wees. Adam en Eva het God selfs uitgedaag. Al hierdie dinge is vir ons ou nuus, of is dit?

God het ons weer 'n kans gegee. Hy het die mense nie vernietig nie. Die mens sal egter nie in hierdie wêreld weer in so 'n volmaakte toestand verkeer nie. Nogtans kan ons sinvol en gelukkig wees bloot deur gehoorsaam aan Christus en sy Woord te wees. Ons leer egter maar swak uit ons foute. Alhoewel ons weet hoe hopeloos Adam en Eva se poging was om God te wees, herhaal ons dieselfde fout.

Ons is nie tevrede met wat ons is en met wat ons het nie. As ek genoeg geld het om van te lewe, dan wil ek meer hê. My huis en motor moet so groot en duur moontlik wees, kwansuis omdat dit so gerieflik en boonop 'n belegging is. Dikwels is ons motiewe nie so eerlik en opreg nie. Ander mense is nie tevrede met hulle voorkoms nie. *God het my nie goed genoeg gemaak nie, kom ek verander my voorkoms.* Ek wil self in beheer wees. Die tyd waarin ons volk nou vasgevang is, het ons vinnig en effektief ontmasker. Taal, kultuur, afkoms en veral godsdiens is soos 'n warm patat gelos vir geld, gerief en genot. Alles kan maar verlore gaan, ook my kerk en geloof, solank dit met my goedgaan. Ons dink dat ons volledig in beheer is van onsself, ons omstandighede en die wêreld om ons. Ek het God nie meer nodig nie, ek is self in beheer.

Soos vir Adam en Eva is die waarskuwing aan ons baie duidelik en ferm. Die beslissing wat ons moet neem, sal radikale gevolge hê. Ek kan God dien of myself probeer verhef. Ek kan God se wonderlike plan met my aanvaar, dankbaar wees vir alles wat ek het, my rol as beeld van God vervul en alles om my waardeer en geniet, binne redelike perke. God is my skepper; Hy skuld my niks. Ek skuld Hom alles.

Jesus bied aan ons 'n nuwe kans. Hy wys vir ons die weg. Hy sê vir ons wat belangrik is en wat nie. Hy open 'n nuwe weg van vrede wat na God self lei. Dit is die naaste wat ons aan God sal kom, om saam met Hom in sy koninkryk te wees. Laat dit vir ons genoeg wees.

Gesang 456 ***Ds HP Meyer*** ***Jeffreysbaai***

29 November ***Mag die koning lank lewe*** **Psalm 72**

'n Land waar vrede en voorspoed is en 'n koning wat goed heers oor sy onderdane: Dit is al wat die gemiddelde burger vra. Maar helaas, teenspoed, swaarkry en ordeloosheid is volop in baie *koninkryke*. Hoe smag ons nie na 'n koning soos in die Skrifgedeelte nie: 'n koning wat die armes red, verdruktes help, hom oor die swakke en behoeftige ontferm, kwesbares van onderdrukking en geweld bevry, die kosbaarheid van lewens besef, goed regeer, regverdig is, waak oor sy onderdane. Hoe klaaglik struikel al ons konings nie! Ons praat van die konings van ons eie lewe (ek), die konings van ons huise, werkplekke, kultuurorganisasies, politieke partye en ook ons land. Die mens het nog altyd die nuk in hom gehad: hy weet nie mooi hoe om mag te hanteer nie. Te dikwels oorwin eiebelang. Dan maak die koning die lewe bitter vir sy onderdane.

Miskien moet ons minder op konings en prinse vertrou. Miskien moet ons minder koning probeer speel in ons eie en ander mense se lewens. Dit is 'n goeie manier om die ware Koning te ontdek. Ons Koning wat eenmaal 'n doringkroon gedra het by Golgota. Hierdie Koning stel nie eiebelang voorop nie. Het Hy dan nie een geword met armes, verdruktes, swakkes en behoeftiges nie? Hy het almal wat swaarkry vrygekoop, nie met goud en silwer nie, maar met sy kosbare bloed.

Die bose konings van hierdie wêreld doen darem een goeie ding vir ons. Hulle laat ons smag na die ware Koning, Jesus Christus. Hierdie Koning sal alle ander konings tot verantwoording roep. En Hy sal heers tot in alle ewigheid. Dit is waar en seker.

Psalm 146: 1, 2 ***Ds HP Meyer*** ***Jeffreysbaai***

30 November ***Die skaapwagters se verstommende storie*** **Lukas 2: 8-20**

Kersfees is op ons. Ons sien uit na die vakansie, geskenke, vuurwerke, familiebyeenkomste en partytjies.

Maar die wêreld wil ons nie met vrede laat nie. Ons skakel die televisie aan en hoor van bomme en moord en oorloë. By die skool en by ons vriende hoor ons stories van motorkapings, inbrake, kwaai belastings en hoë petrolpryse. By ons huise is alles ook nie reg nie. Ons weet nie waarheen alles gaan nie. En ons wens dat alles anders kon wees. Dat daar 'n slag vrede sal wees. Dat almal mekaar sal uitlos. Dat daar liefde sal wees tussen mense. Ons is gewone mense en ons vra nie veel nie: net rus en vrede vir 'n slag!

Die skaapwagters sit daar in die oop velde. Oor hulle koppe is daar net die sterre en die Heer se genade. Die aandluggie is koel en hulle skuif nader aan hulle vuurtjie. Hulle is bekommerd. Hulle is maar arm mense en boonop gaan dit nie goed in die land nie. Die Romeine wat oor hulle heers, is gevoellose en onregverdige base. Koning Herodus is 'n wrede en slegte heerser. Hulle weet nie waarheen alles gaan nie. Hulle weet nie wat die toekoms vir hulle inhou nie.

Skielik was daar 'n helder lig. So iets het hulle nog nooit gesien nie. 'n Groot vrees het hulle beetgepak. Hulle was regtig bang.

Die helder lig was God wat deur 'n engel aan hulle verskyn het. En toe praat die engel: *Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê* (Luk 2: 10-12).

Hulle het geweet dat iets baie besonders gebeur het. Hulle is haastig Betlehem toe. Daar het hulle 'n kindjie in 'n krip gekry. Hierdie kindjie het 'n man geword. 'n Man wat nie geswig het nie, nie die maklike uitweg gekies het nie. Sy voete het op die regte pad gebly, sy hart was op die regte plek, sy hande het raakgevat.

Hy is vir ons gebore, Hy het vir ons gewys hoe om reg te lewe, Hy het sy lewe vir ons gegee. Jesus het regtig geglo in sy goeie saak. Hy was regtig lief vir die gewone mense wat swaar gekry het en Hy het besluit dat Hy hulle sal verdedig, al is dit met sy lewe. Ons moes aan die kruis gehang het, maar toe doen Hy dit in ons plek.

Hierdie Kersfees wil Hy weer na ons toe kom. Hy weet die wêreld is 'n wrede plek waar mense soms baie swaar kry. Daar gebeur baie lelike en slegte dinge. Dit is juis waarom Hy na ons toe wil kom. Hy wil vrede in ons land hê. Hy wil kalmte in ons huise bring, dat dinge weer reg loop. Hy wil eintlik in mense se harte inkom en ons wonde genees.

Gesang 153 ***Ds HP Meyer*** ***Jeffreysbaai***

1 Desember *Jesus 'n spook?* **Matteus 14: 22-33**

Jesus het sy volgelinge solank op 'n skuit vooruit gestuur, terwyl Hy met God alleen gaan praat het. Daar het 'n storm uitgebreek en die dissipels was vasgekeer. Hulle het by hulself gedink dat as Jesus maar net by hulle was, Hy hulle sou kon beskerm. Hy sou hulle kon red. Nou is hulle alleen en Jesus, hul beskerming, is ver. Ag, was Jesus tog net by hulle!

Wat hulle nie weet nie, is dat, al sien ons nie vir Jesus, vir God tydens swaar tye nie, God ons wel sien en by ons is. God weet wat in ons lewens aangaan. Ons kan nie vir Hom wegkruip nie; inteendeel, Hy reik uit na ons.

Meteens sien die dissipels 'n spook. Dit is Jesus, maar hulle glo dit eers nie. Jesus kom tot hul redding, maar hulle sien dit nie raak nie. Net soos dit met ons in swaar tye gaan; ons dink nie dat dit vir Jesus moontlik is om ons te help nie. Jesus het ook vir ons 'n spook geword! Net soos Tomas wil ons eers sien, dan sal ons glo dat Hy nie 'n spook is nie. Die dissipels het Jesus op die water gesien en het nog steeds nie geglo nie.

Mense vertrou nie meer op God nie; ons glo nie meer dat Hy tot alles in staat is nie. Ons logiese verklaring is: Dit moet 'n *spook* wees!

Nadat Jesus met hulle praat en hulle besef dat dit Hy is, wil Petrus uit die veilige boot uit en die water trotseer om na Jesus te gaan. Dit dui daarop dat as ons na Jesus wil gaan, ons moet weet dat ons uit ons veilige tuiste moet klim, en heel moontlik deur gevare geteister gaan word. Terwyl ons oë gevestig is op Jesus, is ons veilig; indien nie, gaan ons onder.

Jesus het gekom om ons te kom red. Hou jou oë op Hom gevestig, neem sy uitgestrekte hande en arms en jy sal verlos word!

Psalm 89: 4, 7 ***Ds JJ Greyling*** ***Cradock***

2 Desember *Horing van verlossing* **Lukas 1: 67-80**

Wanneer ons die geboorteverhaal van Jesus lees, sien ons die groot rol wat die Heilige Gees speel. Net in die eerste hoofstuk van Lukas kom die Heilige Gees vyf keer na vore.

Vervul met die Heilige Gees, gee Sagaria uiting aan sy gemoed wat so lank opgekrop was as gevolg van sy stomheid. Dit is 'n profetiese lied wat klink soos dié in die Ou Testament. Sy loflied kan in twee gedeel word. Die eerste gedeelte handel oor die lank verwagte Verlosser en die tweede oor Johannes.

Sagaria loof God wat Hom as enigste Here aan Israel geopenbaar het. Die gebeure is 'n aanduiding dat die Here sy volk op 'n besondere wyse genade wil betoon. Hy wil verlossing vir hulle bewerk. Die verlossing kom nie as gevolg van die mens se dade nie. Let wel, daar staan: God het ons *opgesoek*. Dit is duidelik dat ons die heeltyd aan die afdwaal is. Hy kom agter ons aan. Gelukkig vir ons kom soek Hy ons in genade op om ons te kom red en nie te straf nie. Ons wonder waarom dit so sleg met ons gaan? Ons moet eerder wonder waarom God nog die moeite doen om agter ons aan te loop om ons te red!

In vers 69 staan daar in Grieks: *En Hy het opgehef 'n horing van redding vir ons in die huis van David Sy kneg.* Wat is hierdie horing van redding? 'n Dier se krag lê in sy horings. Soos 'n sterk bul hom verdedig en beskerm met sy kragtige horings, so sal God ons beskerm, verdedig en red deur die Messias.

Die verlossing word hier in politieke terme beskryf as 'n verlossing van ons vyande en uit die hand van al ons haters. Dit is wat Jesus se volgelinge wou hoor. Redding van die Romeine. Dit pas ons ook goed: redding van ons onderdrukkers.

Dit is egter maar 'n aanloop tot die beskrywing van die verlossing in sy volle omvang, veral op godsdienstige gebied. Die verlossing se dieper betekenis lê in die beeld van die horing. Op elke hoek van die altaar was daar 'n horing. Die horings op die altare het 'n regsfunksie gehad. As daar 'n ernstige hofgeding was, het dit onder die aandag van die priesters gekom. So 'n saak is voor God se altaar, dus voor God self, gevoer. Die priester sou aan die einde van die hofgeding die regspraak lewer. As die verdediger nie gelukkig was met die uitslag nie, sou hy een van die altaar se horings aangegryp het. So 'n persoon sou dan dadelik amnestie verkry. Hy/sy staan dan onder die oordeel van God.

Dus sê vers 69 dat Jesus vir ons die nuwe horing van die altaar is, sodat almal wat Hom aangryp, amnestie voor God kan kry.

Gesang 342: 1 ***Ds JJ Greyling*** ***Cradock***

3 Desember ***Geskenk vir Kersfees*** **1 Korintiërs 12**

Kersfees word wêreldwyd geken as die tyd van geskenke gee. Die grootste geskenk wat God aan die wêreld gegee het, was sy Seun. Tydens Jesus se omswerwinge op aarde het Hy aan verskeie mense geskenke gegee: lewe aan die dooies, om te sien aan blindes, om te kan loop aan lammes, ensovoorts. Die belangrikste is sy lewe wat Hy as geskenk gegee het.

Na Jesus se hemelvaart het Hy aan ons die Heilige Gees geskenk, as voorspraak by God en as trooster hier op aarde. In die Bybelboek Handelinge word aan ons op ons beurt ook 'n geskenk gegee vanaf die Heilige Gees.

Alle mense ontvang verskeie gawes (geskenke). Ons lees in Handelinge van al die dinge wat die apostels met hul gawes gedoen het. Hulle het dieselfde dinge gedoen wat Jesus gedoen het. Jesus het immers in Johannes 14: 12-14 gesê dat hulle tot al hierdie dinge in staat sal wees.

Die probleem is dat ons nie tot hierdie dinge in staat is nie, maar ons wil vandag nog hierdie magtige werke doen. Ons wil nie die instrument in God se hand wees nie, ons wil God in ons hande vashou, sodat ons magtige dinge kan doen. Die vraag is: Wat sou jy met God se mag doen? Is dit dan nie beter dat ons dit nie het nie, sodat ons dit nie sal misbruik nie? Vers 7 sê dat ons die gawes moet gebruik tot voordeel van almal, maar ons sal dit misbruik tot eie voordeel. Vers 31 sê dat ons ons eerder moet toelê op die beste genadegawes, naamlik die vrugte van die Gees waarvan ons in Galasiërs 5: 22 lees. Liefde is een daarvan (lees ook 1 Kor 13).

Soms voel dit nie so nie, maar God gooi ons toe onder geskenke, veral liefde. Gaan gee hierdie Kersfees ook geskenke aan almal wat jy teëkom. Een van die beste geskenke om te gee, is die evangelieboodskap aan hulle wat dit nog nie ontvang het nie, of daarvan vergeet het.

Gesang 530 ***Ds JJ Greyling*** ***Cradock***

4 Desember ***Die heil kom*** **Jesaja 46: 1-13**

Profete is mense wat deur God geroep en bekwaam gemaak word om in bepaalde tye en omstandighede sy boodskappers te wees en sy Woord aan die mense bekend te maak. Die volgende paar dae wil ons luister na die prediking van 'n profeet wat die Woord van God verkondig het aan die ou Godsvolk in 'n tyd toe hulle baie moedeloos en terneergedruk was. Dit was in die tyd toe hierdie volk sy vryheid en sy vaderland verloor het, weggevoer is en as ballinge vertoef het in die vreemde, ver van die geliefde vaderland en die tempel van Jerusalem. Die toekoms was vir hulle uitsigloos.

Wat die profeet aan hierdie mense verkondig het, was 'n boodskap van moed, van troos, van bevryding en terugkeer. Miskien kan 'n mens die kern van die prediking van hierdie profeet so saamvat: Die Here is alleen God; Hy wat alles in aanskyn geroep het, beskik oor die lot van sy volk en die volke van die wêreld; die toekoms is ook in sy hand. En al lyk dit ook hoe on-

waarskynlik, staan nie net die verlossing uit die Babiloniese oorheersing vir die profeet onwankelbaar vas nie, maar hy verkondig meer as dit, 'n ewige verlossing. Israel is God se volk, dank sy bestaan aan hierdie God wat nie soos die afgode deur hulle vereerders gedra en in stand gehou moet word nie, maar wat sy volk dra en hulle in stand hou, hulle versorg en bewaar, ook wanneer hulle deur die diep water van beproewing moet gaan. Die God van Israel leef en regeer, Hy kom na sy volk toe, bring die geregtigheid naby. Hy is nie bewegingloos soos die afgode nie, maar handel, beweeg, kom nader, en daarom sal die redding nie vertoef nie.

In Christus het die boodskap van terugkeer groots en heerlik in vervulling gegaan. Hy is vir ons die terugkeer uit die ver land van verlorenheid na die Vaderhuis; die terugkeer uit die ryk van die Satan, in die ryk van God; die terugkeer uit die dood, in die lewe. In die Kerstyd word aan ons verkondig dat die heil nie vertoef het nie, dat die Redder gekom het, sodat ons met Kersfees dankbaar en bly die koms sal kan gedenk van **ons** Redder uit ellende.

Gesang 320 ***Prof FJ van Zyl*** ***Emeritus***

5 Desember ***Ook vir die heidense lig*** **Jesaja 49: 1-6**

Dit is jammer en miskien tragies, maar dit is 'n feit: Ons wil die evangelie gewoonlik beperk en inperk, óf binne die vier mure van die kerk, óf in die verborge dieptes van die persoonlike gemoed, óf binne die grense van die eie volk. Die evangelie is egter nie bedoel om ingeperk te word nie, maar om uit te breek oor alle grense heen en die pad te kies die hele wêreld in.

Met so 'n wye perspektief begin ons profeet sy preek as hy die eilande en die volke wat ver is oproep om na sy boodskap te luister. Hy ontken daardeur nie sy verantwoordelikheid om sy eie volk voor te berei vir hulle terugkeer na die vaderland en bowenal om hulle terug te bring tot God nie, maar daarbo uitgaande het hy ook nog die taak om die heil aan die volkere buite Israel bekend te maak. God het Israel immers nie ter wille van hulleself verkies nie, maar in hulle was Hy juis besig met al die nasies. Daarom sien die profeet sy taak ook wyer as net sy eie volk. As werktuig van die Here van die hele aarde het hy 'n omvattende taak, om 'n lig te wees vir die nasies en 'n heil tot aan die einde van die aarde. Hy kan nie self redding bring nie, maar hy moet die redding wat die Here bring, bekendmaak.

Met Kersfees verkondig die kerk in sy prediking die betekenis van die geboorte van Christus. Hy wat gebore is, is die lig van die wêreld en Hy is gegee omdat God die wêreld so liefgehad het. God is 'n God vir die wêreld en

daarom beteken sy koms heil en lig, ook vir die heidene. As ons aan heidene dink, dink ons gewoonlik aan wilde, onbeskaafde, primitiewe mense. Volgens die Bybel is heidene mense wat onlosmaaklik verbonde is met die volk wat die Here ken, want God handel met hierdie buitestanders in en deur die volk aan wie Hy Hom bekendmaak. Heidene is al die mense buite die kring van die gelowiges vir wie die evangelie ook bedoel is. Die kerk mag nooit vergeet nie, veral nie met Kersfees nie, dat die lig en die heil ook vir die heidene is.

Gesang 330 ***Prof PJ van Zyl*** ***Emeritus***

6 Desember ***Gerig en redding*** **Jesaja 50: 1-3**

Israel het in ballingskap verkeer en hulle kon die profeet se boodskap van spoedige bevryding en terugkeer nie glo nie, want hulle sê: *Die Here het my verlaat, die Here het my vergeet* (Jes 49: 14). Waarom sou die Here hulle dan red as Hy die betrekking met sy volk heeltemal afgesny het? Daarom is God in die verlede en soos so dikwels ook weer hier, die aangeklaagde: Hy het sy volk verlaat soos 'n man wat sy vrou verlaat het of soos 'n vader wat die verantwoordelikheid teenoor sy kinders ontken deur hulle as slawe te verkoop. In hierdie gedeelte van die hoofstuk vra God bewyse vir hierdie beskuldiging, wat Israel natuurlik nie kan lewer nie. Dan stel God die saak reg: Dit is waar, Israel is verlaat en verkoop, egter nie deur die Here nie, maar deur hulleself. Dit is as gevolg van Israel se sonde en ongeregtigheid dat hulle in die troostelose toestand gedompel is. God het alles gedoen om dit te voorkom, maar niemand het ag geslaan op sy Woord wat deur die profete van die verlede tot hulle gekom het nie. God het geroep, en niemand het geantwoord nie.

Tog is Israel se saak nie hopeloos nie. Dit is die blye tyding vir die profeet: God het sy volk nie verstoot nie, maar Hy bekommer Hom gedurig oor hulle. Dit is nie so dat God nie kan of wil help nie; sy hand is nie te kort om te red nie. In die verlede het Hy getoon dat Hy wil help, en Hy besit die krag daartoe. Hy sal sy volk red uit die vreemde geweld waarin hulle deur eie toedoen beland het. Die see en riviere van Babiloniese oorheersing sal Hy droog maak, sodat daardie mense soos visse sonder water tot niet sal gaan. Wanneer God in gerig tree teen die vyande van sy volk, kom daar vir hulle redding.

In Christus het die regter self in ons plek die veroordeelde geword, sodat ons, die werklike skuldiges, vry kon word. Daarom gaan ons die fees van sy geboorte juigend tegemoet.

Gesang 322 ***Prof FJ van Zyl*** ***Emeritus***

7 Desember | ***Vreugde en smart van die boodskapper van God*** | ***Jesaja 50: 4-9***

In hierdie Skrifgedeelte praat die profeet van die gawes wat hy as profeet van God ontvang het. Ons verneem van 'n oor om te hoor soos leerlinge. Hy is dus leerling, volgeling, dissipel van God. Dit gee uitdrukking aan die noue verbondenheid met God. Wat hy as profeet te sê het, dink hy nie self uit nie, dit kom ook nie in hom op nie, maar dit kom na hom toe, van buite af, van God af. Daarom kan hy met hierdie woorde na mense gaan met die aandrang dat hulle daarna luister, want dit is God se Woord. Met die dinge wat onsself dink of wat uit onsself opkom, kan ons mense miskien beïndruk, vermaak, stig of ontroer, maar hulle word alleen werklik gehelp en getroos met wat van God af kom. Verder praat die profeet van 'n geoefende tong wat hy gekry het. 'n Profeet ontvang die gawe om te praat, om woordeliks aan ander mee te deel wat hy gehoor het. Die openbaring wat die profeet ten deel val, is dus nie vir homself bedoel nie. Hy ontvang dit sodat hy sy taak kan vervul, om die vermoeides met woorde te verkwik en hulle met sy vertroostende boodskap op te rig en te versterk. Dit is 'n vreugdevolle taak.

Teenoor die opdrag wat heerlik is, is die ervaring van die boodskapper van God by die uitvoering van sy taak soms baie smartlik. Sy boodskap stuit teen teenstand. Hierdie profeet moes bittere teenstand ervaar van die ballingvolk wat hy wou help en troos met sy prediking. Ons Skrifgedeelte gee 'n realistiese beskrywing van alles wat hy moes verduur het: hulle het hom geslaan, sy baard uitgepluk, hom beledig en in die gesig gespuug. Tog het Hy getrou gebly aan sy opdrag en die lyding aanvaar as deel van sy taak en die bedoeling van God.

Toe die groot Profeet in Betlehem gebore is en na ons toe gekom het om die blyste van alle boodskappe in sy woord, persoon en werk te verkondig, het dit gestuit teen die allerbitterste teenstand wat gepaard gegaan het met die allersmartlikste lyding, maar Hy het getrou gebly tot die dood toe. Daarom gaan ons die Christusfees met dankbare blydskap tegemoet.

Gesang 329 | ***Prof FJ van Zyl*** | ***Emeritus***

8 Desember | ***In ons plek gely*** | **Jesaja 53: 1-12**

In hierdie hoofstuk word die betekenis van die lyding van die Kneg van die Here verklaar. Die geleerdes vind dit baie moeilik om te verklaar wie die Kneg van die Here is. Daar is al 'n biblioteek vol oor hierdie figuur geskrywe. Een

van die opvattings is dat die profeet self die kneg van die Here is. Uit wat ons in hierdie hoofstuk lees, moes hy van onaansienlike afkoms gewees het. Hy skiet op soos 'n loot en soos 'n wortel uit dorre grond. Benewens sy geringe afkoms was hy 'n sieklike man, 'n man van smarte en bekend met krankhede. Volgens die geloof van daardie tyd kon dit maar net een ding beteken het: sy lyding is 'n teken van God se vergelding vanweë sy sonde en ongeregtigheid. Daarom het almal hom vermy en niemand kon sy prediking glo nie.

Die lyding van die Kneg van die Here is egter verkeerd verstaan. In ons gelese gedeelte word dit gestel dat hy onskuldig was en daarom kon hy nie vir eie sonde ly nie, maar ter wille van die sonde van ander. Hy, die onskuldige, ly ter wille van die skuld van ander. Wat met die kneg gebeur het, was geen toeval of noodlot nie, maar die wil en bedoeling van God. God wou dat sy kneg so ly en dat sy lyding ander ten goede kom. Op hierdie wyse is die skuld versoen en die weg tot heil geopen. Die dood van die kneg was 'n offer en dit het beslissende betekenis gehad: Nou kon die vele toetree, die heidene en die opstandige Israel in 'n nuwe gemeenskap, as loon vir die daad van die Kneg van die Here.

Die geloof van die kerk het nie so baie probleme met hierdie begrip, Kneg van die Here, as die wetenskap nie. Die kerk glo dat die Ou-Testamentiese figuur in Christus vervul is as die lydende Kneg van die Here. Hy het sy lewe as 'n losprys gegee vir baie.

Eintlik lees ons Jesaja 53 eerder in die lydenstyd. Dis egter goed dat ons dit ook in die Kerstyd sal lees. Dit sal ons daarvan weerhou om die Kindjie in die krip met allerlei romantiese gevoelens te nader. Dit is nodig om ook met Kersfees die Christuskind te sien, te erken en te aanbid as die Man wat ter wille van ons ongeregtighede op Golgota oorgelewer is.

Gesang 326 ***Prof FJ van Zyl*** ***Emeritus***

9 Desember ***Die volheid van die tyd*** **Galasiërs 4: 1-7**

Jesus Christus is nie maar net op 'n dag gebore nie. In sy groot almag en groot wysheid het God die wêreld, en spesifiek ook die volk Israel, baie goed voorberei op die koms van sy Seun. Volgens die ou vertaling sê Galasiërs 4: 4 dat *toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur.* Die tyd het nie maar vanself ryp geword nie. God het sy Seun gestuur presies op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het.

God ken ons. Hy ken mense. Hy weet hoe ons koppe werk. En Hy is só

geduldig met ons dat Hy 'n hele paar dinge in plek gekry het sodat die mense Jesus kon erken as die Seun van God, sodat hulle kon verstaan wat Hy vir ons kom doen het. Dit is soos die stukke van 'n groot legkaart wat God inmekaar gepas het om die volheid van die tyd te laat aanbreek. Hy het gesorg dat alles reg is vir die evangelie om soos 'n veldbrand oor die hele beskaafde wêreld te versprei. Die volgende vier dae gaan ons kyk na die stukke van hierdie legkaart.

God het bepaal dat geen ander tyd in die geskiedenis van die wêreld só goed is soos daardie tyd toe Jesus gebore is nie. Nêrens anders in die geskiedenis sou die mens só goed verstaan het wat Jesus kom doen het nie. Geen ander tyd was só reg om ons vry te maak van die bande van die sonde nie. Paulus sê dat ons voor Jesus se koms slawe was van wettiese godsdienstige reëls. Maar Jesus het ons losgekoop sodat ons vry kan wees – vry om te lewe, en vry om God te dien! Vry, om sy ewige heerlikheid te erf!

As ons besef hoe groot God se almag is, hoe presies Hy die mensdom voorberei het op die koms van sy Seun, hoe groot sy genade is, dan sal ons ook in verwondering hierdie groot God se Naam aanroep: *Abba!* Dit beteken: *Vader!*

Gesang 344 ***Ds GPJ Stoltz*** ***Koedoesrand***

10 Desember ***Legkaartstuk: die Messias*** **Jesaja 8: 23-9: 6**

Ons verlosser, Jesus Christus, is gebore in die volheid van die tyd, toe God bepaal het dat die regte tyd aangebreek het. Hy is nie maar net gebore nie – God het reeds eeue vantevore sy volk hierop begin voorberei. Hy het by hulle die verwagting geskep van 'n Messias wat sou kom. Dit is die eerste stuk van die legkaart wat God inmekaar gepas het.

Die verwagting van die komende Messias het begin by die belofte dat daar altyd 'n afstammeling van Dawid op die troon sou sit (2 Sam 7: 16). Die Messiasverwagting was dat daar 'n koning sou kom wat die volk Israel sou bevry van oorheersing en God se heerskappy sou vestig. Maar soos die afstammelinge van Dawid die een na die ander misluk het, het die verwagting verskuif van 'n koning na 'n boweaardse Messias.

Die Messias sou, as koning, vrede en voorspoed bring vir die Joodse volk. Daarom word Hy in Jesaja 9: 5-6 genoem 'n *Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors* en *Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer.* In Jesaja 52-53 word Hy egter ook geskets as die lydende kneg wat sal sterf.

So het God die mense voorberei op die koms van sy Seun. Hulle het hierdie Messiasverwagting nodig gehad om Hom te erken vir dit wat Hy werklik is. Messias beteken ook Christus. Daarom is dit so betekenisvol as Petrus in Matteus 16: 16 bely *U is die Christus, die Seun van die lewende God.*

Voor Christus se koms het die mens in duisternis geleef. Maar Christus is die groot lig wat oor ons skyn. Daarom kan ons wat in vertwyfeling en wanhoop verkeer, op Hom vertrou. Ons kan moed skep en leef. Want ons God het duisternis in lig verander, deur Jesus Christus sy Seun, ons Messias.

Gesang 354: 1, 3 ***Ds GPJ Stoltz*** ***Koedoesrand***

11 Desember ***Legkaartstuk: God skep infrastruktuur*** **Sagaria 8: 1-17**

In die agtste eeu en sesde eeu voor Christus is die volke Israel en Juda in ballingskap weggevoer na Assirië en Babilonië. Hierdie was 'n baie groot krisis vir die uitverkore volk, maar juis ook in hierdie krisis sien ons hoe God die volheid van die tyd laat aanbreek het.

Van al die Jode wat in ballingskap weggevoer is, het slegs sowat 'n vyfde teruggekeer. Die res het verspreid gewoon oor al die omliggende lande, sodat daar in feitlik elke belangrike stad en plek Jode en ook 'n sinagoge was. So kon Paulus en die eerste gelowiges na 'n vreemde stad gaan, en daar van hulle volksgenote en 'n sinagoge vind om as vertrekpunt te gebruik. Dit het die verspreiding van die evangelie baie makliker gemaak.

Verder was Grieks die algemene taal wat gepraat is – amper soos Engels vandag. Daarom hoef Paulus-hulle nie tolke te gebruik het nie – hulle kon Grieks praat, en die meeste mense kon hulle verstaan. So was die Griekse vertaling van die Ou Testament die eerste Christene se Bybel, en is die Nuwe Testament in Grieks geskryf. Ook dít het die verspreiding van die evangelie besonder baie aangehelp.

Maar dit was juis ook die terugkeer na die beloofde land, waarvan ons in Sagaria 8 lees, wat die Joodse volk laat herleef het. Hier sê God dat Hy sy volk sal terugbring na Jerusalem, en daar by hulle sal woon. Hy sal by hulle teenwoordig wees.

Uit hierdie teruggekeerde volk is die Messias gebore. Só het God fisies teenwoordig geword by sy volk. En na sy hemelvaart het Hy sy Gees gestuur om by ons te woon. Daarom kan ons moed skep – God woon by ons. Die almagtige God woon by ons en in ons. Die almagtige God – wat volke en tale kon gebruik om die wêreld voor te berei op die koms van sy Seun!

Psalm 9: 1, 6, 7 ***Ds GPJ Stoltz*** ***Koedoesrand***

12 Desember ***Legkaartstuk: die ideale klimaat*** **Filippense 1: 12-14**

God is almagtig. Hy kan enigiets doen. Hy kon engele gebruik het om die evangelie te verkondig, of die Heilige Gees kon dit gedoen het. Maar God het in sy alwysheid besluit om gewone mense soos ek en jy te gebruik. Gewone mense wat in mensetaal praat, en menslike paaie en vervoermiddels gebruik.

Die derde stuk van die legkaart wat God inmekaar gepas het, was om die apostels vry te maak om die Woord te verkondig. Die Romeinse ryk was een groot wêreldryk. Die apostels was vry om te reis waar hulle wou. Hulle het nie paspoorte en visums nodig gehad nie. As Romeinse burgers is hulle ook deur die Romeinse wet beskerm. 'n Deel van daardie wet was dat hulle godsdiensvryheid gehad het. In die eerste klompie jare kon hulle onverpoos die evangelie verkondig.

Verder was daar ook merkwaardige vrede in die ryk, wat dit nog makliker gemaak het om van land na land en stad na stad te gaan. Op die Romeine se goeie paaie kon hulle ook maklik en vinnig reis. So het God die ideale klimaat geskep vir die koms van sy Seun en die verspreiding van die evangelie. Tog merkwaardig dat Paulus dan hier in die tronk sit. Dit was egter sy eie mense wat hom aangekla het, en Paulus het hom op die Romeinse keiser beroep. Hier was hy in die tronk, wagtend op sy verhoor deur die keiser. Maar Paulus het die beste van die saak gemaak, en só die evangelie ook aan die Romeinse soldate verkondig!

Ons beland ook baie keer in moeilike situasies. Dan kan ons moedeloos en verbitterd laat, of ons kan die beste van die slegte situasie maak. Die Heilige Gees is teenwoordig om my te help. Christus het my reeds losgekoop. Hoe ek dan in sulke omstandighede reageer, spreek boekdele oor my geloof...

Gesang 365 ***Ds GPJ Stoltz*** ***Koedoesrand***

13 Desember ***Legkaartstuk: Jesus se volmaakte offer*** **Johannes 1: 19-34**

Toe al die ander stukke van die legkaart inmekaar gepas is, het God nog een ding gedoen – Hy het iemand gestuur om die mense finaal voor te berei op die koms van die Messias. Johannes die Doper is gestuur om te getuig van Jesus en om die pad vir Hom reguit te maak.

Toe Johannes vir Jesus sien, getuig hy: *Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!* (Joh 1: 29). Dit was wat Jesus Christus vir ons kom doen het. Jesus van Nasaret, wie se geboorte ons eersdaags her-

denk, het gekom om die sonde van die wêreld weg te neem en ons met God te versoen.

Dit het Jesus gedoen deur met sy bloed aan die kruis te betaal. As hierdie gebeure vandag plaasgevind het, sou ons dit nie verstaan het nie. Maar in daardie tyd, die volheid van die tyd, het die mense presies verstaan dat jy van jou sonde losgekoop word deur die bloed van 'n offer. En Jesus was daardie offer (Heb 9: 23-28). Nêrens anders in die geskiedenis sou die mens só goed verstaan het wat Jesus kom doen het nie. Die tyd wat God gekies het, was só goed dat ons selfs 2 000 jaar later, in 'n totaal ander kultuur en leefwêreld, nog steeds verstaan wat Jesus vir ons kom doen het.

Nou verstaan ons wat die volheid van die tyd beteken. God het ons só liefgehad dat Hy die hele wêreld voorberei het om sy Seun uiteindelik te kan erken as Messias, te kan verstaan wat Hy vir ons kom doen het. God se almag is so groot dat Hy alles reggekry het sodat die evangelie kan versprei na alle mense, sodat ook ons tot geloof kan kom. Is dit nie verstommend nie? Daarom kan ons in hierdie Adventstyd getuig van God se almag en liefde, en saam met Paulus juig dat niks ons van God se liefde kan skei nie!

Gesang 573 ***Ds GPJ Stoltz*** ***Koedoesrand***

14 Desember ***Wegwysers na Christus*** **Lukas 1: 5-7**

Jesus Christus het uit die hemel, op ons aarde, in ons tyd gekom. God het mens geword. Dit is die wonder waarvan Lukas in sy Evangelie wil getuig.

Lukas skryf oor die tyd toe God vir hierdie wonder gereed gemaak het. Daar was 'n priester met die naam Sagaria en sy vrou Elisabet; sy was ook uit die priestergeslag. Lukas skryf dat albei van hulle in die regte verhouding met God gelewe het. Jy kan nie 'n mooier kompliment vir iemand gee as dit nie.

Maar, gaan Lukas voort, hulle was kinderloos en reeds oud. Kinderloosheid was in hulle tyd 'n skande, dit is gesien as 'n teken dat so 'n vrou of egpaar by God in onguns verkeer. Dit is egter vreemd dat twee regverdige mense só deur God behandel word. Ons lees meermale in die Bybel van mense wat deur God vir 'n besondere taak geroep word en wat dan deur swaar beproewings sterk gemaak word vir hulle taak. Dink aan Abraham en Sarai wat hierdie selfde ellende geken het. Dink aan Moses. Selfs die Here Jesus moes gehoorsaamheid leer uit wat Hy gely het (Heb 5: 8). Hulle kinderloosheid was vir hulle natuurlik 'n hartseer saak wat, soos die lewensjare verbygegaan het, dalk erger geword het. Maar dit was moontlik juis hulle kinderloosheid

wat daartoe bygedra het om hulle huwelik en huis voor te berei om 'n plek te word waar God Homself kon openbaar.

In hierdie huis, waar vader en moeder leer wag het op die Here, is Johannes as kind aan hulle gegee. *Johannes* beteken *die Here is genadig.* En hy is aan sy ouers en sy volk gegee om 'n voorloper te wees, om die pad vir Jesus voor te berei, om weg van homself af, na Jesus toe, te wys: Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. So kan hy wie se naam Die-Here-is-genadig was, die Genade van God vir die wêreld uitwys: Jesus Christus!

Die Here werk met mense. Hy werk met elkeen van ons. Hy slyp en skaaf ons elkeen met die een doel – dat ook elkeen van ons wegwysers na Jesus Christus sal wees. Wees dit, veral in hierdie tyd voor Kersfees.

Gesang 328 ***Ds TF Joubert*** ***Swellendam***

15 Desember ***'n Stomme getuie*** **Lukas 1: 8-22**

Die Here Jesus Christus het op God se bestemde tyd na ons toe gekom. In hierdie tyd staan die priester voor die reukofferaltaar in die tempel – Sagaria wat al so baie gebid het om 'n kind.

En toe was die engel Gabriël daar: *Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem.*

Arme Sagaria, hy en Elisabet het so lank gebid en lank gedroom en *waarom* gevra. Vir jare was daar geen antwoord nie, daarom is dit moeilik om dit nou te glo. *Waaraan sal ek dit weet? Ek en my vrou is reeds te oud!*

Hy moes beter geweet het! Die engel sê hy is Gabriël wat in God se diens staan en wat hierdie goeie nuus aan Sagaria moes bring. Om vir iemand God se goeie nuus te bring, beteken om hom te evangeliseer. Sagaria word geëvangeliseer: God skenk nie net 'n kind aan Sagaria en Elisabet nie, maar hierdie kind, hulle kind, is die voorloper van die Messias, waarna Sagaria en die hele volk ook uitgesien het. God kom na sy eiendom. Sagaria se seun gaan die volk wat in duisternis rondstrompel, voorloop na God se Lig toe. Maar Sagaria sal stom wees totdat hierdie dinge vervul is, omdat hy dit nie geglo het nie.

'n Stom priester! 'n Priester met die grootste boodskap wat sy wagtende volk buite die tempel ooit kon hoor. Die Messias kom! God kom! Maar Sagaria het nie 'n stem nie, hy kan nie die goeie nuus uitdra nie! 'n Blye boodskap moet uit, die wêreld in, maar hy moet maande lank daarmee in sy stomheid bly sit!

Ook ons ken die goeie nuus reeds lank, baie van ons ken dit lewenslank. En ons, so lees ons in 1 Petrus 2: 9, 10, is deur God geroep om as sy heilige priesterdom die vreugde van Christus in die wêreld te verkondig. Ons kan praat, ons moet praat. Ons mag nooit stom getuies wees nie! Vertel vandag die goeie nuus ten minste aan net een mens.

Gesang 329 ***Ds TF Joubert*** ***Swellendam***

16 Desember ***Vertroue*** **Lukas 1: 67-80**

Sagaria, die vader van Johannes die Doper, se lofsang is onder meer 'n lied van vertroue. Dit is nie 'n lied oor Johannes nie, dit is 'n lied oor God. Veral in die eerste deel van die lied loof hy God vir die verlossing wat Hy gegee het en gee. Hy praat van God se trou en van God se beloftes, van God se redding en dat dit alles kom uit God se ontferming. Ons word opgeroep om met vertroue op God te lewe. Jy kan nie iets vertrou wat jy nie ken nie. Dit vra nie baie vertroue om oor of onderdeur 'n brug op die snelweg te ry nie, want ons weet uit vorige ervaring dat sulke brûe sterk is en nie inmekaarval as jy daaroor ry nie, ons weet ons kan die konstruksie daarvan vertrou. Dit vra meer vertroue wanneer ons met 'n rektou aan ons enkels op 'n hoë brug staan, gereed om af te spring.

Jy kan God nie vertrou as jy Hom nie ken nie. Sagaria het God geken. Hy het God goed geken, hy het daagliks God se wet nagekom en in vertroue op Hom geleef (Luk 1: 6: *Hulle was albei getrou aan die wet van God en het onberispelik al die gebooie en voorskrifte van die Here onderhou.*).

Sagaria se lied herinner lesers aan dit wat God in die verlede gedoen het. In verse 73-75 word ook die doel van die redding gestel: sodat ons Hom onbevrees kan dien, in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe.

Iets van hierdie vertroue hoor mens in die Gelofte van 1838, iets van die onbevrees dien en dien in opregtheid. Die God op Wie die Voortrekkers vertrou het, het hulle die oorwinning gegee. Leef ons as hulle geestelike nageslag nog met dieselfde vertroue? As jy God nie ken nie, nie goed ken nie, gaan kyk weer na Sagaria se lofsang. Leer God ken uit sy Woord en vertrou Hom.

Ons kan die Here (nog) onbevrees dien, maar gebruik ons die geleenthede? Ons kan in opregtheid die Here dien, maar doen ons dit?

Gesang 319 ***Ds TF Joubert*** ***Swellendam***

17 Desember ***Tot beskikking van die Here*** **Lukas 1: 26-38**

Jesus Christus, ons Here, is gebore uit 'n maagd. Dit is die eerste saak wat Lukas van die Here Jesus self wil getuig. Hierdie maagd was Maria uit die dorpie Nasaret. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die huis van Dawid. Verlowing is destyds baie ernstiger as vandag beskou en om 'n verlowing te minag, het gelykgestaan aan egbreuk (Deut 22: 13v).

Op 'n dag het die engel Gabriël aan Maria verskyn: *Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word.*

Vir haar was dit wonderlike woorde, onbegryplike woorde. Sy het gevra: *Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?* Sy was verloof, maar nog ongetroud.

Die engel antwoord haar: *Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.*

Wat moes daar nie alles in haar omgegaan het nie? Wat sal Josef, my verloofde, sê? Wat van my goeie naam? Wat van my ouers? Wat van die bure? Wat van die wet? Sy kan gestenig word as ongehude moeder! Sy kan haar lewe verloor!

Wat sal sy nou hierop antwoord? Hoe sal sy antwoord op hierdie ongehoorde en tog ongelooflike heerlike boodskap uit die hemel? Haar antwoord is dié van geloof: *Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.* God het gepraat en 'n gelowige weet as God gepraat het, dan moet jy stil word. Dan tel jou woord en jou wil en jou eer nie meer nie, maar alleen net die woord en wil en eer van God wat met jou gepraat het, want wie deur God aangespreek is, het God se slaaf en slavin geword. Hulle is mense wat deur God self vrygemaak is van die sonde en van hulleself om voortaan net aan Hom te behoort en net vir Hom te lewe. Dit is moeilik vir 'n sondaarmens as jou wens en jou wil nie meer tel nie, maar 'n gelowige, wat weet Wie God is en wat Hy gedoen het, kan nie anders nie as om tot sy beskikking te wees.

Gesang 318 ***Ds TF Joubert*** ***Swellendam***

18 Desember ***Jesus die Christus*** **Lukas 2: 8-14**

Jy moet Hom Jesus noem, het die engel vir Maria gesê, en later vir die

skaapwagters: *Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!*

Hier is twee name: *Jesus* en *Christus* in Grieks. Dit is twee bekende Ou-Testamentiese name wat in Hebreeus *Josua* en *Messias* is.

Josua beteken *die Here red.* Dat die Here red, is 'n saak waarmee die meeste mense kan saamstem. Waaroor daar baie verskil kan wees, is as ons sou vra: waarvan red die Here? Ons hoor dat mense gered wil word van siekte, swaarkry, armoede, onsekerheid, pyn, onveiligheid en politieke onderdrukking.

Die engel van die Here het ook aan Josef in 'n droom verskyn en daarin ook uitdruklik vir hom gesê waarom Hy Jesus genoem moet word: *want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos* (Matt 1: 21). Dit is tog duidelik genoeg. Die sonde, die mens se sonde, is immers die grootste nood van die mens. Dit is sy sonde, sy eie, wat vyandskap bring tussen hom en sy God en daarom ook tussen hom en sy naaste. Dit is die sonde wat die swaar en die ellende in die wêreld veroorsaak. Dit is die sonde wat die mens van God skei, sy sonde, waardeur hy die ewige lewe verloor. Nie omstandighede nie, nie iemand anders nie, jou sonde staan tussen jou en God.

Messias of *Christus* beteken *Gesalfde.* Die Heidelbergse Kategismus (antwoord 31) sê dat die Here Jesus met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het; tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.

Kerstyd se boodskap is: jou Redder het gekom! Hy het kom regmaak wat jy voor God vernietig het en wat jy self nooit weer kan regstel nie. Glo in Hom en jy sal, verlos van jou sonde, ewig met Hom lewe.

Dit is die boodskap van Kerstyd: Jesus Christus, my Redder, my Profeet, my Hoëpriester en my Koning het gekom. Ek behoort aan Hom. Ek leef in gehoorsaamheid aan Hom.

Gesang 326 ***Ds TF Joubert*** ***Swellendam***

19 Desember ***Danksegging*** **Kolossense 1: 3-8**

In hierdie gedeelte dank die skrywer God vir die gelowiges in Kolosse, dat hy gehoor het van hulle geloof in Jesus Christus en hulle liefde vir al die ge-

lowiges. Die waarheid, die evangelie van Jesus Christus, is aan hulle verkondig en die hoop word vir hulle in die hemel bewaar. Drie van die kernbegrippe van die Christelike godsdiens word hier pertinent genoem, naamlik geloof, hoop en liefde. Paulus beskou hierdie drie as die drie basiese komponente van Christenwees. Op verskeie plekke in die Nuwe Testament, waaronder ook die baie bekende 1 Korintiërs 13, word daar van die geloof, hoop en liefde gepraat.

Die hoop word hier nader omskryf deur die herkoms, aard en betroubaarheid daarvan opnuut weer onder die gemeente se aandag te bring. Om dit te bewerkstellig, word hulle as't ware teruggeneem op hulle pad oor tyd, ruimte en verloop heen na die gebeure wat tot hulle ontstaan en die nuwe bestaanswyse in Christus gelei het. Die pad terug begin by die gemeente en eindig by God by wie alles begin het. Die een gebeurtenis loop as't ware oor in die ander een. Die evangelie verkondig aan ons die hoop wat ons het op grond van God se genadehandelings in die verlede. Dit is die waarheid en dit bring vrug voort soos dit deur die wêreld heen versprei word.

Hier waar ons op pad is na Kersfees en die einde van die jaar, kan ons ook dankbaar wees en leef vir die geloof, hoop en liefde wat ons ontvang het en kan uitleef in ons alledaagse verhoudings. Ons het ook 'n lewende hoop op die heerlikheid wat vir ons wag en waarvan ons in hierdie dae opnuut verseker word, omdat 'n Kindjie vir ons gebore is in 'n stal in Betlehem.

Gesang 335 ***Ds JJ Viljoen*** ***Beroepafwagtend***

20 Desember ***Voorbidding*** **Kolossense 1: 9-14**

'n Mens wonder baie keer wat en hoe ons vir ander mense moet bid. Ons geliefdes en dierbares se node en behoeftes ken ons, dus kan ons dit makliker van God vra. Soms weet ons egter nie hoe om te bid vir ander medegelowiges wat ons nie so intiem ken nie. Paulus was nog nie by die gemeente in Kolosse toe hy hierdie brief aan hulle geskryf het nie. Hy het van sekere probleme verneem en ook van positiewe dinge in die lewe van die gemeentelede, maar hy het hulle nie intiem geken nie. Nogtans bid hy hierdie pragtige gebed vir die gemeente.

Ons kan ook hierdie gebed so bid wanneer ons andere aan ons Here God opdra: Ons kan die Here dank vir medegelowiges se geloof en die verandering wat dit in hulle lewens teweegbring. Ons vra die Here om hulle te help sodat hulle kan weet wat Hy wil hê dat hulle moet doen en dat hulle sy wil

in hulle lewens sal verstaan. Ons vra die Here om hulle geestelike insig te gee en dat hulle daarin sal groei. Ons vra die Here om hulle te help sodat hulle vir Hom sal leef en Hom sal verheerlik en goeie dade teenoor andere sal doen. Ons vra die Here om vir hulle meer kennis oor Hom te gee sodat hulle Hom beter en beter sal leer ken. Ons vra die Here om hulle met sy krag te vervul sodat hulle sal volhard in die geloof. Ons vra die Here om hulle te vul met blydskap en krag en dat hulle altyd dankbaar sal wees en leef.

Dink net hoeveel gelowiges ons sou kon raak as ons so vir mekaar sou bid.

Gesang 352 ***Ds JJ Viljoen*** ***Beroepafwagtend***

21 Desember ***Die Christus-lied (1)*** **Kolossense 1: 13-17**

Op pad na Kersfees staan ons stil by hierdie pragtige Christus-lied wat waarskynlik bekend was in die vroeë kerk en deur Paulus aangepas word om die besondere posisie van Christus te besing.

In vers 13 word die Kolossense daaraan herinner dat hulle uit die mag van die duisternis gered is. Die gelowige beweeg as't ware vanuit die duisternis na die lig – van die sonde nader na God toe. Ons is uit die mag van die sonde bevry en het vergifnis van ons sondes ontvang, daarom word ons deur God vrygespreek en is ons nie meer skuldig nie. Ons is uit die mag van die duisternis verlos en staan nou onder die mag van God en die heerskappy van die Seun. Ons het nou die voorreg om die eintlike en ware Koning te dien – die Koning van die konings en die Heerser van die heersers.

Hierdie lied val uiteen in twee dele. In die eerste deel word die wese van die Seun vir ons beskryf, asook sy status in die heelal en hoe God deur Hom alle dinge geskep het en dit (nog steeds) onderhou. God openbaar Homself in Christus aan ons en God se heerlikheid word in Christus aan ons weerspieël. Christus maak as beeld van God die onsigbare God sigbaar en teenwoordig. As beeld van God is Hy draer van die wese van God en is God in Hom teenwoordig. So verteenwoordig Hy God as't ware by die mense. Dit is ook deur Hom dat God wat self nie gesien kan word nie, Homself openbaar en aan die mense bekend maak, maar God bly steeds God en beskik steeds self oor hoé Hy Homself openbaar en wát Hy van Homself openbaar. Christus word hier gestel as die Eerste, verhewe bo die hele skepping. Hy is die skeppingsdoel. Met die skepping en die onderhouding van die skepping voer God sy plan uit, dié plan wat Hy in Christus sal voltooi. Daarom wys alles na Christus heen en moet almal weet: die Seun is die Eerste!

Ook ons kan in dankbaarheid dit weet, glo en bely: *Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes* (vers 14).

Gesang 354 ***Ds JJ Viljoen*** ***Beroepafwagtend***

22 Desember ***Die Christus-lied (2)*** **Kolossense 1: 18-20**

In hierdie tweede gedeelte van die Christus-lied word ook weer iets van die wese van die Seun aan ons gemeld, asook sy status in die kerk en hoe God deur Hom alles met Homself versoen het. Vier verskillende terme word hier gebruik om die verhewe posisie van die Seun te beskryf: Hoof, oorsprong, die Eerste en eerste plek.

Die Seun is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy heers oor die kerk; alle mag oor sy kerk berus by Hom en word deur Hom uitgeoefen. Hy is die hoof van die kerk omdat Hy die oorsprong daarvan is. Hy is die oorsprong omdat Hy die Eerste is, die Een wat uit die dood opgestaan het. Soos Hy die Eerstegenome word met betrekking tot die Skepping, so ook met betrekking tot die Herskepping, die opstanding uit die dood. Sy opstanding uit die dood is die begin van die nuwe skepping, die oorsprong van die kerk, want daarop berus die geloof, die bestaan en die heilsverwagting van die kerk. Sy opstanding is dan die waarborg van die opstanding van almal wat in Hom glo. Die apostel wil beklemtoon dat God ten volle in Christus woning gemaak het, naamlik dat Hy in Christus se menswording, dood, opstanding en verheerliking teenwoordig is. Alle mag wat in God as Skepper en Herskepper is, is ook in Christus aanwesig. God het Homself so volkome en volledig in Christus geopenbaar.

So kan ons as dankbare, verloste gelowiges Jesus Christus se grootheid besing. Op pad na Kersfees (sy menswording) kan ons reeds dankbaar dink aan Goeie Vrydag (sy kruisiging en dood), Paassondag (sy opstanding) en Hemelvaart (sy verheerliking) en hoe dat God sy plan tot uitvoer bring in die wêreld om deur die bloed van sy Seun aan die kruis die ganse heelal met Homself te versoen (vers 20).

Gesang 371 ***Ds JJ Viljoen*** ***Beroepafwagtend***

23 Desember ***Versoening*** **Kolossense 1: 21-29**

Oor twee dae vier ons Kersfees. 'n Week verder breek die nuwe jaar aan. By albei hierdie geleenthede is dit goed om na onsself te kyk – terug te kyk

op die jaar wat verby is en vorentoe te kyk na dit wat vir ons voorlê. Meer nog, om na binne te kyk en te vra na ons prioriteite in die lewe: wat is vir ons belangrik; hoe leef ons; watter gesindhede openbaar ons deur ons woorde en optredes, ons dade en manier van lewe? Miskien was ons ver van God af; miskien was ons vyandiggesind teenoor Hom en dalk ook teenoor andere; miskien het ons sonde en sondigheid na vore gekom in ons lewenswyse en optredes; miskien het ons aangeleer om gedurig te vloek en God se Naam ydelik te gebruik en het ons Hom nie gedien en aanbid soos wat ons moes en wou nie!

Maar nou word gesê dat God ook julle (ons) met Homself versoen het, *deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel* (vers 22).

Deur Jesus Christus se dood kan alle mense na God toe kom. Dit beteken egter nie dat alle mense voor die voet gered is nie, maar wel dat die pad voorberei is, sodat enigeen wat in Christus Jesus glo, gered kan word. Deur verlossing word mense met mekaar en met God versoen. Dus bring die kruis van Christus vrede en verlossing. Daar is niemand wat goed genoeg is om Homself te red nie. Dit geld almal van ons. As ons voortaan vir ewig by Christus wil leef, dan bly ons volkome afhanklik van God se genade. As ons dus vrygemaak wil word van ons sondeskuld, moet ons glo dat Jesus Christus ons sondes wegneem. Om in Hom te glo, beteken dat ons volkome sal vertrou dat Hy ons sondes vergewe het, ons met God versoen het en vir ons die krag gee om te lewe soos wat Hy wil hê ons moet lewe.

Ons kan dan vas en sterk bly staan in die geloof en ons nie laat losruk van die hoop wat in ons gewek is deur die evangelie wat ons gehoor het nie (vers 23). Met dié hoop van die evangelie van Jesus Christus kan ons hierdie Kersfees en ook die nuwe jaar en die toekoms onbevrees ingaan en leef en werk tot eer van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Gesang 367 ***Ds JJ Viljoen*** ***Beroepafwagtend***

24 Desember ***Die Here is genadig*** **Lukas 1: 57-66**

In dié gedeelte lees ons dat God geprys word oor die barmhartigheid wat Hy bewys. Barmhartigheid in die eerste plek aan Elisabet, maar dan ook barmhartigheid aan die hele volk waaraan Sagaria en Elisabet behoort. Dit is nie 'n eenmalige barmhartigheid aan die volk Israel nie, maar barmhartigheid wat terugstrek na vroeëre geslagte. God kom sy dienaars te hulp sodat hulle

aan sy beloftes van ontferming kan dink. Hierdie barmhartigheid bring nie alleen 'n groot blydskap nie, maar ook 'n groot dankbaarheid in die harte van Elisabet en haar volk.

Waarom die blydskap? Elisabet is bly omdat die engel Gabriël se voorspelling waar geword het – haar seun is gebore. Die bure en familie is bly omdat sy bly is en omdat sy God se genade ontvang het. So word hierdie blydskap en dankbaarheid al meer en meer en al groter namate die mense bewus word van God se genade en barmhartigheid.

So is die gelowiges oor die eeue saam met Elisabet en die volk van God bly. Haar vreugde en hulle vreugde raak elke gelowige. Hierdie kind van haar gaan die blye boodskap van verlossing verkondig. Die oordeel en vernietiging wat hulle in die gesig gestaar het, sal hulle nie meer bedreig nie, want hierdie seun wat nou gebore is, gaan aan hulle, wat berou het, vergifnis en verlossing verkondig.

Almal was met ontsag vervul en in die hele Judea is daar gepraat oor al hierdie dinge. So moet ook ons wat hierdie blye boodskap hoor, dit aan die hele wêreld gaan vertel. Die Messias het na die wêreld gekom en God se genade en liefde is nou binne bereik van elkeen wat glo en wat berou toon oor hulle sondes.

Gesang 332: 1-4 ***Ds HJM Breedt*** ***Kimberley***

25 Desember ***Jesus Christus is die Lig vir die wêreld*** **Johannes 8: 12-20**

Jesus het Homself op verskeie maniere geopenbaar aan sy volgelinge. Hy sê: *Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee* (Joh 8: 12). So het Hy Hom ook geopenbaar as die Lewende Water (Joh 7: 37, 38). Ja, Hy is die lewende water, Hy is die lig, Hy is die brood. Hy is alles wat ons nodig het.

Hierdie lig skyn in die duisternis in – die duisternis kan dit nie uitdoof nie. Lig en lewe behoort tot die geestelike lewe. Wanneer 'n mens oor hierdie lewe beskik, ervaar jy die gemeenskap met God in Christus. Jy beleef dus die volheid van die Vader se wese, al sy goddelike eienskappe – heiligheid, waarheid (kennis, waarheid en wysheid), liefde, almag en soewereiniteit. Hierdie vol, geseënde lewe kan gesien word as die lig van God. Hierdie lig moet skyn. Die mensdom word gekenmerk deur die duisternis van die boosheid en haat – die teenoorgestelde van die lig van God. Christus se verlossingswerk bring al die kenmerke van die lig na vore en word aan die sondige mens verkondig.

Kersfees is 'n fees van ligte en liggies. In hierdie tyd gedenk ons die koms van Christus, die Lig vir die wêreld. Wanneer Christus verkondig word, word wysheid aan die onverskillige verkondig. Heiligheid word aan die onreine verkondig. Blydskap word aan dié wat hartseer is verkondig. Ja, aan elkeen wat nader getrek word deur sy goddelike genade en wat sy leiding volg, aan hulle verkondig Hy nie net seën nie, maar deel Hy sy seëninge.

Mag elke liggie u hierdie Kersfees herinner aan Jesus Christus, die Lig vir die wêreld. Mag hierdie Kersfees vir u 'n dag van lig wees – Christus se lig. Mag u sy seën in u lewe ervaar en mag die lig wat u van God in Christus ontvang, in hierdie wêreld in skyn en die duisternis verdryf.

Gesang 330: 1, 2 ***Ds HJM Breedt*** ***Kimberley***

26 Desember ***Die uitkoms is hier!*** **Jesaja 40: 1-11**

Kersfees is die fees waartydens ons die koms van die Verlosser herdenk. Die Messias, Jesus Christus, het gekom. Hy het verlossing gebring. Watter vreugde, watter blydskap is daar nie in ons harte nie! Maar hoe druk ons dit in woorde uit?

Die woorde van die profeet Jesaja in ons Skrifgedeelte is uiters gepas. *Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier!* Dié goeie tyding moet aan God se volk gebring word. Die swaarkry is verby. Wat ons straf moes wees, is aan Hom gegee. Ons hoef nie meer te boet vir ons sondes nie. Jesus Christus het hierdie boete betaal.

Al moet ons nog dood gaan, is dit nie meer 'n ewige dood nie. Ons hoef nie vir die doderyk bang te wees nie, want Jesus Christus het dit oorwin. Hy het opgestaan en gelewe sodat ook ons kan opstaan en lewe.

Is dit nie iets om voor dankbaar te wees nie? En hoe betoon ons daardie dankbaarheid? In die eerste plek deur in hierdie Jesus Christus te glo. In die tweede plek deur op Hom te vertrou. In die derde plek deur aan Hom gehoorsaam te wees deur in liefde vir God en my medemens te lewe. En laastens deur hierdie goeie tyding aan ander te bring. Om aan hulle te verkondig: *Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! God regeer! Hy bring dié wat aan Hom behoort saam. Hy versorg hulle soos 'n skaapwagter sy kudde versorg – met liefde en genade. Ja, soos lammers bring Hy ons in sy arms bymekaar en dra ons teen sy bors.*

Dit is hoe ons dankie moet sê.

Gesang 335: 1, 2 ***Ds HJM Breedt*** ***Kimberley***

27 Desember ***Jesus Christus – volkome mens*** **Lukas 2: 21-24; Jesaja 39**

Ons bely dat Jesus Christus God is, en ook volkome mens, maar mens sonder enige sonde. Die vraag ontstaan waarom Hy dan besny en gedoop moes word? Ons kán hierdie vraag vra, want in Lukas 2 lees ons dat Jesus volgens die Joodse gebruik en God se opdrag (Gen 17: 12; Lev 12: 3) op die agtste dag besny is. Daar was immers geen sonde wat *weggesny* moes word nie. Hy het nie 'n *nuwe hart en nuwe gees* (Eseg 36: 26) nodig gehad nie. Maar dan moet ons onthou, sy besnydenis word deur die Gees gedoen alhoewel die uiterlike fisiese handeling ook plaasvind.

Jesus Christus het na hierdie wêreld gekom om die sondelas van sy mense weg te neem. Dit was húlle skuldlas wat op Hom gerus het. Dit was dáárdie sonde wat nou verwyder moes word (Jes 53: 4-6). Jesus as die laaste Adam moes die wet nakom wat die eerste Adam nie gedoen het nie. Hy kom dus na die wêreld om die wêreld se vloek op Hom te neem en verlos só sy volgelinge daarvan.

Vir Jesus was die besnydenis ook 'n teken en seël van die regverdigmaking deur die geloof. Absolute vertroue in die hemelse Vader en gehoorsaamheid wat hierdie vertroue impliseer, was die pad na die oorwinning vir Hom as ons Verlosser en vir dié wat die Vader aan Hom gegee het. Die besnydenis was die teken van passiewe gehoorsaamheid en sy doop, wat later volg, dié van aktiewe gehoorsaamheid.

Waar ons nou aan die einde van die jaar staan en so pas weer die geboorte en koms van die Verlosser herdenk het, kan ons opnuut met 'n vaste vertroue op God se genadige verlossing in en deur Jesus Christus 'n lewe van dankbaarheid gaan lei. Jesus Christus, ons Verlosser, het die volle pad van gehoorsaamheid aan die Vader geloop sodat u en ek verseker kan wees van God se vergifnis en 'n ewige lewe.

Gesang 322: 2, 3 ***Ds HJM Breedt*** ***Kimberley***

28 Desember ***Lofwaardig is die Here!*** **Lukas 1: 67-80**

Sagaria was 'n priester van die Here. Dit is aan hom dat die engel verskyn het terwyl hy besig was om die wierookoffer te bring. Die engel vertel aan hom dat sy gebed om 'n kindjie verhoor is en dat hy 'n kindjie van God sal ontvang. Hierdie kindjie sou 'n groot taak hê. Hy sou baie mense na die

Here bring met sy prediking. Daarby sou hy voor die Here uitgaan met dieselfde krag as Elia.

Watter wonderlike boodskap om te hoor. Nie alleen dat jou gebed verhoor is nie, maar dan ook op só 'n manier. Jy ontvang baie meer as waarvoor jy gevra het. Vreemd om dan te moet lees dat Sagaria, wat priester van die Here was, dit nie geglo het nie. Omdat hy ongelowig was, word hy met stomheid geslaan. Hy kon glad nie meer praat nie.

Dan lees ons in ons Skrifgedeelte dat wanneer die kindjie Johannes gebore is en dit aan hom vertel word, hy weer kan begin praat. Die eerste ding wat hy doen, is om 'n loflied tot God aan te hef.

Sagaria, wat vervul is met die Heilige Gees, begin om 'n loflied of pryslied te sing. Hy loof die Here wat sy beloftes so getrou nakom. Hy loof die Here omdat die Here nie net sy volk geskape en só gelos het nie, maar ingryp in hulle lewens en hulle verlos uit die nood waarin hulle verkeer.

God se belofte aan sy volk word waar wanneer Jesus Christus in die wêreld kom en sy volk, die gelowiges, verlos.

Hy verlos ons van die Satan en ál sy bondgenote – die sonde, die dood, die graf, die hel én die volgelinge van die boosheid, omdat Hy hulle oorwin.

Die Here verlos sy volk sodat hulle Hom met dankbaarheid kan aanbid. Ons moet Hom sonder vrees aanbid, want ook ons is uit die hande van die vyand verlos. Ons moet Hom in heiligheid en geregtigheid aanbid: heilig teenoor God en geregtig teenoor ons medemens. Ons moet hom in sy teenwoordigheid aanbid; dit wil sê, om jou lewe vrywillig as 'n offer aan die Here te wy op só 'n manier dat dit vir Hom aanneemlik is. Ons moet Hom ewigdurend loof en aanbid; dit wil sê, nie net soms wanneer ons wil of dit ons pas nie, maar ál die dae van ons lewe.

Lofwaardig is die Here!

Gesang 319: 1-3 ***Ds HJM Breedt*** ***Kimberley***

29 Desember ***Het jy My baie lief?*** **Johannes 3: 16-19; Johannes 21: 15-19**

Kerstyd is 'n tyd waarin mense vir mekaar Kerskaartjies stuur. Daarmee wil mense vir mekaar sê dat hulle uit liefde aan mekaar dink en wens hulle mekaar 'n geseënde tyd toe.

Telkemale in die geskiedenis het God sy liefde teenoor die mens verklaar. Die Kerskaartjie waarin God sy hele hart vir ons oopgemaak het, word in die

Kerstyd by die wêreld se posbus afgelewer. Die stal in Betlehem is God se posbus. Daar is die Kind van sy liefde gebore, en daardie Kindjie is God se Kerskaartjie waarin jy kan lees hoe lief God jou het.

Maar hierdie pos uit die hemel bring 'n diepe verantwoordelikheid mee. God gee sy liefde aan ons, maar dan vra Hy ook jou liefde. Geloof is ons antwoord op die liefde van God. Hierop sê Johannes 3: 19: *... die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad* ... Die Kerskaartjie is as 't ware opgeskeur en weggegooi.

Aan ons, wat lewe in 'n wêreld wat die duisternis liewer het as die lig, aan ons word daar 'n Kerskaartjie vanuit die hemel gepos met die blye tyding dat daar vir ons 'n Verlosser gebore is, Jesus Christus, die Here. God skenk sy liefde aan ons in sy Seun, Jesus Christus.

Dan kom die Here en Hy vra ons hart. Dit is die uitdaging van die Kersgety. Dit is die prys wat ons sal moet betaal vir 'n geseënde Kersfees. God rig hierdie Kerskaartjie uit die hemel vol liefde aan elkeen van ons. Die vraag is: Wat gaan ons daarmee maak? Gaan ons dit iewers neergooi en daarvan vergeet? Gaan ons dit lees en bly wees oor God se liefde, maar intussen is ek nie bereid om iets van myself te gee nie? Dan weet ek nie wat 'n geseënde Kersfees is nie. Wanneer ek die Kerskaartjie van God oopmaak en ek word daarin verseker van sy liefde vir my, dan kom die vraag direk aan my: *Het jy My baie lief?*

Mag ons in hierdie Kerstyd, en so ook elke dag van ons lewe, soos 'n Petrus in Johannes 21: 17 antwoord: *Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.*

Gesang 334: 1-4 ***Ds JD Venter*** ***Beroepafwagtend***

30 Desember ***Dra jy vrugte?*** **Lukas 13: 6-9**

In hierdie gelykenis word ons gewaarsku teen die sonde van onvrugbaarheid in die geloof, 'n nuttelose lewe, 'n lewe wat nie aan die doel wat God met ons het, beantwoord nie.

Die gelykenis handel oor 'n boom wat geplant is. Dit het met ander woorde nie maar toevallig êrens opgekom nie, nee, 'n man het dit doelbewus in sy wingerd geplant met die doel om vrugte te dra. Dit is ook waar van ons. Ons is nie toevallig hier nie. God het dit so beskik en het 'n bepaalde plan en doel met ons lewe. Ook ons is in goeie wingerdgrond geplant. Ons het die Bybel in ons moedertaal, godsdiensvryheid en die voorreg om lidmaat van 'n gemeente te mag wees. Ten spyte van hierdie bevoorregte posisie, was die

boom 'n mislukking. Die eienaar soek tevergeefs na vrugte en sê na drie jaar aan die tuinier: *Kap hom uit!*

Watter vrugte het ons die afgelope jaar gedra? Wat het ek beteken vir die Koninkryk, my gemeente?

Die gelykenis spreek ook van genade. Die tuinier lewer 'n pleidooi ten behoewe van die onvrugbare boom: *Laat hom nog hierdie jaar staan.* In die persoon van die tuinier sien ons die beeld van Jesus wat ook ons Pleitbesorger aan die regterhand van die Vader is. So wil Jesus ook met ons doen in die nuwe jaar wat voorlê. Maar daar is ook iets soos 'n laaste kans. En dan, as al die genadepogings van die tuinier nie gehelp het nie, word die harde, verskriklike oordeelswoord gespreek: (Dan) *kan u hom uitkap!*

Vandag het ons nog die kans om vrugte te dra. Vandag pleit Jesus nog vir ons, selfs al het ons geen vrugte in 2005 gedra nie. Daarom wil ek vra dat jy rondom jou sal kyk en sal sien dat jy in God se wingerd deur God self geplant is met die doel om tot die eer van sy Naam te lewe. Sien die sonskyn raak, die reën wat God so mildelik oor jou uitgiet sodat jy kan groei. Hoedat God deur jou lewe tot hiertoe telkens sy hande oor jou en om jou gehou het sodat jy nie moet seerkry nie. Sien die Tuinier, Jesus Christus, raak, Hy wat op hierdie oomblik besig is om die grond rondom jou om te spit en te bemes. Hy wat dit vir jou in 2006 sal doen in die kerk deur prediking en huisbesoek, maar ook by jou huis deur jou persoonlike stiltetyd.

Dan sal jy besef dat jy in vrugbare wingerdgrond geplant is en dat jy die wonderlikste geleentheid het om vrug te dra. Kom ons maak dit ons voorneme om vandag en elke dag van 2006 vrug te dra en te beantwoord aan die doel waarvoor ons in hierdie wingerd geplant is.

Gesang 299: 2 ***Ds JD Venter*** ***Beroepafwagtend***

31 Desember ***Kos uit die hemel*** **Eksodus 16: 1-21**

Ons staan aan die einde van 2005 en die begin van 'n nuwe jaar. Wat gaan die jaar 2006 vir ons inhou? Dalk sien jy baie uit na die nuwe jaar, of dalk is jy bang en beangs oor al die hartseer en probleme wat 2006 dalk mag oplewer. Teen hierdie agtergrond wil ons teks ons leer om een dag op 'n slag te lewe.

Elke dag bring sy eie take. Die volk Israel is op pad na die beloofde land, en nou gee God aan hulle 'n opdrag deurdat hulle elke dag se voorraad kos moes gaan optel.

Elke dag bring sy eie sorge. As gelowiges weet ons dat daar in die jaar 2006 teëspoed oor ons pad sal kom. Tereg staan daar in Psalm 90: 10: *Ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig, en dié is vol swaarkry en leed.* Gelukkig kom al die probleme nie op een dag nie. Daarom sê die Here in Matteus 6: 34: *Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis ...* Kom ons hou op om ons te bekommer oor die jaar wat voorlê en kom ons hou ons eerder besig met vandag in die wete van Romeine 8: 31: *God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?*

Elke dag bring sy eie voorrade. God het aan Moses gesê: *Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel.* Die volk word daardeur verhoed om staat te maak op opgegaarde voorrade en word so geleer om daagliks van God afhanklik te bly. Saam met elke dag se probleme ontvang ons ook daagliks ons kos uit die hemel, ons geestelike voorraad.

Vandag sal jy die krag ontvang om vandag se probleme te hanteer. Elke dag moet die voorraad ontvang word. Vroeg elke dag moes die kos ingesamel word. Die luiaard en die laatslaper het sy deel verbeur, omdat die son die kos weggesmelt het. Hoeveel van ons probleme in 2005 het nie dalk ontstaan omdat ons nagelaat het om ons geestelike kos elke dag in ontvangs te neem nie? Hoeveel van ons moedeloosheid en neerslagtigheid het nie dalk ontstaan nie omdat ons geestelike kos daar buite lê en wag het vir ons, om maar net deur die son weggesmelt te word?

Ons land, ons mense het in 'n gees van negatiwiteit verval. Oral wanhoop mense oor die toekoms. Ons sal sterker staan as Christene as ons die lewe, die jaar 2006, dag vir dag aanpak in die wete dat elke dag sy eie take bring, en elke dag ook sy eie sorge bring, maar Goddank, elke dag ook sy eie voorrade bring. Maar dan moet ons daagliks in afhanklikheid van God leef en moet elke dag se geestelike voorraad opgetel word.

Gesang 504: 1, 3 ***Ds JD Venter*** ***Beroepafwagtend***

Kerksang?

ALLEN REKENAARORREL

www.allensa.co.za

sê alles

LUISTER, VERGELYK, BEREKEN, BESIN

SUID-AFRIKA SE GROOTSTE
VOORSIENER
VAN KERKORRELS

ALLEN KERKORRELS

Tel: (012) 991 4930
Sel: 082 555 3552
E-pos: jan@allensa.co.za
Webwerf: www.allensa.co.za

Atterbury Value Mart
Atterburyweg
Faerie Glen
Pretoria